

JOHANNES GYSBERTUS VAN REENEN -
SY AANDEEL IN DIE KAAPSE
GESKIEDENIS TOT 1806

deur

GERARD WAGENAAR

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Magister in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Februarie 1976

VOORWOORD

Reeds in 1937 het proff. W. Blommaert en J.A. Wiid, redakteurs van die gepubliseerde weergawe van die joernaal van Dirk Gysbert van Reenen (Van Riebeeck-Vereniging, no. 18) aangedui watter belangrike rol die Van Reenen=familie in die Kaapse samelewing gespeel het. In die kort biografiese skets oor D.G. van Reenen, wat as inleiding tot hierdie publikasie gedien het (pp. 1 - 8), het hulle die volgende kommentaar aangaande dié familie gelewer: "Oor die veelvuldige bedrywighede van Dirk Gysbert en die ander lede van hierdie familie bestaan daar in die Kaapse Archief 'n massa gegevens, die bewerking waarvan op sigself 'n uitgebreide gebied van navorsing uitmaak. Die lotgevalle en wedervaringe van hierdie familie gedurende ongeveer die jare 1775 - 1825 is 'n mikrokosmos van die Kaapse geskiedenis van daardie tyd". In weerwil van hierdie wenk aan historici, is tydens die bykans dertig jaar wat verloop het sedert hierdie kommentaar gelewer is, geen diepgaande studie oor hierdie familie of individuele lede daarvan gemaak nie.

Die enigste biografiese sketse, benewens voorgenoemde oor D.G. van Reenen, wat tot dusver oor lede van dié familie verskyn het, is die volgende: Sebastiaan Valentyn van Reenen in J.L.M. Franken: Duminy Dagboeke (Van Riebeeck-Vereniging, no. 19), pp. 208 - 213; Jacobus van Reenen in C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 113 - 115; Jacob van Reenen in P.R. Kirby: Jacob van Reenen and the Grosvenor expedition of 1790 - 1791, pp. 43 - 49 en D.J. van Zyl: Dirk Gijsbert van Reenen (W.J. de Kock, D.W. Kruger (reds.): Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II, pp. 818 - 819). Die oes in ons geskiedskrywing ten opsigte van die bydrae van lede van dié familie is dus besonder skraal.

In aansluiting by voorgaande kan selfs gemeld word dat daar nog geen poging aangewend is om die bydrae van 'n agtiende-eeuse Kaapse burger, dit wil sê 'n persoon wat nie in Kompanjiesdiens gestaan het nie, omvattend te ontlee

nie. Hierdie afwesigheid van literatuur oor Kaapse burgers, waarvan talle 'n belangrike rol in die samelewing gespeel het, is beslis 'n leemte in ons geskiedskrywing. Hierdie leemte het reeds daartoe aanleiding gegee dat historici onverantwoorde kommentaar aangaande die bydrae van Kapenaars gelewer het. As voorbeeld kan verwys word na die volgende stelling wat dr. G.D. Scholtz: Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I, 1652 - 1806, p. 176 gemaak het: "Oor die inwoners van Kaapstad hoef daar nie lank uitgewei te word nie, aangesien hul rol in die wording van die Afrikaanse volk gering gebly het --- . 'n Mens vind dan ook dat min persone wat in Kaapstad gebore en getoë is, 'n rol van enige betekenis in die Afrikaanse volkslewe gespeel het. Kaapstad beroem hom daarop dat hy die moederstad is. Dit is egter seer seker nie die geval wanneer op die groei en ontwikkeling van die Afrikaanse volk gelet word nie". Met hierdie studie oor die bydrae van J.G. van Reenen word nou gepoog om onaanvaarbare veralgemenings soos hierdie uit die weg te ruim en genoemde leemte in ons geskiedskrywing aan te vul.

Wat betref die inhoud van hierdie skripsie wil ek met 'n enkele opmerking insake die eenhede waarin bedrae geld aangegee word, volstaan. Waar sulke bedrae vermeld word, is dit deurgaans uitgedruk in die geldeenheid soos dit in die dokumente aangeteken is. Die enigste uitsonderings is gevalle waar dit in die dokumente in vreemde geldeenhede soos Spaanse realen (Spaanse matten), ducatons en andere aangegee word. Vir meer besonderhede insake die geldeenhede wat tydens die periode onder bespreking in gebruik was, die waarde en die herleiding daarvan na hedendaagse geld, vergelyk Bylae C.

Ek wil hier graag my besondere dank en waardering uitspreek teenoor dr. A.P.J. van Rensburg, my promotor, vir sy hulp en leiding asook vir die baie tyd en aandag wat hy aan die werk bestee het. Dit word veral hoog waardeer dat, hoewel met verlof tydens die periode toe die afrondingswerk

aan hierdie skripsie gedoen is, hy nog steeds bereid was om my van advies te bedien en leiding te gee. Verder wens ek ook my hartlike dank te betuig teenoor prof. G.D.J. Duvenage, wat ondanks baie werksaamhede, ingewillig het om as eksterne promotor op te tree. Ook aan hom wil ek dankie sê vir die nuttige wenke wat hy aan die hand gedoen en insiggewende kritiek wat hy gelewer het.

Die volgende persone en instansies word voorts hartlik bedank: prof. J.E. Loubser vir advies insake taalgebruik in die agtiende eeu; prof. M.C. van Zyl vir kosbare tyd opgeoffer om tydens 'n studiebesoek aan Brittanje dokumente in die East India Office Library op te spoor; prof. A.N. Pelzer onder wie se bekwame leiding ek aanvanklik met hierdie studie begin het vir nuttige wenke en advies; dr. H.B. Giliomee vir die beskikbaarstelling van fotostatiese kopieë van enkele dokumente uit die Ryksargief, Den Haag; die personeel van die Kaapse Argief vir hulpvaardige diens; mev. I.D. Smith vir die besondere wyse waarop sy die tikwerk behartig het en die personeel van die biblioteek van die Universiteit van Wes-Kaapland wat verantwoordelik was vir die finale afronding van hierdie skripsie. Met erkentlikheid wil ek ook gewag maak van die vriendelike hulp en belangstelling van wyle dr. W.J. de Kock, in lewe hoofredakteur van die Suid-Afrikaanse Biografiese woordeboek.

Geldelike bestand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings en gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

G. WAGENAAR.

BELLVILLE,

© University of Pretoria

FEBRUARIE 1976.

HOOFSTUK I

'N VOORANSTAANDE KAAPSE FAMILIE

Grootouers

Die Suid-Afrikaanse stamvader van die Van Reenenfamilie waarvan Johannes Gysbertus van Reenen lid was, was sy grootvader, Jacob van Renen, wat te Memel, Oos-Pruise, gebore is.¹ Soos talle van sy Duitse volks- en tydgenote het Jacob van Renen in diens van die Verenigd Oost-Indische Compagnie getree. Op 18 Oktober 1721 het hy met die skip Astrea uit die hawe Goree na die Kaap vertrek, waar hy op 17 Maart 1722 aan wal gestap het. Hy het tot 1724, eers as soldaat en later as adelborst, in die regiment van Cocchius gedien. In laasgenoemde jaar is hy as seëlsnyer ("segelslager"), nog steeds in diens van die V.O.C. aangestel,² dog vroeg in 1725 het sy aansoek om as vryburger toegelaat te word, geslaag.³

In die klein Kaapse nedersetting waar die ekonomiese bedrywighede gebuk gegaan het onder die talle beperkinge van die eng monopolistiese beleid van die V.O.C., was daar weinig geleentheid vir 'n vryburger om ryk te word. Jacob van Renen het in weerwil hiervan een van die welvarendste Kapenaars geword en met sy dood op 7 Junie 1764⁴ het sy boedel 150 414 gulden bedra.⁵ Hy het hom nie soos die meeste ander vryburgers slegs op die boerdery toegelê nie, maar onder andere ook met grond gespekuleer, huise in die Kaap verhuur, aan die vleis- en wynleweransie deelgeneem en as geldskierter opgetree.

-
1. Jacob van Renen het sy van deurentyd op hierdie wyse geskryf. Sommige van sy afstammeling het hom nagevolg, terwyl andere dit na Van Reenen verander het. Daar was ook 'n ander vertakking van hierdie familie, waarvan die stamvader Johannes Jacobus van Reenen was.
 2. Gegewens aangaande Jacob van Renen se loopbaan in Kompanjiesdiens verstrekk deur Sentraal Bureau voor Genealogie, 's Gravenhage.
 3. C. 232 Requesten en Nominatiën, ongedateerd 1725, p. 50.
 4. M.O.O.C. 6/1 Dood Register 1758 - 1797, p. 29.
 5. M.O.O.C. 13/6 Boedel Rekeningen 1763 - 1767, fol. 27.

Die ses eiendomsplase wat Jacob van Renen vir korter en langer periodes besit het, en waaronder sommige van die beste en bekendste landbouplase in die nedersetting was, het verspreid oor die Kaapse skiereiland en verder weg in die binneland gelê. Hierdie plase was: Langverwacht, aan die kloof van Stellenbosch - ongeveer drie kilometer oos van die huidige dorp Kuilsrivier; Velthuizen - net noord van Wynberg, aan die hoofweg tussen Vals= en Tafelbaai; De Bosch Heuvel - die geskiedkundige plaas teen Wynbergheuvel wat eens aan Jan van Riebeeck behoort het; Goetgeloof naby Wittebome; Paardevlei in Hottentotsholland en De Voorzorg in Goudini. Hierbenewens was daar nog ses-en-twintig ander vaste eiendomme in en digby die Kaap op sy naam geregistreer.⁶

Oënskynlik het hy sommige van die eiendomme slegs gekoop om daarmee te spekuleer en in dié gevalle het hy dan ook aansienlike winste behaal. Die "land Vredenburg", bekende landgoed op die buitewyke van die stad aan die bopunt van Langstraat, het hy byvoorbeeld op 11 September 1733 vir 7 000 gulden gekoop en tien maande later, op 28 Julie 1734, vir 8 000 gulden verkoop.⁷ Op De Bosch Heuvel, waarvoor hy 4 000 gulden betaal het, en wat slegs van 17 Februarie tot 13 September 1758 op sy naam geregistreer was, het hy 'n wins van 2 000 gulden gemaak.⁸

Dit is duidelik dat Jacob van Renen se deelname aan die vleisleweransie ook grotendeels tot sy welvaart bygedra het, want dit was juis in hierdie bedryf dat hy deur twee geslagte van sy afstammeling nagevolg is.

6. Purchasers Index, Vol. I 1657 - 1752; Vol. II 1753 - 1799; Sellers Index, Vol. I 1657 - 1752; Vol. II 1753 - 1799; Register of Transfers, Vol. I 1658 - 1752; Vol. II 1753 - 1799. (Akteskantoor, Kaapstad)

7. Transporten en Schepenkenissen, 11.9.1733, T. 2138; 28.7.1734, T. 2186.

8. Transporten en Schepenkenissen, 17.2.1758, T. 3327; 13.9.1758, T. 3360.

Hy was van 1742 tot 1747 en weer van 1748 tot 1754 een van die gekontrakteerde slagters van die Kompanjie.⁹

Ook in die openbare lewe het Jacob van Renen sy plek volgestaan. Hy het verskeie belangrike posisies bekleed en by geleentheid nie geskroom om vir sy mede-burgers by die owerhede in die bresse te tree nie. In 1734 is hy aangewys as "commissaris van Civiele en huwelijksake"¹⁰ en in 1743 as lid van die Weeskamer.¹¹ Hy het in 1745 saam met 23 ander burgerlede van verskillende openbare liggame versoekskrifte aangaande die swak ekonomiese toestand aan die Kaap voor die Here XVII en die Politieke Raad geleë.¹²

Jacob van Renen is op 1 Julie 1725 met Johanna Siekermans, 'n weeskind van Amsterdam, getroud. Na haar dood het hy op 9 Oktober 1757 met Maria Elizabeth Louw hertrou. Uit die eerste egverbintenis is ses en uit die tweede drie kinders gebore. Die oudste van hierdie kinders, Jacobus van Reenen, vader van Johannes Gysbertus van Reenen, is op 11 Mei 1727 gedoop.¹³

Ouers

Gedurende die laaste helfte van die agtiende eeu was Jacobus van Reenen een van die bekendste Kaapse burgers. In die openbare lewe het hy verskeie belangrike posisies bekleed: in 1763 is hy aangewys as luitenant van die

-
9. C. 672 Pacht Condiëns, 1.2.1742, p. 93; 1.2.1748, p. 430; 1.2.1749, pp. 496 - 7.
 10. C. 521 Uitgaande Briewe, 14.12.1734, p. 1185.
 11. C. 242 Requeste en Nominatien, 9.4.1743, p. 342.
 12. C. 244 Requeste en Nominatien, 23.3.1745, pp. 93 - 95; C. 37 Resolusie, 23.3.1745, pp. 114 - 133. Dr. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hul denkbeelde, p. 114, verklaar per abuis dat Jacobus, seun van Jacob van Renen mede-ondertekenaar van hierdie geskrifte was.
 13. C.C. de Villiers: Geslagsregisters van die ou Kaapse families II, pp. 763 - 766.

tweede Kompanjie Burgerkavallerie; ¹⁴ in 1767 as lid van die Weeskamer ¹⁵ en in 1775 as Burgerraad - ¹⁶ die mees senior administratiewe posisie wat 'n Kaapse burger tydens die bewind van die Kompanjie kon vul.

Dit was veral met die burgeronluste gedurende die laat-sewentigerjare van die agtiende eeu dat Jacobus van Reenen as leiersfiguur na vore getree het. Tydens dié onluste het talle Kaapse koloniste beïnvloed deur die radikale sienswyses van Europese denkers wat klem gelê het op die idee van mense-regte, vryheid van die individu en selfbeskikkingsreg van volkere, in opstand teen die bewind van die V.O.C. en sy amptenaarkorps aan die Kaap gekom. Die eerste poging wat die ontevrede koloniste of Kaapse Patriotte aangewend het om die nuwe denkbeelde toe te pas, was die afvaardiging van 'n deputasie na Nederland om 'n memorie aangaande Kaapse toestande voor die Here XVII te lê. Jacobus van Reenen, wat hom heelhartig aan die kant van die Kaapse Patriotte geskaar het, is saam met Barend Jacob Artoys, Tieleman Roos en Nicolaas Godfried Heyns as lede van hierdie afvaardiging aangewys. Hoewel geneen van hierdie lede as leier van die deputasie aangewys is nie, het een en almal Jacobus van Reenen as die senior-afgevaardigde beskou. Sy wye ervaring as lid van verskeie administratiewe liggame, sy kennis van die Kaapse ekonomiese en binnelandse toestande en die ondervinding wat hy op 'n vorige besoek aan Europa opgedoen het - van 1772 tot 1775 het hy vir privaatbesigheid verskeie Europese lande besoek - ¹⁷ was van onskatbare waarde vir hierdie deputasie. In hierdie eerste poging wat die koloniste op die suidpunt van Afrika aangewend het om hulle van oorsese dwingelandy te ontworstel, het Jacobus van Reenen dus geen

14. C. 55 Resolutiën, 15.11.1763, p. 281.

15. C. 59 Resolutiën, 8.12.1767, p. 353.

16. C. 67 Resolutiën, 12.12.1775, p. 423.

17. Vergelyk in hierdie verband P.R. Kirby: Jacob van Reenen and the Grosvenor expedition of 1790 - 1791, pp. 43 - 49.

geringe aandeel gehad nie.

Lank voordat hy op politieke gebied 'n rol begin speel het, was Jacobus van Reenen reeds 'n bekende in die Kaapse gemeenskap. Hierdie bekendheid kan hoofsaaklik aan sy deelname aan verskillende ekonomiese bedrywighede, waarvan die vleisleweransie die belangrikste was, toegeskryf word. Op 1 Februarie 1747, dus voordat hy twintig jaar oud was, het die Kompanjie sy bod vir een van die vier dele van die vleispag aanvaar. Vanaf hierdie datum tot in 1774 het hy onafgebroke vleispagter gebly, hoewel sy naam nie op die lys van gekontrakteerde slagters verskyn wat in 1764 vir 'n vyfjaartermyn aangewys is nie.¹⁸ In laasgenoemde jaar het die Kompanjie, by uitsondering, slegs een gekontrakteerde slagter, Jan Plaat, aangewys. Plaat was egter 'n besigheidsvennoot van Jacobus van Reenen en hoewel sy naam nie op die lys voorkom nie het hy ook in hierdie periode aan die vleisleweransie deelgeneem.¹⁹ Gedurende die laaste helfte van die agtiende eeu het Jacobus van Reenen die van Reenennaam onlosmaaklik aan die Kaapse vleisleweransie gekoppel.

Jacobus van Reenen was ook 'n groot grondbesitter. Op sy talle eiendoms- en leningsplase het hy hom op groot skaal op die landbou en veeteelt toegelê. Die bekendste van sy eiendomsgronde was sy plaas Welgelegen, met die aangrensende Altona en De Drie Koppen, geleë aan die oostelike voet van die Windberg (Duiwelspiek) in die omgewing van die huidige Kaapse voorstad, Mowbray. Hy het hierdie eiendomme wat gesamentlik slegs ongeveer 35 hektaar groot was in 1756 vir 11 200 gulden gekoop.²⁰ In 1769 het hy

18. C. 672 Pacht Condiëen, 1.2.1747, p. 373; 1.2.1748, p. 430; 1.2.1749, pp. 496 - 497; C. 673 Pacht Condiëen, 1.2.1754, p. 14; 1.2.1759, p. 373; 1.2.1769, p. 1097.

19. C.J. 1149 Siviele Prosesstukke, 16.9.1780, pp. 902 - 906.

20. Transporten en Schepenkenissen, 30.12.1756, T. 3249 .

nog 8,54 hektaar tot hierdie eiendom toegevoeg. Die hoë prys wat hy in 1756 vir die eiendom betaal het, in vergelyking met ander nabygeleë en bekende plase, gee 'n aanduiding van die waarde daarvan. Sy vader het byvoorbeeld in 1754 vir Velthuizen wat 61,39 hektaar groot was, 5 000 gulden²¹ en in 1758 vir De Bosch Heuvel wat 86,46 hektaar was, 4 000 gulden betaal.²² Welgelegen was besonder gunstig geleë, slegs vyf kilometer van die Kasteel en digby die belangrike hoofweg na Valsbaai. Verder het hy nog die plase Leeuwendans aan die Skinderkuil by Krommerivier, d'Oude Wynberg, Imhoffsgift (laasgenoemde twee in die Kaapse Skiereiland), Swellengift aan die Rietkuil in die Swellendamse distrik en 52,2 hektaar naby Paardeberg in die Swartland in volle eiendom besit.²³

Jacobus van Reenen se leningsplase was verspreid oor 'n wye gebied: in die Roggeveld en Valsbaai, onder die Hamtamsberg, aan die Kabeljous- en Gamtoosrivier en by die Hoogekraal.²⁴ Volgens goewerneur Van Plettenberg het hy ook leningsplase gebruik sonder om rekognisiegeelde daarvoor te betaal. Die goewerneur het beweer dat hy selfs agt van hierdie plase beset het, terwyl hy vir slegs twee die voorgeskrewe gelde betaal het.²⁵ Hoewel Jacobus van Reenen in hierdie opsig wel oortree het en sy optrede nie verskoonbaar is nie, is dit tog 'n ope vraag of hierdie getuienis ten volle aanvaar kan word. By 'n ander geleentheid het die goewerneur nie die volle waarheid aangaande Jacobus van Reenen meegedeel nie. In sy verantwoording aan die Here XVII op die klagtes teen hom uitgespreek in die Memo-

21. Transporten en Schepenkenissen, 17.12.1754, T. 3121.

22. Transporten en Schepenkenissen, 19. 2.1758, T. 3360.

23. Purchasers Index II, 1753 - 1799; Sellers Index II, 1753 - 1799; Register of Transfers II, 1753 - 1799.

24. R.L.R. 41 Generaal Alphabet van de namen der Landbouwers en Namen der veeplaatsen, p. 496.

25. C. 745 Kaapsche Geschillen IV, 20.7.1783, p. 29.

rie van 1779 deur die Kaapse Patriotte, verklaar hy dat tydens sy landsreis van 1778 die binnelandse koloniste by hom gekla het dat hulle verdruk word deur die veeplase wat die gekontrakteerde slagters, onder andere Jacobus van Reenen, daar aanhou.²⁶ Hoewel die goewerneur beseft het dat laasgenoemde reeds sedert 1774 nie meer gekontrakteerde slagter was nie, is hierdie feit nie aan die Here XVII verstrek nie. Goewerneur Van Plettenberg se antagonisme jeens Jacobus van Reenen is maklik verklaarbaar. Hy was gegrief omdat laasgenoemde so direk betrokke was by die bedrywighede van die Kaapse Patriotte, wat in hul memories uiters krities teenoor sy administrasie van die Kaapse nedersetting gestaan het. Hy sou dus alles in sy vermoë doen om 'n patriot, veral so 'n vooraanstaande een soos Jacobus van Reenen, in 'n ongunstige lig by die Here XVII voor te stel.

Dat Jacobus van Reenen groot boerderybelange gehad het - op sommige plase wat hy dan oënskynlik onwettig beset het - ly geen twyfel nie. In 1770 was hy verplig om by die Politieke Raad aansoek te doen om as Luitenant van die Burgerkavallerie ontslaan te word omdat soos hy dit stel "des Supplts groote en uijtgestrekte omneslag mitsg's de beheeringe van desselfs eijgdoms en Veeplaatsen van welke sommige verre landwaarts in zijn leggende --- hy zig derhalven om het een en ander kunnen gade slaan, dikwels voor een geruijmen tyd van de Caab naar buijten te begeven genoodsaakt is".²⁷

In Junie 1783 het Jacobus van Reenen van sy tweede besoek aan Europa teruggekeer²⁸ en tot sy dood op 13 Augustus 1793²⁹ op sy plaas Welgelegen ge-

26. C. 744 Kaapsche Geschillen III, 20.3.1781, p. 13.

27. C. 62 Resolutiën, 14.8.1770, p. 24.

28. C. 468 Inkoomende Brieven, 4.6.1783, p. 685.

29. M.O.O.C. 6/1 Dood Register 1758 - 1797, p. 314.

woon. 'n Breedvoerige relaas oor sy ongelooflike bedrywige lewe is sekerlik nie hier ter sake nie. 'n Aangeleentheid wat egter wel vermelding verdien omdat dit die lewe van Johannes Gysbertus van Reenen ten nouste raak, is die feit dat Jacobus van Reenen nie maklik met ander mense oor die weg gekom het nie. Gedurende sy laaste lewensjare het hierdie ongure karaktertrek oorgeslaan in die onnatuurlike, wat sy verhouding met sommige van sy naaste familieleden betref. Hy was vas oortuig dat hierdie familieleden hom op finansiële gebied benadeel het. Die wilde beskuldigings, meestal ongegrond, en die hofsake oor beuselagtighede en gewaande bedrog laat die vermoede ontstaan dat hy geestelik versteurd of op die rand van geestelike versteurdheid was. Hy het skynbaar aan 'n ernstige graad van vervolgingswaansin teenoor sommige van sy familieleden gely. Trouens, sy eie erfgename skimp in die rigting, waar hulle kort na sy dood in 'n versoekskrif aan die sekretaris van die Weeskamer sy optrede insake 'n onafgehandelde hofsak probeer verklaar, deur te meld dat hierdie saak ahangig gemaak is, slegs vanweë "zijne hooge jaaren en zielsvermogens".³⁰ Dat daar iewers 'n skroef los was, blyk ook daaruit dat hy hofsake teen sy eggenote vir diefstal van twee wavrage koring³¹ en teen 'n skoondogter vir 'n bed, kussings, 'n kombers en enkele stukke eetgerei³² gemaak het.

Jacobus van Reenen is op 4 Desember 1746 met die bykans ses-jaar-ouer Maria Franke getroud. Sy is op 24 Augustus 1721 gedoop as die vyfde kind van Johannes Franke (Franck) wat in 1686 te Berlyn gebore is en hom in 1713 as vryburger in die Kaap gevestig het. In dieselfde jaar is laasgenoemde met

30. C.J. 893 Regsrolle en Notule - Siviël, 21.8.1793, p. 72.

31. C.J. 886 Regsrolle en Notule - Siviël, 3.2.1791, p. 92.

32. C.J. 880 Regsrolle en Notule - Siviël, 20.4.1786, pp. 185, 295 - 298.

Catharina Verwey in die huwelik bevestig. ³³

Maria van Reenen (Franke) was 'n baie bekwame vrou. Sy het nie slegs haar kinders opgevoed sodat almal wat opgegroeï het van die vooraanstaandse mense in die Kaapse gemeenskap geword het nie, maar ook haar eggenoot, soms in uiters moeilike toestande, getrou bygestaan. Soos reeds aangetoon, was Jacobus van Reenen vir twee periodes van drie en vier jaar onderskeidelik op besoeke aan Europa en hierbenewens het hy ook dikwels lang reise na die Kaapse binneland onderneem. Gedurende hierdie tye het Maria haar groot gesin alleen versorg. Sy moes ook, veral gedurende die jare voordat haar ouer seuns volwasse leeftyd bereik het, die verantwoordelikheid van haar eggenoot se uitgebreide ondernemings op haar skouers neem. In 'n skrywe aan die Here XVII tydens sy laaste besoek aan Europa bevestig Jacobus van Reenen hierdie feit, waar hy na Maria verwys as "zijn Suppliants Huisvrouw die als Gemagtigde zijn Suppliants saaken waarneem". ³⁴

Uit die aard van haar betrokkenheid by haar eggenoot se bedrywighede het Maria van Reenen se belangstellingsveld heelwat wyer gestrek as die meeste ander agtiende-eeuse Kaapse vroue. Die enkele persoonlike brief van haar wat, sover bekend, behoue gebly het, bevestig hierdie feit. In hierdie brief aan haar eggenoot tydens sy laaste Europese besoek, laat sy nie die klem val op persoonlike aangeleenthede wat haarself, haar huis en familie raak nie. Trouens, in die hele brief bekla sy nie met een enkele woord haar eie lot nie - en daar moet aanvaar word dat sy rede tot klagte gehad het, daar haar eggenoot reeds agtien maande van die huis weg was toe die brief geskryf is. Sake wat wel vir haar van belang is, is dié wat ver=

33. C.C. de Villiers: Geslagsregisters van ou Kaapse families I, p. 233.

34. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 10.4.1782, p. 284.

band hou met die boerdery, landsomstandighede en selfs politiek. Nadat sy in dié brief slegs inleidend haar eggenoot meedeel dat almal nog "in een redelike welstand"³⁵ is, gaan sy dadelik voort om hom in te lig dat die owerhede drie van sy Bokkeveldsplase en dié in die Hamtamsberg waar sy perde gewei het, gekonfiskeer het. Voorts berig sy van haar planne met die vee wat op eersgenoemde plase was - 'n bewys dat sy nie slegs op instruksies van andere sake beheer het nie, maar self inisiatief aan die dag kon lê. Wat landsomstandighede betref neem sy nie slegs toestande in en om die Kaapse Skiereiland in oënskou, soos van 'n gebore en getoë Kaapse vrou verwag sou word nie, maar aan die doenighede van die Boesmans, Hottentotte en Bantoe word heelwat aandag geskenk.

Maria van Reenen se opmerking aangaande die politieke situasie, waar sy meld "soo het met ons burger saake niet wel uitvalt dat wij tot in de graf sal gehaat worden"³⁶ is waarskynlik die treffendste in die hele brief. Sy vereenselwig haar dus ten volle met die idees van die Kaapse Patriotte en hoewel sy wanhoop aan die saak van die burgers kom 'n mens tog onder die indruk dat sy nie omgee om tot in die graf gehaat te word ter wille van die burgersaak nie. Hierdie opmerking herinner onwillekeurig aan duisende Afrikaanse vroue wat Maria van Reenen sou volg en wat dikwels ook gewanhoop het in die volksaak, maar tog tot die dood in daardie saak geglo het.

Broers

Uit die egverbintenis tussen Jacobus en Maria van Reenen is 10 seuns en 4 dogters gebore. Nege van hierdie seuns en twee dogters het volwasse leeftyd bereik. Van hierdie elf kinders was Johannes Gysbertus die oudste.

35. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 20.4.1781, p. 288.

36. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 20.4.1781, p. 288.

Hoewel daar telkens in die dokumente na laasgenoemde verwys word as die oudste seun van Jacobus van Reenen, is dit nie heeltemal korrek nie. Die werklike oudste seun was Jacob, gedoop op 3 Desember 1747. Hoewel sy heengaan nie in die doodsregisters aangegee word nie, het hy op jeugdige leeftyd, in elk geval voor 5 Oktober 1755, gesterf. Op laasgenoemde datum is Jacobus van Reenen se agste kind, met dieselfde naam, gedoop.

Die broers en susters van Johannes Gysbertus van Reenen wat op hom volg en volwasse leeftyd bereik het, was die volgende: Daniël, gedoop 7.3.1751 - sterf 4.12.1776; Catharina Gesina, gedoop 12.8.1753 - getroud met Cornelis Adriaanse; Dirk Gysbert, gebore 23.7.1754 - sterf 28.10.1828; Jacob, gedoop 5.10.1755 - sterf 5.6.1806; Willem, gedoop 19.12.1756 - sterf 11.3.1806; Jacobus Arnoldus, gebore 6.12.1757 - sterf 20.10.1815; Johanna, gedoop 8.4.1759 - getroud met Johannes Paulus Eksteen; Sebastiaan Valentyn, gebore 29.8.1760 - sterf 2.5.1821; Jan Frederik, gebore 17.4.1762 - sterf 13.6.1826 en Gysbert, gedoop 13.11.1763 - sterf 14.4.1827.³⁷

Gedurende die laaste twee dekades van die agtiende eeu en vroeg-negentiende eeu het die agt Van Reenenbroers (Daniël het, soos gemeld, reeds in 1776 gesterf) 'n prominente rol - waarskynlik die prominentste vir 'n enkele familiegroep - in die Kaapse samelewing gespeel. Hoewel 'n aantal

37. C.C. de Villiers: Geslagsregisters van ou Kaapse families II, pp. 763 - 766. In enkele gevalle is afwykings van en toevoegings tot die besonderhede vervat in hierdie werk. Dit kom uit M.O.O.C. 6/1 - 6/3 Dood Register 1797 - 1833.

tydgenote krities staan teenoor sommige van hul bedrywighede,³⁸ en in sommige gevalle heeltemal tereg ook, word hul gesamentlike en/of afsonderlike prestasies op landboukundige, ekonomiese en politieke gebied en hul kennis van die Kaapse binneland deur talle kontemporêre sowel as latere skrywers geloof. Waarskynlik die grootste loftuiting kom van die bekende Kaapse politikus, F.W. Reitz (snr.), 'n afstammeling van een van die Van Reenenbroers. In 1857 het hy 'n lesing oor Kaapse landbou gehou en die volgende gemeld: "Most people pride themselves in being able to trace their ancestry to some fabulous conquerer of men. I am content to own myself of the same breed as the Van Reenens ---".³⁹ Voorts noem hy dan sommige van hul prestasies op landboukundige gebied. 'n Kontemporêre getuie, die bekende reisiger, H. Lichtenstein, wat tydens die Bataafse Bewind die Kaap besoek het, huldig min of meer dieselfde standpunt. Hy skryf: "No people deserve more credit for the great pains they have taken in the improvement of agriculture and the treatment of cattle than the numerous family of the Van Reenens".⁴⁰ 'n Verdere bewys van hul bydrae op landboukundige gebied spreek daaruit dat drie van die broers as lede aangewys is van een van die eerste liggame wat ingestel is om landbou en veeteelt op 'n georganiseerde grondslag te plaas.⁴¹ Prof. H.B. Thom meld dat met die instelling van hierdie "Commissie ter verbetering van Veeteelt

38. Vergelyk in hierdie verband die volgende: C. 745 Kaapsche Geschieden IV, J.D. Plettenberg - Here XVII, 20.7.1783, pp. 27 - 34; E.C. Godée - Molsbergen: Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd IV, Q.V.C. (Anoniem) - Goew. Janssens, 2.4.1803, pp. 210 - 211; C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten oor die toestand van die Kaapkolonie in 1795, (Memorandum on the Condition of the Colony - 1795 - J.F. Kirsten) pp. 56 - 59.

39. Aangehaal deur E.H. Burrows: Overberg Outspan, p. 43.

40. H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa I, p. 30.

41. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen, pp. 194, 210.

en Landbou" in 1804 "het in werklikheid ons eerste landboudepartement ontstaan : volgens ons huidige maatstawwe mag dit nog maar primitief en beperk gewees het, maar vir die tyd was dit beslis vooruitstrewend en merkwaardig, 'n waardige voorloper van ons groot departement van vandag".⁴²

Landbou en veeteelt was geensins die enigste bedrywighede waaraan die Van Reenenbroers deelgeneem en 'n wesentlike bydrae gelewer het nie. Op ekonomiese gebied het hulle velerlei terreine betree. Die vleishandel, wat uit die aard van die saak baie nou skakel met boerdery, was weer eens, soos in die geval van hul vader en grootvader, die belangrikste vertakking van die ekonomie waaraan hulle op groot skaal meegedoen het. Vanaf 1779 tot lank nadat die Britte die Kaap die tweede maal beset het, was die Van Reenennaam sinoniem met vleisverskaffing aan die Kaap. Geen ander Kapeenaar of groep Kapenaars kon op hierdie gebied met die Van Reenenbroers kompeteer nie. By die vleishandel alleen het dit egter nie gebly nie. Soms individueel en in ander gevalle sommige van die broers gesamentlik, het gedurende die Kompanjiestyd geen steen onaangeroerd gelaat om die enkele ekonomiese bronne tot die uiterste te ontgin nie. Met die verslapping van die eng monopolistiese beleid van die Kompanjie gedurende die jare negentig van die agtiende eeu en nadat die Britte die monopolistiese beleid na 1795 permanent opgehef het, was dit dikwels die Van Reenens wat die nuwe terreine wat op ekonomiese gebied oopgestel is, eerste betree het. Ook op politieke gebied het die Van Reenenbroers 'n leidende rol gespeel. Een of meer van hulle het sitting gehad op bykans elke administratiewe liggaam aan die Kaap. Tydens die politieke woelinge gedurende die laaste dekades van die 18de eeu het hulle vuriglik aan die bedrywighede van die

42. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen, p.31.

Kaapse Patriotte meegedoen. Daar is dan ook bykans geen dokument wat deur die Patriotte onderteken is, waarop die name van een of meer van die broers nie verskyn nie.⁴³ Hoewel hul politieke sienswyses na die eerste Britse besetting nie altyd ooreengestem het nie, moes selfs die Kaapse goewerneys met die houding van die Van Reenenbroers rekening hou. In 1796 reeds was generaal J.H. Craig genoodsaak om hieroor kommentaar te lewer aan Henry Dundas, Britse Minister van Oorlog.⁴⁴ Selfs so laat soos 1814 toe twee van die broers reeds oorlede was, die ander redelik oud en geen-sins meer so 'n krag op ekonomiese gebied as vroeër nie, het Sir John Cradock in 'n skrywe aan die Imperiale Regering berig dat die Van Reenens "the most opulent and highest connected family"⁴⁵ in die Kaapse nedersetting was.

Hoewel die Van Reenenbroers so intiem gemoeid was met die boerdery op hul talle eiendoms- en leningsplase het hulle, op enkele uitsonderings na, vir korter periodes, steeds Kapenaars gebly. In 1805, dit wil sê toe al die broers reeds ouer as veertig jaar was, verskyn slegs een se naam nie op die opgaafrol vir die Kaapse distrik vir daardie jaar nie.⁴⁶ Hoewel hulle dus in murg en been Kapenaars was, het hulle geen gelyke in die Kaapse gemeenskap van die laat-agtiende en vroeg-negentiende eeue gehad as kenners van die Kaapse binneland nie. In nie minder dan drie uitgawes van die bekende Van Riebeeck-Vereniging bronnepublikasiereeks is reisverhale wat

43. Vergelyk byvoorbeeld C. 741 Burger Beswaren, 28.8.1784, pp. 2 - 6; C. 743 Kaapsche Geschillen, 14.12.1780, p. 210; C. 743 Kaapsche Geschillen, 23.12.1780, p. 239.

44. G.M. Theal: Records of the Cape Colony I, p. 447.

45. G.M. Theal: Records of the Cape Colony X, p. 2.

46. Sien J. 27 Opgaafrol Kaapstad, 1805.

sommige van die Van Reenenbroers op binnelandse togte geskryf het, gepubliseer.⁴⁷ Voorts is in nog 'n uitgawe van hierdie reeks aandag geskenk aan 'n reis wat onder leiding van een van dié broers onderneem is⁴⁸ en prof. P.R. Kirby het 'n boek publiseer oor die tog na die gestrande Engelse skip, Grosvenor, in 1790 - 1791 waarvan 'n ander broer joernaalskrywer was.⁴⁹ In ons eie tyd is daar dus erkenning verleen aan die bydrae wat die Van Reenenbroers op hierdie gebied gelewer het.

-
47. Vergelyk in hierdie verband C.G. Botha: The wreck of the Grosvenor; E.E. Mossop: The Journal of Hendrik Jacob Wikar and the Journals of Jacobus Coetsé Janz and Willem van Reenen; W. Blommaert en J.A. Wiid: Die Joernaal van Dirk Gysbert van Reenen.
48. J.L.M. Franken: Die Duminy dagboeke.
49. Vergelyk P.R. Kirby: Jacob van Reenen and the Grosvenor expedition of 1790 - 1791.

HOOFSTUK II

JEUG EN PRIVATE LEWE VAN J.G. VAN REENEN

Jeug

Johannes Gysbertus van Reenen, of Jan soos hy algemeen bekend was, is op 18 Maart 1749 gebore.¹ Soos gebruiklik in die sewentiende en agtiende eeue met persone wat naby 'n kerk gewoon het, is hy op die eerste Sondag na sy geboorte, toe hy slegs vyf dae oud was, deur ds. Petrus van der Spuy in die Gereformeerde Kerk in Kaapstad gedoop. By hierdie geleentheid het sy moeder se suster, Anna Catharina Franke, en haar broer, Johannes Gysbertus Franke, as getuies opgetree.²

Die jong Johannes Gysbertus van Reenen het sy jeugjare in Kaapstad deurgebring. Hoewel sy vader reeds in 1754 'n plaas in die Swartland en die reedsvermelde Welgelegen aan die voet van Duiwelspiek in 1756 gekoop het en talle ander eiendoms- en leningsplase besit het, het die familie oënskynlik nie voor die laat sestiger- of vroeë sewentigerjare permanent uit die stad verhuis nie. Jacobus van Reenen, J.G. se vader, se besigheidsbedrywighede, veral sy deelname aan die vleisleweransie, het skynbaar sy teenwoordigheid in Kaapstad vereis. In 1767, toe J.G. reeds 18 jaar oud was, het sy ouers nog in Kaapstad gewoon.³ Dit mag wel wees dat die familie ná 1756 in die wintermaande wanneer die besoekende skepe in Simonsbaai geanker het, na Welgelegen verhuis het. Hierdie plaas was nader aan laasgenoemde hawe vir die voorsiening van vleis aan skepe.

-
1. The Cape Town Gazette and African Advertiser, nr. 1142, 30.11.1827.
 2. Kaapstad 8/3: Doopregister, p. 143.
 3. C.J. 1149 Siviele Prosesstukke, 16.9.1780, pp. 902 - 906.

Aangaande die onderwys wat J.G. van Reenen ontvang het, kan slegs gespekuleer word. In 1753, dus kort vóór hy skoolgaande ouderdom bereik het, was daar ses openbare laerskole in Kaapstad.⁴ As oudste seun van 'n vooraanstaande Kaapse familie, sou hy sekerlik een van hierdie skole besoek het. Die standaard van die onderrig wat hier aangebied is, was betreklik laag. Hoewel daar sporadiese uitsonderings was van onderwysers wat Frans, Engels en selfs wiskunde as vakke aangebied het, is in hierdie skole hoofsaaklik godsdiens-, lees-, skryf- en rekenkunde-onderrig gegee.⁵ Selfs so laat as die vroeë tagtigerjare van die agtiende eeu weer die Franse reisiger F. le Vaillant dat daar aan die Kaap "geene andere leermeesters dan schrijfmeesters" was nie.⁶ Alles dui dus daarop dat J.G. van Reenen slegs sy basiese opleiding in een van hierdie skole kon ontvang het.

Uit die talle geskrifte van hom wat behoue gebly het, blyk dit egter dat hy oor heelwat meer kennis beskik het as waartoe hierdie onderwys hom voorberei het. So byvoorbeeld was hy in staat om korrekte Nederlands te skryf. 'n Kenner van die Nederlandse en Afrikaanse taalkunde wat 'n aantal van hierdie geskrifte bestudeer het, beweer dat die Nederlands so korrek is dat die skrywer daarvan nog volkome Nederlandssprekend was of 'n behoorlike Nederlandse skoling gehad het.⁷

J.G. van Reenen was ook die Franse taal goed magtig. 'n Hele aantal

4. P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, p. 114.

5. P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, pp. 111 - 113.

6. F. le Vaillant: Reizen in de Binnelanden van Afrika - in de Jaaren 1780 - 1785 I, p. 26.

7. Dank aan prof. J.E. Loubser, Departement Afrikaanse en Nederlandse Taalkunde, Universiteit van Port Elizabeth wat hom die moeite getroos het om 'n aantal van hierdie geskrifte te bestudeer en grondig daarvoor kommentaar te lewer.

briewe van hom wat behoue gebly het, is bykans foutloos in hierdie taal geskryf. Daar sy vader vanweë sy jarelange deelname aan die vleislewensransie noue kontak met alle skepeling gehad het, is dit moontlik dat Johannes Gysbertus Frans by skepeling kon geleer het. Gedurende die eerste 20 jaar van sy lewe, die mees vrugbare tydperk om tale aan te leer, het daar egter baie min skepe by die Kaap aangedoen. Tydens hierdie periode het daar, trouens, gemiddeld slegs ses Franse skepe per jaar besoek afgelê.⁸ Die moontlikheid dat hy op hierdie wyse Engels kon aangeleer het, was groter, deurdat daar in hierdie jare heelwat meer Britse skepe anker gewerp het. Tog was hy skynbaar nie in staat om korrekte Engels te skryf nie. Tydens die eerste Britse besetting van die Kaap, toe ander Kapenaars selfs in geradbraakte Engels aan die outoriteite geskryf het, het hy sy korrespondensie aan hulle meestal in Frans gerig. ('n Tipiese voorbeeld van briewe in swak Engels is 'n brief van sy neef, die bekende Johannes Frederik Kirsten, teen die einde van 1795.⁹) Eers na die tweede besetting van die Kaap deur die Engelse het J.G. van Reenen sy skrywes aan die outoriteite in Engels gerig, maar hierdie briewe is nooit in sy eie handskrif nie. Hoe dit ook al mag wees insake sy kennis van Frans en Engels, dit is duidelik dat hy 'n grondiger opleiding in eersgenoemde taal gehad het. Of hy dit egter by skepeling kon aangeleer het, is baie twyfelagtig.

J.G. van Reenen het ook kennis van Latyn gehad. Hoedanig hierdie kennis was, kan nie met sekerheid bepaal word nie, maar hy besig uitdrukkings in

8. Vir statistieke insake skeepsbesoeke sien C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 334.

9. B.O. 33 Miscellaneous Documents (Memorials 1795 - 1803), Ongedateerd (waarskynlik einde 1795 geskryf), pp. 923 - 925.

dié taal in 'n hele aantal geskrifte.¹⁰ Voorts was sy rekenkundige vermoë, veral wat boekhouding betref, van 'n hoë standaard. Sy handskrif was pynlik-netjies en ook maklik leesbaar.

Uit voorgaande blyk dit dus dat J.G. van Reenen op een of ander wyse, benewens die onderrig in 'n Kaapse laerskool, breër onderwys ontvang het. Geen bewys kon gevind word dat hy, soos talle ander Kaapse seuns, na Nederland gestuur is om daar opgelei te word nie. Die enigste moontlikheid is dat hy deur 'n persoon wat in die Kaap sonder amptelike sanksie skoolgehou het, onderrig is. (Die onderwysers wat wel Frans en wiskunde aan Kaapse skole doseer het, het reeds van die toneel verdwyn toe J.G. van Reenen skoolgaande ouderdom bereik het.¹¹) In 1779 berig die Skolarge, die komitee wat toesig gehou het oor onderwysaangeleenthede, aangaande so 'n ongepermitteerde skoolmeester, Johan Simon Wedel. Hulle meld dat "meest al zijn kinderen, die, of bevorens in de publicque schoolen, de spel, leest en schrijfkunde mitsgs de eerste beginselen van den goddiens onzer kerke reets geleerd hebben ofte deselve schoolen tot die Eijndens, als nog komen te frequenteren, en dus door opgemelde Wedel en andere bijzondere Informators eeneljk in de Franse Taal of eenige andere weeten-schappen werden onderweezen --- ".¹² Hoewel hierdie skoolmeesters sonder amptelike sanksie hul beroep beoefen het, was die Skolarge hul geensins onsimpatiek gesind teen 1779 nie. Uit voorgaande verklaring blyk

-
10. Vergelyk byvoorbeeld H.B. Thom: W.S. van Ryneveld se aanmerkingen over de verbetering van het vee aan de Kaap de Goede Hoop, 1804, p. 156; C. 200 Bijlagen tot de Resolutiën, 24.7.1792, pp. 227 - 228.
 11. Ons kan nie met J.J. Badenhorst: Honoratus Christiaan David Maynier (W.J. de Kock, D.W. Kruger (reds.): Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II, p. 466) saamstem dat daar in Maynier se tyd 'n Franse skool in Kaapstad was nie. Geen bewys kon daarvoor gevind word nie.
 12. C. 71 Resolutiën, 2.9.1779, p. 363.

dit dus dat daar benewens Wedel ook ander van hierdie ongepermitteerde onderwysers was. Die enigste verklaring vir die goeie onderrig wat J.G. van Reenen ontvang het, kan dus slegs aan so 'n onderwyser toegeskryf word. Wie hierdie persoon was, is egter onbekend.

Min is verder aangaande J.G. van Reenen se jeugjare bekend. Alles dui egter daarop dat hy sedert sy vroegste jare kennis van die Kaapse binne-land opgedoen en die veeboere persoonlik leer ken het. Uit die aard van sy vader se betrokkenheid by die vleislêweransie het hy seker vandat hy 'n klein seuntjie was, binnelandse veeboere by sy ouerhuis ontmoet. Uit hul vertellinge alleen kon hy egter nie so 'n deeglike kennis van die binneland opgedoen het, soos hy later openbaar het nie. In die vroeë sewentigerjare was hy byvoorbeeld reeds so goed bekend met die omgewing van die Sakrivier dat hy 'n buitelandse besoeker op 'n jagekspedisie na dié gebied vergesel het. Sy kennis van dié omgewing spreek daaruit dat hy met die Boesmans wat op daardie stadium uiters bedrywig was, kon onderhandel.¹³ Voorts word in 1786 in die Politieke Raad verklaar dat hy 'n deeglike kennis het van die landstreek van Swellendam tot by Mossel- en Plettenbergbaai en ook dat hy die inwoners van dié gebied goed ken.¹⁴ In 1792 meld J.G. van Reenen self aangaande die wyke Nieuweveld, Gamka, Swartberg en Graaff-Reinet dat hy "niet alleen deeze landstreek maar ook de meeste ingezetenen volmaaktelijk kend ---".¹⁵ Hy het dan klaarblyklik van kindsbeen af sy vader op togte na die binneland vergesel. Toe hy ouer was, het hy selfs alleen laasgenoemde se plase besoek om met die bedrywigheede aldaar vertrouwd

13. D. Moodie: The Record, pp. 64 - 65.

14. C. 80 Resolutiën, 4.8.1786, p. 909.

15. C. 200 Bijlagen tot de Resolutiën, 9.7.1792, p. 165.

te raak.¹⁶ Wat verder wel bekend is insake persoonlike kennis wat hy van die binneland opgedoen het, is dat hy in 1767 'n volle jaar lank in dië gebied gewoon het. Terwyl die Kaap in die betrokke jaar deur 'n pokke-epidemie geteister was, het Jacobus van Reenen met sy familie na die binneland verhuis.¹⁷ Hoewel J.G. van Reenen dus 'n gebore en getoë Kapenaar was, het hy 'n deeglike kennis van die binneland en die veeboer gehad.

Verhouding met ouers

Dat J.G. van Reenen se ouers uitermate streng was en geen teenspraak van hul kinders geduld het nie, blyk uit die volgende onplesierige gebeurtenis tydens sy jongelingsjare. In 1772, toe hy reeds 23 jaar oud was, maar volgens wet nog nie mondig nie - die mondigwordingsouderdom was 25 jaar - het hy sonder sy ouers se toestemming aan Catharina Maria, dogter van Johannes Jacobus le Roux, verloof geraak. Kort na die verlowing het Catharina Maria swanger geraak. Vir Johannes Gysbertus van Reenen was daar slegs een uitweg, naamlik dat hulle onmiddellik in die huwelik bevestig moes word. Sy ouers het dit volstrek geweier en sy vader het hom selfs met ontewing gedreig indien hy met die huweliksplanne sou voortgaan. Johannes Gysbertus het hom nie laat afskrik nie en met die huweliksreëlings voortgegaan. Sy ouers het hierop 'n dringende versoek tot die Raad van Justisie gerig om die huwelik te verbied. Johannes Jacobus le Roux het hom ook namens sy dogter tot laasgenoemde liggaam gewend. J.G. van Reenen is vervolgens voor die Raad van Justisie gedaag en die voorgenome huwelik

16. D. Moodie: The Record, pp. 64 - 65; C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 567.

17. C.J. 1149 Siviele Prosesstukke, 16.9.1780, pp. 902 - 906.

is verbied. Die strengheid van die wette teen jongelinge en die ongenaakbaarheid van sy ouers blyk duidelik uit die res van die uitspraak. Hy is weens sy "disobedient en irreverent gedrag" teen sy ouers gevonnissen om veertien dae in die selle in die Kasteel "te water en brood sal werden gesteld".¹⁸ Voorts moes hy ook nog die hofkoste betaal. Die uiteinde van hierdie ongelukkige saak was dat J.G. van Reenen se oudste kind, 'n dogter Johanna Maria, op 11.10.1772, buite-egtelik gedoop is.¹⁹ Sy is op 'n vroeë leeftyd oorlede.

Hoewel dit voor die hand liggend is dat daar na hierdie gebeurtenis verwydering tussen Johannes Gysbertus en sy ouers sou gewees het, was dit nie die geval nie. Hy is voor sy vader se vertrek na Europa in 1779 aangewys om die finansiële aangeleenthede van laasgenoemde se bedrywighede te behartig - 'n bewys dat daar reeds weer 'n goeie verstandhouding tussen hulle was en dat sy vader volle vertroue in hom gehad het. Die volgende uittreksels uit 'n brief van Johannes Gysbertus aan sy vader bevestig ook dat die verhouding besonder goed was. Hy skryf onder andere: "Wij danken Vader voor de moeite en vlyt die Vader tot het behartigen onzer belangens werkstellig heeft gemaakt, en zijn ten hoogste aangedaan over de gevoelens van Tederheid en Liefde die in uwe Brieven doorstralen, Smeekende U Ed deeze Edele Gevoelens altoos voor ons te behouden, en by voortgang in't behartigen onzer Intressen dezelfde Yver te betoonen, wenschende eenmaal in staat te moogen Zijn van U dit alles te vergelden". Na 'n lang relaas insake besigheid, word die brief as volg afgesluit: "Beveele U aan de bescherming des allerhoogsten, hebbende de Eer my met alle waare hoog-

18. C.J. 866 Regsrolle en Notule - Siviël, 30.7.1772, pp. 172 - 175.

19. Kaapstad 8/4 Doopregister, p. 161.

achting, Eerbied en Liefde te onderschrijven, U Gehoorzaamsten dienaar en Zoon, J.G. van Reenen".²⁰

Die goeie verstandhouding tussen vader en seun is ongelukkig nie permanent gehandhaaf nie. Na Jacobus van Reenen se terugkeer uit Europa en die afsluiting van hul rekeningstate het hy beweer dat Johannes Gysbertus hom nog 11 996 riksdalers verskuldig was. Laasgenoemde het hierdie aantyging ontken. Om die saak buite die hof te skik, het vader en seun ooreengekom om elk twee arbiters aan te wys om die rekeningstate na te gaan. Hulle het besluit om hul by die beslissing van hierdie arbiters neer te lê. Laasgenoemdes het eenparig verklaar dat Jacobus van Reenen se bewering ongegrond was; trouens, hulle het tot die konklusie gekom dat hy inderwaarheid aan sy seun ongeveer 3 496 riksdalers verskuldig was. J.G. van Reenen het sy bereidwilligheid getoon om hierdie onaangename saak te besleg deur nie hierdie bedrag te eis nie. Sy vader wou hom egter nie by hierdie beslissing neerlê nie en het die saak by die Raad van Justisie aanhangig gemaak. Ook hierdie liggaam het pogings aangewend om die saak buite die hof te skik, deur twee lede af te vaardig om saam met die arbiters die aangeleentheid te ondersoek. By verskeie geleenthede is Jacobus van Reenen daarop gewys dat sy eis ongegrond was, maar hy wou hom weer eens nie by die bevindings neerlê nie.²¹

Hierdie saak het voortgesloer vanaf 1786 tot 1793, veral omdat Jacobus van Reenen telkens met nuwe eise voor die dag gekom het en wanneer die onjuistheid daarvan bewys was, na sy agente in Amsterdam om meer besonderhede moes

20. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, pp. 563, 568.

21. C.J. 882 Regsrolle en Notule - Siviël, 27,11,1788 pp. 716 - 732.

skryf. Enkele dae voor sy dood op 13 Augustus 1793, het Jacobus van Reenen selfs sy testament verander en daar hy oënskynlik verwag het dat die Kaapse Raad van Justisie teen hom uitspraak sou lewer, is bepaal dat sy erfgename teen hierdie beslissing na die Raad van Justisie in Batavia moes appélleer.²² Eienaardig is dat J.G. van Reenen een van die elf erfgename was. Die uiteinde van dié saak was dat die erfgename, uitgesonderd J.G. van Reenen, by die Raad van Justisie suksesvol aansoek gedoen het om genoemde klousule in die testament nietig te verklaar.²³ Dit was by hierdie geleentheid dat die erfgename melding gemaak het van die "zielsvermogens" van Jacobus van Reenen waarna vroeër verwys is.²⁴

Karaktereienskappe

Uit hierdie voorval leer ons J.G. van Reenen ken as 'n insiklike persoon, selfs al het sy vader die grofste beledigings teen hom geslinger. Hy het te alle tye geduld en minzaamheid aan die dag gelê en altyd sy volle samewerking aan die verskillende kommissies wat die saak moes ondersoek, gegee. Hierdie kommissies - en twee van die arbiters was deur sy vader aangewys - het met die hoogste lof van hom getuig en geen woord van kritiek teen sy optrede ingebring nie. So word daar byvoorbeeld in 'n samevattende verslag aangaande die werksaamhede van dié kommissies op 27 November 1788 die volgende gemeld: "En hoe zeer de onderget. ten opzichte van den geimpeerde (J.G. van Reenen) met genoeg hebben moogen zien dat denzelven in allen opzichte, met zeer veel bescheijdenheid de verwarde aanmerkingen van

22. M.O.O.C. 7/132 Testamenten, 8.8.1793, p. 44.

23. C.J. 893 Regsrolle en Notule - Siviël, 20.8.1793, pp. 70 - 76.

24. Sien hoofstuk I p. 8.

den impetrant (Jacobus van Reenen), heeft tragten te wederleggen zonder in het geringste den Eerbied welke hy den impetrant, als zijnen vader verschuldigd is uijt het oog te verliezen ---".²⁵ Nadat finaal hoop laat vaar is dat Jacobus van Reenen tot 'n skikking sou instem, word gemeld dat "hoe zeer sij ook reeden hebben om over het inschikkelijk gedrag van den geimpeteerde volkomen content te zijn, ten opzigte van den impetrant niets ter waereld hebben kunnen Uijtwerken, als zijnde hy bij desselvs voorneemen om de zaak door den weg van rechten te willen voortsetten hardneckig blijven persisteren".²⁶ Hoewel sy vader dus onredelik was, het J.G. van Reenen homself bewys as 'n persoon wat selfbeheersing aan die dag kon lê en ten spyte van sy vader se houding hom nog gerespekteer het.

'n Ander karaktertrek wat in hierdie hofszaak, asook talle ander waarin hy betrokke was, duidelik na vore kom, is dat hy 'n deeglike en presiese besigheidsman was. Hy kon te alle tye van sy besigheidsaktiwiteite rekenenskap gee. In die hofszaak met sy vader het hy selfs agt jaar na transaksies gesluit was, tot in die fynste besonderhede, met skriftelike bewyse van sy doen en late bewys gelewer om die aantygings teen hom te weerlê. Rekeningstate, in sy netjiese handskrif, asook kwitansies, verklarings, afskrifte van korrespondensie en so meer is telkens ingedien om sy onskuld te bewys. Dit is trouens 'n belewenis om die reekse rekeningstate van sy besigheidsbedrywighede na te gaan en te let op die metodiese en netjiese wyse waarop dit bygehou is. Selfs die inkomste- en uitgawerekenings van sy vader se boerdery en huishouding, wat hy in dié se afwesigheid gehou het, getuig van deeglikheid. Hy gee rekenenskap van elke item, van die

25. C.J. 882 Regsrolle en Notule - Siviël, 27.11.1788, p. 722.

26. C.J. 882 Regsrolle en Notule - Siviël, 27.11.1788, p. 730.

kleinste soos byvoorbeeld die aankoop van 'n "packet gaarn" vir 1 skelling en 'n hangslot vir 3 skelling tot die grootste van "1 Chais en 1 Wagen" vir 708 riksdalers en 2 perde wat vir 1 000 riksdalers verkoop is.²⁷

Dit was ook nie net in transaksies wat later op hofsake uitgeloop het dat J.G. van Reenen so noulettend was nie. Hierdie voorbeelde is genoem omdat dit, op enkele uitsonderings na, die enigste bewyse van sy besigheidsaktiwiteite is wat behoue gebly het. Een van voorgenoemde uitsonderings is rekeningstate van die slagtersmaatskappy waarin hy en sy twee broers Sebastiaan Valentyn en Jacobus Arnoldus in 1789 getree het. In hierdie maatskappy was Johannes Gysbertus verreweg die senior aandeelhouer²⁸ en hy het ook die boekhouding waargeneem. Hoewel die boekhoustelsel vir hedendaagse outoriteite op die gebied van die reken- en ouditkunde onverstaaanbaar mag voorkom, getuig die wyse waarop dit gehou is van nougesette deeglikheid. Uit hierdie state vir die periode van 13 maande volgende op 1 September 1789²⁹ word verslag gelewer van elkeen van die ongeveer 4 000 beeste en 50 000 skape wat geslag is, die prys daarvoor betaal, van wie dit gekoop is, aan wie die produkte verkoop is en die onkoste van die knegte wat uitgestuur is om die vee te koop. So kan byvoorbeeld vasgestel word dat Adriaan van Jaarsveld in November 1789 230 skape vir 416 riksdalers 7 skelling en Tjaart van der Walt in Januarie 1790 31 beeste en 108 skape vir 396 riksdalers 4 skelling aan die maatskappy verkoop het en dat in Mei 1790 369 riksdalers aan Carel Trigart vir 102 skape en 10 osse betaal is. Voorts kan ook bepaal word dat F. Kirsten, wat skynbaar vir die besoekende

27. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, pp. 521, 545 - 548.

28. Sien hoofstuk IV.

29. B.R.D. 40 Vleismark Kasboek, pp. 1 - 88. Hierdie band word verkeerdelik aangedui. Dit was die rekeningstate van die Maatskappy J.G., S.V. en J.A. van Reenen.

Amerikaanse skepe agent was, byvoorbeeld 6 435 pond vleis en 10 skape in April 1790 vir 581 riksdalers 2 skelling en O.G. de Wet in Julie van dieselfde jaar 3 beesvelle vir 3 riksdalers 3 skelling gekoop het. Dit is merkwaardig dat 'n persoon wat so min offisiële onderwysopleiding gehad het, so 'n deeglike kennis van boekhouding opgedoen het en die rekeningstate so in besonderhede kon byhou.

J.G. van Reenen was nie slegs in syferwerk en besigheidstransaksies presies, deeglik en noukeurig nie. Die verskillende verslae wat hy opgestel het oor 'n verskeidenheid van aangeleenthede en waaroor in 'n latere hoofstuk meer besonderhede gegee sal word, bevestig ook hierdie eienskappe. Elke aspek waaroor hy kommentaar lewer, word deeglik ontleed en die leser kom dadelik onder die indruk dat die skrywer van die verslag of aanbeveling 'n studie van die onderwerp gemaak het en gevolglik 'n goeie kennis daarvan het.

Voorts het J.G. van Reenen 'n merkwaardige werkywer en organisatoriese vermoë gehad. Voorbeelde hiervan is talryk, soos weer eens sal blyk uit latere hoofstukke. Ter illustrasie kan hier slegs na een periode uit sy lewe - en dit was geensins die bedrywigste tyd nie - verwys word. Gedurende die jare 1781 - 82 was hy een van die 3 vleispagters van die Kompanjie. Dit alleen het 'n uitgebreide organisasie geverg, deurdat vleis aan alle skepe wat by die Kaap aangedoen het asook talle ander instansies gelewer mos word.³⁰ Hy het ook op groot skaal aan die invoerhandel meegedaan. Voorts was hy nog verantwoordelik vir die finansiële aangeleenthede van sy vader se uitgebreide boerderyondernemings. Hy kon selfs nog tyd vind om persoonlik na laasgenoemde se plase in die Hamtam en Buffeljags-

30. Vergelyk hoofstuk III.

rivier te ry om bedrywighe aldaar te ondersoek.³¹ Hierbenewens was hy luitenant in die burgerkavallerie en toe die Engelse skepe in Julie 1781 in Saldanhaabaai anker gewerp het en gerugte in omloop was dat die Kaap uit hierdie oord aangeval sou word, het hy as aanvoerder van 'n afdeling vrywilligers daarheen gegaan om verkenningswerk te doen.

'n Verdere besondere kenmerk van J.G. van Reenen was sy veelsydigheid. Op die gebied van die boerdery was hy 'n kundige op feitlik elke terrein - graanbou, skaap-, bees- en perdeteeit en selfs in sy latere lewe wynbou. Min ander Kapenaars het soveel kennis van die binneland gehad, veral met betrekking tot die Boesmans. Hierbenewens het hy 'n verskeidenheid van ekonomiese bedrywighe soos onder andere die vleis-, wyn-, in- en uitvoerhandel betree en skynbaar van alles 'n redelike sukses gemaak. Aangesien sy veelsydigheid ook sal blyk uit hierop volgende hoofstukke, kan met 'n verwysing na hom in die periode 1800 - 1803 deur 'n anonieme skrywer volstaan word. Hierdie persoon berig die volgende aangaande J.G. van Reenen: " --- door veelvuldige gedaane reijsen kent hy het land beeter als een ander, en een meenigte van verschillende saken om handen gehad hebbende weet hy daar door ook meer als de menschen gewoonlijk doen".³²

'n Eienskap van J.G. van Reenen waaroor minder gunstig getuig kan word, is dat hy skynbaar hardvogtig en ongenaakbaar was waar dit besigheidstransaksies gegeld het. Uit die talle hofsake waarin hy betrokke was, skemer dit selfs deur dat hy tot 'n sekere mate geldgierig was. Een van sy

31. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 567.

32. V.C. 162 Burgerlyke Personen die als Burgerraden en leden van justisie zyn blyven continueeren, ongedateerd, p. 1. (Volgens interne getuienis is hierdie dokument in 1802 - 3 opgestel.)

broers het by geleentheid gemeld dat hy hom van "listen had bediend" om sy doel in 'n transaksie te bereik en dat hy 'n vrek is.³³ Hierdie bewering kan bevraagteken word, daar dit in die drif van die oomblik, terwyl 'n stryery aan die gang was, gemaak is.

Dit sou onredelik wees om te beweer dat J.G. van Reenen vreklig en slegs op wins bedag was en niks vir sy medemens gedoen het nie. As voorbeeld kan na 'n gebeurtenis in 1786 verwys word. In hierdie jaar was daar 'n ernstige tekort aan koring in die Kaap. Ten einde raad het die goewerneur, C.J. van de Graaff, vir J.G. van Reenen genader om 'n tog na Swellendam en die streek tot by Mosselbaai te onderneem om vas te stel hoeveel koring aldaar beskikbaar was en om graanbou aan te moedig. Hy het daartoe ingestem om dié tog op eie koste te onderneem hoewel hy reeds 'n geruime tyd ongesteld was en "Huijshoudelijke omstandigheeden en affaires sijne tegenwoordigheid alhier (Kaapstad) absolut vereisschen".³⁴ As motief vir sy besluit is gemeld dat hy van mening was dat met "den aanvoer van dat Graan 't Colonies welzijn niet wynig geleegen legt".³⁵ Daar kon nie redes gevind word waarom J.G. van Reenen ook om selfsugtige motiewe hierdie tog onderneem het nie. Hy het byvoorbeeld geen plase in daardie omgewing besit wat hy terselfdertyd kon besoek nie en hy was ook nie op daardie stadium in die vleisleweransie betrokke en dus begerig om vee op die tog te koop nie. Daar moet dus aanvaar word dat hy terwille van andere opgeoffer het. 'n Verdere voorbeeld dat hy die welsyn van andere

33. C.J. 894 Regsrolle en Notule - Siviël, 12.2.1795, pp. 300 - 301.

34. C. 318 Memoriën en Rapporten, 16.2.1786, p. 54.

35. C. 318 Memoriën en Rapporten, 16.2.1786, p. 55.

op die hart gedra het, blyk uit 'n aanbeveling ter verbetering van wyn en brandewyn wat hy in 1819 opgestel het. Hy meld: "Dit Vertoog behelst de Vrucht van een veeljarig onderzoek, Dank dan ook het Oogenblik, dat ik in de volhardinge myner pogingen zoo gelukkig heb kunnen slagen om de Welvaart van dit Land te Versekeren en iets tot het geluk mijner Natuurgenoten te hebben kunnen bydragen".³⁶ Toe J.G. van Reenen hierdie aanbeveling opgestel het, was hy in geen boerdery- of handelsbedrywighede betrokke nie en ook in hierdie geval was dit dus nie selfsugtige motiewe wat hom aangespoor het om dit te skryf nie.

Volgens klousules in J.G. van Reenen se twee testamente was hy simpatiekgesind teenoor sommige van sy slawe. In die eerste van hierdie testamente wat hy in 1779 saam met sy eggenote opgestel het, is bepaal dat geeneen van hul slawe wat die Christelike geloof aanvaar het, by die dood van die testateurs verkoop mag word nie.³⁷ Hierdie bepaling is nogal veelseggend daar J.G. van Reenen op die stadium toe dié testament opgestel is, op materiële gebied geensins goed daaraan toe was nie. Volgens die tweede testament wat hy in 1817 na sy eggenote se dood opgestel het, blyk dit dat daar op daardie stadium selfs 'n hegte band tussen hom en sommige van sy slawe was. Daar word bepaal dat aan 'n manlike slaaf, Daniel, by die testateur se dood die keuse gelaat moet word by wie hy wil gaan woon. Indien hy sou verkies om vrygestel te word, moes die eksekuteurs van die boedel, die koste verbonde aan hierdie proses betaal. Voorts word laasgenoemdes selfs opgedra om 2 000 riksdalers te belê sodat die rente aan genoemde

36. Acc. 77 Korte en gemaklyke Handleiding voor de Wynplanters van Zuid-Afrika, 16.10.1819, p. 1.

37. M.O.O.C. 7/69 Testamenten, 6.12.1779, fol. 50, p. 3.

Daniel uitbetaal kon word. Twee ander slawe sou ook by J.G. van Reenen se dood vrygestel word en die vrystellingsgelde moes uit die boedel betaal word.³⁸

Huwelik en nakomelinge

J.G. van Reenen is op 19 April 1778 met Elizabeth Jacoba Maynier getroud. Sy is op 20 Junie 1756 gedoop en was die sesde kind en oudste dogter van die agt kinders van Honoratius Conrad Maynier en Anna Christina Bergh. J.G. van Reenen se skoonvader het in 1741 as soldaat in diens van die Kompanjie in die Kaap aangekom. In 1743 het hy vryburger geword en hom as burgergeneesheer op Stellenbosch gevestig. Teen ongeveer 1752 het hy na Kaapstad verhuis, waar hy dieselfde beroep beoefen het. Hy is op 29 Maart 1778, slegs 21 dae voor sy oudste dogter se huwelik met J.G. van Reenen, oorlede. Die bekende en omstrede landdros van Graaff-Reinet, H.C.D. Maynier, was 'n jonger broer van Elizabeth Jacoba Maynier.³⁹

Laasgenoemde was skynbaar nie baie gesond nie. Reeds op 6 Desember 1779, dus skaars 18 maande na haar huwelik, word gemeld dat sy sieklik is.⁴⁰ Ook later lewer J.G. van Reenen telkens verslag van ongunstige huislike omstandighede. Dit dui waarskynlik ook op sy eggenote se krankheid. Sy het nogtans tot bykans haar sestigste jaar geleef en het op 25 Maart 1815 gesterf. Sy het J.G. van Reenen drie kinders, naamlik twee dogters - Maria Elizabeth en Hester Aletta - en een seun, Jacob, geskenk.

38. M.O.O.C. 7/104 Testamenten, 22.12.1817, fol. 108, pp. 2 - 5.

39. C.C. de Villiers: Geslagsregisters van ou Kaapse families II, p. 545; J.J. Badenhorst: Honoratius Christiaan David Maynier (W.J. de Kock, D.W. Kruger (Reds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek II, p. 466).

40. M.O.O.C. 7/69 Testamenten, 6.12.1779, fol. 50, p. 1.

Maria Elizabeth, die oudste dogter, is op 31 Januarie 1779 in die Kaapse Kerk gedoop. Sy het op 22 September 1805 met die bekende ds. J.H.W. von Manger in die huwelik getree. Laasgenoemde was vanaf 1792 predikant van die nuutgestigde gemeente te Graaff-Reinet. Tydens die burgeronluste aldaar in 1795 toe die landdros, H.C.D. Maynier, deur die ontevredenes gedwing is om na Kaapstad terug te keer, het ds. Von Manger ook na Kaapstad uitgewyk. In 1796 het hy na Graaff-Reinet teruggekeer dog slegs 'n maand later was hy weer terug in Kaapstad. Vanaf 1798 tot 1802 was hy predikant te Swellendam en daarna, tot sy aftrede op 21 Julie 1839, te Kaapstad. Hy het op 2 Mei 1842, nadat sy eggenote hom reeds in 1834 ontval het, gesterf.⁴¹ J.G. van Reenen was skynbaar baie geheg aan hierdie dogter en skoonseun. Volgens sy testament het hy hulle nie alleen grootliks begunstig in sy boedel nie, maar ds. Von Manger ook as een van die eksekuteurs in die boedel benoem.⁴²

Die tweede dogter, Hester Aletta, is op 31 Desember 1780 gedoop en op 11 Julie 1814 met die medikus dr. S.S. Bailey getroud. Laasgenoemde het in 1813 in Kaapstad aangekom, waar hy as geneesheer praktiseer het. Hy was die stigter van die eerste burgerhospitaal in Kaapstad, die Town Somerset Hospital, waarvan hy ook later Superintendent geword het. Hy was ook lid van verskeie mediese en ander verenigings. Dr. Bailey wat op 20 Maart 1864 oorlede is, nadat Hester Aletta van Reenen, sy eerste eggenote, hom reeds op 29 Oktober 1841 ontval het, het 'n belangrike rol as geneesheer gespeel. C.H. Price meld die volgende aangaande hom: "Gedurende die halfeeue van toegewyde mediese diens aan die Kaap het hy die stad gesien

41. H.C. Hopkins: Johann Heinrich Wilhelm von Manger (W.J. de Kock, D.W. Kruger (reds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek II, pp. 842 - 843).

42. M.O.O.C. 7/104 Testamenten, 20.11.1817, fol. 108, pp. 5 - 21.

en gehelp ontwikkel, en deur sy toedoen is 'n doeltreffende hospitaaldiens ingestel met 'n aantal deeglik gekwalifiseerde geneeshere".⁴³

J.G. van Reenen se jongste kind en enigste seun, Jacob, is op 25 April 1782 gebore. Hy is op 4 Mei 1805 in die huwelik bevestig met Gesina Wilhelmina Cloete. Sy was 'n dogter van Hendrik Cloete, eienaar van die bekende plaas Groot Constantia. Jacob van Reenen (Jan zoon of J.G. zoon soos hy in die dokumente genoem word om hom van sy ses neefs met dieselfde naam en ongeveer dieselfde ouderdom te onderskei) het nie in sy vader se voetspore gevolg wat betref die verskeidenheid van ekonomiese terreine wat hy betree het nie. Sover bekend het hy hom hoofsaaklik op die boerdery toegelê. Hy was skynbaar ook sedert vroeg in sy lewe bekend met die binneland. Op 22-jarige leeftyd het hy reeds goewerneur Janssens op 'n tog na Saldanha- en St. Helenabaai vergesel. Die reisgeselskap, wat benewens genoemde twee ook uit die goewerneur se Aide de Camp, W.B.E. Paravicini di Capelli, en van Reenen se aanstaande skoonvader, H. Cloete, bestaan het, het Kaapstad op 17 Mei 1804 verlaat en op 27 Mei teruggekeer.⁴⁴

Gedurende die periode September 1804 - Januarie 1805 tref ons Jacob van Reenen aan op die plaas Melkhoutkraal wat George Rex kort tevore digby die huidige dorp Knysna gekoop het. Volgens 'n dagboekie in besit van adv. A.J. van Reenen van Stellenbosch, 'n afstammeling van Jacob van Reenen, het laasgenoemde oor Rex se boerdery en huisbouery toesig gehou. Rex het 64 dae lank - die periode wat die dagboekie dek - Kaapstad besoek.⁴⁵

-
43. C.H. Price: Samuel Silvertrone Bailey (W.J. de Kock, D.W. Kruger (reds.): Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II, p. 21).
44. W.J. de Kock (red.): Reize in de Binnen-landen van Zuid-Afrika, pp. 199 - 213.
45. Hierdie boekie is nie onderteken nie, maar volgens interne getuienis en familie-oorlewering was Jacob van Reenen die outeur.

Waarom Jacob van Reenen, enigste seun van een van die welvarendste Kape=naars, hierdie plig vervul het, is nie baie duidelik nie. Die enigste verklaring wat daarvoor gegee kan word, is dat hy Rex moes touwys maak in Suid-Afrikaanse boerderybedrywighede, veral skaapboerdery. Soos later sal blyk, was J.G. van Reenen in 1804 - 5 die grootste besitter van gekruisde Spaanse merinoskape en volgens die dagboekie het Rex met sy terugkoms van die Kaap van hierdie skape saamgebring om sy stoetery op Melkhoukraal te begin.

Jacob van Reenen kon nie baie lank op dié plaas vertoef het nie. Soos gemeld, is hy in Mei 1805 in Kaapstad in die huwelik bevestig en daarna tref ons hom dikwels in die omgewing van die stad aan. In 1808 het hy die plaas Drooge Valleij naby Paardeberg, in die Drakensteinse distrik gekoop. Hier het hy hom op die wyn- en veral die graanbou toegelê. (In 1815 het hy daar 1944 mud graan gewen⁴⁶ - 'n besonder groot hoeveelheid as die primitiewe landboumetodes en implimente van destyds in aanmerking geneem word.) Op 1 Oktober 1810 het hy sy vader se drie Hantamleningsplase en 'n aantal vee vir 32 000 gulden oorgeneem. Op hierdie plase wat uiters geskik is vir perdetelt het hy sy perdestoet verbeter. In 1812 het hy van 'n besoekende Engelse skeepskaptein, Pattieson (Paterson?), die Engelse renperd, Saltram, vir die uitsonderlike hoë prys van 2 800 riksdalers gekoop. Teen 1813 het hy sy stoet aangevul met nog 'n opreggeteelde hings waarvoor hy 3 939 riksdalers betaal het.⁴⁷ Reeds in 1814 het hy die Hantamplase en 'n aantal vee - nie die stoethingste nie - vir

46. Acc. 573 Estate papers of Geesje Cloete widow of Jakob van Reenen, fol. 2, ongepagineerd.

47. Acc. 573 Estate papers of Geesje Cloete widow of Jakob van Reenen, fol. 3, no. 28.

115 000 gulden verkoop.⁴⁸ Volgens alle aanduidings was Jacob van Reenen 'n besonder vooruitstrewende boer en aan besigheidsvernuf het dit ook nie ontbreek nie, soos blyk uit die groot wins wat hy op die Hantamplase behaal het. Hy het egter op die redelik-jeugdige ouderdom van 38 jaar - op 14 Oktober 1820 - gesterf. Ten tyde van sy heengaan het hy op sy plaas Drooge Valleij gewoon.

48. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XVIII, 24.10.1824, pp. 444 - 445.

HOOFSTUK III

VLEISLEWERANSIER - EERSTE PERIODE, 1779 - 1784

Ontwikkeling van vleisvoorsieningstelsel van Kompanjie

Teen die laat-sewentigerjare van die agtiende eeu het J.G. van Reenen begin belangstel in die vleisleweransie aan die Kaap - 'n bedryf waarmee hy reeds vertrouwd was vanweë sy grootvader en veral sy vader se jarelange deelname daaraan. Voordat sy rol in hierdie verband aangetoon word, moet die ontwikkeling van die stelsel waarvolgens vleis en vee aan die Kompanjie voorsien is nader verduidelik word. Daar die primêre doel vir die stigting van die Kaapse nedersetting deur die V.O.C. die verskaffing van vars produkte aan Kompanjieskepe en herstellende skepeling was, het die lewering van vleis 'n belangrike rol in die verversingsproses gespeel. Gedurende die eerste aantal dekades van die bestaan van die verversingspos was die owerheid self hiervoor verantwoordelik. Kompanjiesamptenare het op ekspedisies na die binneland vee van die inboorlingstamme geruil en verder is op die verskillende buiteposte van die Kompanjie met vee geboer.

Na gelang die vryburgerbevolking toegeneem en hul veestapel aangegroei het, is daar herhaaldelik deur hulle vertoë tot die owerhede gerig om teen die konkurrensie van die Kompanjie beswaar aan te teken. Op 14 Julie 1695 het die Here XVII die Kaapse Politieke Raad gelas om die veeboerdery van die Kompanjie af te skaf. Voortaan moes slegs burgers slagvee en vleis verskaf.¹ Daar dit onprakties was om die burgers self toe te laat om vee na die Kaap te bring en dit gou geblyk het dat dit onwingsgewind was om amp=

1. H.B. Thom: Skaapboerdery in Suid-Afrika, pp. 126 - 131; A.J. Boëseken: Nederlandse Kommissaris in die Kaapse samelewing in die 17de eeu, pp. 47 - 51.

tenare te gebruik om dit van die boere te koop, het die Kompanjie sy toe-
vlug tot verpagting geneem. Die vleispag, wat dan behels het die verskaf-
fing van alle vleis en vee wat die Kompanjie benodig het, is van tyd tot
tyd in vier dele opgeveil. Elk van hierdie vier dele is toegeken aan die
burger, en in sommige uitsonderlike gevalle meer dan een deel aan 'n enkele
burger, wat aangebied het om die produkte teen die laagste pryse te lewer.
Die vleispagters het bekend gestaan as gekontrakteerde slagters. Die wyse
waarop die stelsel van vleislewering verder funksioneer het en hoe die
Kompanjie sy beleid van minimumuitgawes en maksimumwinste op hierdie ge-
bied toegepas het, sal uit die bespreking wat volg blyk.

Veiling van die vleispag en voorafgaande gebeurtenisse

Die vyfjaartermyn waarvoor die vleispag in 1774 toegeken is, sou aan die
einde van April 1779 verstryk. Op 18 Augustus 1778 het die Politieke Raad
aangekondig dat die veiling vir hierdie pag op 1 Februarie 1779 sou plaas-
vind. Soos gebruiklik sou dit in vier dele vir 'n termyn van òf een òf
drie òf vyf jaar opgeveil word.²

Johannes Gysbertus van Reenen wat, soos aangetoon is, belang gestel het om
as een van die vleisleweransiers aangewys te word, kon na hierdie aankondi-
ging nie stilsit nie. Eerstens moes hy reëlings tref om oor voldoende
fondse te beskik om groot getalle vee te koop, indien die pag aan hom toe-
geken sou word. Voorts moes hy twee bekende en welaf burgers soek om met
hom na die veiling te gaan om hom as gekontrakteerde slagter te borg. Bin-
nelandse toestande moes in oënskou geneem word, om vas te stel waar goeie
slagvee beskikbaar was.

2. C. 70 Resolusiën, 18.8.1778, pp. 340 - 341.

Die veiling van 1 Februarie 1779 het nie net die belangstelling van J.G. van Reenen en ander persone wat as vleisleweransiers aangewys wou word, gewek nie. Die afset van vee en vleis was die bedryf waarin die grootste persentasie Kapenaars geïnteresseerd was. Die binnelandse koloniste wat uitsluitlik met vee geboer het en vir hul bestaan van die Kaapse slagters afhanklik was, was uit die aard van die saak direk met hierdie leweransie gemoeid. Hulle was egter nie die enigstes nie. In 1779 het 21% van die skape en 23% van die beeste³ in die nedersetting aan boere in die distrikte van die Kaap en Stellenbosch, dit wil sê gebiede waar hoofsaaklik graan en wyn geproduseer is, behoort. Hierdie persentasie vee behorende aan graan- en wynboere was nog heelwat hoër. Ongelukkig word die getalle vee in besit van boere in die dele van die Drakensteinse distrik wat in die wyn- en graanstreke geleë is en dié in dele waar uitsluitlik met vee geboer is, nie afsonderlik aangegee nie. Talle graan- en wynboere was dus ook veebesitters en sou noukeurig op die veiling van die vleisleweransie let. Selfs talle Kapenaars wat nie direk gemoeid was met die veeboerdery nie, het hierdie veiling met arendsoë dopgehou. Dit is hoofsaaklik veroorsaak deur die afwesigheid van enige noemenswaardige handelsbedrywighede in die nedersetting vanweë die eng monopolistiese beleid van die V.O.C. Volgens hierdie beleid is privaat inisiatief op handelsgebied in die kiem gesmoor. Die leweransie was een van die weinige bedrywe waar Kapenaars wel op groot skaal aan die handel kon deelneem, vandaar die groot belangstelling. Spekulاسie aangaande wat op die veiling sou gebeur het nie uitgebly nie. In privaathuise en openbare plekke is lank voor die tyd

3. C. 564 Uitgaande Brieven, 1.3.1779, pp. 181 - 184.

bespiegel oor die kanse en bekwaamhede van die verskillende voornemende leweransiers en die pryse wat hulle sou aanbied. Hierdie voorafskouings en bespiegelings het hewige argumente ontlok en selfs tot 'n hofsaak aanleiding gegee.⁴

Vroeg die oggend van 1 Februarie 1779 "na behoorlijke klokke geklep en uijtroeping van den Boode"⁵ het die veiling van die vleispag plaasgevind. Reeds met die aanvang van die oggendsitting van die Politieke Raad, op die betrokke dag, is aangekondig dat die bod van Johannes Smook, Johannes Gysbertus van Reenen en sy broer, Dirk Gysbert, vir 'n termyn van vyf jaar, aanvaar is. Volgens die kontrak wat hulle met die Kompanjie gesluit het, is die eerste en vierde kwarte van die leweransie aan Johannes Smook, die tweede kwart aan D.G. van Reenen en die derde kwart aan J.G. van Reenen toegeken.⁶ In teorie moes eersgenoemde vir ses maande en laasgenoemdes elk 'n kwartaal van elke jaar die vleis, vee en ander vleisprodukte wat die Kompanjie benodig het, verskaf. In die praktyk het hulle egter as vennote as gekontrakteerde slagters opgetree en gesamentlik die verantwoordelikhede gedra.

Met die toekenning van een-derde van die vleispag aan J.G. van Reenen het hy dus vanaf 1 Mei 1779 die terrein van een van die belangrikste ekonomiese bedrywighede aan die Kaap betree. Vir hom was dit egter 'n groot waagstuk veral daar hy op hierdie tydstip glad nie welvarend was nie. 'n Bekende

4. C.J. 1149 Siviele Prosesstukke, verskillende datums 1779 - 1784, pp. 1 - 84.

5. C. 71 Resolutiën, 1.2.1779, pp. 82 - 83.

6. C. 675 Pacht Condiitiën, 1.2.1779, pp. 71 - 74.

Kompanjiesamptenaar het in 1780 verklaar dat dit welbekend is dat J.G. van Reenen "voor dat (hy) in de Slagterye is gekoomen geen man van middelen was".⁷ Vanweë sy finansiële posisie het hy ook 'n ander probleem ondervind. Hy kon nie aan die vereiste van die Kompanjie aangaande borge voldoen nie. Daar is bepaal dat alvorens die pag finaal toegeken sou word, twee "Sufficante en alhier genoegsaam ge Erffde"⁸ persone elke gekontrakteerde slagter moes borg. Johannes Smook en Dirk Gysbert van Reenen, die ander aangewese leweransiers, het aan hierdie vereiste voldoen. J.G. van Reenen was genoodsaak om sy twee mede-gekontrakteerde slagters te nader om hom te borg.⁹ Die Kompanjie het oënskynlik hierdie reëling slegs goedgekeur daar laasgenoemdes en hul borge finansieel sterk was. J.G. van Reenen het trouens oor so min kapitaal beskik dat hy in Mei 1779 slegs 3 184 gulden kontant kon deponer op 'n erf wat hy in Kaapstad vir 9 550 gulden gekoop het. Vir die restant moes hy 'n verband neem.¹⁰ Om sonder kapitaal aan die vleisleweransie deel te neem, bewys dat hy geen gebrek aan selfvertroue gehad het nie.

Hierdie selfvertroue spruit waarskynlik daaruit dat hy besef het dat hy oor die kwalifikasies beskik wat hom in staat sou stel om 'n sukses van die vleishandel te maak. Vanweë sy veelvuldige binnelandse reise het hy 'n deeglike kennis van die binneland en die binnelandse koloniste gehad. Hy het trouens hierdie mense so goed geken dat hy, soos reeds gemeld, by geleentheid kon verklaar dat hy die meeste van hulle persoonlik ken.¹¹

7. C. 744 Kaapsche Geschillen III, 20.12.1780, p. 400.

8. C. 675 Pacht Condiitiën, 1.2.1779, p. 70.

9. C. 675 Pacht Condiitiën, 1.2.1779, p. 73.

10. Transporten en Schepenkenntissen, 1779 no's 89, 90, T. 5270.

11. Sien Hoofstuk II.

Deur middel van besoeke wat bekende veeboere van die binneland, soos J.P. en Tjaart van der Walt, by hom in die Kaap afgelê het,¹² was hy steeds op hoogte van sake oor binnelandse toestande. Verder het hy ook, vanweë sy vader se deelname aan die vleisleweransie, sedert sy kniebroekdae onder= vinding van die stelsel van vleislewering aan die Kaap opgedoen.

Op die veiling van 1 Februarie 1779 het J.G. van Reenen en sy vennote aan= gebied om die produkte teen die volgende maksimumpryse aan die Kompanjie te lewer: skaap= en beesvleis - 4 duite ($\frac{1}{2}$ stuiwer) per pond; lewendige skape - 3 skelling stuk; kop, harsslag en afval van 'n bees en skaap on= derskeidelik - 12 en 6 stuiwers; beesvel - 24 stuiwers; vet - 6 riksd= lers per 100 pond.¹³

Risiko verbonde aan vleisleweransie

Volgens verskillende klousules in die pagvoorwaardes en die lang termyn waarvoor die leweransie toegeken is, het die Kompanjie die risiko verbonde daaraan vir homself tot 'n minimum beperk. Die teenoorgestelde was die geval met die gekontrakteerde slagters. Indien J.G. van Reenen of een van sy vennote in gebreke sou bly om die vleis en vee wat die Kompanjie benodig het, te lewer, het die owerhede die reg gehad om dit op eersgenoemdes se rekening teen markprys te koop.¹⁴ In geval van bankrotskap van een van die leweransiers, was sy borge vir sy verantwoordelikhede aanspreeklik.

'n Verdere beskermende maatreël teen moontlike verliese vir die Kompanjie, was die reg wat die Politieke Raad voorbehou het om te beslis of die pag

12. C. 745 Kaapsche Geschillen IV, 12.9.1779, p.50.

13. C. 675 Pacht Condiitiën, 1.2.1779, p. 72.

14. C. 675 Pacht Condiitiën, 1.2.1779, p. 69.

vir 'n termyn van een, drie of vyf jaar toegeken sou word. Dié Raad erken self dat hierdie metode gevolg is om "te mogen ondervinden op welke van de drie gemelde tijden, die Leverantie ten minsten prijse en op de voordeeligste wijze voor D'E. Compie zal kunnen aanbesteed werden".¹⁵ Volgens hierdie stelsel kon die pag vir slegs een jaar toegeken word wanneer vee skaars en duur was. Die Politieke Raad het dan vertrou dat pryse laer sou wees as hierdie termyn verstryk. Die Kompanjie sou dus slegs vir 'n kort periode hoë pryse betaal. Indien vleispryse laag en vee volop was, is die leweransiers vir vyf jaar aangewys. In hierdie geval was die Kompanjie verseker dat die produkte vir vyf jaar teen lae pryse gelewer sou word. Vir die gekontrakteerde slagters was daar 'n groot risiko verbonde aan laasgenoemde termyn. Gedurende so 'n lang periode kon (en het) buitengewone omstandighede 'n skaarste aan slagvee, en gevolglik hoër pryse daarvan, versoorsaak. Eerstens het toestande in die binneland soos langdurige droogtes, oorloë met inboorlingstamme, sprinkaanplae en epidemies onder slagvee in hierdie verband invloed uitgeoefen. 'n Ander faktor wat 'n styging van die produsente- sowel as verbruikersprys teweeggebring het, was verhoogde aanvraag deur besoekende skepe. Dit het meestal tydens Europese oorloë, wat gewoonlik ook in die Oosterse kolonies gevoer is, gebeur. Hoewel daar dus in 'n periode van vyf jaar groot prysstygings kon voorkom, was die gekontrakteerde slagters gebind om vleis aan die Kompanjie teen veilingspryse te lewer. Soos later sal blyk, is J.G. van Reenen en sy vennote uiters nadelig getref deur dat binne- sowel as buitelandse toestande tydens hul vyfjaartermyn as gekontrakteerde slagters drasties verander het.¹⁶

15. C. 71 Resolutiën, 1.2.1779, pp. 82 - 83.

16. Vergelyk in hierdie verband pp. 57 - 64.

Kompanjie se behoefte aan vleis en verliese daarop gely deur leweransiers

Vir J.G. van Reenen en sy vennote was die behoefte van die Kompanjie aan vleis en lewendige skape van die uiterste belang. In hierdie verband moet aangetoon word aan watter instansies hulle dit gedurende die periode Mei 1779 - April 1781, hulle eerste twee jaar as gekontrakteerde slagters, verskaf het. Soos bekend, was die oorspronklike doel vir die stigting van die Kaapse nedersetting die verskaffing van vars produkte aan Kompanjieskepe en die hospitaal waar siek skepelinge herstel het. Daar moes dus eerstens vleis aan hierdie instansies voorsien word. Kompanjieskepe het slegs vars vleis ingeneem vir verbruik deur die bemanning, terwyl dié vaartuie in die Kaapse en Valsbaaise hawens geanker was - dit kon nie ingeskeep word vir verbruik op die seereis nie aangesien daar geen metode was om dit teen bederf te beskerm nie. Aan elkeen van hierdie skepe is gemiddeld 5 000 pond vars vleis verskaf vir 'n totaal van ongeveer 230 000 pond per jaar toe 48 en 44 skepe in die onderskeie jare aangedoen het. Terwyl die skepe geanker was, het elke bemanningslid dieselfde rantsoen ontvang as wat aan Kompanjiesarbeiders op land verskaf is, naamlik een pond vleis per dag. By die Kaapse en Valsbaaise hospitale is jaarliks ongeveer 240 000 pond vleis verbruik.¹⁷

Die enigste metode waarvolgens vleis teen bederf beskerm kon word, was om beesvleis te versout. Kompanjieskepe het slegs by hoë uitsondering hier=

17. Alle gegewens insake hoeveelhede vleis gelewer en aan watter instansies verskaf uit C. 799 Gemengde Stukken, fol. 15, pp. 1 - 22 en C. 758 Journaal van de Negotie, 1784 - 1785.

die produk ingeskeep.¹⁸ Die enigste vleis wat hierdie vaartuie wel aan die Kaap ingeskeep het vir verbruik op die reis, was gemiddeld 40 lewendige skape per skip. In genoemde jare het J.G. van Reenen en sy vennote ongeveer 1 800 hiervan jaarliks verskaf.

Vervolgens moes vleis voorsien word aan ongeveer 600 Kompanjiesamptenare - waarvan daar in totaal 1 579 in 1779 en 1 585 in 1780 was. Slegs enkele senior amptenare en 'n groot getal arbeiders het hul rantsoene van die gekontrakteerde slagters ontvang. Onder laasgenoemde groep was die talle arbeiders op die verskillende buiteposte soos Rustenburg, Klapmuts, Rietvallei, Ganzekraal en Nuweland, die rekrute aan die Linie en Nuweland, werkers by die nuwe hospitaal, vlaggelui in die hawe en talle ander arbeiders. Elkeen van hierdie "mindere dienaaren" soos dié mense in die rekeningstate genoem word, het een pond vleis per dag ontvang. Aan senior amptenare is heelwat meer verskaf. Die goewerneur het byvoorbeeld twaalf skape per maand vir sy tafel gekry. Gedurende genoemde jare is ongeveer 220 000 pond vars vleis en 750 lewendige skape jaarliks aan hierdie amptenare voorsien. Die Kompanjie was voorts ook verantwoordelik vir die verskaffing van voedsel aan sy ongeveer 700 slawe. Elke slaaf se rantsoen was 23 pond vleis per maand. J.G. van Reenen en sy vennote het jaarliks ongeveer 200 000 pond by die slawelosie gelewer.

Die totale behoefte van die Kompanjie gedurende genoemde periode was dus ongeveer 900 000 pond vars vleis en 2 500 lewendige skape jaarliks. In

18. A.J. Boeseken: Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, p. 22; sien ook rekeningstate van gekontrakteerde slagters in C. 799 Gemengde Stukken, fol. 15, pp. 1 - 15 en uitbetalings aan laasgenoemdes in C. 758 Journaal van de Negotie, 1784 - 1785 en C. 759 Journaal van de Negotie, 1792 - 1793.

die pagvoorwaardes is bepaal dat geen minderwaardige vleis selfs aan die arbeiders of slawe gelewer mag word nie. 'n Kompanjiesamptenaar of keurmeester soos hierdie persoon genoem is, is aangestel om toe te sien dat slegs vleis van hoogstaande gehalte verskaf word. Die Kompanjie het selfs bepaal dat "er geen hottentots of andere slegte Schaapen, nogte derzelven vleesch zal moogen werden geleeverd, Sullende het onbequaamste vleesch afgekeurd"¹⁹ en verbeurd verklaar word.

Voordat 'n tentatiewe berekening gemaak kan word van die wins behaal of verlies gely op die produkte aan die Kompanjie verskaf, verdien enkele aangeleenthede vermelding. Ten eerste is die hoeveelheid vleis per skaap uitgeslag van belang. Die inheemse vetstertskaap, die enigste tipe skaap wat teen 1779 beskikbaar was, was oor die algemeen besonder lig. J.G. van Reenen en sy vennote kon derhalwe gemiddeld slegs 42 pond vleis en ongeveer 6 pond vet per skaap lewer.²⁰ Die vraag mag dadelik opduik waarom die hoeveelheid vleis per skaap gelewer ter sake is en nie dié van beeste nie. Weinig, indien enige, beesvleis is gedurende hierdie tydperk aan die Kompanjie verskaf. Hierdie toedrag van sake moet eerstens toegeskryf word aan die verhoogde aanvraag na soutvleis deur skepe van veral Engeland en Frankryk tydens die oorlog tussen hierdie moondhede wat in 1778 uitbreek het en waarna later weer verwys sal word. J.G. van Reenen en sy medekontraktante het bykans al die beeste wat hulle kon bekom, geslag om in die behoefte na soutvleis te voorsien. Vir die slagters was die situasie insake beeste wat vir slagdoeleindes beskikbaar was in elk geval netelig. Kaapse beeste was oor die algemeen van 'n swak gehalte en boonop het die

19. C. 675 Pacht Condiitiën, 1.2.1779, p. 67.

20. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 213.

boere slegs die swakstes daarvan aan die slagters verkoop. Hierdie toestand is eerstens veroorsaak deur die hoë aanvraag na trekosse (boere het van 1 tot 2 riksdalers meer daarvoor ontvang dan vir slagbeeste). Die beste osse is dus vir hierdie doel gebruik of van die hand gesit. Selfs koeie is nie aan slagters verkoop nie omdat die prys van botter uitsonderlik hoog was. In 1779 het boere $6\frac{1}{2}$ stuiwer per pond ontvang²¹ en teen 1781 was die prys reeds 9 stuiwer per pond.²² Al hierdie faktore het daartoe meegewerk dat slagbeeste skaars was en dat J.G. van Reenen en sy vennote weinig beesvleis aan die Kompanjie gelewer het. Die beste wat wel geslag is, was van so 'n swak gehalte dat slegs 300 pond soutvleis per bees gelewer is.²³

Vervolgens is die pryse wat J.G. van Reenen en sy vennote vir vee betaal het van belang. In 1779 het die veeboere ongeveer 5 riksdalers per bees en 6 tot 7 skelling per skaap gevra.²⁴ Namate die aanvraag na vleis tydens die Anglo-Franse oorlog toegeneem het, het die pryse geleidelik toegeneem sodat dit in 1782 reeds van 9 - 10 skelling per skaap en ongeveer 6 riksdalers per bees was. Die gemiddelde prys wat hulle gedurende die periode Mei 1779 tot Mei 1781 betaal het, was ongeveer $7\frac{1}{2}$ skelling per skaap en $5\frac{1}{2}$ riksdalers per bees.

21. C. 564 Uitgaande Brieven, 4.12.1779, p. 876.

22. C. 73 Resolutiën, 23.10.1781, p. 616.

23. C. 74 Resolutiën, 10.6.1782, p. 622. Aangaande die swak gehalte van Kaapse beeste vergelyk ook H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se Aanmerkingen, pp. 164, 167 en M. Arkin: Supplies for Napoleon's gaoiers, p. 191. Volgens laasgenoemde het die Kaapse basterosse teen 1815 - dit is nadat kruisteelt met die beter gehalte ingevoerde beeste reeds vir 'n geruime tyd toegepas is - nie meer dan 350 pond aan die hak geweeg nie.

24. C. 745 Kaapsche Geschillen IV, 12.9.1779, p. 50.

'n Volgende aangeleentheid van belang insake die berekening van die wins behaal of verlies gely, is die bedryfskoste. Ten eerste moes J.G. van Reenen en sy vennote knegte, slawe en ander nie-blanke huurlinge diep die binneland instuur om vee te koop en aan te jaag Kaap toe. Hierdie proses was redelik duur soos uit 'n skrywe van 'n aantal partikuliere slagters (persone met slaghuise in Kaapstad wat vleis aan Kapenaars kon verkoop) aan die Politieke Raad blyk. Hulle meld dat " --- ijder Troep hamels vee, dat uijt wijd uijt gestrekt veld gints en derwaarts opgedreven werd buijten Onkosten van Knegts en 't Capitaal der Slaaven en Paarden Circa komt te be= loopen Elff a Twaalff duijzend Guldens want men door de wijt uijtgestrekt= heijd als Cantebo, Sneeuwbergen, Bruijntjes Hoogte en Zondags Rivier de troepen voor Vier à Vijff maanden niet wel onder de drie duijzend Hamelen kan laten aanbrengen zo als ook eeven zo een tijd komt te verlopen tot het vertier van dit Vee, het gevaar en Resico van door de Heijdenen ofte Bos= siesmans te werden overrompelt zo als hier toe op kosten van de Supp'lten voorsz steeds 4 à 5 Bastaard Hottentotten voorsien van goed geweer, kruijd en loot tot Adsistentie van de Knegts en Slaven gehouden moeten worden --- en afval van 't gewigt (van die vee), het welk wel een derde deel door de Slegte wijde en tijd van drie à Vier maanden dat ze gehoed moeten worden komt t' importeeren".²⁵

Voorts was daar nog die koste om die vee te slag - dit het in die Kompan= jieslaghuis plaasgevind - en die lewering van die vleis aan die verskil= lende instansies. Veral die vervoer daarvan na die skepe het heelwat koste meebring en probleme veroorsaak. J.G. van Reenen en sy vennote

25. C. 74 Resolutiën, 7.5.1782, pp. 525 - 526.

moes die vleis en lewendige skape met bote na die skepe transporteer.²⁶

Hoewel daar nie met sekerheid bepaal kan word wat die bedryfskoste beloop het nie, kan uit voorgenoemde afgelei word dat dit redelik hoog was. Die partikuliere slagters beweer in gemelde skrywe dat dit tussen 30% en 40% van die kosprys bedra het. Hierdie bewering kan nie sondermeer aanvaar word nie, veral daar laasgenoemdes in dieselfde skrywe oor ander sake hulself aan growwe oordrywing skuldig maak.²⁷ Ongeveer tien jaar later, tydens J.G. van Reenen se tweede termyn as gekontrakteerde slagter, het hierdie koste ongeveer 15% beloop²⁸ en daar kan dus hierop volstaan word, omdat dit bykans onmoontlik is dat hierdie koste in 'n tydperk van tien jaar met meer as die helfte sou verminder het.

Om 900 000 pond vleis jaarliks aan die Kompanjie te verskaf het J.G. van Reenen en sy vennote dus volgens voorgenoemde gegewens 21 430 skape geslag. Vervolgens onderstaande berekening om hul jaarlikse uitgawe en inkomste aan te toon:

Inkoopprys van 21 430 skape teen 7½ skelling stuk	48 200 gulden
Bedryfskoste 15% op inkoopprys	7 230 gulden
Totale Uitgawe	55 430 gulden
Verkoopprys van 900 000 pond vleis teen ½ stuiwer per pond	22 500 gulden
Inkomste uit afval, vet en ander produkte teen 16 stuiwer	
per skaap	17 200 gulden
Totale Inkomste	39 700 gulden

26. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 205.

27. C. 74 Resolutiën, 14.5.1791, pp. 540 - 550.

28. Statistieke verwerk uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

Die verlies gelyk het dus 15 000 gulden oorskry en hierbenewens is die 1 800 lewendige skape gelewer teen ongeveer 4½ skelling onder die inkoopprys. Indien bedryfskoste bygevoeg word, het dit 'n verdere verlies van ongeveer 3 000 gulden beteken.

Voordele aan vleisleweransie verbind

Waarom het J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante genoemde belaglike pryse vir vleis en lewendige skape aangebied en gevolglik die groot verliese gelyk? Hierdie vraag kan slegs beantwoord word as gelet word op die voordele wat die Kompanjie aan die vleisleweransie verbind het. Ten eerste het die gekontrakteerde slagters die uitsluitlike reg verkry om vleis aan skape van vreemde moondhede wat by die Kaapse hawens aangedoen het, te verskaf.²⁹ Hoewel dit weens 'n gebrek aan besonderhede onmoontlik is om vas te stel wat die spesifieke hoeveelhede was wat aan hierdie skape gelewer is, is daar tog sekere aanduidings waarvolgens 'n algemene beraming gemaak kan word. Soos in die geval van Kompanjieskepe, moes aan die bemanning vars vleis voorsien word terwyl die skape in die hawens geanker was. Vanaf die middel van 1779 het die oorlog tussen Engeland en Frankryk die besoeke van skape van dié moondhede aan die Kaapse hawens drasties beïnvloed. Groot vloete het vir lang periodes vertoef. So byvoorbeeld het 'n Engelse vloot van 21 skape met 'n gesamentlike bemanning van 6 420 op 4 Desember 1779 uit Tafelbaai vertrek. Die meeste van hierdie skape het reeds teen die einde van Julie aangekom. In 1780 het vloete van 12 Engelse en 13 Franse skape vir periodes van ongeveer 8 weke in Tafel- en Valsbaai onderskeidelik oorgebly. Gedurende die tweejaarperiode wat volg op 1 Mei 1779, toe J.G. van Reenen gekontrakteerde slagter geword het, het 126 vreemde skape met 'n

29. C. 675 Pacht Condiëen, 1.2.1779, p. 66.

totale bemanning van 22 826 aangedoen. Elkeen van dié skepe het gemiddeld 40 dae vertoef.³⁰ Indien die besoekende skepelinge maar net dieselfde rantsoen as Kompanjieslawe ontvang het - en dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat hulle selfs nog meer gekry het -, is ongeveer 360 000 pond vleis jaarliks aan hulle verskaf.

Voorts is daar soutvleis en/of lewendige skape deur hierdie skepe ingeneem vir verbruik deur die bemanning op die seereis. Ook in hierdie geval het oorlogstoestande 'n aansienlike verhoging in die aanvraag veroorsaak. In September 1780 het die amptenaar in beheer van soutverkope verklaar dat hy in die laaste ses maande van 1779 "aan de tegenwoordige gecontracteerde Slagters, vry meerder Zout, als aan de voorige heb gedebiteerd ter oorsaake, dat sijl aan de in dien tyd, alhier aangeweest zijnde vreemde Naties Soo Oorlog als andere Schepen, eene groote quantiteit van gezouten vleesch hebbende moeten leveren, dienvolgens daar toe veel Zout quamen te benodigen".³¹ In teenstelling met skepe van die Kompanjie, wat soos gemeld, geen soutvleis van die slagters gekoop het nie, is daar dus aan dié van vreemde moondhede groot hoeveelhede van hierdie produk gelewer. Vir die 12 maande wat volg op September 1779 het J.G. van Reenen en sy vennote 915 mud,³² of te wel 183 000 pond sout vir die versouting van vleis gebruik. Aangesien die absolute maksimum hoeveelheid sout benodig vir hierdie proses een pond per 4 pond vleis is, het hulle dus in hierdie tydperk nie minder dan 720 000 pond soutvleis aan vreemde skepe voorsien nie.

30. Vergelyk tabel op p. 60; Gegewens aangaande aankoms en vertrek van skepe en getal bemanningslede uit Dagregisters vir betrokke periode.

31. C. 744 Kaapsche Geschillen III, 20.12.1780, p. 399.

32. C. 744 Kaapsche Geschillen III, 11.10.1780, p. 419.

Aan sommige van hierdie skape is in stede van soutvleis lewendige skape gelewer. So byvoorbeeld het die Engelse skip, die Princess Royal, wat die Kaap op sy uitvaart van Europa na die Ooste van 12 tot 23 Desember 1779³³ en op die terugvaart van 20 Desember 1780 tot 9 Januarie 1781³⁴ besoek het, slegs lewendige skape ingeneem. Met die eerste en tweede besoeke het J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante onderskeidelik 120 en 140 skape aan dié skip verskaf.³⁵ Uit voorgaande blyk dit dus dat vreemde skape ongeveer 1 000 000 pond vleis jaarliks ingeneem het - en hierdie beraming is baie konserwatief. Dit mag selfs wees dat hierdie aanvraag 1½ miljoen pond oorskry het. Hierbenewens is ook nog 'n onbekende getal lewendige skape gelewer.

Vir die gekontrakteerde slagters was die groot voordeel verbonde aan die monopolie wat hulle gekry het om hierdie produkte te lewer, daarin geleë dat gewoonlik geen beperking geplaas is op die pryse wat hulle daarvoor gevra het nie. Dit was dan ook die geval tydens J.G. van Reenen en sy vennote se eerste twee jaar as slagters. Hulle kon dus na goeie pryse verhoog. Die groter aanvraag wat deur oorlogstoestande geskep is, het vanaf die middel van 1779 'n skerp styging in vleispryse veroorsaak. Op 6 Julie van daardie jaar was die Politieke Raad genoodsaak om te ordonneer dat slagters skaapvleis vir nie meer as twee stuivers per pond aan Kape=naars mag verkoop nie.³⁶ (Onnatuurlik-hoë produktepryse vir laasgenoem=

33. K.M. Jeffreys: Kaapse Archiefstukken, Dagregister 12 en 23.12.1779, pp. 212, 214.

34. K.M. Jeffreys: Kaapse Archiefstukken, Dagregister, 20.12.1780, p. 419; 9.1.1781, p. 217.

35. Marine Records, L/Mar/B/405 G, 22.12.1779 en 4.1.1781 (Afskrifte uit India Office Library, Londen).

36. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek III, 6.7.1779, p. 105.

des, onder wie talle amptenare was, sou 'n styging van die lewenskoste veroorsaak. Dit sou hoër salarisse verg en die Politieke Raad moes steeds poog om so 'n situasie te verhoed). Hierdie besluit dui daarop dat vleispryse vir Kaapse ingesetenes reeds hoër was of dat dié liggaam verwag het dat dit binne afsienbare tyd hoër sou styg en dit is bekend dat vreemdelinge altyd meer vir produkte betaal het as Kapenaars. 'n Verdere aanduiding insake hierdie pryse is dat vreemde skepe in normale tye ongeveer viermaal meer vir vleis betaal het as wat die gekontrakteerde slagters van die Kompanjie ontvang het.³⁷ J.G. van Reenen en sy vennote sou vreemdelinge dus nie minder dan 2 stuiver per pond vra nie en dit is moontlik dat, terwyl die aanvraag so groot was, hul nog heelwat meer ontvang het. Indien dieselfde berekeningswyse gevolg word soos vir die produkte aan die Kompanjie gelewer,³⁸ het hulle teen twee stuiwers per pond 'n wins van ongeveer 60 000 gulden per jaar gemaak as slegs 1 000 000 pond vleis aan vreemde skepe gelewer is. Soos afgelei kan word, is hierdie berekening gebaseer op minimumpryse en -hoeveelhede en die wins was waarskynlik nog heelwat hoër. Die monopolie om vleis aan vreemde skepe te verskaf, was dus uiters waardevol vir die gekontrakteerde slagters en die winste uit dié oord behaal het meer dan vergoed vir die verliese gely op die produkte aan die Kompanjie gelewer.

Die wyse waarop hierdie monopolie beheer is, was belangrik vir beide die gekontrakteerde slagters en die Kompanjie. 'n Styging in die hoeveelheid vleis wat vreemde skepe deur middel van smokkelhandel bereik het, sou tot

37. G.M. Theal: *History of South Africa before 1795* IV, p. 167; Vergelyk ook rekeningstate in B.R.D. 40 *Vleismark Kasboek*, 1789 - 1790.

38. Vergelyk p. 48.

'n afname in die winste van eersgenoemdes lei. Die posisie van die V.O.C. sou met die volgende veiling van die vleispag nadelig getref word. Voornemende leweransiers sou hierdie faktor in aanmerking neem by die berekening van die minimumprys wat hulle kon aanbied vir produkte aan die Kompanjie voorsien. Dat smokkelhandel wel voorgekom het, ly geen twyfel nie. Op 6 Julie 1779 was die Politieke Raad genoodsaak om die regulasies insake partikuliere slagterye te wysig om "de daaromtrent van tijd tot tijd ingesloopte misbruiken behoorlijk te kunnen weeren en tegengaan".³⁹ Reeds in die inleiding van die eerste artikel van dié regulasies laat die owerhede dit deurskemer dat hierdie misbruike hoofsaaklik met sluikhandel verband hou. Daar word bepaal dat "niemand wie hij zij, zal vermogen eenig vleesch hoe ook genaamd, hetzij versch of gezouten veel min leevendige schaaopen ofte rundvee aan de hier passeerende vreemde natiën te verkoopen".⁴⁰ Voorts is drie van die oorblywende ses artikels van die ordonnansie toegespits op die uitskakeling van oortredings van hierdie verbod. Hoewel hierdie regulasies uitgevaardig is om die bedrywigheede van die partikuliere slagters - dit wil sê die verkoop van vleis aan Kapenaars - te beheer, was die Politieke Raad dus veel meer in die bekamping van smokkelhandel geïnteresseerd.

Volgens hierdie regulasies was J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante nie slegs van Kompanjiesamptenare - wat dikwels omkoopbaar was - afhanklik om smokkelhandel teen te gaan en oortreders aan die kaak te stel nie. Hulle het self die reg gekry om dit te doen. So kon hulle byvoorbeeld, met of sonder die hulp van die geregsdiens, vate waarin vet en ander vleispro-

39. C. 71 Resolutiën, 6.7.1779, p. 320.

40. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek III, 6.7.1779, p. 104.

dukte wat van die verbod uitgesluit was, oopmaak om vas te stel of daar nie vleis na die skepe vervoer word nie. Oortreders is met 1 000 gulden beboet. Die gekontrakteerde slagters kon op tweërlei wyse uit die betraping en skuldigbevinding van smokkelaars voordeel trek. Eerstens is die winste behaal uit die lewering van produkte aan vreemde skepe daardeur verhoog en verder het hulle een-derde van die boete wat oortreders betaal het, ontvang. Hoewel dit te betwyfel is of smokkelhandel geheel en al uitgeskakel is, het hierdie voordele tog gedien as aansporing vir J.G. van Reenen en sy vennote om oortreders aan die man te bring en dit het van hulle eie ywer afgehang in watter mate dit bekamp is.

Benewens die monopolie om vleis aan vreemde skepe te verskaf, het die gekontrakteerde slagters ook die reg gekry om dit aan Kaapse ingesetenes te verkoop. Hoewel hierdie toegewing nie in die pagvoorwaardes of enige ander dokument beskryf was nie, "werdende dit geconcidereerd altoos Stilswijgende onder de Condiitiën der verpachting begreepen zijn geweest".⁴¹ Gedurende die periode onder bespreking, toe daar 'n groot aanvraag vir hul produkte van vreemde skepe was, het J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante nie veel van hierdie voorreg gebruik gemaak nie. Waarom 'n mark met kompetisie - van die partikuliere slagters - en 'n vasgestelde maksimumprys betree, terwyl dit afwesig was by die verskaffing van produkte aan vreemde skepe? Soms moes hulle tog hierdie toegewing benut, soos uit 'n skrywe van J.G. en S.V. van Reenen aan die Politieke Raad blyk. Hulle meld dat "dikwils het vee geslagt Zijnde, de Zuijd Ooste winden en andere onguur weder het overvoeren na de Scheepen enige dagen verhindert, waardoor de Supp'te in dat geval genoodsaakt worden het vleesch aan de ingesetene te

41. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 207.

moeten verkoopen, vermits het Zelve in het Somer Saisoen als Spoedig ver=derf ---".⁴² Die toegewing om vleis aan Kapenaars te verkoop het dus selfs gedurende hierdie periode met die groot aanvraag van skepe van vreem=de moondhede, voordele vir J.G. van Reenen en sy vennote ingehou.

'n Verdere bate wat aan die vleisleweransie verbind was, was die reg wat die gekontrakteerde slagters verkry het om die Groenkloofplase, in die om=gewing van die huidige dorp Darling, vir hul voordeel te benut.⁴³ Oor=spronklik is hierdie plase, waarvan daar in 1779 41 van ongeveer 3 000 morges (2 580 hektaar) elk was, aan die vleisleweransiers toegeken as wei=ding vir slagvee wat na die lang tog van die binneland in 'n swak kondisie was. Dié plase het dan ook volkome beantwoord aan hierdie doel, want dit was van die beste weiveld in die nabyheid van die Kaap - slegs 1½ dagreise daarvandaan. Die Kompanjie het egter nie voorgeskryf dat dit slegs vir hierdie doel gebruik moes word nie. Die gekontrakteerde slagters het op groot skaal op die Groenkloofplase geboer. As daarop gelet word dat die veeboere op die stadium toe J.G. van Reenen vleisleweransier was, alreeds in 'n hewige stryd om weiveld met die Bantoe betrokke was, kan die waarde van die Groenkloofplase besef word. In die hieropvolgende hoofstukke sal verdere aandag aan die belangrikheid van hierdie plase vir J.G. van Reenen geskenk word.

Posisie van J.G. van Reenen na twee jaar as gekontrakteerde slagter

Die verskillende voordele wat die Kompanjie aan die vleisleweransie ver=bind het, teweete die monopolie om vleis aan vreemde skepe te lewer, die

42. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 207.

43. C. 675 Pacht Conditieën, 1.2.1779, pp. 63 - 66.

reg om dit aan partikuliere te verkoop en die benutting van die Groenkloofplase was dus besonder waardevol vir die gekontrakteerde slagters. Gedurende J.G. van Reenen se eerste twee jaar as pagter het die Europese oorlogstoestand veroorsaak dat die vleisleweransie nog veel meer winste as in normale tye afgewerp het. Verskeie transaksies wat hy aangegaan het, of wou aangaan, illustreer duidelik dat sy finansiële posisie tydens hierdie periode aansienlik verbeter het. Soos gemeld, kon hy tien dae na sy toetrede tot die vleisleweransie slegs 3 184 gulden kontant betaal vir 'n erf in Tafelvallei wat 9 550 gulden gekos het. Vir die restant moes hy 'n verband neem.⁴⁴ Teen die middel van 1780 het hy mevrou D. van Reede van Oudshoorn 29 000 gulden vir haar woonhuis aangebied.⁴⁵ Hierdie transaksie is skynbaar nie beklink nie, maar op 9 Oktober 1782 het hy wel kontant die waardevolle eiendom, 'n woonhuis en drie huurhuise op die hoek van Strand- en Langstraat, vir 41 250 gulden gekoop.⁴⁶ Op 15 April 1781 het hy sy vader, Jacobus van Reenen, wat in Europa was, gemagtig om vir 25 000 gulden produkte vir versending na die Kaap op sy rekening te koop.⁴⁷ Slegs 'n jaar later, op 10 Maart 1782, is laasgenoemde weer eens in kennis gestel dat hy vir dieselfde doel 100 000 gulden by J.G. van Reenen se agente in Amsterdam kon trek.⁴⁸ Verreweg die meeste van die geld vir hierdie transaksies het uit die vleisleweransie of bedrywe wat direk daarmee verband hou, gekom.

Gedurende die periode 1779 tot middel 1781 was die vleisleweransie dus 'n

44. Sien p. 40.

45. C. 744 Kaapsche Geschillen III, 20.12.1780, p. 400.

46. Transporten en Schepenkennissen, T. 5471, 1782, nr. 161.

47. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 15.4.1781, p. 561.

48. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, pp. 564, 569; Vergelyk ook Hoofstuk V.

winsgewende bedryf. J.G. van Reenen en sy vennote het gedurende hierdie tydperk dan ook geen enkele woord van klagte daaroor by die Politieke Raad ingedien nie. Selfs toe die ekstra las van die verskaffing van vleis aan die nuutgestigte Hottentotkorps in April 1781 aan hulle opgedra is,⁴⁹ het dit geen woord van ontevredenheid ontlok nie.

Invloed van Europese oorlog op vleisleweransie

Teen die middel van 1781 het toestande eensklaps verander. Die besonder hoë afset van vleis vanaf die middel van 1779 het noodgedwonge vir die slagters op 'n katastrofe afgestuur. Hierdie katastrofe het eerstens in die vorm van 'n gebrek aan slagbeeste voorgekom. Op 5 Junie 1781 het J.G. van Reenen en sy vennote 'n skrywe aan die Politieke Raad gerig waarin hulle gewag maak van die groot hoeveelhede vleis wat aan verskillende instansies gelewer is en nog moes word. Voorts meld hulle dat hulle "met reeden bedugt zijn, het benodigd Vee niet by d'Ingeseetenen te zullen kunnen bekommen ---".⁵⁰ Die uitsonderlike versoek is vervolgens gerig dat hulle toegelaat moes word om "haar benodigd Rund-Vee te mogen inruijen van de Caffers, dewelke denmaten van slagbaar Rund-Vee voorzien zijn, dat zij als't waare daarmede geen weg weeten en al sedert lang geneegen zijn geweest, het selve met d'onze te trocqueeren".⁵¹ Uit die aard van die saak sou moeilik tot hierdie versoek toegestem kon word, aangesien toestande op die oosgrens gedurende hierdie periode uiters kritiek was.⁵²

49. C. 73 Resolutiën, 10.4.1781, pp. 240 - 241; J. de Villiers: Hottentot-regimente aan die Kaap, p. 8.

50. C. 73 Resolutiën, 5.6.1781, p. 374.

51. C. 73 Resolutiën, 5.6.1781, p. 374.

52. Vergelyk G.M. Theal: History of South Africa before 1795 IV, pp. 193 - 195.

Die Politieke Raad het geen gras onder sy voete laat groei nie. Nog op dieselfde dag is die landdroste van die buitelandse distrikte, Stellenbosch en Swellendam, gelas om onmiddellik alle Veldkommandante, =wagmeesters en =korporaals te beveel om lyste op te stel van die getal slagbeeste wat by die ingesetenes van dié distrikte beskikbaar was, om aan die gekontrakteerde slagters te lewer.⁵³ Hierdie opdrag was heel-uitsonderlik aangesien die klagte van die koloniste sedert onheuglike tye 'n gebrek aan afsetmoontlikhede was. Skielik het die teenoorgestelde gebeur, naamlik dat die aanvraag die aanbod oortref het.

Dat die Politieke Raad die situasie as sorgwekkend beskou het, blyk duidelik uit die res van die opdrag aan die landdroste. Dit lui dat die "Ingeseetenes --- op het ernstigst moeten werden voorgehouden dat omtrent de voorsz de doene opgave geen agterhoudentheyd kome plaats te hebben".⁵⁴ Vervolgens is daarmee gedreig dat indien die boere nie gehoor gee om vee beskikbaar te stel nie, dit van die Bantoe geruil sou word. Vir die veeboere sou hierdie toegewing aan die gekontrakteerde slagters, indien toegestaan, natuurlik nadelige gevolge inhou. Vee kon teen baie laer pryse geruil word, as wat hulle van die slagters ontvang het. Oënskynlik het die betrokkenes ag op die dreigement geslaan en meer slagvee beskikbaar gestel, want vir die res van 1781 was daar geen verdere klagtes in hierdie verband nie. Dat die posisie egter sorg gebaar het vir J.G. van Reenen en sy venote, ly geen twyfel nie, veral as die veranderde omstandighede in die Europese oorlogstoneel in oënskou geneem word.

53. C. 73 Resolutiën, 5.6.1781, p. 375; C. 566(a) Uitgaande Brieven, 5.6.1781, pp. 462 - 467.

54. C. 73 Resolutiën, 5.6.1781, p. 376.

Tydens die eerste twee jaar van dié oorlog het slegs Engeland en Frankryk daaraan deelgeneem. Op 20 Desember 1780 het Engeland egter ook teen Nederland oorlog verklaar. Die berig van hierdie oorlogsverklaring het die Kaap op 31 Maart 1781 bereik. Vir die gekontrakteerde slagters het hierdie veranderde toestand werklikheid geword toe die Politieke Raad op 3 Mei van laasgenoemde jaar die poshouer van Valsbaai beveel het dat hy onder geen omstandighede vyf Engelse skepe wat in aantog was, moes toelaat om anker te werp nie.⁵⁵ 'n Franse skip het op 24 Mei die boodskap gebring dat Nederland en Frankryk 'n bondgenootskap gesluit het en op dieselfde dag het goewerneur Van Plettenberg in die Politieke Raad aangekondig dat binnekort "een Fransch Esquador oorlog Scheepen met een aanzienlijke aantal Troepen herwaards gezonden stond te worden, ten einde deeze Plaats, tegen alle Vijandelijke onderneemingen der Engelschen te beschermen".⁵⁶ Op die oog af blyk dit of J.G. van Reenen en sy vennote na hierdie aankondiging die verbod op die besoeke van Engelse skepe sou verwelkom, aangesien daar nou voldoende afsetgebied vir hul produkte sou wees. In werklikheid het die veranderde posisie in verband met skeepsbesoeke vir hulle ernstige gevolge ingehou.

Om die belangrikheid van die besoeke van Engelse skepe te illustreer, is dit nodig om te let op die wyse waarop die gekontrakteerde slagters vergoed is vir produkte enersyds aan Franse skepe en andersyds aan dié van Engeland en ander vreemde moondhede gelewer. Vanaf die vroeë sewentigerjare van die agtiende eeu,⁵⁷ en moontlik vroeër ook, het die kapteins van Franse

55. C. 73 Resolutiën, 3.5.1781, pp. 322 - 323; C. 566(a) Uitgaande Brieven, 3.5.1781, pp. 448 - 449.

56. C. 73 Resolutiën, 24.5.1781, pp. 335 - 336.

57. P.R. Kirby: Jacob van Reenen and the Grosvenor expedition of 1790 - 1791, pp. 44 - 48.

skepe dikwels nie die gekontrakteerde slagters in kontant nie, maar met wissels betaal. J.G. van Reenen het hierdie wissels aan sy Amsterdamse besigheidsagente, Swaan en Swart, gestuur. Laasgenoemdes het dit aan die Franse tesourier-generaal in Parys vir vereffening aangebied. Eers na die uitbetaling daarvan kon Swaan en Swart die kontantgeld na die Kaap stuur. Gedurende normale tye het die vertraging om die kontantgeld te bekom geen probleme veroorsaak nie. Dit is hier waar die skepe van ander vreemde moondhede wat die Kaap besoek het, veral dié van Engeland, van belang was. Vir die produkte wat hierdie skepe ingeneem het, is kontant betaal. Aangesien die winste so groot was, was die kontantgeld uit hierdie oord ontvang, asook dié van die Kompanjie, voldoende om alle uitgawes in verband met die inkoop van vee te dek.

Vanaf 1 Mei 1779 tot 30 April 1781, J.G. van Reenen se eerste twee jaar as gekontrakteerde slagter, het Engelse skepe in hierdie verband 'n belangrike rol gespeel. Die volgende tabel ter illustrasie hiervan:

Herkoms van skepe	Getal skepe Kaapse hawens besoek	Getal Bemanningslede	Gemiddelde getal dae vertoef
Engeland	48	10 076	50
Ander vreemde moondhede	34	4 199	21
Frankryk	44	8 551	43

58.

58. Statistieke verwerk uit Dagregisters vir betrokke periode.

- 61 - / .

Hoewel slegs 38% van die skepe van vreemde moondhede Engelse skepe was, was op hierdie skepe meer bemanningslede en hulle het langer vertoef - faktore van deurslaggewende belang by die verskaffing van produkte. Uit die gegewens vervat in hierdie tabel blyk dit dus dat Engelse skepe bykans die helfte van die vleis wat aan vreemdelinge verskaf is, ingeneem het - en soos gemeld, is kontant daarvoor betaal. Sedert die begin van Mei 1781 met die verbod op die besoeke van Engelse vaartuie, moes J.G. van Reenen en sy vennote dus die kontantgeld wat hulle uit hierdie oord ontvang het, verbeur. Veral die silwergeld waarmee die Engelse betaal het, was belangrik. Om die waarde hiervan te begryp, is dit nodig om kortliks te let op die toestand insake kontantgeld wat in die Kaapse nedersetting beskikbaar was. Die Kompanjie, op daardie stadium reeds vinnig op pad na ondergang, was genoodsaak om vanweë sy swak finansiële posisie papiergeld uit te gee.⁵⁹ Die klinkende munt wat nog in omloop was, is egter nie teruggetrek nie, met die gevolg dat beide geldsoorte gebruik is. Die koloniste, veral die binnelandse veeboere, het min waarde aan die papiergeld geheg en daarop aangedring dat hulle in klinkende munt vergoed moes word vir die vee wat J.G. van Reenen en sy vennote van hulle gekoop het.⁶⁰ Laasgenoemdes was selfs genoodsaak om papiergeld teen 'n verlies van 25% vir silwergeld te verruil om hul verpligtinge teenoor die veeboere na te kom.⁶¹ Die afwesigheid van Engelse skepe vanaf Mei 1781 tot die tweede helfte van 1783 het dus in hierdie opsig die gekontrakteerde slagters se finansiële posisie ernstig benadeel.

59. G.M. Theal: *History of South Africa before 1795* IV, p. 207.

60. C. 74 Resolusiën, 21.5.1782, p. 567.

61. C. 75 Resolusiën, 15.7.1783, p. 474.

Kort na hierdie verbod aangekondig is, het nog 'n groter slag J.G. van Reenen en sy vennote getref. Die styging van produktepryse sedert die begin van die oorlog en die verwagting dat dit nog hoër sou styg met die koms van die Franse troepe en oorlogsvloot, laat die Politieke Raad besluit om in hierdie verband op te tree. Twee lede van hierdie liggaam is op 28 Junie 1781 afgevaardig om die situasie insake die pryse van noodsaaklike lewensmiddele deeglik te ondersoek. Op 10 Julie het dié afvaardiging die vasstelling van maksimumpryse vir 'n hele reeks produkte aanbeveel.⁶² Die voorstel is aanvaar en die Politieke Raad het bepaal dat onder andere skaapvleis vir nie meer as een stuiwer en beesvleis vir nie meer as twee stuiwer per pond verkoop mag word nie. Hoewel die oorspronklike doel vir dié prysvasstelling die beskerming van "d'Ingeseetenen in't generaal en insonderheid de behoefteige Liederen"⁶³ teen buitensporige pryse vir noodsaaklike lewensmiddele was, het die Politieke Raad besluit dat die nuwe pryse ook van toepassing sou wees op produkte aan vreemdelinge verskaf. Hierdie beslissing het J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante nadelig getref omdat dit juis uit die verkoop van produkte, teen onbeperkte pryse, aan skepe van vreemde moondhede was dat hulle die grootste wins behaal het. Aangesien dit veral laasgenoemde skepe was wat beesvleis ingeneem het, het die Politieke Raad tog tot 'n mate omgesien na die belange van die gekontrakteerde slagters. Dit was egter vanweë die skaarste aan slagbeeste 'n skrale troos.

Die verskillende terugslae wat J.G. van Reenen en sy vennote teen die middel van 1781 getref het, teweete die verbod op die besoeke van Engelse skepe

62. C. 73 Resolusiën, 10.7.1781, p. 422.

63. C. 73 Resolusiën, 28.6.1781, p. 392.

en die gevolglike gebrek aan kontantgeld, die skaarste aan slagbeeste en die vasstelling van vleispryse het veroorsaak dat hul paadjie as vleisleweransiers geensins met rose besaai was vanaf laasgenoemde datum tot die beëindiging van die oorlog laat in 1783 nie. Om alles te kroon, was daar gedurende dié tydperk 'n veel groter aanvraag na vleis as tydens die voorgaande twee jaar. Hierdie aanvraag is eerstens geskep deur verskeie groepe hulptroepe wat vir langer en korter periodes aan die Kaap gestasioneer was. Die Franse regiment van Pondicherry het in die laaste week van Junie 1781 arriveer en het tot April 1784 gebly. Voorts het die regimente van Luxemburg (van Mei 1782 tot Februarie 1783), Meuron (Februarie 1783 tot Desember 1787) en Waldener (Februarie tot April 1783) die Kaapse garnisoen aangevul.⁶⁴ Hierbenewens was daar, in weerwil van die verbod op die besoeke van Engelse skepe, 'n fenomenale toename in die getal skepe van vreemde moondhede wat by die Kaapse hawens aangedoen het - 126 besoeke gedurende die eerste twee jaar van die oorlog teenoor 276 vanaf Junie 1781 tot einde 1783. Dit was veral die 129 Franse skepe wat gedurende laasgenoemde tydperk aangedoen het wat 'n aansienlike toename in die aanvraag veroorsaak het omdat hierdie vaartuie gewoonlik langer vertoef het en meestal heelwat groter was as dié van ander vreemde moondhede.⁶⁵ Die gekontrakteerde slagters moes ook nog verskeie skeepsvragte soutvleis aan die Franse verskaf vir verskeping na die eiland Mauritius.⁶⁶

Die lewering van groot hoeveelhede vleis aan die Franse het J.G. van Reenen

64. G.M. Theal: *History of South Africa before 1795* IV, pp. 207 - 208.

65. Vergelyk dagregisters van betrokke periode vir getal skepe en skepelinge, sowel as tydperk vertoef.

66. C. 74 Resolusiën, 14.6.1782, p. 633.

en sy vennote heelwat hoofbrekens besorg. Die gebrek aan kontantgeld by die Franse agente, wat verantwoordelik was vir vleisaankope, het die eerste probleem geskep. Goewerneur Van Plettenberg was genoodsaak om die gekontrakteerde slagters te oorreed om nogeens wissels vir die gelewerde produkte te aanvaar.⁶⁷ Waar daar vroeër slegs 'n lang vertraging was om die kontantgeld te bekom, was dit nou vanweë die oorlog tussen Nederland en Engeland feitlik onmoontlik. Die risiko verbonde aan die oorsending daarvan na die Kaap met skepe wat deur die Engelse gekelder of gekonfiskeer kon word, was veels te groot.⁶⁸

Hierdie wissels was ook 'n bron van bekommernis vir J.G. van Reenen en sy broer Dirk Gysbert. Gerugte het aan die Kaap die ronde gedoen dat die Franse dit nie sou uitbetaal nie. Hoewel die Van Reenenbroers baie verontwaardig was oor hierdie gerugte, omdat dit hul posisie om lenings aan te gaan in die wiele gery het, was hulle self nie baie gerus nie. Op 7 Mei 1782 meld hulle dan ook in 'n skrywe aan die Politieke Raad dat "wij ons --- in eene Schuld gestookten (vir vee), die wij indien onse Wissels niet geaccepteerd waren geworden met onse geheele Familie niet hadden kunnen betalen".⁶⁹ Benewens die bekommernis aangaande die wissels moes hulle ook nog rente betaal op die lenings wat hulle moes aangaan, omdat daar geen kontant beskikbaar was nie.

In weerwil van dié gerugte, en die vrese van die Van Reenenbroers insake die kredietwaardigheid van die wissels, is dit tog deur die Franse tesourier-generaal vereffen. Somtyds was daar wel vertragings en hierbenewens

67. C. 74 Resolutiën, 21.5.1782, p. 562.

68. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 565.

69. C. 74 Resolutiën, 21.5.1782, p. 565.

moes ander planne beraam word om die risiko verbonde aan die oorsending van die geld te omseil.⁷⁰ Die vertraging om die kontantgeld te bekom het op 'n baie ongeleë tydstip gekom omdat daar juis in hierdie periode 'n groot aanvraag na vleis was.

Die bedrae van die wissels wat J.G. van Reenen en sy vennote van die Franse agent, L. Monneron, ontvang het, dui aan watter groot hoeveelhede vleis aan die Franse voorsien is. Monneron, wat op 27 Desember 1780 in die Kaap arriveer het,⁷¹ het vroeg in Januarie 1781 'n wissel van 162 000 gulden gegee as vooruitbetaling vir produkte wat nog gelewer moes word. Teen die einde van 1781 of vroeg in 1782 het die Franse geen krediet meer by die gekontrakteerde slagters gehad nie en hy het nogeens 'n wissel van 378 000 gulden oorhandig.⁷² Op 10 Maart 1782 was reeds vir 121 500 gulden van hierdie bedrag vleis gekoop.⁷³ Vanaf vroeg-Januarie 1781 tot 10 Maart 1782 het J.G. van Reenen en sy vennote dus vir 283 500 gulden produkte aan die Franse gelewer. Voor laasgenoemde datum het die Franse aanvoerder in die Kaap alreeds weer een miljoen pond soutvleis bestel.⁷⁴

Die vraag na vleis het dus vinnig toegeneem. Vanaf begin Mei 1781 tot einde April 1782 het J.G. van Reenen en sy vennote 216 000 gulden spandeer om hul verpligtinge in verband met die vleisleweransie na te kom. Vir hierdie bedrag het hulle ongeveer 45 000 skape en 5 000 beeste vir verslagting gekoop. Op dié groot belegging het hulle slegs 'n wins van 9 600

70. Sien Hoofstuk V.

71. C. 72 Resolutiën, 27.12.1780, pp. 405 - 406.

72. C. 74 Resolutiën, 21.5.1782, p. 563.

73. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 565.

74. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 566.

gulden gemaak.⁷⁵ Faktore soos die vasstelling van vleispryse - veral dié van skaapvleis -, die skaarste aan beeste en die afwesigheid van enige beperkings op die pryse wat die boere vir vee gevra het, het daartoe bygedra dat hierdie geringe wins van slegs 4½% getoon kon word. Veral laasgenoemde faktor het die posisie van die slagters nadelig getref. Hoewel hulle volgens ordonnansie verplig was om vleis teen vasgestelde pryse te verkoop, kon die veeboer na willekeur die prys van vee verhoog. Die boere het dan ook van 9 - 10 skelling per skaap gevra teenoor die prys van 7 skelling 'n jaar of wat vroeër. Dit het selfs gebeur dat die slagters 12 skelling moes betaal, om maar net vee in voorraad te hê om hul verpligtinge na te kom.⁷⁶

Hierdie toedrag van sake kon nie voortduur nie. Indien die slagters meer dan 9 skelling per skaap moes betaal, het hulle 'n verlies gely op die vleis wat aan partikuliere en vreemdelinge verkoop is. Die eerste klagtes in dié verband het nie van J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante gekom nie, maar van die partikuliere slagters - heeltemal te verstane ook daar laasgenoemdes meestal skaapvleis verkoop het, terwyl die gekontrakteerde slagters op beesvleis 'n redelike wins kon maak om te vergoed vir die verliese wat hulle op skaapvleis gely het. Op 7 Mei 1782 het die partikuliere slagters 'n skrywe aan die Politieke Raad gerig waarin gemeld word dat hulle totale ondergang in die gesig staan indien toestande nie verander nie. Na 'n deeglike ondersoek is op 14 Mei besluit om die verkoopprys van skaapvleis met 17% te verhoog - van een stuiver per pond na

75. C. 74 Resolutiën, 10.6.1782, pp. 616 - 624.

76. C. 74 Resolutiën, 7.5.1782, pp. 522 - 527; 14.5.1782, pp. 540 - 542.

vyf pond vir een skelling. Voorts is ordonneer dat skape nie vir meer as 9 skelling stuk deur die veeboere verkoop of die slagters betaal mag word nie.⁷⁷

Hierdie bepalinge het J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante slegs tot 'n geringe mate bevoordeel. Hoewel hulle gevrywaar was teen buitensporige inkooppryse vir skape, was die veeboere geensins geneë om teen hierdie pryse te verkoop nie. Laasgenoemdes het eenvoudig meer vir beste gevra en so min as moontlik skape verkoop.⁷⁸ Waar daar dus vroeër slegs 'n tekort aan slagbeeste was, was dit nou ook die geval met slagskape. Ook die verhoging van die verkoopprijs van skaapvleis het min voordele ingehou. J.G. van Reenen en sy vennote kon slegs die produkte wat skepe van vreemde moondhede ingeneem het en die geringe hoeveelhede wat plaaslik verkoop is, teen die nuwe pryse van die hand sit. Die pryse van produkte aan die Kompanjie verskaf, was nog steeds $\frac{1}{2}$ stuiver per pond vir vleis en drie skelling per lewendige skaap. Die verliese gely op hierdie produkte was dus vanweë die hoër inkooppryse nog veel hoër as tydens die jare 1779 - 1780. Hierbenewens het die gekontrakteerde slagters 'n ooreenkoms met goewerneur Van Plettenberg aangeaan om skaap- en beesvleis aan die Franse hulptroepe teen een stuiver per pond te verskaf. Die Hottentotkorps het teen dieselfde prys hul voorrade ontvang. Die ooreenkomste insake die lewering van produkte aan hierdie instansies is nie opgehef met die prysverandering van 14 Mei 1782 nie.

Teen die middel van 1782 was die toekomstige geensins rooskleurig vir J.G. van

77. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek III, 14.5.1782, pp. 136 - 138.

78. C. 74 Resolusiën, 10.6.1782, pp. 617 - 618.

Reenen en sy vennote nie. Die aanvraag, wat alreeds hoog was, het nou ook nogeens hoër gestyg. Hierdie aanvraag is eerstens deur die aankoms van die regiment Luxemburg in Mei van genoemde jaar geskep. Voorts het die grootste vloot wat sedert die stigting van die Kaapse nedersetting aangedoen het, op 19 Mei 1782 in die Valsbaaise hawe anker gewerp.⁷⁹ Die oorgrote meerderheid skepe van hierdie vloot van 33 Franse vaartuie sou tot September - en sommige tot Oktober - 1782 vertoef. Waar die gekontrakteerde slagters 5 000 beeste geslag het tydens die periode Mei 1781 tot April 1782, was die verwagting dat hierdie getal na 8 000 - 9 000 sou styg vir die 12 maande volgende op laasgenoemde datum.⁸⁰ Die moontlikheid dat hulle dit sou bekom, was skraal veral omdat binnelandse toestande uiters ongestadig was. Die botsing met die Bantoe en Boesman het eerstens tot hierdie situasie aanleiding gegee en voorts het veesiektes, droogtes en sprinkaanplae "de anders vrugtbare en ter weijden geschikte velden onvrugbaar hebben gemaakt ---".⁸¹ Hierdie faktore, asook die groter afset van vleis sedert die begin van die oorlog, het veroorsaak dat daar van 1780 tot 1782 'n afname van nie minder dan 16% en 20% onderskeidelik in die getalle beeste en skape in die nedersetting was nie, soos uit onderstaande tabel blyk:

	1780	1781	1782
Skape	377 814	335 659	298 969
Beeste	64 957	63 695	55 828
	82	83	84

79. C. 648 Dagregister, 20.5.1782, pp. 224 - 225.

80. C. 74 Resolutiën, 10.6.1782, p. 621.

81. C. 74 Resolutiën, 10.6.1782, p. 616

82. C. 565 Uitgaande Brieven, 9.3.1780, pp. 180 - 183.

83. C. 566(a) Uitgaande Brieven, 3.3.1781, pp. 161 - 165.

84. C. 568 Uitgaande Brieven, 22.8.1783, pp. 681 - 685.

Op 10 Junie 1782 het J.G. van Reenen en sy vennote slegs 1 000 slagbeeste beskikbaar gehad waarvan daaglik byna 50 geslag moes word.⁸⁵ Die knegte wat hulle na die binneland gestuur het om vee te koop, moes reeds 'n maand vroeër terug gewees het, dog daar was nog geen taal of tyding van hulle ontvang nie.⁸⁶ Die posisie was dus sorgwekkend. Die tempo waarteen vleis verbruik is, was so hoog dat die gekontrakteerde slagters bevrees was vir die dag dat geen slagvee meer beskikbaar sou wees nie. Die aanvraag het die aanbod geheel en al oortref en volgens kontrak was hulle verplig om die produkte te lewer.

J.G. van Reenen en sy vennote het op laasgenoemde datum 'n dringende skrywe aan die Politieke Raad gerig waarin die situasie aangaande die skaarste aan slagbeeste en die hoë veepryse uiteengesit is. Die versoek van 'n jaar vroeër, dat die veeruil met die Bantoe oopgestel moes word, is herhaal. Toestande was so kritiek dat hulle nie soos by die vorige geleentheid vra om self vee te ruil nie, maar smek dat dit oopgestel moes word vir die veeboere of enigiemand anders wat die Politieke Raad "daartoe bequaam zullen Oordeelen".⁸⁷ Voorts vra hulle om onthef te word van die kontrak vir die lewering van vleis aan die Franse hulptroepe. Indien hierdie versoek nie toegestaan kon word nie, dring hulle aan op 'n verhoging van die prys van vleis aan die Franse soldate gelewer.

Die enigste positiewe reaksie van die kant van die Politieke Raad was ten opsigte van laasgenoemde versoek. Die prys van produkte wat aan die Franse troepe verskaf moes word, is verhoog na dieselfde vlak as dié soos

85. C. 74 Resolusiën, 10.6.1782, p. 620.

86. C. 74 Resolusiën, 14.6.1782, p. 634.

87. C. 74 Resolusiën, 10.6.1782, p. 619.

bepaal op 14 Mei 1782. J.G. van Reenen en sy vennote is ook beveel om 'n aparte kontrak te onderteken om vleis aan die regiment Luxemburg, wat in diens van die Kompanjie was, teen dieselfde pryse te lewer. Wat betref die skaarste aan slagvee, was die Politieke Raad geensins geïmponeer nie. Daar is slegs aangevoer dat "het gebrek aan slaggbaar vee by lange zo groot niet is"⁸⁸ as wat die gekontrakteerde slagters voorgegee het nie. Die versoek insake die veeruil met die Bantoe is weer eens geweier.

Slegs vier dae na hierdie uitspraak is die kwessie aangaande die skaarste aan slagvee op die spits gedryf. Op die oggend van 14 Junie 1782 het Jan Smook, die een gekontrakteerde slagter, die goewerneur persoonlik gespreek en J.G. en D.G. van Reenen het 'n onderhoud met die sekunde, Pieter Hacker, gevoer. In beide gevalle is die amptenare meegedeel dat die toestand onhoudbaar was en dat daar slegs vir een dag slagvee beskikbaar was om vleis aan die Franse te lewer. Uiteindelik het die erns van die situasie tot goewerneur Van Plettenberg deurgedring en hy het die uitsonderlike stap gedoen om 'n buitengewone vergadering van die Politieke Raad vir dieselfde middag te belê. J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante is versoek om teenwoordig te wees.

Op dié vergadering het laasgenoemdes die redes vir die skaarste aan slagvee, soos reeds uiteengesit was in hul skrywe van 10 Junie 1782, herhaal. Hoe-wel die Politieke Raad ingesien het dat die posisie benard was, was dié liggaam "genoegsaam verseekert van de groote Quantiteit van het Grof en Klein Vee, dat sig onder d'Ingeseetenen quam te bevinden".⁸⁹ J.G. van Reenen en sy vennote het erken dat veral diep in die binneland nog baie

88. C. 74 Resolutiën, 10.6.1782, p. 625.

89. C. 74 Resolutiën, 14.6.1782, p. 632.

vee was. Hulle het egter die verdere argument geopper dat die eienaars van hierdie vee dit nie van die hand wou sit nie. Die vernaamste rede hiervoor was dat die boere sulke hoë pryse vir botter en seep ontvang dat "het wijnige dat zij in haare huijshoudingen nodig hadden daaruijt konden goed maaken en voor't ouerige hun vee tot den aanteel quamen aan te houden".⁹⁰ As in aanmerking geneem word dat die prys van botter 9 stuiwers en seep 8 stuiwers per pond was,⁹¹ is hierdie argument heel-aanvaarbaar. Waarom sou 'n veeboer skape teen 9 skelling stuk verkoop as hy vir 6 pond botter of ongeveer 7 pond seep dieselfde prys ontvang? Deur slegs jaarliks twee wavrage van 1 200 - 1 500 pond botter en seep na die Kaapse mark te stuur, kon 'n veeboer bykans genoeg maak om al sy benodighede te koop.

Hoewel J.G. van Reenen en sy vennote dit nie direk gemeld het nie, word die indruk tog geskep dat hulle die Politieke Raad wou oortuig dat die enigste oplossing vir die probleem van die tekort aan slagvee, 'n aansienlike verhoging van vleispryse was. Hulle het dan ook gemeld dat indien die posisie dieselfde bly, hulle die vee "tot zodanigen Prijs souden moeten inkoop, dat zij de bij haar aangenomene Leverantie niet dan met verlies zouden kunnen gaande houden ---".⁹² Aan die moontlikheid van prysverhogings het die Politieke Raad geen aandag geskenk nie. Die liggaam het op 'n heel ander wyse gepoog om toestande te verander. Daar is ordonneer dat die veeboere alle rekognisiegelde vir leningsplase - vir die lopende jaar en agterstalliges - onmiddellik moes betaal. Indien hulle nie gehoor gee

90. C. 74 Resolutiën, 14.6.1782, p. 634.

91. C. 73 Resolutiën, 10.7.1781, pp. 422 - 423; S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek III, 10.7.1781, p. 122.

92. C. 74 Resolutiën, 14.6.1782, p. 634.

nie, sou hul leningsplase ingetrek en die vee en ander goedere op die plase ter vereffening van die skulde verkoop word. Die independente fiskaal en landdroste van die buitelandse distrikte is selfs beveel om toe te sien dat hierdie regulasies toegepas word.⁹³ Die Politieke Raad het skynbaar redeneer dat die veeboere nou in 'n hoek gedryf was. Talle van hulle was vanweë die swak ekonomiese posisie in die sewentigerjare en die ongestadige binelandse toestande, jare se rekognisiegedelde agterstallig. Hulle het eenvoudig nie genoeg kontantgeld besit om hierdie gelde te betaal nie. Weens vervoerprobleme sou dit ook onmoontlik wees om onbepaalde hoeveelhede botter en seep na die Kaapse mark te neem om op die wyse kontant te bekom. Die enigste uitweg, volgens die Politieke Raad, was dus dat groot getalle vee verkoop moes word.

Hierdie poging om die probleem op te los, het egter klaaglik misluk.

Trouens, die owerhede het skynbaar self geen moeite gedoen om die regulasies, vervat in die ordonnansie, deur te voer nie. Daar kon dan ook geen bewys gevind word dat enige leningsplaas ingetrek of vee verkoop is nie.

Op 22 Maart 1783, nege maande na die uitvaardiging van die ordonnansie, was Jacobus van Reenen en vier van sy seuns byvoorbeeld nog 45 jaar en 10 maande se rekognisiegedelde agterstallig.⁹⁴ Selfs in 1791 was 'n groot deel van hierdie bedrag nog aan die Kompanjie verskuldig.⁹⁵

Die periode vanaf die middel van 1782 was vir J.G. van Reenen en sy vennote 'n bedrywige tyd. Die aanvraag het steeds toegeneem. Nie minder dan 93

93. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek III, 10.7.1782, pp. 142 - 143.

94. C. 745 Kaapsche Geschillen IV, 22.3.1783, pp. 53 - 54.

95. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 114.

en 151 skepe van vreemde moondhede het onderskeidelik in die jare 1782 en 1783 by die Kaapse hawens aangedoen - in vergelyking met 'n gemiddelde getal besoeke van 63 in die tydperk 1779 tot 1781. Hierbenewens was vier regimente hulp troepe aan die Kaap gestasioneer. ⁹⁶ Die verskaffing van vleis aan al hierdie instansies was 'n groot organisasie. Weinig wins is egter gemaak vanweë die prysvasstelling van vleis en omdat die veeboere min ag op die beperking van veepryse geslaan het. ⁹⁷ Veral tydens die vroeë deel van 1783 het J.G. van Reenen en sy vennote met die hande in die hare gesit. Hulle het besef dat dit nutteloos sou wees om by die Politieke Raad om hulp aan te klop. By twee vorige geleenthede het dié Raad slegs halfhartige pogings aangewend om die probleem van die tekort aan slagvee en die lae winsgrens op te los.

Teen die middel van 1783 het daar egter 'n situasie ontstaan wat die onderhandelinge tussen die gekontrakteerde slagters en die Politieke Raad op 'n heel ander vlak geplaas het. Op 2 en 3 Julie van genoemde jaar het vier groot Nederlandse oorlogskepe met 'n gesamentlike bemanning van 1 500 in Valsbaai anker gewerp ⁹⁸ en later in dieselfde maand het nog twee van hierdie vaartuie arriveer. Hoewel dié skepe nie aan die Kompanjie behoort het nie - wel aan die Nederlandse staat - was die doel van hul vaart na die Ooste die beskerming van die belange van die V.O.C. Die Politieke Raad was gevolglik genoodsaak om toe te sien dat lewensmiddele aan die bemanning verskaf word, terwyl hulle aan die Kaap vertoef. Dié liggaam het egter self geen middele tot sy beskikking gehad om vleis te voorsien nie,

96. Sien p. 63.

97. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek III, 29.7.1783, p. 183.

98. C. 648 Dagregister, 2.7.1783, p. 426; 3.7.1783, p. 427.

daar dit die verantwoordelikheid van die gekontrakteerde slagters was. Volgens die pagvoorwaardes was laasgenoemdes slegs gebind om dit aan Kompanjieskepe te verskaf. Die owerhede was dus nou van J.G. van Reenen en sy vennote afhanklik om uit die dilemma te kom. Laasgenoemdes het gou ingesien dat hulle die hef in die hande het. Op 15 Julie het hulle 'n skrywe aan die owerhede gerig waarin gemeld word dat hulle gewillig was om vleis aan die oorlogskepe te verskaf teen dieselfde pryse as wat die Franse hulptroepe betaal, mits die regulasie insake die pryse daarvan aan vreemdelinge verkoop, hersien word.⁹⁹ Daar hulle nou in die posisie was om te dikteer, is die visier hoog gestel. Hulle het versoek dat die prys van bees- en skaapvleis na 3 stuiver per pond en dié van 'n lewendige bees en skaap onderskeidelik na 20 riksdalers en 20 skelling verhoog word. Hierdie voorstel klink belaglik as in aanmerking geneem word dat die gekontrakteerde en partikuliere slagters 'n jaar vroeër moes soebat om die owerhede te oorreed om die prys van skaapvleis met 17% te verhoog.¹⁰⁰ Die verhoging wat in die brief van 15 Julie voorgestel word, is 150% vir skaap- en 50% vir beesvleis. Die Politieke Raad was nie in 'n posisie om teë te stribbel nie en het sonder slag of stoot gekapituleer. Dié Raad het slegs gemeld dat hierdie versoek "op billijke gronden is gefundeert en dierhalven meriteert dat daarop reguard werde genoomen".¹⁰¹ Die voorstel aangaande die pryswysigings is dan ook sonder enige woord van teenspraak aanvaar. Op 29 Julie 1783 is die ordonnansie wat bepaal dat boere nie meer as 9 skelling per skaap mag vra nie, wat in elk geval lank reeds in onbruik was, ook ingetrek.¹⁰²

99. C. 75 Resolutiën, 15.7.1783, pp. 473 - 477.

100. Sien pp. 66 - 67.

101. C. 75 Resolutiën, 15.7.1783, p. 478.

102. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek III, 29.7.1783, pp. 153 - 154.

Hoewel J.G. van Reenen en sy mede-kontraktante nog die produkte aan die Kompanjie teen die kontrakprys van Februarie 1779 en dié aan die Franse hulptroepe volgens die tarief van 14 Mei 1782 gelewer het, was die fenomenele verhoging van die pryse wat vreemdelinge na Julie 1783 moes betaal van onskatbare waarde. Vir twee jaar het hulle geswoeg en gesweet om kop bo water te hou vanweë die lae pryse wat vreemdelinge betaal het en kon hulle, soos gemeld, in 1781 - 82 'n wins van slegs $4\frac{1}{2}\%$ maak. Die vleisleweransie het na die besluit van 15 Julie 1783 eensklaps weer 'n winsgewinde bedryf geword, veral omdat daar nog steeds groot getalle skepe van vreemde moondhede aangedoen het. Die hertoelating van Engelse skepe in die Kaapse hawens vanaf September 1783, het hierdie wysiging nog belangriker gemaak omdat op hierdie skepe gemiddeld veel meer bemanningslede was as op dié van ander vreemde moondhede.

Ongelukkig het die veranderinge wat die vleisleweransie weer winsgewind gemaak het, op 'n baie laat stadium vir J.G. van Reenen en sy vennote gekom. Hulle kon slegs vir 'n paar maande daaruit voordeel trek, omdat hul termyn as gekontrakteerde slagters aan die einde van April 1784 verstykt het. Reeds op 2 Februarie van genoemde jaar is die bod van vier ander persone vir die vleisleweransie vir 'n periode van vyf jaar aanvaar. ¹⁰³

Vir J.G. van Reenen was sy eerste termyn as gekontrakteerde slagter van onskatbare waarde. Ten eerste het hy, ten spyte van die geringe wins wat gedurende die periode Junie 1781 - Julie 1783 gemaak is, finansieel gesproke op die been gekom. Hy kon hierna verskillende ander ekonomiese terreine betree en selfs 'n leidende rol op landboukundige, ekonomiese en

103. C. 76 Resolutiën, 2.2.1784, p. 63.

ander gebiede speel. In sy onderhandelinge met die Politieke Raad insake die vleisleweransie het hy hom ongetwyfeld bewys as 'n persoon met vermoë en veral dat hy 'n deeglike kennis van die binneland het. Kort na die beëindiging van sy eerste termyn as vleisleweransier is hy deur dié liggaam aangewys om die eerste van 'n hele reeks offisiële opdragte insake binne-landse aangeleentheide uit te voer.¹⁰⁴

104. Sien Hoofstuk VI.

HOOFSTUK IV

VLEISLEWERANSIER - TWEEDE PERIODE, 1789 - 1795

Veiling van vleisleweransie in 1789 en voorafgaande gebeurtenisse

Op 30 April 1789 sou die vyfjarige termyn waarvoor die vleisleweransie in 1784 toegeken is, verstryk. Die nuwe veiling vir dié pag sou op 2 Februarie 1789 plaasvind. J.G. van Reenen, wat op daardie stadium skynbaar welgesteld was en reeds aansien verwerf het as lid van verskeie offisiële kommissies en liggame¹ en sy jonger broer Sebastiaan Valentyn was vasbeslote om al vier dele van die vleisleweransie in te palm.

Reeds teen die einde van 1788 het hulle begin planne beraam om hul doelstelling te bereik. J.G. van Reenen, nou reeds die erkende segsman van die Van Reenenbroers, was skynbaar goed bevriend met goewerneur Van de Graaff en hy het hierdie vriendskap gebruik om sy planne deur te voer. Hy en sy broer Sebastiaan Valentyn het die goewerneur gaan spreek en meegedeel dat hulle graag al vier dele van die vleisleweransie wou bekom. Die goewerneur het hierop sy kommer uitgespreek oor die hoë pryse wat Kaapse ingesetenes vir vleis moes betaal en voorts belowe dat hy die Politieke Raadslede sou oorreed om die hele vleisleweransie aan die Van Reenenbroers toe te ken. Laasgenoemdes moes egter belowe dat hulle 'n verlaging van vleispryse vir Kaapse ingesetenes sou bewerkstellig. Hulle het sonder om te huiwer hierdie belofte gemaak.²

Goewerneur Van de Graaff het sy belofte aan die Van Reenenbroers gestand

-
1. Vergelyk Hoofstuk VI.
 2. C. 696 Verslag en Bijlagen van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius, 23.7.1792, pp. 683 - 684; C. 802 Kladbriewe en Afskrifte: Politieke Raad - Nederburgh en Frykenius, 23.8.1792, pp. 2 - 3.

gedoen. Toe die veiling van die vleispag op 2 Februarie 1789 plaasvind, was dit skynbaar slegs 'n formaliteit. Die eerste deel daarvan is op J.G., S.V. en Dirk Gysbert van Reenen toegeslaan. (Laasgenoemde se naam verskyn slegs op die kontrak - hy het nooit aan die leweransie deelgeneem nie.) Sonder dat die oorblywende drie dele opgeveil is, is besluit om dit ook aan die Van Reenenbroers toe te ken. As motivering vir hierdie besluit, wat 'n algehele afwyking was van die gebruiklike stelsel dat dit alle burgers vrystaan om mee te ding om die pag, gee die Politieke Raad volgens die Resolusies die volgende verduideliking: "En vermits gemelde aanneemers (die Van Reenenbroers) te kennen gaven dat wanneer zij de drie overige perceelen voor den Zelfde prijs er by mogten hebben zij als dan alle hunne vermogens zouden inspannen, en ook vertrouwden de zullen reus= seeren om de thans zo exorbitant hoog gesteegen prijs van het vleesch wederom eene aanzienlijke reductie te doen ondergaan, en daardoor de Smal= le gemeente merkelyk, in deeze beswaarende en niet min noodzakelyke uit= gave te soulageeren ---".³

Hoewel hierdie besluit dus skynbaar in belang van die Kaapse gemeenskap ge= neem is, was dit 'n ernstige misdryf teenoor ander voornemende leweransiers, van wie daar vele was.⁴ Veral twee van laasgenoemdes, M. Elser en J.J. Meyer, wat gedurende die voorafgaande periode vleisleweransiers was, was begryplikerwys hewig ontstoke. Aangesien hulle nie hul antagonisme jeens die Politieke Raad kon openbaar en ook niks kon doen om dié Raad te bena= deel nie, het hulle die Van Reenenbroers die skyf vir hulle aanvalle ge= maak. Hulle het ook, soos later sal blyk, steeds gepoog om planne wat

3. C. 86 Resolutiën, 1.12.1789, p. 630.

4. C. 802 Kladbriewe en Afskrifte: Politieke Raad - Nederburgh en Frykenius, 23.8.1792, p. 2.

laasgenoemdes insake die vleisleweransie gemaak het, te verydel. Hierdie besluit kan in heelwat opsigte bevraagteken word. Beide die Politieke Raad en die Van Reenenbroers moes beseef het dat die enigste wyse waarop laasgenoemdes daarin sou slaag om hul belofte aangaande die daling van vleispryse na te kom, sou wees om die veeboere minder vir hul vee te betaal. Die enigste persone wat dus skade sou ly, was die veeboere. Hierdie verontagsaming van die belange van die veeboere is, soos later herhaaldelik blyk, 'n kenmerk van die optrede van almal wat gedurende hierdie periode by die proses van vleisverskaffing betrokke was. In hierdie opsig het die Politieke Raad opvallend partydig opgetree. Dié Raad het steeds gepoog om Kaapse ingesetenes ten koste van die veeboere te bevoordeel. Maar ook die Van Reenenbroers en selfs die reedsvermelde Elser en Meyer, wat nou partikuliere slagters was, het nie geaarsel om veepryse willekeurig te wysig slegs om hul doelstellings te bereik nie.

Die maksimumpryse waarteen J.G. en S.V. van Reenen aangebied het om produkte aan die Kompanjie te lewer, was die volgende: bees- en skaapvleis - 8 duite (1 stuiwer) per pond; 'n lewendige skaap - sewe skelling; kop, harslag en afval van 'n skaap en bees onderskeidelik - 6 en 12 stuiwer; beesvel - 24 stuiwers en skaapvelle kosteloos.⁵ Die ander voorwaardes waarvolgens die pag op die veiling van 2 Februarie 1789 toegeken is, was min of meer dieselfde as met die vorige toekenning daarvan aan J.G. van Reenen in 1779.⁶

Met J.G. en S.V. van Reenen se oornome van die vleisleweransie teen die begin van Mei 1789 was die situasie insake die inkooppryse van vee en die

5. C. 675 Pacht Condiitiën, 2.2.1789, pp. 710 - 711, 715.

6. Sien Hoofstuk III.

verkooppryse van produkte soos volg: die veeboere het op 2 riksdalers per skaap, ongeveer 9 - 10 riksdalers per os en 6 - 7 riksdalers per koei aangedring (die gemiddelde prys per bees was ongeveer 8 riksdalers). Kaapse ingesetenes het 2 stuiwer en vreemde skepe 4 stuiwer per pond vir vleis betaal, terwyl lewendige skape aan vreemde skepe teen 4 riksdalers stuk gelewer is.⁷ Die pryse van die ander produkte word later behandel.

Die Van Reenenmaatskappy

Kort voor hul termyn as vleisleweransiers op 1 Mei 1789 'n aanvang sou neem, het Johannes Gysbertus en Sebastiaan Valentyn van Reenen en 'n ander broer, Jacobus Arnoldus, 'n maatskappy gestig met die doel om tot die slagtersbedryf toe te tree. Hoewel laasgenoemde broer nie een van die gekontrakteerde slagters was nie, het hy ook aan die bedrywighede van dié maatskappy meegedoen. Hy is skynbaar daarin opgeneem omdat hy reeds 'n gevestigde partikuliere slagtery besit het.

Die aanvangskapitaal van hierdie maatskappy was 27 758 riksdalers 4 stuiwers. Van hierdie bedrag is 21 745 riksdalers 6 skelling 1 stuiwer deur J.G. van Reenen gestort, terwyl S.V. en J.A. van Reenen onderskeidelik 656 riksdalers 3 skelling 4 stuiwers en 5 355 riksdalers 6 skelling 5 stuiwers tot die kapitaal bygedra het.⁸ In Oktober 1789 het Egbertus Bergh, senior Kompanjiesamptenaar, ook aandeelhouer van die Van Reenenmaatskappy geword deur 3 333 riksdalers 2 skelling 4 stuiwers daarin te belê⁹ en in

7. Gegewens aangaande verkoop- en inkooppryse uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek. Volgens interne getuienis was hierdie band die rekeningstate van die Van Reenenmaatskappy vir die periode September 1789 tot Oktober 1790. Vergelyk ook C. 86 Resolutiën, 1.12.1789, p. 630; C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten, p. 86.

8. B.R.D. 40 Vleismark Kasboek, Desember 1789, p. 29.

9. B.R.D. 40 Vleismark Kasboek, Oktober 1789, p. 6.

Desember van dieselfde jaar het J.G. van Reenen 'n verdere kapitale bydrae van 12 000 riksdalers gemaak.¹⁰ Laasgenoemde was dus verreweg die senior aandeelhouer van die maatskappy, want uit die totale kapitaal van ongeveer 43 000 riksdalers het hy meer as 33 000 riksdalers bygedra. Elke aandeelhouer sou ses persent rente op sy kapitaal ontvang en die wins of verlies sou gelykop verdeel word. Hierdie maatskappy het met verloop van tyd ook ander bedrywighede aangepak. In latere hoofstukke sal hierna verwys word.

Veranderinge in vleisleweransie sedert 1779 - 1784

(i) Kompanjie

Die vraag na vleis deur die Kompanjie het effens toegeneem in die tydperk na 1781. Hierdie toename is eerstens veroorsaak deurdat meer Nederlandse skepe by die Kaap aangedoen het - gemiddeld 46 in 1779 - 1781 teenoor 76 in 1789. Tweedens is die amptenaarkorps vergroot omdat talle arbeiders in diens geneem is om te help bou aan die vestingswerke wat goewerneur van de Graaff laat oprig het. Gedurende die twaalf maande na 1 September 1789 het J.G. van Reenen en sy broers ongeveer 2 500 lewendige skape en 1 100 000 pond vleis aan die Kompanjie verskaf.¹¹

(ii) Skepe van vreemde moondhede

In hierdie opsig het groot veranderinge sedert J.G. van Reenen se vorige termyn as gekontrakteerde slagter ingetree. Die aanvraag uit hierdie oord het grootliks afgeneem, in weerwil daarvan dat die skeepsbesoeke toegeneem het. Die enigste verklaring wat daarvoor aangevoer kan word, is dat vreemdelinge nie meer daarmee gediend was

10. B.R.D. 40 Vleismark Kasboek, Desember 1789, p. 21.

11. Statistiek verwerk uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

om sulke buitensporige pryse vir vleis - in vergelyking met die Kompanjie - te betaal nie. In hierdie verband kan veral verwys word na die verklarings van drie persone van verskillende nasionaliteite wat die Kaap gedurende die periode onder bespreking besoek het. Die Amerikaner Jacob Crowninshield, die Brit John Blankett en die Fransman Labillardiere, wat onderskeidelik in Desember 1788, November 1790 en Januarie - Februarie 1792 besoek afgelê het, het almal hul misnoeë oor die hoë vleispryse uitgespreek. Hulle het die beleid van die Kompanjie ten opsigte van die monopoliestelsel waarvolgens die leweransiers pryse willekeurig kon verhoog omdat daar geen kompetisie was nie, ten sterkste afgekeur. Labillardiere het selfs gemeld dat vreemdelinge die Kaap vermy vanweë die beperkings op die vrye lewering van Kaapse voedselware en dat hulle eerder by St. Helena aangedoen het om voedselware in te skeep.¹² Wat skynbaar wel gebeur het, is dat die skepe nog aangedoen het, maar vanweë die ontevredenheid met die hoë pryse veel minder produkte as vroeër ingeneem het.

'n Voorbeeld van die daling in die aanvraag deur hierdie skepe, is dat gedurende die periode tussen September 1789 en Augustus 1790 geen soutvleis deur die gekontrakteerde slagters aan vreemdelinge voorsien is nie, terwyl dit 'n produk is wat voorheen grootliks in aanvraag was.¹³ Hoewel daar tydens hierdie periode 106 vreemde skepe by die Kaap aangedoen het, is gemiddeld veel minder vleis as vroeër ingeskeep. Dit het soms nog gebeur

-
12. Vergelyk in hierdie verband C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten, pp. 85 - 86.
13. Sien Hoofstuk III.

dat van hierdie vaartuie groot hoeveelhede vleis van die gekontrakteerde slagters gekoop het. So byvoorbeeld het die Franse en Britse skepe La driade en Guardian, wat die Kaap gedurende die eerste helfte van 1790 besoek het, onderskeidelik 13 140 en 8 736 pond vleis ingeneem. Hierdie gevalle was egter uitsonderings. Talle vreemde skepe het slegs vir nietige bedrae van J.G. en S.V. van Reenen vleis gekoop. As voorbeelde hiervan kan verwys word na die Franse en Amerikaanse vaartuie, le St.Ives en Harmony, wat onderskeidelik slegs 7 riksdalers 7 skelling 2 stuiwer en 28 riksdalers 4 stuiwer aan vleis bestee het. Gedurende die jaar eindigende op 31 Augustus 1790 het die Van Reenenbroers slegs 223 000 pond vleis (120 000 pond vleis en 2 450 lewendige skape) aan vreemde skepe gelewer, dus gemiddeld ongeveer 2 100 pond per skip.¹⁴ Die rede vir hierdie afname (in vergelyking met die vorige periode) was onteenseglik die ontevredenheid van die besoekers met die hoë pryse wat hulle moes betaal.

(iii) Partikuliere

Die toestand in hierdie verband het radikaal verander sedert J.G. van Reenen se eerste termyn as vleisleweransier. Die gekontrakteerde slagters het as gevolg van die hoë aanvraag deur vreemde skepe gedurende laasgenoemde tydperk, nie veel aandag aan plaaslike verkope geskenk nie. Die daling in die aanvraag van vreemde vaartuie teen 1789 het J.G. en S.V. van Reenen genoodsaak om die lokale mark te betree. Die belofte aan die Politieke Raad om die prys van vleis vir partikuliere te verminder, het hulle trouens verplig om privaatslaghuise te open. Dit wil selfs voorkom of hulle daarna

14. Hoeveelhede en bedrae uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

gestreef het om ook hierdie mark te monopoliseer. ¹⁵

Omdat die bevolking van Kaapstad redelik vinnig gegroei het, het hierdie mark steeds belangriker geword. Vanaf 1783 tot 1793 het die totale bevolking (burgers en slawe) van die Kaapse distrik toegeneem van 9 025 tot 11 341 en in 1795 reeds op 14 006 te staan gekom. ¹⁶ By hierdie getalle moet nog ongeveer 1 000 Kompanjies= amptenare wat nie deur die gekontrakteerde slagters van vleis voorsien is nie en 'n onbekende getal vry gekleurdes gevoeg word. Aangesien vleis "sulk een onontbeerlijk voedsel voor een ieder der ingeseetenen --- als het brood" ¹⁷ was, was hierdie mark nie te versmaai nie. Gedurende die periode September 1789 - Augustus 1790 het die drie Van Reenenbroers reeds 700 beeste en ongeveer 25 000 skape vir hul privaatslaghuise geslag en hierbenewens 400 beeste en 5 700 skape aan partikuliere verkoop. ¹⁸ Dit is merkwaardig dat hierdie getalle so hoog was, veral as die feit besien word dat J.G. en S.V. van Reenen se partikuliere slaghuise gedurende die eerste maande van hierdie tydperk nog nie goed op dreef was nie.

Verlaging van vleis= en veepryse

Die eerste saak waaraan die Van Reenenbroers aandag moes skenk nā hul oorname van die leweransie, was die belofte aan die Politieke Raad aangaande

15. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 232.

16. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 347 - 349.

17. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek, 22.12.1789, p. 44.

18. Getalle uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

die verlaging van vleispryse aan partikuliere.¹⁹ Die probleem was egter dat slegs ongeveer 10 stuiwer wins per skaap in die partikuliere slaghuise geslag, behaal is, soos uit die volgende blyk:

Uitgawe

Kosprys van skaap	16 skelling
Bedryfskoste 15%	2 skelling 2 stuiwer
Totale uitgawe	18 skelling 2 stuiwer

Inkomste

42 pond vleis teen 2 stuiwer per pond	14 skelling
Vet	3 skelling 2 stuiwer
Afval	1 skelling 4 stuiwer
Vel	5 stuiwer
Totale inkomste	19 skelling 5 stuiwer
Wins per skaap	1 skelling 3 stuiwer

Enige verlaging van vleispryse sou dus meebring dat 'n verlies gely word.

Om aan hierdie dilemma te ontkom, het die Van Reenenbroers hul knegte, wat die vee in die binneland moes inkoop, opdrag gegee om die veeboere slegs 12 skelling per skaap aan te bied. Die knegte is selfs 'n bonus van 100 Ducatons (150 riksdalers) aangebied indien hulle daarin sou slaag om skape teen hierdie prys te bekom.²⁰ Voorts het die Van Reenenbroers die prys van vleis in hul privaatslaghuise na 1½ stuiwer per pond verlaag.²¹

19. Soos afgelei kan word uit die getalle vee wat in privaatslaghuise geslag is, was dit veral skaapvleis wat vir die plaaslike mark van belang was.

20. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 219.

21. C. 689 Brieven van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius, 23.7.1792, p. 269; C. 86 Resolutiën, 1.12.1789, p. 630; Vergelyk pryse in B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

Ofskoon dit onrealisties voorkom dat vleispryse verlaag is voordat daar sekerheid was of die knegte wel hul opdrag sou uitvoer, is dit nie sonder goeie rede gedoen nie. Die Van Reenenbroers het gehoop dat hulle met dié prysverlaging die klandisie van die ander partikuliere slagters sou lok.²² Indien hulle dus op hierdie wyse daarin kon slaag om laasgenoemdes uit te skakel en die hele vleishandel te monopoliseer, sou die verlaging van veepryse onvermydelik volg.

Die sukses of mislukking van hierdie skema het uiteraard daarvan afgehang of die knegte daarin sou slaag om die veeboere te oorreed om hul skape vir 12 skelling stuk te verkoop. In hierdie aangeleentheid het J.G. en S.V. van Reenen nie rekening gehou met hul opposisie, die reedsvermelde M. Elser en J.J. Meyer nie. Toe laasgenoemdes en twee ander persone, A. van Wielingh en J.J. Stadler, wat ook partikuliere slaghuise besit het, van hierdie plan verneem, het hulle dadelik 'n geleentheid gesien om die Van Reenenbroers in die wiele te ry. Elser en sy vriende het hulle knegte beveel om geen skape en beeste vir minder as onderskeidelik 16 skelling en 10 riksdalers stuk te koop nie. Voorts het hulle ook die opdrag gegee dat die knegte soveel vee moes koop as wat hulle kon bekom - selfs meer as wat hul werkgewers vir hul partikuliere slagterye benodig het.²³ Dit is voor die hand liggend dat Elser en sy vriende vanweë hierdie opdragte verliese sou ly. Hulle was genoodsaak om vleispryse te verlaag omdat die Van Reenenbroers dit reeds gedoen het en dit terwyl hulle hoë pryse vir vee moes betaal. Hulle was skynbaar bereid om geld te verloor solank hulle net die Van Reenenbroers se planne kon fnuik en hulle in finansiële ver-

22. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 232.

23. C. 86 Resolutiën, 1.12.1789, pp. 624 - 625; C. 93 Resolutiën, 16.9.1791, p. 381.

teentheid bring.

Die opdrag van Elser en sy vriende aan hul knegte is begryplikerwyse dan ook maklik uitgevoer en het vanselfsprekend katastrofiese gevolge vir die Van Reenenbroers meegebring. Laasgenoemdes se knegte kon, op enkele uitsonderings ná, nie daarin slaag om skape teen 12 skelling stuk te bekom nie. Trouens, die gemiddelde prys waarvoor hulle gedurende die laaste drie maande van 1789 en die eerste helfte van 1790 skape gekoop het, was ongeveer 14 skelling stuk.²⁴

J.G. en S.V. van Reenen het hulle op 1 Desember 1789 tot die Politieke Raad gewend om beswaar te maak teen die taktiek van die partikuliere slagters.²⁵ Dié Raad het drie weke later ordonneer dat hierdie slagters nie meer vee as wat hulle benodig het, mag koop nie en dat hulle " --- verpligt zullen sijn, het vee, tot welkers inkoop hun vrij blijft, denzelve knegts in't land rond zenden, ten minste prijse te doen bedingen, en geentzints de buitelieden als't waare meer daarvoor op te dringen dan zij zelve komen te vragen".²⁶ Vir die Van Reenenbroers was die koeël egter deur die kerk. Die veeboere sou in die nabye toekoms nie maklik tot laer pryse instem nie.

In hierdie weiering van die veeboere van Graaff-Reinet, waarvandaan verreweg die meeste skape gekom het, om hul vee goedkoper te verkoop, is hulle ook nog deur niemand anders as hul landdros, M.H.O. Woeke, gerugsteun nie. Laasgenoemde het die Graaff-Reineters aangemoedig om op hoër pryse vir hul vee aan te dring. Die omstrede Woeke, wat bekend was vir sy kwaai humeur en uitgesprokenheid, het ook in die openbaar neerhalende aanmerkings aan-

24. Bedrae uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

25. Resolusiën, 1.12.1789, pp. 619 - 637.

26. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek IV, 22.12.1789, pp. 46 - 47.

gaande die Van Reenenbroers gebesig. Hy het selfs so ver gegaan om te beweer dat laasgenoemdes "deur het Vee op eene lage prys tragende te bringen Land bedervers waaren".²⁷ Uit die oogpunt van sy distriksgenote was hierdie sienswyse heeltemal geregverdig. Dit het hom egter die ergernis van die Politieke Raad op die hals gehaal. Dié Raad het die saak in 1791, toe dit rugbaar geword het, vir ondersoek na die waarnemende independente fijskaal, J.P. de Neijs, verwys.²⁸ Weens onbekende redes het laasgenoemde skynbaar nie sy opdrag uitgevoer nie. Op 23 Desember 1792 het die kommissarisse generaal Nederburgh en Frykenius tereg die Politieke Raad aanspreek omdat hierdie saak nie verder gevoer is nie.²⁹

'n Aangeleentheid wat blykbaar regstreeks verband hou met die vete tussen die Van Reenenbroers en Woeke, is die aanwysing van J.G. van Reenen se swaer, H.C.D. Maynier, as Woeke se assistent op Graaff-Reinet. Hoewel dokumentêre bewyse ontbreek dat die Van Reenenbroers 'n aanbeveling in hierdie verband gemaak het, dui omstandigheidsgetuïenis daarop dat dit wel die geval was. Daar kon nog nooit 'n afdoende verklaring gevind word waarom die Politieke Raad 'n onbekende en junior amptenaar, sonder enige ondervinding of kennis van binnelandse toestande in hierdie posisie aangestel het nie. In die lig van Woeke se optrede teenoor die Van Reenenbroers, is dit te begrype dat hulle 'n persoon in sy kantoor wou hê om hulle op die hoogte te hou van sy optrede en om oor hulle belange te waak. 'n Amptenaar wat hulle goedgesind was en boonop 'n familielid was die mees geskikte keuse. Dit was voorts skynbaar geen toeval dat 'n familielid van J.G. van Reenen

27. C. 289 Requesten en Nominatiën, 7.9.1791, p. 182.

28. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 241.

29. C. 696 Verslag en Bijlagen Nederburgh en Frykenius, 23.12.1792, p. 697.

in die Graaff-Reinetse landdroskantoor aangestel is, juis op die tydstip toe Woeke sy aantygings teen die Van Reenenbroers gemaak en hul belange benadeel het nie. Daar kon slegs een bewys opgespoor word dat daar onderhandelinge tussen laasgenoemdes en Maynier was. Toe hy in 1793, nā Woeke se ontslag, as permanente landdros aangestel is, moes twee persone hom borg om die Kompanjie teen vervalsing van openbare fondse te vrywaar. Daar was klaarblyklik meer as blote familiebande op die spel toe Johannes Gysbertus en Jacobus Arnoldus van Reenen vir hom in hierdie verband ingestaan het.³⁰

Die optrede van Elser en sy vriende en die opsweping van die veeboere deur Woeke het veroorsaak dat die Van Reenenbroers se plan insake die verlaging van veepryse misluk het. Trouens, hierdie pryse het gedurende die periode 1789 - einde 1791 eerder gestyg as gedaal. Soos aangetoon, was die prys van skape gemiddeld 14 skelling stuk in 1789 - 90, terwyl dit teen 1791 reeds 16 skelling en meer beloop het.³¹ Vanweë die mislukking van hul plan en die styging van veepryse was die Van Reenenbroers genoodsaak om teen Februarie 1790 die prys van vleis vir partikuliere weer na 2 stuiwers per pond te verhoog.³²

Winste behaal en verliese gely

Om aan te toon watter winste behaal en verliese gely is op die produkte wat aan die verskillende instansies verkoop is, moet die totale koste verbonde

-
30. C.J. 1240 Siviele Prosesstukke, 24.3.1796, p. 27. Die kontrak is op 3.4.1793 gesluit.
31. C. 289 Requesten en Nominatiën, 7.9.1791, p. 180; V.C. 68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris Sluysken, 30.12.1793, p. 664.
32. C. 696 Verslag en Bijlagen Nederburgh en Frykenius, 23.7.1792, p. 686; Vergelyk ook pryse in B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

aan die inkoop van vee in berekening gebring word. Die inkoopprys per skaap en bees was onderskeidelik 14 skelling en 8 riksdalers stuk. Indien 15% bedryfskoste hierby gevoeg word beloop die totale uitgawe 16 skelling ten opsigte van eersgenoemde en 9 riksdalers 1 skelling ten opsigte van laasgenoemde.

Vervolgens het die wins of verlies op produkte wat aan die Kompanjie verskaf is, afgehang van die inkomste per geslagte skaap en bees. Die volgende statistieke spreek vanself in hierdie verband.

Skaap:

Verkoopprys van 42 pond vleis teen 1 stuiwer per pond	7 skelling
Inkomste uit vet (20 stuiwer) vel (5 stuiwer) en afval (6 stuiwer)	5 skelling 1 stuiwer
Totale Inkomste	12 skelling 1 stuiwer
Verlies	4 skelling 3 stuiwer

Bees:

Verkoopprys van 300 pond vleis teen 1 stuiwer per pond	50 skelling
Inkomste uit vel (1 riksdaler) en afval (12 stuiwers)	10 skelling
Totale Inkomste	60 skelling
Verlies	13 skelling

33

33. Getalle, hoeveelhede en pryse in hierdie berekeninge uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek; Vergelyk ook hoofstuk III en C. 93 Resolusiën, 7.9.1791, p. 213.

In hierdie verband is daar enkele aspekte waarna verwys moet word. Hoewel die Van Reenenbroers volgens die pagvoorwaardes skaapvelle kosteloos aan die Kompanjie moes verskaf en beesvelle teen 24 stuivers stuk, was die aanvraag uit hierdie oord baie laag. Die meeste velle is in Kaapstad aan die looiers verkoop teen vyf stuivers per skaap= en 1 riksdaler 1 skelling per beesvel. Om voorsiening te maak vir die beesvelle wat wel deur die Kompanjie teen die laer prys gekoop is, is in hierdie berekening staat gemaak op 'n gemiddelde prys van 1 riksdaler per vel. In die geval van skaapvelle is hierdie aanpassing nie nodig nie omdat slegs 4% van die totale getal skaapvelle aan die Kompanjie verskaf is.

'n Verdere aangeleentheid wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die verskaffing van beesvleis aan die Kompanjie. Geen beesvleis is tydens J.G. van Reenen se vorige termyn voorsien nie. Die situasie in hierdie verband het na 1789 drasties verander. Ongeveer 60% van die vleis wat J.G. en S.V. van Reenen hierna aan die Kompanjie verskaf het, was beesvleis. Hierdie verandering het skynbaar eerstens vanweë die daling in die aanvraag na soutvleis ingetree. 'n Verdere faktor wat 'n rol gespeel het, was dat die prys van botter nie in verhouding gestyg het tot die prys van slagbeeste nie. Die styging in die geval van laasgenoemde was ongeveer 2 riksdalers stuk, terwyl die prys van botter nog steeds, soos in 1782, ongeveer 9 stuivers per pond beloop het.³⁴

Die Kompanjie het ongeveer 440 000 pond skaap en 660 000 pond beesvleis per jaar benodig. Vir die voorsiening hiervan is by benadering 10 500 skape en 2 200 beeste geslag. Na aanleiding van voorgaande berekening is hierop 'n verlies van ongeveer 9 500 riksdalers gely. Op die 2 500 lewendige

34. C. 767 Casteel Goede Hoop Cassa Rekeningen, Mei 1789, p. 397.

skape wat aan die Kompanjie voorsien is teen 7 skelling stuk, was daar 'n verdere verlies van 2 400 riksdalers. Die totale verlies gelyk op produkte wat aan die Kompanjie verskaf is, het dus ongeveer 12 000 riksdalers beloop gedurende die periode vanaf September 1789 tot Augustus 1790.

Aan partikuliere is vleis gedurende die eerste vyf maande van hierdie periode teen $1\frac{1}{2}$ stuiwers per pond en daarna teen 2 stuiwers per pond verkoop. In die privaatslaghuise is 'n skaap- en beesafval onderskeidelik vir 10 en 20 stuiwers verkoop. Volgens hierdie pryse het die Van Reenenbroers dus gedurende die eerste vyf maande van hierdie tydperk slegs 'n wins van ongeveer 3 stuiwer gemaak ten opsigte van elke skaap en 22 skelling ten opsigte van elke bees wat in hul partikuliere slaghuise geslag is. Na die verhoging van vleispryse in Februarie 1790 was die wins ongeveer 4 skelling in eersgenoemde en 30 skelling in laasgenoemde geval. Die totale wins uit plaaslike verkope, dit wil sê 25 000 skape en 700 beeste wat in dié slaghuise geslag en 5 700 skape en 400 beeste wat uit die hand verkoop is, het by benadering 9 000 riksdalers beloop.

Vervolgens moet die wins bereken word wat behaal is ten opsigte van die lewering van produkte aan vreemdelinge. Vir die verskaffing van 120 000 pond vleis is 400 beeste geslag. Volgens voorgaande berekenings, maar in hierdie geval teen 4 stuiwers per pond vir vleis, is 'n wins van ongeveer 18 riksdalers per bees behaal. Die 2 450 lewendige skape is gelewer teen 'n wins van 2 riksdalers per skaap. Die totale wins op produkte aan vreemde skape verskaf, het dus ongeveer 12 000 riksdalers bedra.

Uit voorgaande berekeninge kan afgelei word dat die vleisleweransie nog steeds so funksioneer het dat die gekontrakteerde slagters vleis spotgoedkoop aan die Kompanjie verskaf het en dan die verliese verhaal het uit

die groot winste op verkope aan vreemdelinge. In hierdie verband is dit begryplik dat vreemdelinge ontevrede was. Gedurende die onderhawige periode het die Kompanjie vir 1 100 000 pond vleis en 2 500 lewendige skape ongeveer 25 000 riksdalers betaal,³⁵ terwyl vreemdelinge vir slegs 120 000 pond vleis en 2 450 lewendige skape by benadering 15 000 riksdalers aan die gekontrakteerde slagters moes oorhandig.

J.G. en S.V. van Reenen moes rekening hou met 'n netelige situasie wat kon ontstaan: slegs 'n geringe afname in die getal vreemde skepe wat die Kaap besoek, kon meebring dat die verliese uit verkope aan die Kompanjie, die wins op verkope aan hierdie skepe oortref. Om hul wins te verseker en hulself te vrywaar teen moontlike verliese, was hulle aangewese op die lokale mark. Gevolglik het hulle gepoog om ook hierdie mark te monopoliseer. Hoewel geen opspraakwekkende wins uit plaaslike verkope behaal is nie, was hierdie mark veel minder onderhewig aan veranderinge en die afset redelik hoog.

'n Verdere aflesing wat gemaak kan word, veral as gelet word op die groot risiko wat aan die vleisleweransie verbonde was, is dat die totale wins van ongeveer 9 000 riksdalers per jaar nie besonder hoog was nie.

Eerstens moet die nadelige gevolge besien word wat 'n daling van die getal besoeke van vreemde skepe kon meebring. 'n Ander faktor wat in hierdie verband 'n rol gespeel het, was die ongestadige binnelandse toestande.

Die groot troppe vee - elke trop het gewoonlik uit ongeveer 3 000 skape en 250 beeste bestaan³⁶ - wat slegs deur 'n Blanke kneg en 4 of 5 slawe of

35. Vergelyk in hierdie verband uitbetalings aan die gekontrakteerde slagters in C. 767 Casteel Goede Hoop Cassa Rekeningen, 1789 - 1790.

36. Getalle uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

ander Nie-blanke huurlinge vanaf die verafgeleë dele na die Kaap aangejaag moes word, was steeds aan aanvalle van inboorlinge blootgestel. Dit was veral die Boesman, wat in hierdie tydperk baie bedrywig was, wat bedreiging ingehou het. Gedurende die vroeë negentigerjare het dit dikwels gebeur dat slagtersknegte en hul helpers deur Boesmans oorrompel en van vee beroof is.³⁷

Betekenis van die Groenkloofplase

Na aanleiding van die voorgaande tree die vraag onvermydelik na vore waarom die Van Reenenbroers so gretig was om die vleisleweransie te bekom en waarom veral J.G. van Reenen so 'n groot som geld daarin belê het. Egbertus Bergh, wat 'n aandeelhouer van die Van Reenenmaatskappy was³⁸ en dus intieme kennis van die bedrywigheide van dié maatskappy gehad het, verduidelik in hierdie verband: "Om liefhebbers te vinden tot zulk een moeilik en gecompliceerde onderneming (die vleisleweransie) in een land alwaar wegens ontstentenis van markten den inkoop en zamenbrenging van het benodigde slagtvêe verzeld gaat van dien omslag en dat gevaar, waarvan hiervoren is gewaagd (die transporterung daarvan vanaf die binneland) had men ter dispositie van den aanneemer gesteld een uitgestrekt veldbestek zijnde de beste weide in de nabijheid van de Kaap, gelegen op een anderhalf dag reizens van de stad".³⁹

Hierdie "uitgestrekt veldbestek" was die nege-en-dertig Groenkloofplase van ongeveer 3 000 morges elk, wat volgens die vleispagvoorwaardes van

37. C. 200 Bijlagen tot de Resolutiën, 24.7.1792, pp. 227 - 231; C. 208 Bijlagen tot de Resolutiën, 12.3.1793, pp. 29 - 31.

38. Vergelyk p. 80.

39. G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten III, p. 82.

2 Februarie 1789 aan die Van Reenenbroers toegeken is.⁴⁰ Gedurende die laat tagtiger- en vroeë negentigerjare het laasgenoemdes hulle op groot skaal op verskillende vertakkinge van die landbou toegelê en omdat landbougrond in die nabyheid van die Kaap reeds skaars en duur was, was hierdie plase uiters waardevol. Insake die waarde van dié plase beweer E. Bergh dat die persone wat dit beset het, in staat gestel is om "zich te kunnen toeleggen op het aanhouden van stoeterijen uit honderden van paarden, van driften uit honderden tot de melkerij en kaasmakerij bestemde koeijen, van kudden uit duizenden wollige schaapen bestaande gelijk het geval was met de laatste aannemers ---".⁴¹ Bergh skets hier die bedrywighede van die Van Reenenbroers en hoewel hy moontlik ietwat oordryf, veral ten opsigte van die aanhou van duisende wolksape, onderstreep sy verklaring die waarde van hierdie plase. Wat hy nalaat om te meld, is dat die Van Reenenbroers ook op groot skaal op dié plase gesaai het.⁴²

'n Verdere aanduiding van die waarde van die Groenkloofplase is dat die Kompanjiespos, Ganzekraal, geleë in dieselfde omgewing as dié plase in 1792 vir 42 500 gulden⁴³ en in 1794 vir 102 500 gulden⁴⁴ van die hand gesit is. S.V. en J.A. van Reenen, wat na die ontbinding van die Van Reenenmaatskappy in 1794, die helfte van die vleisleweransie behartig het en ook die helfte van dié plase benut het, verstrekk in 'n skrywe aan die Britse owerheid in September 1795 meer besonderhede aangaande die waarde daarvan.⁴⁵ Hulle meld dat hulle 'n verlies van meer dan 80 000 gulden sou

40. C. 675 Pacht Condiitiën, 2.2.1789, pp. 706 - 708.

41. G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten III, p. 82.

42. C.J. 894 Regsrolle en Notule - Siviël, 12.2.1795, p. 299.

43. C. 324 Memoriën en Rapporten, 15.4.1791, p. 217.

44. C.J. 1243 Siviele Prosesstukke, 18.11.1794, p. 209.

45. B.O. 33 Miscellaneous Documents (Memorials), 25.9.1795, pp. 823 - 826.

ly vanweë die intrekking van hierdie plase deur die Britte vir die oorblywende 3 jaar en 8 maande (van September 1795 tot April 1799) van hul onverstreke termyn as gekontrakteerde slagters. Hierdie intrekking het geskied omdat die Britte die monopolistiese beleid opgehef het. Uit voorgaande spreek dit dus duidelik dat die benutting van die Groenkloofplase groot bykomende voordele aan die vleisleweransie verleen het.

Die vleisleweransie na 1790

(i) Vreemde skepe en die Kompanjie

Tussen 1790 en 1792 het daar weinig veranderinge voorgekom in die getal besoeke van skepe van vreemde moondhede - 101 in 1790, 119 in 1791 en 94 in 1792.⁴⁶ Hoewel gewens ontbreek aangaande die hoeveelhede vleis aan hierdie vaartuie gelewer, het dit skynbaar gebly soos tydens die Van Reenenbroers se eerste jaar as gekontrakteerde slagters. Die wins behaal op hierdie produkte het egter aanvanklik - tot ongeveer einde 1791 - gedaal vanweë die styging in die inkoopprys van skape. In 1793 en veral 1794 het die situasie ontstaan waarop die Van Reenenbroers reeds vroeër bedag was - veel minder vreemde skepe het in die Kaapse hawens anker laat sak. Die getalle vir hierdie jare het onderskeidelik 74 en na genoeg 49 beloop.⁴⁷ Die Van Reenenbroers is egter onverwags bevoordeel deur nuwe wendings in die Kaapse finansiële opset. Ten eerste het veepryse gedaal.⁴⁸ Tweedens was daar ook 'n daling in die vraag na vleis deur die Kompanjie.

46. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 335.

47. C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten, p. 89.

48. Sien p. 112.

In 1790 was die Here XVII genoodsaak om, vanweë die swak finansiële posisie van die V.O.C. uitgawes drasties te besnoei. Die Kaapse owerhede is eerstens gelas om die Kompanjieslawe van ongeveer 750 na 450 te verminder. Verder moes 'n aantal amptenare, die groot getal arbeiders aan die fortifikasies en die hulptroepe van die regiment Württemberg na Batavia gestuur word.⁴⁹ Aangesien die gekontrakteerde slagters op rekening van die Kompanjie vleis aan die slawe, die regiment Württemberg en die meeste van hierdie amptenare voorsien het, was daar vanaf die begin van 1791 'n aansienlike daling in die aanvraag van die Kompanjie. Waar hierdie aanvraag in 1789 - 90, jaarliks 1 100 000 pond vleis en 2 500 lewendige skape beloop het, het dit tot 680 000 pond vleis en 2 200 skape gedaal vir die twaalf maande ná 1 September 1792.⁵⁰ Teen 1794 - 95 was daar nog 'n verdere daling. Gedurende die agtien maande eindigende in September 1795 het J.G. en S.V. van Reenen slegs 793 087 pond vleis en 1 706 lewendige skape aan die Kompanjie verskaf.⁵¹ Op 'n jaarlikse basis bereken, kom dit neer op 530 000 pond vleis en 1 140 lewendige skape.

(ii) Partikuliere

Met betrekking tot die afset en pryse van vleis en vee vir Kaapse ingesetenes het die periode 1790 - 1792 weinig veranderinge meegebring. Die Van Reenenbroers het daarin geslaag om hierdie mark bykans te monopoliseer. Vroeër was daar altyd, benewens die gekontrakteerde slagters wat ook vleis aan Kaapse ingesetenes verkoop

49. G.M. Theal: History of South Africa before 1795 IV, p. 250.

50. Getalle uit C. 759 Journaal van de Negotie 1792 - 1793.

51. C.J. 1258 Siviele Prosesstukke, ongedateerd p. 128.

het, ses en somtyds selfs meer partikuliere slagterye. Slegs twee ander persone het ná 1790 hierdie bedryf beoefen.⁵²

Die Politieke Raad was ongetwyfeld nie baie ingenome met die Van Reenenbroers se besluit van Februarie 1790 om vleispryse weer te verhoog nie. Dié Raad het egter agtien maande lank die stilsweye in hierdie verband bewaar. Die rede hiervoor is onverklaarbaar, maar dit is moontlik dat goewerneur Van de Graaff uit hoofde van sy vriendskap met J.G. van Reenen, die Politieke Raad daarvan weerhou het om in te gryp of pogings aan te wend om laasgenoemde en sy broer hul belofte gestand te laat doen. Op 13 Julie 1791, slegs 19 dae na Van de Graaff se vertrek na Nederland, het dié Raad besluit om wel op te tree. Die "Commissarissen uit den Raade van Justisie" is afgevaardig om "ten spoedigsten" maatreëls aan die hand te doen om "de prijs van 't vleesch wederom te brengen tot den behoorlijke en min drukkende Prys".⁵³ Hierdie kommissarisse was die ses burgerrade en 'n gelyke getal senior Kompanjiesamptenare, onder andere, J.P. de Neijs, waarnemende independente fiskaal, W.F. van Reede van Oudtshoorn en J.F. Kirsten. Die aanwysing van al hierdie senior persone op dié kommissie toon dat die Politieke Raad die hoë vleispryse in 'n baie ernstige lig beskou het.

Die kommissie het dadelik aan die werk gespring en 'n onderhoud met die Van Reenenbroers gevoer. Hulle is beveel om toe te sien dat vleispryse daal. J.G. van Reenen, steeds die spreekbuis van sy familie, het die kommissarisse meegedeel dat dit onder die destydse omstandighede geheel en al onmoontlik was om die opdrag uit te voer.

52. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 231.

53. C. 92 Resolutiën, 13.7.1791, p. 329.

Hy het verduidelik hoe die optrede van Elser en Woeke sy plan om vleispryse te laat daal, gedwarsboom het. Voorts het hy aangevoer dat toestande in die binneland vanweë die aanvalle van die Boesmans so chaoties was dat die veeboere nie op normale wyse met hul boerderybedrywighede kon voortgaan nie. Dié aanvalle het ook veroorsaak dat meer as eenhonderd plase in die Nieuweveld, Koup, Sneeuberg en Tarka onbewoond gelê het. Hierdie ongestadige toestand het tot gevolg gehad, eerstens, 'n drastiese afname in die getal vee wat vir die mark beskikbaar was, en tweedens dat dié wat die slagters wel kon bekom in 'n uiters swak kondisie was. Hy het vervolgens beweer dat nie net die veeboer nie, maar ook die slagters deur hierdie ongestadige toestande nadelig getref is. Die groot veetroppe wat Kaapwaarts aangejaag moes word, was gedurig blootgestel aan aanvalle van Boesmans en teen die einde van 1790 is 1 200 hamels van hom tydens so 'n aanval weggevoer. Die risiko verbonde aan die transporterings van die vee was dus veel groter as voorheen en die slagters moes die getal knegte en slawe wat die vee aanjaag, verdubbel. Hy het die kommissie meegedeel dat al hierdie faktore veroorsaak het dat dit onmoontlik was om vleispryse te verlaag.⁵⁴ Hierdie redes blyk grootliks gegrond te wees. 'n Enkele faktor kan tot 'n mate bevraagteken word, naamlik dat die chaotiese binnelandse toestande hoë veepryse meegebring het. Later het hierdie toestande net die teenoorgestelde uitwerking gehad.⁵⁵ J.G. van Reenen verdien egter die voordeel van die twyfel omdat veepryse op daardie stadium (Augustus 1791) nog hoog was.

54. C. 93 Resolusiën, 28.8.1791, pp. 159 - 172.

55. Sien p. 112.

J.G. van Reenen het ook 'n skrifstuk by die kommissarisse ingehandig waarin hy voorstelle maak "hoe het mogelijk zoude zijn, de Rovende en stroopende Bosjemans te verdrijven en de Ingeseetenen der Colonie Graaf Rijnnet te beschermen en bevijligen en om langs dien weg de vee Fokkerij niet alleen aan te moedigen maar ook binnen weinige Jaaren 't vee in't algemeen op Eene Civiele en modique prijs te brengen, ---".⁵⁶ Hierdie voorstel wat heel prakties en uitvoerbaar voorkom, kom kortliks daarop neer dat die Politieke Raad die helfte van die rekognisiegede wat die Graaff-Reinetse boere vir hul leningsplase betaal het, moes gebruik om 'n permanente, goedgeorganiseerde mag op die been te bring om die Boesmangevaar die hoof te bied.⁵⁷

Die kommissarisse het vervolgens M. Elser en J.J. Meyer, die enigste twee partikuliere slagters, en drie ander persone wat ook daarin belanggestel het om die slagtersbedryf te beoefen, ontbied. Hulle het die kommissie meegedeel dat hulle gewillig was om beesvleis teen 5 pond per skelling en skaapvleis teen 1½ stuiwer per pond aan partikuliere te verkoop, indien alle partikuliere slagters (ook die Van Reenenbroers) 'n kontrak met die Kompanjie sou sluit om vir vier jaar hierdie pryse te handhaaf.⁵⁸ Volgens heersende inkooppryse van vee, veral skape, en die verhoogde bedryfskoste sou hierdie voorstel finansiële selfmoord vir die partikuliere slagters beteken het. Die klaarblyklike motief vir dië voorstel was om die Van Reenenbroers in 'n ongunstige lig by die Politieke Raad voor te stel. Hulle het

56. C. 93 Resolutiën, 28.8.1791, p. 158.

57. Vir meer besonderhede aangaande hierdie voorstel sien Hoofstuk VI.

58. C. 93 Resolutiën, 28.8.1791, pp. 154 - 155.

besef dat laasgenoemdes nooit tot so 'n voorstel sou instem nie. Die blaam vir die hoë vleispryse kon dan op die Van Reenenbroers geplaas word. Die kommissarisse met die uitsondering van W.F. van Reede van Oudtshoorn,⁵⁹ het skynbaar nie die werklike motief agter hierdie voorstel raakgesien nie.

Op 28 Augustus 1791 het die kommissarisse die voorstelle van J.G. van Reenen en dié van M. Elser en sy vriende by die Politieke Raad ingedien. Hoewel dié Raad besef het dat die ongestadige binnelandse toestande bygedra het tot die hoë veepryse, is verklaar dat "deezee Raade vermeend niet te kunnen treden in de propositie door hem (J.G. van Reenen) gedaan om de besittingen van de verafgeleegene opgesee= tenen in de Colonie GraaFREINET langs de voorgestelde Middelen tot nog meer lasten van de Compagnie te beskermen en te beveiligen --- alsoo de executie van dat plan de weinige Inkomsten die de Edele Comp.e van deezee Colonie trekte nog zou verminderen ---".⁶⁰ Hier= die kommentaar is begryplik, gesien in die lig van die benarde fi= nansiële posisie van die V.O.C. Dit bevestig egter die geldigheid van die aantyging wat so dikwels gemaak is, naamlik dat die Politieke Raad slegs die belange van die V.O.C. bevorder het en min aandag aan die vraagstukke van die ingesetenes, veral dié van die binneland, geskenk het. Na aanleiding hiervan kan die vraag ook gestel word of dié Raad iets anders as geregverdigde ontevredenheid van die koloniste kon verwag - ontevredenheid wat vier jaar later daartoe sou lei dat die Graaff-Reinettters en Swellendamers die gesag van die Kompanjie afgeskud het.

59. C. 93 Resolutiën, 16.9.1791, pp. 378 - 387.

60. C. 93 Resolutiën, 28.8.1791, p. 181.

Die Politieke Raad het die maklikste uitweg gekies deur Elser se voorstel goed te keur.⁶¹ Die kommissarisse is beveel om nogeens pogings aan te wend om die Van Reenenbroers te oorreed om dié voorstel te aanvaar. Dié Raad het voorts besluit om, indien laasgenoemdes sou volhard in hul weiering, hulle die reg te ontsê om vleis aan partikuliere te verkoop.

Hierna het 'n hewige stryd tussen die Van Reenenbroers aan die een kant, in 'n mate gesteun deur W.F. van Reede van Oudtshoorn, en die Politieke Raad en die kommissarisse aan die ander kant, gevolg. Enersyds kom hierdie stryd, waarvan die verslae, korrespondensie en besprekings tientalle bladsye van die resolusies van die Politieke Raad vul, neer op dreigemente van eersgenoemdes, wat hulle beroep op die regte wat die gekontrakteerde slagters vanaf die begin van die agtiende eeu gehad het om vleis aan partikuliere te verkoop. Andersyds het laasgenoemdes beweer dat hierdie regte nooit in die pagvoorwaardes beskryf en gevolglik nie wettig was nie. Verder is beskuldigings oor en weer tussen hierdie groepe geslinger insake skuld aan die hoë vleispryse, terwyl talle ander nietige twispunte aangaande die vleisleweransie geopper is.⁶²

In weerwil van die besware van die Van Reenenbroers, en aanbevelings ten gunste van hul regte deur W.F. van Reede van Oudtshoorn, het die Politieke Raad op 16 September 1791 die kommissarisse beveel om die kontrak, soos voorgestel deur Elser, met diegene aan te gaan

61. C. 93 Resolusiën, 28.8.1791, p. 175.

62. C. 93 Resolusiën, 7.9.1791, pp. 205 - 242; C. 93 Resolusiën, 16.9.1791, pp. 367 - 387; C. 289 Requesten en Nominatiën, 7.9.1791, pp. 174 - 185.

wat bereid sou wees om dit te onderteken. Daar is ook gedreig dat indien die Van Reenenbroers volhard in hul weiering om die kontrak te sluit, hulle slegs toegelaat sou word om tot die einde van 1791 vleis aan partikuliere te verkoop.⁶³

Op 28 September 1791 het 'n groep teleurgestelde kommissarisse - Van Reede van Oudtshoorn het skynbaar vanweë sy opposisie teen voorn genoemde besluit, nie aan die onderhandelinge deelgeneem nie - die Politieke Raad in kennis gestel dat Elser en sy vriende geweier het om die kontrak aan te gaan.⁶⁴ Hierdie weiering is verstaanbaar omdat hulle nie rekening daarmee gehou het dat die Politieke Raad so ver sou gaan om die Van Reenenbroers 'n reg te ontnem wat die gekontrakteerde slagters reeds bykans 'n eeu lank geniet het nie. Hulle plan om die blaam vir die hoë vleispryse op die Van Reenenbroers te plaas, was dus daarmee heen. 'n Verontwaardige Politieke Raad het besef dat "nu ten klaarsten is komen te blyken, dat het Brandmeester Michael Elser C.S. nimmer ernst is geweest, op maar eenigsints het door hem zelve aan de hand gegeven Contract --- aan te gaan". Dié liggaam het ook besef dat Elser hom wou misbruik en die hele aangeleentheid is afgesluit met die verklaring dat "zoo heeft men goedgeragt ten eynde zig door dezelve lieden niet langer te laten amuseeren de onderhandelingen tusschen hen en Commissarissen te houden voor afgebrooken en eenemaale vervallen".⁶⁵

Elser en sy vriende se houding jeens die Van Reenenbroers is tot 'n groot mate verstaanbaar. Laasgenoemdes se plan om vee- en vleis-

63. C. 93 Resolutiën, 16.9.1791, p. 377.

64. C. 93 Resolutiën, 28.9.1791, pp. 588 - 590.

65. C. 93 Resolutiën, 28.9.1791, pp. 591 - 592.

pryse te verlaag, het die ander partikuliere slagters 'n finansiële knou toegedien waarvan hulle moeilik sou herstel; trouens, sommige van hulle het nooit weer tot die slagtersbedryf toegetree nie. Die Politieke Raad het selfs beweer dat die Van Reenens vleispryse slegs verlaag het om die klandisie van die ander slagters te lok om sodoende die gehele vleishandel te monopoliseer.⁶⁶ Hierdie aantyging is moontlik nie van alle waarheid ontbloot nie, maar in die lig van die verdere afwysende optrede van dié Raad teenoor die Van Reenenbroers, kom dit enigsins verdag voor.

Dat die Politieke Raadslede en die kommissarisse toegelaat het dat hulle beïnvloed word deur afgunstige opposisie van die Van Reenenbroers plaas hul amptelike integriteit en begrip van plaaslike aangeleenthede onder verdenking. Dit verbaas verder dat nie een van die burgerrade - hulle het hier as kommissarisse opgetree - J.G. van Reenen se voorstel insake die Boesmanprobleem ondersteun het nie. Hulle was veronderstel om die belange van die hele burgerbevolking op die hart te dra en dié voorstel was juis daarop gemik om beide die binnelandse koloniste en Kaapse ingesetenes te bevoordeel.

Hoewel geen offisiële apologie teenoor die Van Reenenbroers aangeteken is nie, het die Politieke Raad deeglik besef dat Elser en sy vriende met hul voorstel 'n laakbare doel voor oë gehad het. In hierdie verband het dié Raad slegs gemeld dat "op goede gronden veronderstelt worden dat die Liederen in deesen het een of ander bijzonder belang op't oog hebben gehad, waar meede als zekerlijk geensints met 'S Comp.s Interest quadreeren". Met die uitsondering van

66. C. 93 Resolutiën, 7.9.1791, p. 232.

W.F. van Reede van Oudtshoorn, was dit slegs J.G. van Reenen as spreekbuis van die Van Reenenbroers wat onbevlek uit hierdie skandalige episode na vore getree en getoon het dat hy begrip van die situasie het. Dat hy met sy optrede en veral met sy verslag aangaande binnelandse toestande selfs by die Politieke Raad indruk maak het, blyk daaruit dat die Raad hom 'n jaar later, toe spoedeisende optrede noodsaaklik was omdat hierdie toestande nog verder verswak het, om advies ter bekamping van die Boesmanprobleem genader het.⁶⁷

Die Van Reenenmaatskappy in finansiële moeilikheid

Hoewel J.G. van Reenen en sy broers skynbaar as oorwinnaars die botsing met die Politieke Raad en Elser en sy vriende oorleef het, het die finansies van hul maatskappy begin skeef loop. Dié maatskappy wat oor 'n kapitaal van slegs ongeveer 40 000 riksdalers beskik het, moes gedurende die jare 1789 tot 1791 jaarliks ongeveer 25 000 skape en 4 500 beeste koop.⁶⁸ Die koste verbonde aan die koop, insamel en slag van dié vee het tussen negentig- en honderdduisend riksdalers beloop. Die probleem in hierdie verband was dat die produkte gewoonlik nie op 'n kontantbasis verkoop is nie, terwyl die teenoorgestelde dikwels die geval was met die ingekoopte vee. Die boere het met hul besoeke aan die Kaap - en dit het nogal meer dikwels geskied as wat algemeen aanvaar word - kontant verlang. Dikwels het dit ook gebeur dat een boer die Kaap besoek en die kontant van 'n hele aantal van sy bure opgeëis het. Somtyds het boere ook die bewyse wat deur die slagtersknegte (die sogenaamde slagtersbriefies) met die inkoop van die vee

67. C. 97 Resolusiën, 13.7.1792, p. 921; Sien ook Hoofstuk VI.

68. Getalle uit B.R.D. 40 Vleismark Kasboek.

oorhandig is, by die Van Reenenbroers vir vereffening aangebied voordat die vee wat daarvoor gekoop is in die Kaap aangekom het. Dit kon natuurlik maklik gebeur omdat die slagtersknegte van plaas tot plaas met die vee moes trek en diegene by wie hulle eerste vee ingekoop het, kon onmiddellik nadat die vee verkoop is, direk na die Kaap afreis. 'n Ander faktor wat 'n rol gespeel het, was dat die vee in 'n swak kondisie was na die lang tog vanaf die binneland en dus nie dadelik gereed vir verslagting nie.⁶⁹

Die ongestadige binnelandse toestande wat gaandeweg verder verswak het, het ook daartoe bygedra dat die Van Reenenmaatskappy finansieel onstabiel gebly het. So byvoorbeeld is in 1791 reeds 1 200 skape deur Boesmans weggevoer, terwyl in dieselfde jaar 'n slagterskneg met 'n groot trop vee dae lank deur Boesmanrowers langs die Gamkarivier omsingel en daarvan weerhou is om die tog Kaapwaarts voort te sit.⁷⁰ Benewens al hierdie probleme wat die maatskappy ondervind het, was daar gedurende hierdie jare ook 'n groot en groeiende gebrek aan kontantgeld in die nedersetting.

Gedurende 1791 het die Van Reenenbroers by twee geleenthede by die Politieke Raad aangedring op 'n voorskot op produkte wat nog gelewer moes word. By die eerste geleentheid is die bedrag nie vermeld nie terwyl op 26 Oktober 'n voorskot van 10 000 riksdalers aangevra is.⁷¹ In beide gevalle is die aansoeke van die hand gewys. Tydens 1792 het toestande benard geword. Op 11 Junie is twee slagtersknegte van die Van Reenenbroers met 9 helpers, wat met 12 000 skape en 368 beeste onder weg was na die Kaap, by die Leeurivier (Leeugamka) deur 300 Boesmans, waarvan die meeste met snap=

69. C. 74 Resolusiën, 7.5.1782, pp. 525 - 526.

70. C. 93 Resolusiën, 28.8.1791, pp. 170 - 171.

71. C. 289 Requesten en Nominatiën, 26.10. 1791, p. 321.

hane gewapen was, aangeval. Die aanvallers het 253 beeste en ongeveer 6 000 skape geroof.⁷² Hierdie gebeurtenis het die Politieke Raad uiteindelik tot daadwerklike optrede teen die Boesmans beweeg. Twee kommando's is op die been gebring en beveel om die aanvallers uit te wis en die vee terug te vind. Hoewel die kommando's gedeeltelik suksesvol was in die uitvoering van eersgenoemde opdrag, is slegs 1 585 skape en 68 beeste van J.G. van Reenen en sy broers opgespoor.⁷³

Die verlies van hierdie groot getal vee ter waarde van tussen tien- en elfduisend rixsdalers was 'n swaar slag vir die Van Reenenbroers. Op 23 Julie 1792 is nogeens 'n dringende aansoek om 'n voorskot van 25 000 rixsdalers by die Politieke Raad ingedien.⁷⁴ By hierdie geleentheid het dié Raad die aansoek goedgekeur. Hierdie veranderde houding kan klaarblyklik toegeskryf word aan die feit dat die kommissarisse-generaal Nederburgh en Frykenius, wat kort tevore in die Kaap aangekom het, die Van Reenenbroers skynbaar goedgesind was. Laasgenoemdes kon ten opsigte van vleislewering behulpsaam wees in die uitvoering van die kommissarisse se opdrag om die uitgawes van die Kompanjie drasties te besnoei.

72. C. 101 Resolusiën, 14.1.1793, p. 784; C. 200 Bijlagen tot de Resolusiën, 24.7.1792, pp. 227 - 228. Volgens die Resolusies van die Politieke Raad is 11 000 skape geroof. Hierdie getal is na ons mening foutief daar die knegte wat teenwoordig was, in 'n beëdigde verklaring meld dat die getal 6 000 was. Vergelyk in hierdie verband C. 200 Bijlagen tot de Resolusiën, 17.7.1792, pp. 230 - 232. G.M. Theal: History of South Africa before 1795 IV, p. 277, berig ook, sonder vermelding van bron, dat een van die knegte deur die Boesmans vermoor is. Dit is skynbaar ook 'n mistasting aangesien die twee knegte wat met hierdie aanval teenwoordig was voorgenoemde beëdigde verklaring onderteken het.

73. C. 101 Resolusiën, 14.1.1793, pp. 786 - 788.

74. C. 200 Bijlagen tot de Resolusiën, 23.7.1792, p. 229.

Onderhandelinge met Nederburgh en Frykenius

Die kommissaris-generaal S.C. Nederburgh en P.H. Frykenius, twee van die kommissie van vier wat die Nederlandse State-Generaal aangewys het om die benarde finansiële toestand waarin die V.O.C. verkeer het, te verbeter, het op 18 Junie 1792 aan die Kaap gearriveer. Op 23 Julie van dieselfde jaar het J.G. en S.V. van Reenen 'n lang klag- en versoekskrif aangaande die vleisleweransie by hulle ingehandig. Die meerderheid klagtes en versoeke het gehandel oor regte op die Groenkloofplase wat deur die Politieke Raad ontnem is. Voorts is die optrede van dié Raad insake die botsing met Elser en sy vriende breedvoerig uiteengesit.⁷⁵ Hierdie geskrif is deur die kommissaris-generaal aan die Politieke Raad oorhandig sodat op die aantygings en versoeke kommentaar gelewer kon word.⁷⁶ Voordat hierdie kommentaar by die kommissaris-generaal ingedien is, het J.G. en S.V. van Reenen ook versoek dat die vleisleweransie vir nog twee jaar aan hulle toegeken moes word.⁷⁷

Op 23 Augustus 1792 is die Politieke Raad se verweerskrif aan die kommissaris-generaal oorhandig. Laasgenoemdes was nie baie ingenome met die inhoud daarvan nie, soos eerstens blyk uit enkele smalende kantaantekeninge wat op die skrifstuk aangebring is.⁷⁸ Op hulle beurt het die kommissaris-generaal in hul geskrewe uitspraak insake hierdie aangeleentheid, wat op 19 Desember 1792 aan die Politieke Raad oorhandig is, die Van Reenenbroers grootliks bevoordeel. Dié Raad is beveel om aan bykans al hul ver-

75. C. 696 Verslag en Bijlagen Nederburgh en Frykenius, 23.7.1792, pp. 683 - 692.

76. C. 689 Brieven van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius, 23.7.1792, p. 263.

77. A.J. Boeseken: Die Nederlandse kommissaris en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, p. 238.

78. C. 802 Kladbriewe en Afskrifte, 23.8.1792, pp. 1 - 37.

soeke te voldoen en om 'n kontrak met hulle te sluit waarvolgens die vleis=
 leweransie vir 'n verdere periode van vyf jaar - vanaf 1 Mei 1794 tot 30
 April 1799 - aan hulle toegeken word. Die uitspraak is afgesluit met 'n
 teregwysing gerig aan die Politieke Raad. Die kommissarisse-generaal het
 die hoop uitgespreek dat hulle met die toestaan van dié versoeke "wegge=
 noomen de reedenen van het regmatig beklag der gecontracteerde Slachters
 over de schandelijke excessen ---".⁷⁹

Nederburgh en Frykenius het egter nie slegs toegewings gemaak nie. Hulle
 het ook eise gestel. Ten eerste het hulle pryse waarteen vleis en vee
 gelewer moes word, voorgestel. Hierdie pryse was die volgende:

Aan die Kompanjie:

	Vleis per pond	Lewendige Skepe
Vanaf 1 Jan. 1793 tot 30 April 1794	6 duite	5½ skelling
Vanaf 1 Mei 1794 tot 30 April 1799	5 duite	4 skelling

Aan Partikuliere:

Vleis teen 1½ stuiwer of minder per pond.

Aan Vreemde Skepe:

Geen prys is aanbeveel nie, dog die Van Reenenbroers is aangeraai om hier=
 die pryse "met behoorlijke directie te reguleeren ten einde denzelve
 (vreemde skepe) door geen exorbitante prijzen werden afgeschrikt om de
 Kaapse reede aan te doen".⁸⁰

'n Volgende aanbeveling het betrekking gehad op die rekognisiegedelde wat die

79. C. 696 Verslag en Bijlagen Nederburgh en Frykenius, 18.12.1792, p. 698.

80. C. 99 Resolutiën, 19.12.1792, pp. 1025 - 1026.

veeboere aan die Kompanjie verskuldig was. Reeds in die vroeë tagtigerjare het die Kompanjie pogings aangewend om hierdie gelde in te vorder en daarna het die Here XVII en besoekende kommissarisse by verskeie geleenthede die Politieke Raad aangemaan om dit in te vorder. Weinig sukses is egter in hierdie verband behaal. Met die besoek van Nederburgh en Frykenius was die koloniste reeds die reusebedrag van ongeveer 376 360 riksdalers aan die Kompanjie verskuldig, hoewel hulle self erken het dat "by die Wildschutten boeken een meenigte abuijzen waaren ingesloopen".⁸¹ Ten spyte hiervan wou hulle so veel as moontlik van hierdie bedrag invorder om sodoende die balansstaat van die Kompanjie te beredder. Aangesien hulle beseft het dat die Van Reenenbroers gretig was om die vleispag vir 'n verdere termyn te bekom, het hulle 'n gulde geleentheid gesien om die verantwoordelikheid vir die invordering van hierdie gelde op laasgenoemdes se skouers te plaas. Hulle het skynbaar ook geredeneer, en heeltemal tereg ook, dat die slagters die enigste persone was wat op finansiële gebied noue kontak met die veeboere gehad het. Die Politieke Raad is dus beveel om metodes te ontwerp waarvolgens die Van Reenenbroers "van zodanige Ingezeeten en als Vee plaatzen in leening besitten, en door hun aan de Compagnie verschuldigde recognitie penningen of agterstallen op die zelve in vee zullen voldoen, het zelve vee teegen billijke prijzen te accepteren en te doen ophaalen, en ook uit kragte eener qualificatie op hun verleen en de zelve ingezeeten daartoe doen aanmaanen ---".⁸² Die geld wat die Van Reenenbroers op hierdie wyse sou insamel moes dan aan die Kompanjie oorbetaal word.

81. C. 695 Verslag en Bijlagen Nederburgh en Frykenius, 24.7.1793, p. 339.

82. C. 696 Verslag en Bijlagen Nederburgh en Frykenius, 18.12.1792, p. 695.

Die uitspraak van die kommissaris-generaal het die hoogste verwagtings van die Van Reenenbroers oortref. Hulle het dan ook onmiddellik ingestem tot die verskaffing van die produkte teen die voorgestelde pryse. Die enigste aanbeveling waarteen hulle besware geopper het, was dié insake die invordering van rekognisiegede. Hulle het verklaar dat die veeboere ter vereffening van dié skulde slegs die swakste vee aan hulle knegte sou verkoop. Voorts is die beswaar geopper dat die boere eerder hul vee aan die partikuliere slagters sou verkoop en dat hulle (die Van Reenens) "nog den haat der buiten lieden zouden op den hals haalen".⁸³ Hierdie besware was tot 'n mate geregverdig, dog die bewering dat die boere slegs aan die partikuliere slagters vee sou verkoop, kan bevraagteken word. Op daardie stadium was dit slegs M. Elser wat 'n partikuliere slaghuis besit het. Sy vriend J.J. Meyer is op 1 Oktober 1791 oorlede⁸⁴ en J.H. Veyl, die ander persoon wat gepoog het om 'n partikuliere slaghuis te open, het in September 1792 bankrot gespeel.⁸⁵ J.G. en S.V. van Reenen het aan die Politieke Raad as alternatief voorgestel dat hulle en die partikuliere slagters by die uitbetaling van die gelde vir ingekoopte vee met die boere moes onderhandel en slegs 'n bedrag waartoe laasgenoemdes sou instem, aan die Kompanjie oorbetaal.

Die vraag kan dadelik gestel word waarom die Van Reenenbroers tot laer pryse vir produkte aan die Kompanjie en partikuliere ingestem het, terwyl daar in September 1791 - dus slegs 15 maande vroeër - 'n hewige stryd was omdat hulle nie wou toestem om, slegs aan partikuliere, vleis teen dieselfde prys,

83. C. 99 Resolutiën, 19.12.1792, p. 1033.

84. C.C. de Villiers: Geslagsregisters van ou Kaapse families II, p. 575.

85. C.J. 1204 Siviele Prosesstukke, 27.9.1792, p. 100.

soos nou voorgestel is, te verkoop nie. Die antwoord op hierdie vraag is geleë in die drastiese daling in die prys van skape sedert die helfte van 1792. Gedurende Augustus en September van dieselfde jaar het die slagters reeds skape, wat 'n jaar vroeër 16 en meer skelling stuk gekos het vir 15 en selfs 14 skelling bekom. Teen Desember 1792 het talle boere 12 en 11 skelling gevra⁸⁶ en vroeg in 1793 het die prys selfs na 9 en 10 skelling gedaal.⁸⁷ Verskillende faktore het tot hierdie toedrag van sake aanleiding gegee. Die eerste en belangrikste was dat die ongestadige binnelandse toestande die veeboere tot radeloosheid gedryf het. Hulle het gevolglik "uyt noodzakelijkheid liever hun vee voor een geringe prys van de hand te (sic) zetten als het zelve ter prooij van de Bosjemans te laten".⁸⁸ Terselfdertyd was daar 'n afname in die afset van vleis, eerstens omdat die aanvraag van die Kompanjie gedaal het en tweedens omdat partikuliere minder vleis gekoop het vanweë die geldskaarste.

Aangesien die veepryse skerp gedaal het, kon die Van Reenenbroers dus gereedelik toestem tot die prysverlaging soos Nederburgh en Frykenius voorgestel het. Dat hulle egter toegestem het om dit vir meer dan ses jaar teen hierdie pryse te lewer, is onverstaanbaar, veral daar J.G. van Reenen reeds uit ondervinding moes geleer het dat gedurende so 'n lang tydperk talle veranderinge tot hulle nadeel kon intree. Die enigste verklaring wat hiervoor aangebied kan word, is dat hulle soveel waarde aan die Groenkloofplase geheg het dat hulle dit ten alle koste wou behou.

86. C.J. 1204 Siviele Prosesstukke, verskillende datums in 1792, pp. 100, 239, 247, 257, 279, 289.

87. V.C. 68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 30.12.1793, p. 611.

88. V.C. 68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 30.12.1793, p. 613.

Nederburgh en Frykenius was nie te vinde vir al J.G. en S.V. van Reenen se voorstelle aangaande die invordering van rekognisiegeelde nie. Die regulasies wat die Politieke Raad op 20 Februarie 1793 bekend gemaak het, was min of meer soos dié kommissarisse dit oorspronklik voorgestel het. Daarvolgens moes beide die gekontrakteerde en partikuliere slagters (lg. was 'n toegewing aan die Van Reenens) jaarliks drie jaar se rekognisiegeelde van elke boer wat van hierdie gelde verskuldig was, terughou en dit in die Kompanjieskas stort. Voorts moes alle slagters naamlyste van boere wat be-drae verskuldig was aan hul knegte wat die vee opgekoop het, oorhandig so-dat hulle steeds die boere kon aanmaan om vee te verkoop.⁸⁹ Met hierdie beslissing het die kommissarisse-generaal 'n taak waarin die Kompanjiesamp-tenare vir dertig en meer jaar gefaal het, aan die slagters opgedra. J.F. Kirsten het in 'n memorandum wat hy in September 1795 aan die Britse ower-hede oorhandig het, beweer dat hierdie besluit die belangrikste rede vir die opstand in Graaff-Reinet was.⁹⁰ Hierdie bewering word later in die lig van meer relevante omstandighede geëvalueer.

Op 19 Julie 1793 het die Politieke Raad, op aanbeveling van Nederburgh en Frykenius, die vleisleweransie vir 'n verdere termyn van 5 jaar aan J.G. en S.V. van Reenen toegeken sonder dat daar, soos gebruiklik, enige veiling plaasgevind het. Die termyn sou strek vanaf 1 Mei 1794 tot 30 April 1799. 'n Nuwe klousule is in die pagvoorwaardes gevoeg om voorsiening te maak vir die invordering van rekognisiegeelde. Die pryse waarteen vleis en lewendige skape aan die Kompanjie en vleis aan partikuliere gelewer sou word, was presies soos die kommissarisse generaal vroeër voorgestel het. Daar

89. C. 707 Memoriën en Instructiën, 23.6.1793, pp. 173 - 178.

90. C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten, p. 59.

is egter bepaal teen watter maksimumpryse produkte aan vreemde skepe gelewer moes word, tewete 4 stuiwers per pond vir bees- en skaapvleis, 4 Spaanse Matten (4 riksdalers 4 skelling) en 20 Spaanse Matten (22 riksdalers 4 skelling) onderskeidelik per lewendige skaap en bees.⁹¹

Die onderhandelinge tussen Nederburgh en Frykenius en die Van Reenenbroers het in die geheel genome besonder gunstig vir laasgenoemdes afgeloop. Die prysverlaging van produkte, wat aan die Kompanjie en partikuliere gelewer moes word, sou vanweë die daling van veepryse geen noemenswaardige verliese meebring nie. Hoewel maksimumpryse vasgestel is vir produkte wat vreemde skepe ingeneem het, was hierdie pryse so hoog, dat daar geen klagtes was nie. Trouens, die winste op hierdie produkte het grootliks gestyg omdat veepryse gedaal het. Ofskoon die bepaling insake die invordering van rekognisiegede onverkwiklikhede in die hand kon werk, sou die Van Reenens self nie daardeur finansieel benadeel word nie. Voorts is, soos alreeds aangetoon, die pag vir 'n verdere periode van vyf jaar aan hulle toegeken en die geskil met die Politieke Raad in hulle guns besleg. 'n Ander beslissing wat gedurende hierdie periode geneem is, en wat die Van Reenenbroers verder sou bevoordeel, was die terugroeping van hul ou vyand, die Graaff-Reinsetse landdros, M.H.O. Woeke. Hoewel Nederburgh en Frykenius die Politieke Raad aangespreek het omdat die van Reenenbroers se aantygings teen Woeke nie ondersoek is nie,⁹² is hy om ander redes uit Kompanjiesdiens ontslaan.

91. C. 696 Verslag en Bijlagen Nederburgh en Frykenius, 18.12.1792, pp. 701 - 714.

92. C. 696 Verslag en Bijlagen Nederburgh en Frykenius, 23.12.1792, p. 697.

Laaste jare van Kompanjiesbewind

Teen die middel van 1793 was die Van Reenenbroers vanweë al voorgenoemde toegewinge en veranderinge in 'n feitlik onaantasbare posisie ten opsigte van vleislewering. Geen wonder dan ook dat S.V. van Reenen, wat skynbaar taamlik voortvarend van geaardheid was,⁹³ vroeg in 1794 kon verklaar dat hy en sy broer "wel twintig en meer jaar in de slagtery blyven zouden, terwyl de tegenwoordige niemand was die hun --- daaruyt zoude kunnen bosen".⁹⁴

Hoewel hulle hulle in hierdie bykans onaantasbare posisie bevind het, het die Van Reenenmaatskappy nog steeds gesukkel om kop bo water te hou. Verskillende faktore, benewens die wat reeds aangestip is, het hierdie toestand veroorsaak. Ten eerste het Nederburgh en Frykenius 'n strenge verbod op alle ongepermitteerde partikuliere handel geplaas.⁹⁵ Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, het J.G. Van Reenen se handelsbedrywighede verder as slegs die vleisleweransie gestrek. Die geld waarvoor vreemde skepe vleis gekoop het, is dikwels gebruik om verhandelbare goedere in te voer.⁹⁶ Hierdie handel wat jare lank oogluikend deur die Kompanjie toegelaat is, het met dié verbod tot stilstand gekom. J.G. van Reenen is dus 'n belangrike inkomstebron ontnem. 'n Ander, en nog belangriker faktor wat 'n rol gespeel het, was die afname in die getal vreemde skepe wat die Kaap besoek het. Die situasie waarvoor die Van Reenenbroers

93. Vergelyk A.J. Boeseken: Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, p. 197.

94. C.J. 894 Regsrolle en Notule - Siviël, 12.2.1795, p. 299.

95. A.J. Boeseken: Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, p. 178.

96. Sien Hoofstukke III en V.

reeds in 1791 gevrees het, het teen 1793 werklikheid geword. Waar daar van 1789 tot 1792 jaarliks gemiddeld ongeveer 107 vreemde skepe aangedoen het, het hierdie getal in die jare 1793 en 1794 na onderskeidelik 75 en ongeveer 49 gedaal.⁹⁷ Veral die afname in die getal Britse skepe van 51 in 1791 tot 32 in 1792 en 19 in 1793 het ernstige gevolge ingehou omdat, soos vroeër aangetoon, hierdie skepe van groot belang vir die gekontrakteerde slagters was. Hoewel gegewens ontbreek aangaande die hoeveelheid produkte aan vreemde skepe voorsien, moes daar noodwendig 'n afname gewees het. Hierdie afname het vervolgens meegebring dat die Van Reenenbroers se wins gedaal en dat hulle oor nog minder kontantgeld beskik het.

Wat het J.G. en S.V. van Reenen gedoen om hierdie krisis te bowe te kom? Hierdie vraag kan met enkele woorde beantwoord word: wanpraktyke of praktyke wat daaraan grens. Hierdie praktyke het onder meerdere die volgende behels:

- (i) Met die besoeke van die boere van wie vee gekoop is aan die Kaap en die vertoning van die slagtersbriefies het die Van Reenenbroers die skuldeisers meegedeel dat hulle geen geld het nie en dus nie die skuld kon vereffen nie. In stede van kontant is kredietbewyse aan die boere oorhandig. Met hierdie bewyse kon slegs by spesifieke handelaars gekoop word. Laasgenoemdes was vriende of selfs vennote van die Van Reenens en het hulle handelware teen die hoogs moontlike pryse verkoop. Die boere wat gewoonlik "voor een zeer korten tyd en zomtyds maar voor eenen dag"⁹⁸ die Kaap besoek het, kon dus nie regsdinge voer om hul geld te bekom nie,

97. C. Beyers: *Die Kaapse Patriotte*, p. 335; C.F.J. Muller: *Johannes Frederik Kirsten*, p. 89.

98. C. 212' *Bijlagen tot de Resolutiën*, 13.12.1793, p. 982.

met die gevolg dat hulle met hierdie praktyk genoeg moes neem.

- (ii) Die ongestadige binnelandse toestande is deur die Van Reenenbroers tot hul voordeel uitgebuit. In sommige binnelandse areas soos die Koup, Sneeuberge en Swartruggens was die Boesmanaanvalle hewiger as in ander gebiede. Die boere in eersgenoemde gebiede was gevolglik gretiger om van hul vee ontslae te raak en hulle het dit ook goedkoper van die hand gesit. Die Van Reenenbroers het hul knegte opdrag gegee om slegs in hierdie gebiede vee te koop. Boere in die Camdebo, waar toestande redelik rustig was, het twee tot drie jaar lank geen besoeke van slagtersknegte ontvang nie - en die slagterskneg was die enigste persoon wat vee gekoop het. Hierdie boere was dus in ernstige geldelike verknorsing.
- (iii) Die Van Reenens het hul knegte opdrag gegee om die boere 9 skelling kontant per skaap aan te bied - of so gou die boer in Kaapstad kom - en 10 skelling vir betaling na 6 maande.
- (iv) Sommige boere is eenvoudig meegedeel dat daar geen geld beskikbaar was nie en gevolglik moes hulle sonder dat hulle hul benodigdhede gekoop het huiswaarts keer. Hierdie boere het dan maande lank gesukkel om wel die geld te verhaal.⁹⁹

Hierdie optrede van die Van Reenenbroers was in meer as een opsig laakbaar.

99. V.C. 66 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 24.9.1793 - 3.10.1793, pp. 153 - 178; V.C. 68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 30.12.1793, pp. 602 - 623; C. 214 Bijlagen tot de Resolutiën, 30.12.1793, pp. 425 - 445. Vergelyk ook A.L. Geyer: *Das Wirtschaftliche system der Niederländischen ostindischen Kompanie am Kap der Guten Hoffnung 1785 - 1795*, pp. 61 - 62 en A.J. Boeseken: *Die Nederlandse kommissaris en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap*, p. 202.

Veral die praktyke soos onder (i) en (iv) uiteengesit, was immoreel en dit grens aan onwettigheid. Die prosedures onder (ii) en (iii) kan moontlik volgens huidige besigheidspraktyke verskoon word. Enige sakeman sal sy produkte inkoop waar hy dit die goedkoopste kan bekom en poog om uitstel te kry vir sy verpligtinge. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die eenvoudige binnelandse koloniste nie hierdie metodes geken en begryp het nie, omdat hulle nie daaraan gewoond was nie. J.G. en S.V. van Reenen het die veeboere deur en deur geken en moes beseft het dat die praktyke wat hulle gevolg het, laasgenoemdes sou ontstig. Hul uitbuiting van die veeboere, wat alreeds in sulke haglike omstandighede verkeer het en finansieel met ondergang bedreig is, is beslis afkeurenswaardig. Hul optrede is egter tot 'n mate verskoonbaar. Hulle was self in 'n benarde situasie vanweë geldgebrek. Die hele nedersetting was vasgevang in 'n wurggreep van ekonomiese mismoed en depressie. Selfs hul inkomste uit die boerderyaktiwiteite op die Groenkloofplase - die basis van die vleisleweransie - moes noodwendig vanweë hierdie depressie skerp gedaal het. Ter illustrasie van hierdie toestande, veral vir diegene wat in die handel betrokke was, dien die volgende aanhaling uit 'n brief van die Nederlandse skeepkaptein, C. de Jong, wat die Kaap in 1794 besoek het, nadat hy vroeër ook besoek afgelê het: "Men hoort gemor aan alle zijden, bij burger, bij boer, bij militair, bij zeeman --- en de Kaap is gedurende den korten tijd van agtien maanden zodanig verarmd en veranderd dat het dezelfde plaats niet meer schijnt --- vreemdelingen komen weinig, en die nog komen, geven niets van eenige be= duidenis af, alzoo'er geen zilver in de Kolonie is, het papieren geld hun niets dient ---. Engelsche schepen ziet men bijna in het geheel niet ---". 100

100. C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop II, pp. 55 - 56.

Vanaf ongeveer Julie - Augustus 1793 het die Van Reenenbroers gesukkel om genoeg slagvee te bekom, omdat die veeboere geweier het om dit te verkoop, ter delging van agterstallige rekognisiegelde. Kommissaris A.J. Sluysken het op 4 September 1793, slegs 2 dae nadat hy die bewind aan die Kaap oorge= neem het, besluit om die aangeleentheid te ondersoek. Hy het die oud= sekretaris van die Graaff-Reinetse landdroskantoor, J.J.F. Wagener, wat in 1789 uit Kompanjiesdiens getree ¹⁰¹ en sedert Augustus 1791 as prokureur in die Kaap praktiseer het, ¹⁰² afgevaardig om 'n reis in die binneland te on= derneem om op die hoogte van die situasie te kom. Wagener moes vasstel of die weiering van die boere om vee te verkoop wel toegeskryf kon word aan die redes wat hierbo aangehaal is. Voorts is hy opgedra om die boere in te lig aangaande die wyse waarop rekognisiegelde ingevorder is omdat Sluysken van mening was dat die weiering om vee te verkoop ook toegeskryf moes word aan "de verkeerde interpretatien die men van de voorschr. publicatie van de Hoog Edele Heeren Commissarissen heeft gedaen en ten anderen aen de weinige ge= legentheid die de bewooners der verafgelegene districten hebben om van de ordonnantien en wetten ten algemeene beste gestatueerd en afgekondigd wordende, die kennisse te neemen ---". ¹⁰³

Wagener het sy opdrag deeglik uitgevoer hoewel sy taak deur die chaotiese binnelandse toestande bemoeilik is. Hy het die Bokkeveld, Koup, Swartberg, Camdebo, Graaff-Reinet, Sneeuberg, Nieuweveld en Hexrivier, met ander woorde, al die belangrikste veeproduserende gebiede met die uitsondering van die Roggeveld, Bruintjieshoogte en Tarka, besoek. Laasgenoemde gebiede het hy

101. C. 747 Compagnies Dienaaren, 20.3.1789, p. 221.

102. C.J. 887 Regsrolle en Notule - Siviël, 4.8.1791, p. 878.

103. V.C. 66 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 4.9.1793, p. 155.

nie aangedoen nie omdat bykans al die mans op kommando was. Reeds enkele dae nadat sy reis 'n aanvang geneem het, het hy kommissaris Sluysken ingelig aangaande sy bevindinge. Daarna het hy namate sy reis gevorder het periodiek verslae met ondersteunende verklarings ingestuur. Sy finale verslag is gedateer 30 Desember 1793,¹⁰⁴ dog die inhoud daarvan was skynbaar reeds teen die begin van Desember aan Sluysken bekend.¹⁰⁵

Die bevindinge van Wagener, wat in elke gebied waar hy besoek afgelê het by so veel boere as moontlik inligting ingewin het, was verdoemend vir die Van Reenenbroers. Eerstens het al die boere verklaar dat hulle nie gekant was teen die wyse waarop rækognisiegedelde ingevorder is nie, hoewel hulle sou verkies het dat die vorige stelsel gehandhaaf word. Tweedens het bykans almal besware gehad teen die metodes wat deur die Van Reenens toegepas is.

Ter staving dien enkele verklarings van individue aan Wagener: Zacharius Blomerus, oud-burgeradjutant van Graaff-Reinet wat kort tevore na Stellenbosch verhuis het, getuig: " --- sommige ingeseetenen van den Sneeuwberg weinig vertrouwen stelden in de Compagnies slagters, omdat zij geen woord hielden omtrend de betaaling ---".¹⁰⁶ Phillipus Albertus Myburg, boer langs die Eersterivier naby Stellenbosch en eienaar van talle veeplase in verskeie binnelandse gebiede, verklaar: " --- dat er verscheidene ingeseetenen der roggevelden waeren by hom geweest, en betuigd hadden niet onwillig te zijn den agterstal te betaelen maer dat zij voor hun verkogt vhee van de gecontracteerde slagters geen betaling zonder veel moeijte

104. V.C. 68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 30.12.1794, pp. 602 - 620.

105. C. 212 Bijlagen tot de Resolutiën, 13.12.1793, p. 983.

106. V.C. 68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 30.12.1793, p. 603.

konden erlangen ---".¹⁰⁷ Die weduwee L. Erasmus, woonagtig by die kloof waardeur al die Roggeveldse boere moes trek om hul plase te bereik, maak die volgende beskuldiging: "dat er een overvloed van hameis in't Roggeveld waeren, dat de ingeseetenen niets liever wenschten als te kunnen verkoopen, maar dat de Compagnies Slagters niets anders wilden koopen als onder voorwaerde over 6 en 8 maanden te betaalen, en de vheefokkers hun vhee na oud gebruik wilden verkoopen, dat is te seggen, dat zij hun geld by't verthonen van den koopbrief kunnen ontfangen ---".¹⁰⁸ Daar word volstaan met die getuienis van 'n aantal inwoners van die Camdebo, onder andere bekende pioniers soos Adriaan van Jaarsveld, H.P. van den Bergh en M.W. Pretorius, naamlik "dat zy ingeseetenen van de Camdebo langs die weg met hun slagtvee bleeven zitten, 't welk zij gaarne wenschten van de hand te setten egter onder voorwaarden van een prompte betaaling en volgens aloud gebruik by het vertoonen van het slagtersbriefje om niet genoodsaakt te zijn de Caap te moeten uytrijden zonder te kunnen inkoop het geenen zy voor hunne huijshouding benoodigd zijn ---".¹⁰⁹

In hierdie verband kan ad infinitum voortgegaan word. Wagener kon hierdie aantygings substansieer by wyse van gesertifiseerde verklarings. Die Van Reenens was dus ongetwyfeld aan growwe misdrywe skuldig en uiters onpopulêr onder die veeboere. Selfs hul eie negte het besef dat alles nie pluis was nie. Twee van hierdie negte het Wagener meegedeel dat hulle bevrees was om weer na die binneland te gaan indien hulle werkgewers nie hul wanpraktyke staak nie.

107. V.C. 66 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 15.9.1793, p. 163.

108. V.C. 66 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 24.9.1793, p. 175.

109. V.C. 68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken, 30.12.1793, pp. 613 - 614.

Vervolgens moet die owerheidsreaksie op die blootlegging van die wanpraktyke in oënskou geneem word. Sluysken het tussen 24 September en 15 Oktober 1793 Wagener se verslae met die verdoemende aantygings, en op 30 Desember 1793 die finale verslag, ontvang. Daar volg egter geen onmiddellike optrede deur die owerheid nie. Die vleisleweransie en alle relevante aangeleenthede kom eers weer in die Politieke Raad ter sprake toe die Van Reenenbroers op 4 Maart 1794 om 'n verdere voorskot van 25 000 riksdalers aansoek doen.¹¹⁰ Dit word toegestaan. Die enigste verklaring wat na aanleiding van voorgaande vir Sluysken se stilswye aan die hand gedoen kan word, is dat hy bewus was van die feit dat die Van Reenenbroers nie oor voldoende kontant beskik het om die veeboere te betaal nie. Eers op 16 Mei 1794, dit wil sê ruim agt maande na Sluysken verneem het van die Van Reenenbroers se wanpraktyke, is die kwessie aangaande die uitbetaling van slagtersbriefies in die Politieke Raad te berde gebring. Sluysken het verklaar dat hy "dagelyks word vermoeielijk door onderscheidene Veefokkende opgezeetenen die het bedragen van 't Vee door hem aan de Slachters geleverd, by hun komst aan de Kaap niet kunnen ontfangen ---".¹¹¹ Hierna is ordonneer dat die slagters voortaan hul knegte moes beveel om die voorwaardes van betaling op die slagtersbriefies aan te bring.¹¹² Aangaande die ander aantygings in Wagener se verslag is geen woord in die Politieke Raad geryp nie en niemand het die Van Reenenbroers vir hul ander wanpraktyke tot verantwoording geroep nie.

Sluysken se lakse optrede om meer as ses maande te wag voordat hy enigsins

110. C. 105 Resolusiën, 4.3.1794, pp. 687 - 689.

111. C. 106 Resolusiën, 16.5.1794, p. 296.

112. C. 106 Resolusiën, 16.5.1794, p. 297; S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek, 16.5.1794, p. 236.

'n poging aangewend het om die Van Reenenbroers van hul wanpraktyke te laat afsien, is onverklaarbaar. Dit skyn egter of hy hulle eers die geleentheid wou gee om geld te bekom. Volgens die inhoud van voorgenoemde ordonnansie blyk dit ook dat die Politieke Raad tot 'n mate simpatiekgesind teenoor die Van Reenenbroers was. Daar is nie ten volle toegegee aan die versoeke van die veeboere dat tot die ou stelsel van uitbetaling van slagtersbriefies, naamlik by die vertoning daarvan, teruggekeer word nie. Die slagters kon wel voortaan voorwaardes van betaling stel, dog die uitbetaling moes nie meer as drie maande na die inkoopdatum geskied nie. Ook in hierdie geval is die Van Reenenbroers dus tot 'n mate deur die Politieke Raad bevoordeel.

Die verdere verloop van sake met betrekking tot vleislewering in die Kaap gedurende die jare 1794 - 5 was een lang en droewige verhaal. Geld was skaars en vreemde skepe wat dit moes voorsien nog skaarser. Die Van Reenenmaatskappy was net soos die V.O.C. op die drumpel van finansiële ineenstorting. Nadat daar reeds vir 'n geruime tyd tweespalt tussen J.G. en S.V. van Reenen was, is dié maatskappy op 30 Mei 1794 ontbind.¹¹³

Die broers het daarna elkeen die helfte van die vleisleweransie hanteer. Die redes vir dié ontbinding is nie bekend nie, maar dat daar iets drasties verkeerd was, blyk daaruit dat die twee broers hierna permanent vervreemd gebly het.¹¹⁴

Vanaf vroeg in 1794 is vleis in die partikuliere slaghuise na een stuiwer per pond verlaag. Verskillende faktore kon tot hierdie toedrag van sake

113. C.J. 1243 Siviele Prosesstukke, 5.6.1794, p. 13.

114. Vergelyk in hierdie verband C.J. 894 Regsrolle en Notule - Siviel, 12.2.1795, pp. 294 - 306; C.J. 1271 Siviele Prosesstukke, 4.4.1799, p. 46.

aanleiding gegee het. Eerstens was daar na die verwydering tussen die Van Reenenbroers en die uiteindelijke ontbinding van hul maatskappy kompetisie tussen die broers, wat meegebring het dat die broers wat vroeër feitlik na willekeur pryse kon verhoog nou die teenoorgestelde moes doen om klandisie te werf. Tweedens was die afset so laag vanweë die afwesigheid van vreemde skepe dat die slagters noodwendig pryse moes verlaag om verkope te stimuleer. 'n Derde faktor wat moontlik 'n rol kon gespeel het, was dat die Van Reenens die Politieke Raad nie wou antagoniseer nie, iets wat moontlik tot krasse optrede met betrekking tot die aantygings vervat in Wagener se verslag kon lei. Die argument verklaar enigszins die Politieke Raad se lakse optrede in verband met hierdie aantygings. Sluysken was boonop hoogs in sy skik met die daling van vleispryse, soos uit 'n selfvoldane aanmerking in 'n brief aan die outoriteite op 14 April 1794 blyk.¹¹⁵

J.G. van Reenen het ongetwyfeld gedurende die laaste bewindjaar van die Kompanjie geworstel om finansieel kop bo water te hou. Hoewel veepryse gedaal het, was dit onmoontlik om groot winste, indien enige, uit die vleisleweransie te maak. Die prys van vleis aan die Kompanjie en partikuliere was laag en min vreemde skepe het die Kaap besoek. Boonop het die opstand in Graaff-Reinet gedurende die vroeë maande van 1795 komplikasies meegebring wat sy taak as vleisleweransier nie vergemaklik het nie.¹¹⁶ Kort na die oorname van die Kaap deur die Britte in September 1795 is die monopolistiese beleid opgehef en J.G. en S.V. van Reenen is onthef van die vleisleweransie. Die enigste traan wat oor hierdie ontheffing gestort is,

115. C. 698 Brieven en Papieren van A.J. Sluysken aan Gecommitteerdes, 14.4.1795, p. 235; A.J. Boeseken: Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, p. 202.

116. Vergelyk in hierdie verband p. 128.

was skynbaar omdat die Groenkloofplase uit die Van Reenenbroers se hande geneem is.¹¹⁷

Tydens die eerste Britse bewind het J.G. van Reenen vir 'n kortstondige periode die nuwe Britse stelsel van vleislewering op die proef gestel. Dit wil egter voorkom of hy nie baie entoesiasties was nie en gevolglik het hy ook nie sukses daarmee behaal nie. Met die ondergaan van die son van die V.O.C. het J.G. van Reenen se son eweneens op die gebied van vleislewering ondergegaan. Sy ekonomiese bedrywighede was ingestel op die monopolistiese stelsel van die Kompanjie en met die opheffing van dië stelsel het sy belangstelling in die vleisleweransie gekwyn. Sy veelsydigheid het hom egter in staat gestel om ander ekonomiese terreine suksesvol te beproef.

Besluit

Daar kan heelwat bedenkinge geopper word teen die wyse waarop J.G. van Reenen en sy broers gedurende die onderhawige periode (1789 - 1795) die vleisleweransie hanteer het. In dië verband kan veral verwys word na die wanpraktyke wat hulle gevolg het ten opsigte van die uitbetaling van slagtersbriefies, die pogings wat hulle aangewend het om veepryse af te dwing en om alle opposisie uit te skakel om sodoende 'n algehele monopolie van die vleishandel te bewerkstellig. Daar kan voorts selfs aangevoer word dat hulle vreemdelinge deur buitensporige pryse uitgebuit het, wat veroorsaak het dat laasgenoemdes hulle aankope beperk het.

Die belangrikste faktor wat die Van Reenenbroers gedurende hierdie jare in gedagte moes hou en wat in 'n groot mate verantwoordelik was vir hul optrede, was die snelle agteruitgang van die Kaapse ekonomie. Toe hulle in 1789

117. B.O. 33 Miscellaneous Documents (Memorials), 25.9.1795, pp. 823 - 826.

die vleisleweransie oorgeneem het, het die Kaap nog vanweë die Frans - Britse koloniale wedywing 'n tydperk van voorspoed beleef. Kort hier= na het toestande egter begin verswak en ekonomiese onstabiliteit het in= getree. Veral die afname in die aanvraag na produkte deur vreemde skepe het die situasie ernstig benadeel. Die geldskaarste wat deur hierdie toe= stande veroorsaak is, het die Van Reenenbroers in 'n onbenydenswaardige po= sisie geplaas. Hulle was verplig om die verbruikers - die Kompanjie, Kaapse ingesetenes en vreemdelinge - tevrede te stel deur vee= en vleispryse te verlaag. Dit het hulle in onguns by die veeboere gebring. Laasgenoem= des was vanweë die ongestadige binnelandse toestande eweneens in 'n netelige posisie. Voorts moes die Van Reenenbroers steeds op hul hoede wees om nie na die een of ander kant toegewings te maak of die belange van òf die ver= bruiker òf die produsent te vertroetel nie, omdat daar steeds persone was wat hulle kritiseer het en gepoog het om hulle die vleisleweransie te ont= neem. Dit blyk duidelik uit die gebeure van 1789 toe die Van Reenens die vleis= en veepryse verlaag het. Woeke het hulle by daardie geleentheid as "landsbedervers" uitgekryt. Toe J.G. van Reenen twee jaar later die belange van die veeboere verdedig, het die Politieke Raad hom en sy broer op 'n nippertjie na die reg ontsê om aan partikuliere vleis te verkoop. Die Van Reenenbroers moes dus tydens 'n periode toe ekonomiese en binne= landse toestande drasties verswak het beide die produsent en verbruiker tevrede stel en dit was onmoontlik. In hierdie situasie moes hulle die belange van een of ander groep verwaarloos en dit volg vanselfsprekend dat hulle uiteindelik die veeboere wat nie so ingrypend teen hulle sou kon op= tree soos die Politieke Raad nie, in die steek sou laat.

In die lig van die voorgaande moet bepaal word of die optrede van die

Van Reenenbroers 'n bydraende faktor tot die opstand in Graaff-Reinet was. Die Graaff-Reinettters self het, eienaardig genoeg, nêrens in enige van die geskifte waarin hulle hul griewe uiteengesit het veel aandag aan ekonomiese aangeleenthede geskenk nie. Trouens, verskeie historici beweer dat ekonomiese oorsake geen rol in hierdie opstand gespeel het nie. Dr. G.D. Scholtz meld byvoorbeeld dat die ontevredenheid aldaar "sy oorsprong in die eerste en laaste plaas in die rassevraagstuk gehad" ¹¹⁸ het. Ander skrywers soos C. Beyers ¹¹⁹ en P.A.C. Wieringa ¹²⁰ wat hierdie oorsake ontleed, skenk weinig aandag aan ekonomiese aangeleenthede as bydraende motief tot hierdie opstand. Een van die weinige persone wat wel na hierdie aangeleenthede verwys, is 'n kontemporêre getuie, die eertydse Kompanjiesamptenaar, J.F. Kirsten, wat in September 1795 'n memorandum aangaande Kaapse toestande aan die Britse outoriteite oorhandig het. Hierin meld hy dat die wyse waarop die agterstallige rekognisiegedeltes ingevorder is die belangrikste rede vir die opstand was. ¹²¹ Na aanleiding van Wagener se getuienis was dit egter nie sodanig die invordering van hierdie gelde wat ontevredenheid veroorsaak het nie, maar eerder die metodes wat die Van Reenenbroers toegepas het.

Hoewel die Graaff-Reinettters in die gesproke en geskrewe woord nie veel aandag geskenk het aan ekonomiese griewe nie, het daar gedurende die opstandsperiode 'n voorval plaasgevind wat daarop dui dat hierdie griewe tog onder die oppervlakte gesmeul en dat die Van Reenens in dié verband 'n rol gespeel het. Op 12 Augustus 1795, dus slegs enkele maande ná die opstand

118. G.D. Scholtz: Die ontwikkeling van die Politieke denke van die Afrikaner I, p. 328.

119. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 244 - 245.

120. P.A.C. Wieringa: De Oudste Boerenrepublieken, pp. 33 - 44.

121. C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten, p. 59.

in Graaff-Reinet, het twee knegte van J.G. van Reenen hulle met 1 304 skape, wat hulle in die Sneeuberge gekoop het, op die plaas Kweekvallei (waar die huidige dorp Prins Albert geleë is) bevind. Hier het 'n aantal Graaff-Reinetse burgers onder aanvoering van J.P. van der Walt die skape gekonfiskeer en die knegte meegedeel dat die Graaff-Reinetse burgers nie meer vee aan J.G. van Reenen verkoop nie. Die vee is vervolgens aan hul oorspronklike eienaars terugbesorg.¹²² Of hierdie burgers met hul optrede slegs hul afkeur wou openbaar van die monopolistiese beleid van die Kompanjies waarvan J.G. van Reenen vir hulle die verteenwoordiger was en of dit gemik was teen hom persoonlik, is nie duidelik nie. Na aanleiding van Wagener se getuienis moet aanvaar word dat hierdie voorval ook 'n vingerwysing was na die growwe uitbuiting van die veeboere deur J.G. van Reenen en sy broers. J.G. van Reenen se persoonlike optrede het hom tereg die argwaan van die Graaff-Reineters op die hals gehaal en dit het daartoe gelei dat hulle in hom almeer die verpersoonliking van hul onderdrukking op ekonomiese gebied gesien het. Voorheen was hy een van die weinige persone wat vir hul regte voorspraak gedoen het. Dat die persoon wat hy as veldkommandant aanbeveel het (J.P. van der Walt)¹²³ sy skape konfiskeer het, was sekerlik 'n ruwe ontnugtering.

Vir J.G. van Reenen was hierdie periode ongetwyfeld uiters frustrerend. Die groot som geld wat hy in 1789, in die Van Reenenmaatskappy belê het, getuig daarvan dat hy sy taak as vleisleweransier met vertroue en optimisme aangepak het. Toestande buite sy beheer het egter veroorsaak dat baie

122. C.J. 898 Regsrolle en Notule - Siviël, 31.12.1796, pp. 1250 - 1251; C.J. 1282 Siviele Prosesstukke, 31.12.1796, pp. 26 - 31.

123. C. 97 Resolusiën, 13.7.1792, p. 925. Vergelyk ook Hoofstuk VI.

van sy skemas tot mislukking gedoem was en dat hy uiteindelik finansieel amper geruïneer is. Boonop het hy homself die onguns van die veeboere op die hals gehaal.

HOOFSTUK V

DEELNAME AAN PARTIKULIERE HANDEL

Invoerhandel

Volgens offisiële beleid was die Kompanjie alleenhandelaar in ingevoerde goedere aan die Kaap. Burgers is gevolglik verbied om aan die invoerhandel mee te doen. Hierdie beleid is egter nooit streng toegepas nie. Vanaf 'n vroeë stadium in die bestaan van die Kaapse nedersetting is burgers - en later gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu ook amptenare - oogluikend toegelaat om oorsese produkte in te voer. Die partikuliere invoerhandel was trouens 'n belangrike inkomstebron van talle Kapenaars. Teen die laaste kwart van die agtiende eeu was hierdie handel redelik omvangryk. Aangesien burgers nie toegelaat is om enige fabriek aan die Kaap op te rig nie, moes alle fabrieksvervaardigde goedere van Europa of elders ingevoer word. Die partikuliere invoerhandel was dan ook veral toegespits op die invoer van hierdie goedere, dog daar was ook talle ander Europese en Oosterse produkte en artikels waarvoor daar 'n aanvraag was. Die Kaapse handelaars het hierdie goedere óf van skepeling van besoekende vaartuie van alle nasionaliteite gekoop, óf regstreeks deur middel van skeepoffisiere of ander skepeling ingevoer.¹

Daar die partikuliere invoerhandel onwettig gedryf is, is geen besonderhede daarvan in die offisiële dokumente bekombaar nie. Die gegewens wat wel opgespoor kan word, is dus uit die aard van die saak skamel en die beeld

1. Insake partikuliere handel vergelyk C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 136; O.F. Mentzel: A geographical-topographical description of the Cape of Good Hope, pp. 75 - 77; G.M. Theal: Belangrijke Historische Documenten, p. 79; A.J. Boësen: Die Nederlandse Kommissaris en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, pp. 176 - 178.

wat gerekonstrueer kan word, is fragmentaries en onvolledig. Dit is ook die geval met J.G. van Reenen se bedrywighede in hierdie verband. Daar kon byvoorbeeld nie bepaal word wanneer hy sy toetrede tot die partikuliere invoerhandel gemaak het nie. Wat wel bekend is, is dat hy in 1777 en 1778 verhandelbare goedere wat van Nederland ingevoer is ter waarde van 17 680 gulden by sy vader, Jacobus van Reenen, oorgeneem het.² Hierbenewens het hy ook in dieselfde jare vir 12 000 gulden goedere uit Engeland ingevoer.³ Wat die aard van hierdie produkte was en hoe dit na die Kaap vervoer is, is onbekend.

Op 1 Mei 1779 het J.G. van Reenen aan sy vader, wat op vertrek gestaan het met die burgerdeputasie na Nederland, 1 135 gulden oorhandig met die versoek dat hy in Nederland goedere vir versending na die Kaap moes inkoop. Hy het skynbaar nie meer geld beskikbaar gehad nie omdat sy eerste termyn as vleis-leweransier op dieselfde dag begin het en hy gevolglik heelwat kontant benoedig het om vee te koop. Hy het egter sy vader belowe dat sodra hy meer geld bekom, hy verdere bedrae sou stuur. Gedurende 1780 en 1781 het hy dan 21 120 gulden gestuur.⁴

Op 15 April 1780 het die eerste besending invoergoedere ten bedrae van 2 155 gulden 9 stuiver uit Nederland aan die Kaap gearriveer. Daarna het verdere goedere met gereelde tussenposes tot in April 1781 die Kaap bereik. Hierdie goedere was hoofsaaklik materiale, tekstielware, eetgerei, landbou-gereedskap, gewere, snuisterye soos haarspelde, knope, krale en goedkoop

2. C.J. 882 Regsrolle en Notule - Siviël, 27.11.1788, p. 726.

3. C.J. 882 Regsrolle en Notule - Siviël, 27.11.1788, p. 729.

4. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 1.5.1779, 2.10.1780, 3.1.1781, 4.2.1781, p. 212.

juweliersware asook talle ander artikels.⁵ J.G. van Reenen het hierdie goedere skynbaar meestal in Kaapstad verkoop, maar volgens 'n inskrywing in die betrokke rekeningstate is sommige van die artikels ingevoer om aan die inboorlinge te verhandel. Hierdie inskrywing lui: "10 masjes fijne Corleinen / roleijnen: --- tot een monster voor de hottentots bosjemans plaats".⁶

Omdat hierdie handel ongepermitteerd was, kon Jacobus van Reenen die goedere nie direk in Kompanjieskepe na J.G. van Reenen versend nie. Telkens wanneer hy artikels wou stuur, moes hy 'n persoon, hetsy Kompanjiesdienaar of burger op pad na die Kaap, of 'n persoon werksaam op 'n skip, oorreed om die verpakte goedere mee te neem. Gevolglik word in genoemde rekeningstate inskrywings soos die volgende aangetref: "met den burger Christiaan Koens in een kist afgepakt te weten ontfangen"; "met den Zeekentrooster Gerdinand Schreuder --- ontfangen"; Van Michiel Ritter op het Schip Catwijk aan Rhyne een kist en een mand". Ander persone wat goedere vir J.G. van Reenen na die Kaap gebring het, was predikant C. Fleck (wat op 28 Januarie 1781 met die skip de Hoop in die Kaap aangekom het⁷), stuurman Driesman, die seilmaker op die skip Diamant (op 2 April 1781 aangekom⁸), Vaandrig Klinkhamer en andere. Soms het dit ook gebeur dat goedere aan buitestaanders gestuur is - skynbaar om die indruk te wek dat dit nie handelware was nie. Die volgende inskrywings dien ter staving: "In de blikke Trommel aan den Heer Albert van der Poel g' adresseert" en "Van Ismel en Martin deze goedere

5. Vir besonderhede aangaande hierdie artikels sien Bylae A.

6. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, verskillende datums, pp. 212 - 233.

7. K.M. Jeffreys: Kaapse Archiefstukken, Dagregister, 28.1.1781, p. 220.

8. K.M. Jeffreys: Kaapse Archiefstukken, Dagregister, 2.4.1781, p. 231.

gekogt en gepakt in't Casje No 2 aan den Heer Zwart gesonden --- ".⁹

Gedurende 1780 kon J.G. van Reenen skynbaar nie veel wins verdien op die ingevoerde goedere nie, miskien omdat 'n doelmatige afsetgebied ontbreek het. Teen die einde van dieselfde jaar het hy dan ook sy vader versoek "om geen meerder Koop Goederen te zenden".¹⁰ Dit is nie duidelik waarom J.G. van Reenen besluit het om hom aan die partikuliere invoerhandel te onttrek nie. Die enigste verklaring wat daarvoor gegee kan word, is dat hy nie kon meeding met die gevestigde handelsmaatskappye van Cruywagen en Kie en Le Febre en Kie nie. Reeds in die Burgermemorie van 1779 en ander anonieme geskrifte wat gedurende daardie periode in omloop was, is gemeld dat hierdie maatskappye, waarvan die direkteure meestal senior Kompanjiesamptenare was, "meesters van de vreemde Negotie" was.¹¹

Vroeg in 1781 het toestande aan die Kaap sodanig verander dat J.G. van Reenen weer eens besluit het om aan die partikuliere handel deel te neem. Hierdie besluit is geneem omdat hy van mening was dat hy tydens die Anglo-Franse oorlog - waartoe Nederland in Desember 1780 toetree het - "een goede winst te gemoed zie".¹² Hy was vol vertroue dat hy groot wins op die produkte sou maak wat sy vader aangestuur het voordat die opdrag om nie meer daarvan te versend nie, laasgenoemde bereik het. Hierdie goedere het gedurende Maart en April 1781 die Kaap bereik.

In die lig van die veranderde toestande het J.G. van Reenen op 15 April 1781

-
9. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, pp. 212 - 233. Sien Bylae A.
 10. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 15.4.1781, p. 560.
 11. C. 742 Kaapsche Geschillen I, ongedateerd, p. 17; Vergelyk in hierdie verband ook C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 156 - 157.
 12. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 15.4.1781, p. 560.

die volgende dringende versoek aan sy vader gerig: " --- kunnende Vader in-
dien het Zyn Ed behaagt, voortvaren met een party Carsaaijen, Lakens, Zeil=
doek, plaat-koper, Loot, Speel-kaarten, Papier, Zeilgaren, Blik in dubbelde
plaat en veral het geene dat U Ed Zo wel als ik weet dat hier gewilt
is ---".¹³ Hy het voorts sy vader gemagtig om 25 000 gulden by sy
Amsterdamse agente, Swaan en Swart, te bekom om hierdie goedere te koop.
J.G. van Reenen was van mening dat die produkte wat hy wou invoer grootliks
in aanvraag sou wees by die Franse regimente wat op pad na die Kaap was om
die nedersetting teen Engelse aanvalle te beskerm.

Voordat Jacobus van Reenen geleentheid gehad het om voorgenoemde produkte in
te koop en te versend - die rede vir die vertraging is nie bekend nie - het
J.G. van Reenen nogeens op 10 Maart 1782 'n skrywe aan hom gerig waarin hy
sy vader meegedeel het dat daar 'n geweldige skaarste aan yster, blik, koper,
lood, steenkool, hout, landbougereedskap en verskillende soorte materiale en
klerasie-artikels aan die Kaap was. Hy het 'n verdere bedrag van 100 000
gulden tot sy vader se beskikking gestel¹⁴ om van hierdie goedere, en ander
artikels "het geene hem verder bewust is aan de Caap benodigde zyn, voorna=
mentlyk zorgende voor de Goederen die in een Land dat van Landbou moet be=
staan, niet kan ontberen ---" te koop.¹⁵

Daar dit moeilik sou wees om al die goedere wat vir hierdie reusebedrag in=
gekoop sou word op die gewone wyse te versend, het J.G. van Reenen grootse
planne voorgestel om dit na die Kaap te vervoer. Hy het sy vader opdrag
gegee om 'n skip van 'n redery van 'n neutrale moondheid soos Denemarke of

13. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 15.4.1781, p. 560.

14. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 564.

15. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 570.

Pruise te huur.¹⁶ Hoewel hierdie voorstel oor-ambisieus voorkom, gesien teen die agtergrond van die eng monopolistiese beleid van die Kompanjie, het daar tog voldoende motivering voor bestaan. Die netelige posisie waarin die Kaap verkeer het vanweë die gebrek aan genoemde produkte is veroorsaak deur die groot afname in die besoeke van Kompanjieskepe aan die Kaap gedurende die jare 1781 en 1782. Vanaf 1775 tot 1780 het gemiddeld ongeveer 50 van hierdie skepe jaarliks aangedoen, terwyl in 1781 slegs 29 en in 1782 14 besoek afgelê het.¹⁷ Aangesien slegs ongeveer die helfte hiervan van Nederland na die Ooste gevaar het en die meeste produkte wat die Kaap bereik het op Kompanjieskepe vervoer is, is dit begryplik dat daar 'n gebrek aan Europese produkte was. Dit is ook voor die hand liggend dat J.G. van Reenen sou redeneer dat die enigste oplossing vir hierdie netelige situasie sou wees om dit in neutrale skepe na die Kaap te vervoer. Hy was skynbaar ook van mening dat die owerhede onder hierdie omstandighede, wat deur abnormale oorlogstoestande veroorsaak is, geredelik daartoe toestemming sou verleen.

So seker was hy van sy saak dat hy selfs volledige instruksies gegee het aangaande die versekering van die lading, vergoeding wat aan die eienaars van die skip betaal sou word en besonderhede aangaande die inskeping van vrag vir die terugvaart. Voorts het hy ook opdrag gegee dat indien die skipper "onder de Caapse Wal komende mogt verneemen dat de Caap was overgegaan (na die Engelse)"¹⁸ moes laasgenoemde na Mauritius seil om die lading daar te verkoop. Uit hierdie instruksies blyk dit dat J.G. van Reenen 'n besonder goeie kennis van die handel en skeepvaart moes gehad het. Hy het niks aan

16. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 569.

17. Vir statistieke insake skeepsbesoeke sien C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 335 - 336.

18. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 10.3.1782, p. 570.

die toeval oorgelaat nie en alles insake die verskeping van die produkte in die fynste besonderhede uiteengesit.

Van hierdie grootse plan het egter niks tereg gekom nie. Op 17 April 1782 het sy vader 'n versoek aan die Here XVII gerig om met sy vertrek na die Kaap goedere in 'n neutrale skip te mag meeneem. Hierdie versoek is nie toegestaan nie.¹⁹ Jacobus van Reenen het hom nie deur hierdie weiering laat afskrik nie. Hy het dadelik aan die werk gespring om goedere in te koop en na die Kaap te versend. Hy het trouens geheel en al buite die opdrag van J.G. van Reenen opgetree deur Kopenhagen, Kiel, Hamburg, Lubeck, Berlyn, Wenen en Lissabon, op koste van laasgenoemde, te besoek om die benodigde goedere te koop.²⁰ Later het J.G. van Reenen sy vader hierdie optrede verkwalik deur aan te voer dat die betrokke goedere "overvloedig in Amsterdam te bekomen waaren en geenzints in vreemde gewesten behoorden ingekogt te werden ---".²¹

Daar kon geen verklaring gevind word vir hierdie handelswyse van Jacobus van Reenen nie. Tydens sy Europese reise het hy egter onderhandelings met agente van die Oostenrykse keiser gevoer met die oog op die stigting van 'n Oostenrykse nedersetting in Natal - hy het selfs voorgestel dat J.G. van Reenen tot keiserlike agent aan die Kaap benoem moes word.²² Hierdie onderhandelings is verswyg in die korrespondensie tussen Jacobus en J.G. van

19. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 17.4.1782, pp. 291 - 292; C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 80.

20. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, pp. 549 - 550; (Let op eis van Jacobus van Reenen, in sy eie handskrif, van 1 556 gulden vir sy reis na Wenen, 423 gulden vir dié na Lissabon en 381 gulden vir dié na Hamburg.) Sien ook C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, pp. 253 - 256, 535 - 536.

21. C.J. 882 Regsrolle en Notule - Siviël, 27.11.1788, p. 728.

22. J.H. Scholtz: Die Kaapse Patriotte en planne vir 'n Oostenrykse kolonie in Natal (Historia 19 no. 2, September 1974, pp. 96 - 107).

Reenen en laasgenoemde het skynbaar nie daarvan kennis gedra nie. Dit is moontlik dat Jacobus van Reenen sy seun se produkte in Duitsland, Oostenryk en Denemarke gaan inkoop het om die Nederlandse outoriteite, wat uit die aard van die saak teen die stigting van so 'n nedersetting gekant sou wees, nie agterdogtig te stem nie. Deur voor te gee dat hy na hierdie lande gereis het slegs om produkte te koop, sou hy die werklike motief daarvoor versluier.

Ongelukkig word daar nie in die rekeningstate wat behoue gebly het volle besonderhede gegee aangaande die goedere wat Jacobus van Reenen vir J.G. van Reenen gekoop het nie. Die wyse waarop hierdie goedere na die Kaap vervoer is, is ook nie bekend nie. Daar word slegs aangetoon dat Jacobus van Reenen 136 252 gulden 18 stuiver in genoemde vastelandse stede en Amsterdam spandeer het. Slegs in enkele gevalle word gespesifiseer wat hierdie goedere was. Voorbeelde hiervan is die volgende: 3 Julie 1782 - "T. Coras voor Yserwerk" 1 506 gulden 3 stuiwers; 14 Januarie 1783 - "3 Cassen Zyde waaren" 1 181 riksdalers 2 skelling; 7 September 1783 - "Clamer Hendrik Sleur voor Geweeren" - 406 gulden. Origens word slegs aangedui dat "diverse Goederen" ingekoop is. Die enigste verdere verwysings na die aard van hierdie goedere word aangetref by enkele inskrywings van vraggeld wat betaal is. Hiervan kan die volgende voorbeelde aangestip word: 27 Desember 1782 - "T. Popping te Kiel voor onkoste op 2 pakke Zeylboek"; 2 Januarie 1783 - "Vragt van 2 baalen Zeylboek en Een Casje Pypen". Verder word selfs by items insake vraggeld slegs aangetoon "vragt van 6 pakke van Lubeck" en "vragt van goederen van Berlyn" en so meer.²³ J.G. van Reenen was nie heeltemal tevrede met al die goedere wat sy vader ingekoop het nie. Hy het

23. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, pp. 255 - 256, 549 - 550.

later - tydens die hofsaak waarna vroeër verwys is - sy vader daarvan beskuldig dat hy artikels gekoop het "welke gene de minste relatie hebben tot die goederen" waarop ooreengekom is nie.²⁴

Geen besonderhede kon gevind word met betrekking tot die wins wat J.G. van Reenen op hierdie goedere ter waarde van 136 232 gulden verdien het nie. Skynbaar het hy wel goeie winste gemaak. In die hofsaak met sy vader, wat juis oor hierdie transaksies gegaan het, het hy geen aantygings gemaak dat hy daarop verliese gely het nie. In dié saak het beide vader en seun elke moontlike beskuldiging teen mekaar se hoof geslinger en indien laasgenoemde wel verliese gely het of self nie voldoende profyt gemaak het nie, sou hy nie gekroom het om dit te meld nie.

J.G. van Reenen het vanaf 1784 tot 1792 toe kommissarisse-generaal Nederburgh en Frykenius beperkings op die ongepermitteerde invoerhandel geplaas het, daaraan deelgeneem. Ongelukkig is weinig besonderhede van die omvang van sy bedrywighede bekend. Dat dit egter uitgebreid was, blyk daaruit dat hy in 1787 slegs van die firma, Jan en Willem Willink van Amsterdam, goedere ten bedrae van 12 661 riksdalers 4 skelling (ongeveer 30 000 gulden) ingevoer het. Al hierdie produkte het met een skip, d' Anna, in die Kaap aangekom. Hierdie produkte en die pryse daarvan was die volgende: 312 balke - 1 268 riksdalers; 198 koringskoppe - 235 riksdalers; 28 koringwane - 28 riksdalers; 500 gros pype - 663 riksdalers 6 skelling; 1 440 wit glas - 300 riksdalers; 287 "Schooven" van verskillende grootte - 2 011 riksdalers; 10 000 lb. spykers - 1 041 riksdalers 5 skelling 2 stuiver; 5 000 lb. klinknaels - 20 riksdalers (?); 950 grawe - 707 riksdalers 4 skelling; 100 timmermansbytels - 25 riksdalers; 676 ploegysters (waarskyn=

24. C.J. 882 Regsrolle en Notule - Siviël, 27.11.1788, p. 728.

lik skare) - 450 riksdalers; 440 huisankers - 440 riksdalers; 2 025 lb. koper - 928 riksdalers 1 stuiwer; 1 325 lb. hop - 331 riksdalers 2 stuiwer; 880 bottels Rooiwyn - 311 riksdalers 5 skelling 2 stuiwer; 18 361 lb. yster - 1 536 riksdalers 1 stuiwer; 23 105 lb. hoepelyster (vir wynvate) - 2 097 riksdalers; 200 paar wolkouse - 62 riksdalers 4 skelling; swart leer - 25 riksdalers; 9 trosse wit lyn - 80 riksdalers; mans- en vroueskoene - 108 riksdalers 7 skelling 2 stuiwer.²⁵ Indien hierdie goedere as maatstaf gebruik kan word, is dit dus duidelik dat J.G. van Reenen hom gedurende die laat-tagtigerjare hoofsaaklik op die invoer van produkte wat verband hou met die landbou- en bouersbedryf toegelê het.

Die rol wat J.G. van Reenen en ander invoerhandelaars gedurende hierdie periode gespeel het, kan nie onderskat word nie. Hoewel die Kompanjie teoreties die monopolie gehad het om oorsese produkte in te voer, was daar nooit groot belangstelling van die owerhede om hierdie handel te beoefen en uit te brei nie. Dié liggaam se belangstellingsveld was amper uitsluitlik rondom die Oosterse handel gesentreerd en dit het hom weinig geskeel indien daar 'n tekort aan ingevoerde produkte aan die Kaap was. Dit het dus van die Kaapse ongepermitteerde handelaars afgehang of daar in die vraag na hierdie goedere voorsien kon word. Die belangrikheid van hierdie handelaars word duidelik geïllustreer as gelet word op die gebrek aan ingevoerde goedere wat aan die Kaap bestaan het nadat die kommissaris-generaal Nederburgh en Frykenius teen die einde van 1792 die ongepermitteerde handel belet het. Hierdie kommissaris het self reeds in April 1793 verklaar dat daar 'n groot tekort aan ingevoerde goedere was.²⁶ In hierdie verband

25. C.J. 1210 Siviele Prosesstukke, ongedateerd 1792, pp. 55 - 66.

26. A.J. Boeseken: Die Nederlandse kommissaris en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, p. 178.

meld die Nederlander, Cornelis de Jong, wat die Kaap in November 1794 besoek het, dat Europese produkte "boven verbeelding duur" is en dat 'n el karsaai reeds 'n dukaton en 'n pond witlood veertien dubbeltjies kos.²⁷ Hy verklaar voorts dat 'n artikel wat in Nederland 20 stuiwers kos aan die Kaap vir 44 stuiwers verkoop word. Aanmerkings van kommissaris Sluysken en J.F. Kirsten lewer bewys van die skaarste aan Europese goedere. Eersgenoemde het in April 1795 die owerhede in Nederland dringend versoek om "onontbeerlijke noodwendigheden" in ruil vir Kaapse produkte in te voer.²⁸ In die memorandum wat laasgenoemde kort na die oornome van die Kaap deur die Britte aan die outoriteite oorhandig het, meld hy onder meerdere: "At present, the Inhabitants are in great want of Iron, which is not to be procured for money, as well as of Cloath, Coals, Timber etc".²⁹ Hierdie toestande is in die eerste plaas deur Europese oorlogstoestande en die gevolglike afname in skeepsbesoeke veroorsaak, dog die sluiting van die ongepermitteerde handel het onteenseglik ook daartoe meegewerk. Hoewel die kommissarisse-generaal Nederburgh en Frykenius na die ongepermitteerde handelaars verwys het as "baatzugtige perzoonen" wat vir hul eie voordeel en "tot groot nadeel van de Compagnie"³⁰ goedere ingevoer het, kan tog afgelei word dat J.G. van Reenen en sy mede-invoerhandelaars gedurende die laaste dekades van die bewind van die V.O.C. 'n belangrike diens in hierdie opsig gelewer het.

27. C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop --- III, pp. 55 - 56.

28. C. 698 Brieven en Papieren van A.J. Sluysken aan Gecommitteerdes, 12.4.1795, p. 252.

29. C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten, p. 64.

30. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek IV, 21.1.1792, p. 157.

Uitvoerhandel

Die enigste wettige handel waaraan Kaapse burgers kon deelneem, was die uitvoer van landsprodukte nadat in die behoefte van die Kompanjie voorsien is. Die aanvraag van laasgenoemde vir die twee belangrikste Kaapse produkte, wyn en koring, was redelik laag in verhouding tot die produksie. Gedurende die vyf jaar eindigende op 1 Mei 1779 is byvoorbeeld jaarliks 4 442 lêer wyn produseer, terwyl in laasgenoemde jaar slegs 945 lêer deur die Kompanjie ingekoop is.³¹ Aangesien die plaaslike afset laag was, moes die burgers dus vir 'n groot hoeveelheid wyn ander afsetgebied vind. In die geval van koring was die plaaslike aanvraag - Kompanjie en Kaapse ingesetenes - groter in verhouding tot die produksie, dog dikwels was daar ook oorskotgraan waarvoor 'n mark gesoek moes word. In die geval van beide wyn en koring is van die oorskotprodukte aan vreemde skepe gelewer. Uit die aard van die saak was dit vir koring- en wynboere, waarvan sommige etlike dagreise van Kaapstad gewoon het, onmoontlik om self hul produkte aan hierdie skepe te verkoop. Die gevolg was dat Kaapse burgers dit gewoonlik van die boere opgekoop en dan weer aan die vreemde skepe voorsien het.

J.G. van Reenen het vanaf 1784 as agent vir die lewering van genoemde produkte opgetree. In daardie jaar het hy saam met sy broer, Dirk Gysbert, en Arend von Wielligh 'n pakhuis in Kaapstad gekoop waar die produkte geborg is en waaruit dit aan vreemde skepe gelewer is.³² Met die aanvang van hul bedrywighede as wynleweransiers het hulle ook 700 lêers wyn van Daniel Hugo gekoop. Ongelukkig is dit in hierdie geval ook onmoontlik om die omvang van J.G. van Reenen se bedrywighede in hierdie verband te bepaal.

31. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 137.

32. C.J. 1139 Siviele Prosesstukke, 12.4.1785, pp. 295 - 297.

Slegs in gevalle waar transaksies op hofsake uitgeloop het, kon vasgestel word watter produkte opgekoop en aan skepe gelewer is.

Stellig het dit goed gegaan met J.G. van Reenen se bedrywighede in hierdie verband. Op 21 Desember 1786 het hy nog 'n pakhuis in Kaapstad gekoop ³³ en gedurende die volgende jaar het hy reeds drie Blankes, twee knegte en 'n boekhouer, aldaar in diens gehad. ³⁴ Die enigste verdere besonderhede wat bekend is van produkte wat gekoop is, is dat hy van September 1786 tot Januarie 1787 'n totaal van 76 lêers wyn van Jan de Villiers gekoop het. J.G. van Reenen het geweier om 26 lêers van hierdie wyn in ontvangs te neem omdat die betrokke vate van kastainghout gemaak was en die wyn dus 'n "zeer onaanzienlijke" kleur gehad het. ³⁵ Insake die lewering van produkte aan skepe, is dit ook bekend dat hy in 1792 wyn ter waarde van 6 853 gulden aan die firma Guilmor en Kie. van Baltimore, V.S.A. ³⁶ en in September 1791 160 mud tarwe (koring) en 100 mud fyn meel aan Jonathan Canns, kaptein van die Amerikaanse skip Grand Sachem, verkoop het. ³⁷ Uit 'n skrywe van J.G. van Reenen aan die Politieke Raad ten opsigte van hierdie transaksie kom die talle probleme na vore wat uitvoerhandelaars ondervind het om hul produkte aan die skepe te lewer. Hierdie graan is reeds teen die begin van September 1791 aan Kaptein Canns verkoop, maar dit kon nie gelewer word nie omdat, soos J.G. van Reenen dit stel "de Z.O. wind Zedert 14 dagen onophoudelijk heeft doorgewaaid, waardoor de reede geheel onbevaarbaar is geraak

33. Transporten en Schepenkenissen, 21.12.1786, no. 179.

34. Protocol C.D. 1/18, 17.9.1791, no. 233.

35. Protocol C.D. 1/44, 12.2.1789, no. 19.

36. Protocol C.D. 2/18, 21.8.1792, no's. 274 en 275.

37. C. 289 Requesten en Nominatiën, 27.9.1791, pp. 231 - 233.

dagreise van Kaapstad woonagtig was en dus nie in staat was om self met skepeling te onderhandel nie. Indien hulle wel self die produkte moes lewer, sou dit beteken het dat die boere vir lang tye van hul plase moes wegbly om die koms van skepe in die Kaap af te wag en dit sou onteenseglik inbreuk maak het op hul boerderybedrywighede. Die boere het ook nie fasiliteite soos bote om die produkte na die skepe te vervoer, voldoende arbeiders en bergingsplekke tot hul beskikking gehad om die skepe van produkte te voorsien nie.

Skeepvaart

Die kommissarisse-generaal Nederburgh en Frykenius het gedurende die laaste maande van 1792 ingrypende veranderinge ten opsigte van die Kaapse handel aangebring. Eerstens het hulle op 21 November die vrye vaart of partikuliere handel vir Kaapse burgers oopgestel. Volgens hierdie ordonnansie kon burgers in hul eie skepe Kaapse produkte uitvoer en Europese en Oosterse produkte, met die uitsondering van die meeste speserye en enkele ander artikels, invoer. Op dieselfde dag is ook regulasies neergelê wat daarop gemik was om die ongepermitteerde invoerhandel, wat so lank oogluikend toegelaat is, tot niet te maak. In hierdie ordonnansie het die kommissarisse-generaal hulle in heel onvleiende woorde tot die ongepermitteerde handelaars gerig: "Alzoo wy dagelijks ondervinden dat niettegenstaande by diverse placaten en ordonnantien ten strengsten is verboden het drijven van ongeoorloofde handel met de overheeden en equipagien van 's E Compagnies alhier aankoomende en passeerende scheepen, sommige baatzugtige perzoonen zig niet ontzien --- voor hun reekening ongepermitteerde goederen te doen overkoomen --- tot het overgroot nadeel van de Compagnie ---".⁴⁰ Daar is vervolgens

40. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek, 21.11.1792, p. 157.

bepaal dat die beperkings op hierdie handel in die toekoms streng toegepas sou word. Die Fiskaal het opdrag gekry om inkomende skepe dadelik vir gesmokkelde goedere te visinteer. Hy het selfs vier klein vaartuie met slawe as roeiers bekom om hom behulpsaam te wees in sy soektog na hierdie goedere. Smokkelware sou dadelik gekonfiskeer word en die eienaars daarvan moes 'n boete van viermaal die waarde daarvan betaal en hierbenewens kon selfs lyfstraf aan oortreders toegedien word. Indien die Fiskaal, soos vroeër, sy plig versuim, sou hy uit sy amp geskors en aan die Here XVII rapporteer word. Alle goedere, met die uitsondering van dié wat die burgers in hul eie skepe oorgebring het, moes in die toekoms in Kompanjieskepe teen betaling van hoë vraggelde en doeaneregte ingevoer word.⁴¹

Al hierdie wysiginge ten opsigte van die handel het die posisie van J.G. van Reenen drasties verander. Daar kon geen bewys gevind word dat hy ná November 1792 aan die invoerhandel deelgeneem het nie. Skynbaar was dit vir hom en ander invoerhandelaars vanweë die hoë invoerregte en vraggelde onmoontlik om hierdie handel op 'n winsgewinde basis te dryf. Dit verklaar dan ook die afname in invoere en die gevolglike skaarste aan Europese ware aan die Kaap gedurende die periode 1793 - 1795.⁴²

Hoewel dit vir J.G. van Reenen onmoontlik was om goedere met skepe van die Kompanjie of vreemde moondhede in te voer, het hy nie lank op hom laat wag om die toeweging van die kommissarisse-generaal insake die partikuliere vaart op die proef te stel nie. In April 1793 het hy en sy twee broers,

41. Vir veranderinge deur kommissarisse-generaal Nederburgh en Frykenius aangebring ten opsigte van die handel sien S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek 21.11.1792, pp. 141 - 162; A.J. Boeseken: Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, pp. 177 - 179.

42. Sien pp. 139 - 140.

Jacobus Arnoldus en Sebastiaan Valentyn, wat gesamentlik die Van Reenen=maatskappy beheer het, die Franse skippie, 'l Aimable Jeanette, gekoop.⁴³ J.G. van Reenen en sy broers het dus saam met die burgers O.G. de Wet en J.J. Vos wat gedurende dieselfde tyd onderskeidelik De Zeenimph en die Maria Louisa (herdoop tot De Dankbaare Afrikaan) gekoop het,⁴⁴ die eerste Kaapse skeepseienaars geword. Dat J.G. van Reenen baie trots was op sy nuwe status as skeepseienaar blyk daaruit dat hy op 11 Mei 1793 in 'n skrywe aan die Politieke Raad na homself verwys as "Rheeder en Eigenaar" van genoemde skip.⁴⁵ Hy en sy broers het skynbaar hoë verwagtings gekoester vir die bedrywighede van die 'l Aimable Jeanette soos blyk uit die Hollandse naam wat hulle daarvoor gegee het. Hulle het dit naamlik tot De Hoop op Welvaart herdoop.

Die eerste saak waaraan J.G. van Reenen en sy broers aandag moes skenk nadat hulle De Hoop op Welvaart gekoop het, was om dit van 'n bemanning te voorsien. Hierdie skippie wat ongeveer 80 ton kon vervoer moes 'n kaptein, offisier en vyftien bemanningslede kry. Aangesien daar in die honderden=veertigjarige bestaan van die Kaapse nedersetting geen privaat-skeepsrederye was nie, was daar dus uit die aard van die saak weinig persone met voldoende ervaring wat in diens geneem kon word. Die gevolg was dat die Van Reenen=broers hoofsaaklik op buitelanders aangewese was om De Hoop op Welvaart te beman. As kaptein het hulle 'n Fransman van Bordeaux, Antonie Watering, aangestel. Laasgenoemde het 'n heel interessante geskiedenis gehad. Volgens hom was hy die eienaar van 'n skip die Jean Bart, waarmee hy 'n tyd vroeër van Bordeaux na die Ooste afgereis het. Op die kus van Bengale en

43. C. 210 Bijlagen tot de Resolutiën, 6.5.1793, p. 57.

44. A.J. Boeseken: Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, p. 180.

45. C. 210 Bijlagen tot de Resolutiën, 11.5.1793, p. 159.

Madras het hy die vrag verhandel en daarna die terugreis aangepak. Op pad na Mauritius was die skip vanweë teenwinde en 'n gebrek aan water genoodsaak om by Pidaire op die eiland Sumatra aan te doen. Daar het die inboorlinge bykans die hele bemanning uitgewis en die skip geplunder. Hoewel die oorblywende bemanningslede daarin geslaag het om die Jean Bart veilig na die hawe Pondicherry te laat vaar, was dit in so 'n gehawende toestand dat dit ten behoewe van die versekeraars verkoop is. Vanaf laasgenoemde hawe het Watering na die Kaap gereis (waarskynlik op die 'l Aimable Jeanette), maar hy was vanweë Frankryk se deelname aan die Europese oorlog bevrees om daarheen terug te keer.⁴⁶ Hy het hom gevolglik bereid verklaar om in diens van die Van Reenenbroers te tree totdat toestande in Europa weer normaal sou wees. 'n Amerikaner, Jan (John?) Hannave, is as offisier of tweede-in-bevel van die Hoop op Welvaart in diens geneem. Nege van die vyftien matrose was Amerikaners, vier Spanjaarde, een Duitser en slegs een, Carel Mesinbach, 'n Kapenaar.⁴⁷

Op 6 Mei 1793 het die Hoop op Welvaart in die Kaapse hawe gereed gelê om na die eiland St. Helena te vertrek. Die vrag aan boord het bestaan uit 200 skape en 100 beeste.⁴⁸ Die vraag kan dadelik gestel word waarom 'n skip wat 80 ton kon dra slegs 'n vrag van ongeveer 25 ton ingeneem het. Hoewel onomstootlike bewyse ontbreek, is 'n moontlike verklaring hiervoor te vinde in 'n skrywe van J.G. van Reenen aan die Politieke Raad op 11 Mei 1793 terwyl die Hoop op Welvaart nog steeds in die Tafelbaaise hawe geanker was. Hy het in hierdie brief toestemming gevra dat genoemde skip na Saldanhaabaai

46. C. 212 Bijlagen tot de Resolutiën, 27.11.1793, pp. 735 - 742.

47. C. 210 Bijlagen tot de Resolutiën, 6.5.1793, p. 61.

48. C. 210 Bijlagen tot de Resolutiën, 6.5.1793, p. 65.

kon vertrek sodat herstelwerk aldaar gedoen kan word.⁴⁹ Dit is moontlik dat die Hoop op Welvaart in hierdie baai wat binne bereik van die Groenkloofplase sowel as etlike ander Van Reenenplase geleë was verdere vrag ingeskeep het. By latere geleenthede het die Hoop op Welvaart dikwels in Saldanhabaai produkte ingeneem.

Aangaande die reis van die Hoop op Welvaart vanaf Saldanhabaai na St. Helena en terug is niks bekend nie. Dit het op 4 September weer die Tafelbaaise hawe binnegeseil.⁵⁰ Daar die kommissarisse-generaal Nederburgh en Frykenius bepaal het dat geen vrag in St. Helena ingeskeep mag word nie,⁵¹ het J.G. van Reenen op 31 Oktober 1793 aan die Politieke Raad berig dat aan hierdie opdrag voldoen is. Hoewel hierdie opdrag vergesog blyk te wees, was dit nie die geval nie. Die beweegrede daartoe was om kontantgeld, wat op daardie stadium baie skaars aan die Kaap was, die nedersetting te laat binnevloei.

Die tweede vaart van die Hoop op Welvaart is weer eens na St. Helena onderneem. Dit het teen die begin van November 1793 uit Tafelbaai vertrek met 'n vrag van 118 500 pond meel en 1 000 skape aan boord.⁵² By hierdie geleentheid het die Hoop op Welvaart nie by Saldanhabaai aangedoen nie. Daar genoemde vrag ongeveer die maksimum was wat ingeskeep kon word, kon daar dus geen produkte in laasgenoemde baai ingeneem word nie. Hoewel geen besonderhede bekend is aangaande die terugkoms van die Hoop op Welvaart nie, moes dit blykbaar gedurende Maart of die eerste dae van April 1794 weer in Tafelbaai aangeland het. Op 16 April 1794 het J.G. van Reenen by die Poli-

49. C. 210 Bijlagen tot de Resolutiën, 11.5.1793, pp. 159 - 160.

50. C. 104 Resolutiën, 31.10.1793, p. 240.

51. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek, 21.11.1792, p. 154.

52. C. 104 Resolutiën, 31.10.1793, p. 240.

tieke Raad aansoek gedoen dat dit met "hierlandsche Produkten" na Europa kon vertrek. Die rede wat aangegee word vir hierdie reis, is dat die skip aldaar "van nuwe dubbelhuid" voorsien moes word. Hy het egter weer eens toestemming gevra dat dit voor die vertrek na Europa na Saldanhaabaai kon vaar ten einde noodsaaklike herstelwerk te laat doen. Voorts het hy versoek dat aangesien dit onmoontlik sou wees om hierdie herstelwerk met 'n vol vrag te doen 'n groot deel van die vrag in Saldanhaabaai ingeskeep kon word.⁵³

Blykbaar het dit nie baie voorspoedig gegaan met die herstelwerk of die inskeping van produkte in laasgenoemde baai nie. Tot 5 Junie 1794 het die Hoop op Welvaart nog steeds daar voor anker gelê voordat dit gereed was om na Europa te vertrek. Die vrag aan boord het bestaan uit bewerkte velle, olifantstande, wol, wyn, meel, soutvleis en alwyn.⁵⁴ J.G. van Reenen se verbinding met die Hoop op Welvaart is egter gedurende hierdie tyd verbreek. In die vorige hoofstuk is reeds aangetoon dat die Van Reenenmaatskappy op 30 Mei 1794 ontbind het.⁵⁵ Met hierdie ontbinding het J.G. van Reenen sy aandeel van genoemde skip vir 800 riksdalers aan sy broers verkoop.⁵⁶ J.G. van Reenen was dus slegs vir die kortstondige periode van 13 maande skeepseienaar. Gedurende hierdie tyd het hy alle korrespondensie insake die bedrywighede van die Hoop op Welvaart behartig. Uit hierdie korrespondensie blyk dit dat hy 'n besonder goeie kennis van die skeepvaart gehad het. Aangeleenthede soos die seebriewe en paspoorte van die bemanning, mondprovisie vir laasgenoemde, borggeld indien die seelui op die reis sou omkom of vermink word, versekering van die skip en so meer word bespreek

53. C. 215 Bijlagen tot de Resolutiën, 16.4.1794, pp. 497 - 499.

54. C.J. 1243 Siviele Prosesstukke, 5.6.1794, pp. 13 - 16.

55. Sien p. 123.

56. C.J. 1243 Siviele Prosesstukke, 5.6.1794, p. 14; Protocol C.D. 2/18 no's. 219, 261, 293.

asof hy jarelange ondervinding in die skeepvaart gehad het. Prof. C.F.J. Muller se opmerkinge insake die vroeë Kaapse skeepvaart geld hier: "'n Suksesvolle eie skeepvaartbedryf kon egter nie oornag opgebou word nie. Veel kapitaal, handels- en seevaartervaring en rustige tye was nodig. Geeneen van die gunstige faktore was nou aanwesig nie".⁵⁷ In die lig hiervan is dit merkwaardig dat die Hoop op Welvaart die enigste skip behorende aan die eerste Kaapse skeepseienaars was wat met die oorname van die Kaap deur die Engelse nog seevaardig was en met handelsbedrywighele voortgegaan het.

As skeepseienaars het J.G. van Reenen en sy broers gedurende hierdie periode 'n belangrike funksie vervul. Vanweë die oorlogstoestand het die normale skeepsverkeer bykans tot stilstand gekom met die gevolg dat uitvoere grootliks gedaal het. Hoewel die bedrywighele van die Hoop op Welvaart in hierdie verband beperk was, het dit tog daartoe bygedra dat die nood van die Kapenaars verlig is.

57. C.F.J. Muller: Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 79.

asof hy jarelange ondervinding in die skeepvaart gehad het. Prof. C.F.J. Muller se opmerkinge insake die vroeë Kaapse skeepvaart geld hier: "'n Suksesvolle eie skeepvaartbedryf kon egter nie oornag opgebou word nie. Veel kapitaal, handels- en seevaartervaring en rustige tye was nodig. Geeneen van die gunstige faktore was nou aanwesig nie".⁵⁷ In die lig hiervan is dit merkwaardig dat die Hoop op Welvaart die enigste skip behorende aan die eerste Kaapse skeepseienaars was wat met die oorname van die Kaap deur die Engelse nog seevaardig was en met handelsbedrywighele voortgegaan het.

As skeepseienaars het J.G. van Reenen en sy broers gedurende hierdie periode 'n belangrike funksie vervul. Vanweë die oorlogstoestand het die normale skeepsverkeer bykans tot stilstand gekom met die gevolg dat uitvoere grootliks gedaal het. Hoewel die bedrywighele van die Hoop op Welvaart in hierdie verband beperk was, het dit tog daartoe bygedra dat die nood van die Kapenaars verlig is.

57. C.F.J. Muller: Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 79.

HOOFSTUK VIPOLITIEKE EN AMPTELIKE BEDRYWIGHEDEDie Patriottebeweging

Toe J.G. van Reenen teen die begin van die sewentigerjare van die agtiende eeu volwasse leeftyd bereik, was die Kaapse koloniste polities gesproke heeltemal passief. Tydens die latere gedeelte van hierdie dekade het daar egter beroeringe onder 'n deel van die Kaapse gemeenskap ontstaan. In ooreenstemming met die destydse Europese denkbeelde ten opsigte van die vryheid van die individu, die reg wat die onderdaan het om van die owerheid ontslae te raak indien laasgenoemde nie die staat tot voordeel van die burgers regeer nie en ander opvattinge wat gemik was teen die absolutisme van die Ancien Regime, het die Kaapse koloniste hul passiwiteit op politieke gebied afgeskud. In anonieme geskrifte wat gedurende 1778 aan die Kaapse burgers uitgestuur is, is voorgemelde denkbeelde verkondig. In een van hierdie geskrifte word byvoorbeeld gemeld dat "door den Almogende aan elk mensch, wie hij sij, waar hij woon, deese Wet is opgelegd, als de Grondwet van alle pligten, namentlijk, dat hij sijn eigen welsijn met dan van zijn Medemensch, en in het bijzonder dat, van sijn Medeburgers, soo veel moet bevorderen als in sijn vermoogen is en dat volgens sijn beste kennisse en wetenskap".¹

In 'n ander geskrif waarin inleidend dieselfde denkbeelde uiteengesit is, word 'n donker prentjie geskilder van die ekonomiese toestande aan die Kaap. Volgens die outeur van hierdie dokument kon die swak ekonomiese toestande hoofsaaklik gewyt word aan die optrede van die amptenare van die Kompanjie wat die Kaapse handel uit die hande van die burgers geneem het. Die eko-

1. Kopie van hierdie geskrif in C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, Bylae A, pp. 299 - 309.

nomiese situasie was dus goeie teelaarde vir politieke agitatie.

Die eerste daadwerklike poging van die Kaapse burgers of Kaapse Patriotte - die benaming is na analogie van die ontevrede Nederlanders wat gedurende hierdie tyd die nuwe denkbeelde aangehang het - was om vier burgers na Nederland te stuur om hul griewe voor die Here XVII te lê. Die burgerrade C. van der Poel, C.G. Maasdorp, G.H. Meyer tesame met 'n aantal heemrade en 404 burgers het op 7 Mei 1779 'n volmagbrief onderteken waarvolgens hulle Jacobus van Reenen (J.G. van Reenen se vader), B.J. Artoys, T. Roos en N.G. Heyns afgevaardig het om na Nederland te vertrek om aldaar 'n memorie waarin die klagtes en besware van die Kaapse burgery vervat is aan die Here XVII voor te lê.

Op 16 Oktober 1779 het die vier afgevaardigdes die memorie persoonlik aan die Here XVII oorhandig. Hierdie lywige memorie het uit drie afdelings bestaan.² In die eerste deel word die swak ekonomiese toestand waarin die Kaapse burgers verkeer het breedvoerig uiteengesit. Daar word verklaar dat hoewel daar 'n oorfloed van wyn, koring en vee aan die Kaap is, die burgers in ernstige nood verkeer. Die belangrikste oorsaak vir hierdie toestand, so word beweer, is die gebrek aan afsetgebied vir produkte en die feit dat die pryse wat die Kompanjie daarvoor betaal heeltemal ontoereikend is. Die ongewenste toestand word vererger deurdat Kompanjiesamptenare hulself op groot skaal op die partikuliere handel toelê. Daar word veral teen laasgenoemdes te velde getrek omdat die burgers van Kaapstad van oudsher gewoon was om hul bestaan te vind in die lewering van landbouprodukte aan skepeling en die inkoop van Europese en Oosterse goedere wat hulle dan weer aan die boere ver-

2. Hierdie aangeleentheid is in besonderhede bespreek deur C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 32 - 59.

handel.

Die tweede deel van die memorie is op die ongeoorloofde optrede van Kompanjiesamptenare toegespits. Die amptenare word by name genoem en hul oortredings en misdrywe is in besonderhede uiteengesit.

In die derde deel van die memorie word in 37 artikels aanbevelings gemaak hoe om die bestaande toestande te verbeter. Eerstens word aandag geskenk aan die verbetering van die ekonomiese posisie en daarna kom die versoek dat die administratiewe stelsel hervorm moet word. Veral van belang insake laasgenoemde is die versoeke wat polities van aard was en wat daarop dui dat die nuwe denkkeelde wat vroeër uiteengesit is wel deeglik aan die Kaap invloed uitgeoefen het. Die belangrikste aanbevelings is die volgende: dat die Raad van Justisie uit 'n gelyke aantal amptenare en burgerrade saamgestel moet word, dat sewe burgerrade op die Politieke Raad sitting kry wanneer burgerlike sake bespreek word, dat 'n "vrye nominasie" by die vulling van burgerradsvakatures en 'n vrye verkiesing van alle burgerlede van die verskillende administratiewe liggame ingestel moet word.

Nadat hierdie memorie deur die Here XVII bespreek is, is die aanklagte na die Kaapse Politieke Raad verwys sodat alle amptenare teen wie klagtes ingebring is hulle daarteen kon verantwoord. Dit het lank geduur voordat hierdie verantwoordinge Nederland bereik het. Hierdie vertraging is hoofsaaklik veroorsaak deur die belemmering in skeepsverkeer tussen die Kaap en Nederland vanweë die oorlog tussen Nederland en Groot-Brittanje wat op 20 Desember 1780 uitgebreek het. 'n Ander faktor wat 'n rol in die vertraging gespeel het, was egter ook dat die amptenare onnodig lank getalm het om hul verantwoordings gereed te kry. Die Here XVII kon eers op 7 Augustus 1782 vergader om 'n beslissing oor die aanklagte en versoek van die memorie te vel. Reeds

op 24 April 1782, nadat die afgevaardigdes verdere klagtes uit die Kaap ontvang het, is 'n "Nadere Memorie" aan die Here XVII oorhandig.³ Hierdie memorie was 'n aanvulling tot dié van 1779. Verdere gegewens betreffende die ekonomiese toestande aan die Kaap en onderdrukkende maatreëls van die amptenare is onder die aandag van die Here XVII gebring. Voorts is, soos in die vorige memorie, aanbevelings gemaak hoe toestande aan die Kaap verbeter kon word. Die Here XVII het hierdie memorie weer eens na die Kaapse amptenare vir kommentaar verwys.

Op 3 Desember 1783 het die Here XVII uiteindelik, nadat die verantwoordinge van al die Kaapse amptenare ontvang is, 'n beslissing aangaande die klagtes en aanbevelings vervat in die Burgermemorie van 1779 gevel. Dit is irrelevant om hier in besonderhede te tree ten opsigte van die enkele veranderinge wat die Here XVII aan die bestaande politieke bedeling en die ekonomiese stelsel aangebring het. In wese kom dit daarop neer dat geen noemenswaardige veranderinge aangebring is nie. Ook wat betref die aanklagte teen die amptenare het die Here XVII 'n negatiewe houding ingeneem en bevind dat die klagtes "gedeeltelik onbeweesen, gedeeltelik van weinig aanbelang, doch in de allerverswarende omstandigheeden voorgesteld, gedeeltelik sodanig, dat die Burgerij althans geen reden had sig dieswegens te beklagen, en gedeeltelik ongegrond".⁴ Daar is gevolglik besluit dat geen optrede teen enige amptenare nodig was nie.

Op 25 Mei 1784 is die beslissing van die Here XVII voor die Kaapse Politieke

3. Die gebeurtenisse aan die Kaap wat daartoe aanleiding gegee het dat die Kaapse burgers verdere klagtes by afgevaardigdes ingedien het, sal later meer breedvoerig bespreek word.

4. Aangehaal deur C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 75.

Raad ter tafel gelê. Die Kaapse Patriotte was bitter teleurgesteld daarmee. Hulle het dit egter nie gedwee aanvaar nie. Nadat 'n aantal burgers 'n vergadering gehou het waartydens die gemoedere hoog geloop het, is 'n skrifstuk op 28 Augustus 1784 opgestel waaruit afgelei kan word wat die houding van die Patriotte - of altans 'n aantal van hulle - gedurende die laaste maande van 1784 was. In hierdie "Seer Nadrukkelike Propositie, voorgestel aan alle Waardige Patriotten, Voorstanders van Recht en Geregtigheid en Vrijheid minnende Burgeren aan Cabo de Goede Hoop"⁵ wat deur 76 burgers onderteken is, word heftig teen die uitspraak van die Here XVII beswaar gemaak. Die vraag word gestel of die burgers in hierdie uitspraak moet berus. Daarna kom die antwoord dat berusting "Een Schandelijke, en voor de Menschelijke Natuure onteerende Slavernije" sou beteken. Voorts word uitdrukkinge gebesig soos "de quade Tyrannige, en ongepermitteerde directie, en magstatuure" van die Kaapse amptenaarkorps; "dat wij en ons kinderen voortaan als slaven, als lastdieren zullen bestierd worden!"; Dan lieve Burgers, wij hebben nog veel te edel bloed om ons onmiddelijk te buigen onder 't Jok der Slavernije ---". Daar word besluit om twee of drie "bequaame Liederen" na Nederland te stuur om die burgersaak, soos hulle dit stel, "voor ons Hooge en Wettige Souvereinen, de Hoog Mogende Heeren Staaten Generaal der Vereenigde Nederlanden" te lê.⁶

Alvorens hiertoe oorgegaan sou word, is egter besluit om die aanwysing van hierdie deputasie tot nã die aankoms van die nuutaangestelde goewerneur, C.J. van de Graaff, uit te stel. Die Kaapse Patriotte het steeds onder die

5. Kopie van hierdie skrifstuk in C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, Bylae C, pp. 313 - 315.

6. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, Bylae C, pp. 313 - 314.

indruk verkeer dat die uitspraak van die Here XVII slegs voorlopig was en dat die nuwe goewerneur by sy aankoms 'n meer bemoedigende antwoord op hul versoeke sou aankondig. In hierdie verband word daar selfs in die "Propositiesie" na hom verwys as "onsen aanstaande Verlosser". Dat hierdie groep Kaapse Patriotte egter in 'n moeilike bui was, blyk uit die volgende oproep aan hul medeburgers: "Beide hier door, te weeten, met de manmoedig besluit, om liever alles te wagen, dan ons dus Slaafagtig te onderwerpen, en door dese toegeeflijkheid van ons voorneemen uijt te stellen, tot dat dien Heer (Van de Graaff) gearriveerd is, zult gij dierbaare Burgeren, voldoen aan de pligten van Mensch, Godt gebied uw, overeenkomstig de edele vermogens uwer Ziele, uw tegen Tyrannie en onderdrukking te verdedigen, dit edel vermogen heeft Godt zelfs gelegd in redeloose Dieren, en zouden wij minder zijn!".⁷

Reeds op 11 Oktober 1784, dus nog voor die koms van goewerneur Van de Graaff (hy het op 22 Januarie 1785 arriveer), het die voormanne van die Patriotbeweging in naam van die 76 ondertekenaars van voorgenoemde geskrif eenparig 'n aantal Representante gekies (later is nog 'n paar toegevoeg) om vir die burgersaak te veg en indien nodig die klagtes voor die Nederlandse State-Generaal te lê om "aldus te verkrijgen altoos duurende verzekering van onze vrijheid en geoorloofden wettigen handel, neeringen en hanteeringen, mitsgaders eene rechtvaardige administrasie van Justisie, naar recht, reden en billijkheid". 'n Verdere taak van die Representanteliggaam was die ver-skaffing van voorligting en opleiding aan die Burgerstaat "tot meerdere kennisse betragting en uijtoefening van needrige deugden".⁸

7. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, Bylae C, p. 314.

8. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, Bylae C, p. 314.

Wat betref die strewe van die Representanteliggam en die ideaal van die Kaapse Patriotte kan hier met die woorde van dr. C. Beyers volstaan word: "Hul hoofstrewe was om op Suid-Afrikaanse bodem verwesenlik te kry 'n tempel van Reg, Vryheid, Deug en Eer. Dit skyn dus of dit die Patriotte erns was, en indrukwekkend is vir ons inderdaad hul strydleus: Non Sibi, Sed Patriae! (Nie vir sigself nie, maar vir die Vaderland)".⁹

Die verdere bedrywighede van die Kaapse Patriotte was dan, soos hulle reeds in die "Propositie" laat blyk het, op beroepe tot die Nederlandse State-Generaal gemik. Gedurende 1784, dus nog steeds voor goewerneur Van de Graaff se aankoms, is drie adresse tot die State-Generaal gerig. Hierdie adresse is veral opgestel omdat die optrede van die amptenare buitensporiger geword het en die burgers keelvol vir die administrasie van die Oos-Indiese Kompanjie was. Na die bewindsoorname van goewerneur Van de Graaff in Februarie 1785 het die vooruitsig op beter dae waarop die burgers hul hoop gevestig het, in die niet verdwyn. Die goewerneur het geen goeie tyding gebring nie; trouens, dit het al gou geblyk dat die bestaande toestande sou voortduur. Op 13 Februarie 1785 is besluit om vier afgevaardigdes, M.A. Bergh, J. Roos, J.H. Redelinghuys en J.A. Bresler af te vaardig om persoonlik die griewe van die Kaapse koloniste voor die Nederlandse State-Generaal te lê. Besonderhede in verband met die optrede van hierdie afvaardiging is nie ter sake nie. Daar kan volstaan word deur te meld dat die State-Generaal nie bereid was om hom in te laat met die bedrywighede van die V.O.C. nie, met die gevolg dat ook hierdie sending misluk het. Die Here XVII, na wie die State-Generaal die klagtes en versoeke verwys het, het weer eens slegs kleinere wysigings aan die Kaapse administratiewe en ekonomiese stelsel aange-

9. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 86.

bring. Die verantwoording van die Kaapse amptenare op die aanklagte vervat in die "Nadere Memorie" van 1782 het intussen ook Nederland bereik. Ook in hierdie geval is slegs kleinere wysigings op die aanbevelings wat in hierdie memorie vervat was, aangebring. Die aanklagte teen die amptenare is weer eens verwerp.

Teen die einde van die tagtigerjare was die Kaapse koloniste skynbaar genoodsaak om te berus in die beslissing wat op die onderskeie burgermemories uitgespreek is. Die Patriotbeweging, wat met soveel vuur geveg het in die laat sewentiger- en eerste deel van die tagtigerjare, se mond was gesnoer veral nadat 'n Pruisiese leër in 1787 die Patriotparty in die Nederlande, geesgenoot van sy Kaapse eweknie, onderdruk en die Oranjeparty, aanhangers van die stadhouer, se gesag in ere herstel het.¹⁰

Hoewel die Kaapse Patriotte prakties gesproke weinig uitgerig het om die bestaande orde na hul wense te omskep, het hierdie beweging aansienlike invloed in die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgeoefen. Etlike nuwe idees wat verreikende gevolge sou hê, het vir die eerste keer inslag by die Kaapse gemeenskap gevind. Demokratiese denkbeelde wat beoog het dat die volk self sy owerheid moet aanwys en afdank, die beginsels van vrye verkiesing van verteenwoordigers, die skeiding van wetgewende en regsprekende regeringsmagte en dat die volk deur onskendbare wette teen die optrede van amptenare beskerm moet word, het gedurende hierdie tyd by die Kaapse Patriotte posgevat. Terme soos "burgerstaat", "volkstem", "volksrepresentante" en talle andere wat direk in verband gebring kan word met die demokratiese denkbeelde wat in Europa in omgang was, het huishoudelike woorde by die Kaapse burgers geword.

10. C.F.J. Muller: Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 73.

Vanuit die Kaap is hierdie opvattinge dieper die binneland ingedra en uiteindelik sou dit beliggaam wees in die konstitusies van die verskillende republieke wat later in Suid-Afrika tot stand gekom het.

J.G. van Reenen as Kaapse Patriot

J.G. van Reenen was een van die ontevrede burgers wat sedert die ontstaan van die Patriotbeweging aan die bedrywighede daarvan deelgeneem het. Hy was mede-ondertekenaar van die brief van 7 Mei 1779 wat volmag aan die vier afgevaardigdes verleen het om die Burgermemorie aan die Here XVII voor te lê.¹¹ Hoewel gemoedere aan die Kaap steeds hoog geloop het vanaf laasgenoemde datum tot aan die einde van 1780, was die ontevrede koloniste, met 'n enkele uitsondering, redelik stil. Hierdie uitsondering was toe die burgers wat hulle vir die jaarlikse wapenskouing aangemeld het, geweier het om te verdaag alvorens die offisiere die goewerneur versoek het om die fungerende burgerrade te laat aanbly totdat die Here XVII oor die ingesonde Burgermemorie uitsluitel gegee het.¹² Aangesien die onderhawige dokumente nie besonderhede verstrek aangaande die persone wat by hierdie episode betrokke was nie, is dit moeilik om te bepaal of J.G. van Reenen, wat onderoffisier in die burgermag was, een van die burgers was wat die versoek tot die offisiere gerig het en of hy een van die offisiere was wat die eis aan die goewerneur gestel het. Dat hy egter hierdie versoek gesteun het, blyk daaruit dat hy ondertekenaar was van 'n rekwes van 30 September 1780 waarin hierdie versoek herhaal word.¹³

Gedurende die laaste maande van 1780 het die ontevrede burgers weer bedrywig

11. C. 742 Kaapsche Geschillen I, 7.5.1779, p. 72.

12. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 76.

13. C. 744 Kaapsche Geschillen III, 30.9.1780, pp. 179 - 181.

geraak en telkens van hulle laat hoor. Dit wil voorkom of dit veral die leidende figure in die Patriotbeweging was wat na vore getree het om vir die burgersaak te veg. Die naam van J.G. van Reenen en verskeie ander bekende Kapenaars soos J. de Waal, J. Smit Jurriaans, D. Verwey, J.M. Hertog,¹⁴ T.F. Dreyer, J.A. Grundlingh en H.O. Eksteen verskyn dan ook telkens in geskryfte en rekweste van die Patriotte wat uit hierdie tydperk dateer. Op 9 September 1780 het 'n drie-en-dertigtal van hierdie Patriotte namens hulself "als uit naam en wegens alle regtgeaarde Burgeren" by die burgerrade daarop aangedring dat laasgenoemdes een of twee persone moes aanwys om namens die "goede Burgery" getuienis aangaande onreëlmatighede deur amptenare in te win.¹⁵ Hierdie getuienis en dokumente ter staving daarvan moes dan voor die Raad van Justisie beëdig en aan die afgevaardigdes in Nederland gestuur word.

Die burgerrade het skynbaar nie vinnig genoeg na die sin van 'n aantal van hierdie heethoofde gereageer nie. Op 3 Oktober 1780 het 18 van hulle in 'n brief aan die burgerrade voorgenoemde versoek herhaal.¹⁶ J.G. van Reenen was, soos by die vorige geleentheid, een van die ondertekenaars van hierdie rekwe. Dat die ondertekenaars van hierdie rekweste as die leiers van die Patriotbeweging beskou is, blyk daaruit dat die burgerrade in hul antwoord na hierdie burgers as "onze principaale medeburgeren"¹⁷ verwys.

In antwoord op hierdie versoek het die burgerrade twee persone, Dirk

14. Vir sy doen en late vergelyk J.C. Visagie: Willem Fredrik Hertzog, 1792 - 1847, pp. 5 - 15.

15. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 9.9.1780, pp. 209 - 210.

16. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 3.10.1780, pp. 210 - 211.

17. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 6.10.1780, p. 211.

Weesberg en J.A. Grundlingh, aangewys om, soos hulle dit stel, "tot benefice der dierbare belangens van onzer voor lang kwynende Burgerstaat" genoemde taak te vervul.¹⁸ Op 7 November 1780, nadat Weesberg en Grundlingh etlike burgers gedagvaar het om getuienis voor die Raad van Justisie af te lê, het die Politieke Raad hul aanwysing deur die burgerrade buite orde gereël en die Raad van Justisie opdrag gegee om hulle te ignoreer.¹⁹

J.G. van Reenen en 'n drietal ander Patriotte, P. van Breda, H.O. Eksteen en J. de Waal het nie by hierdie beslissing berus nie. Teen die einde van November en begin Desember 1780 het hierdie viertal hulle by die Sekretaris van die Raad van Justisie, C.L. Neethling, aangemeld om prokurasie aan Weesberg en Grundlingh te passeer om getuienis "wegens den burgerstaat" af te lê. Neethling het geweier om aan hierdie versoek te voldoen.²⁰

Hierdie optrede van Neethling, hoewel oënskynlik na aanleiding van die beslissing van 7 November 1780 deur die Politieke Raad, het J.G. van Reenen en die ander Patriotte wat saam met hom hierdie aansoek ingedien het, hewig ontstel. Laasgenoemdes en Weesberg, Grundlingh, J.P. Voges en ene Touten het op 23 Desember 1780 'n skrywe aan die burgerrade gerig om laasgenoemdes aangaande die optrede van Neethling in te lig. Op geen onduidelike wyse nie het hulle hul misnoeë uitgespreek omdat die president en die sekretaris van die Raad van Justisie "finaalijk hebben komen te wijgeren --- de zaaken betreffende den Burgerstand voor deeze Regtbank niet zullen gedogen". Hulle het voorts gemeld dat hierdie optrede "regtsdraats strijdig is tegen alle billijkheid in een Land daar regt en geregtigheid moet gehandhaafd worden".

18. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 6.10.1780, p. 212.

19. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 77.

20. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 2 en 3.12.1780, pp. 235 - 237.

Die ondertekenaars van hierdie geskrif het die burgerrade ook in kennis gestel dat hulle voortaan onbeëdigde verklarings na Nederland sou stuur omdat, hulle geensins: "twyfellen --- of onze Hooggebiedende Heeren en Meesteren (terwyl de Regtbank alhier voor die Burgeren geslooten is) zal alle onze regtmatige verklaringe, voor waarachtig aanneemen als of zulks notarieel en voor Gecommitteerdens van den Edel Achtbare Raad van Justisie gepazzeerd en gerecolleerd waren".²¹ Uit voorgaande blyk duidelik dat J.G. van Reenen gedurende hierdie periode een van die bedrywigste Kaapse Patriotte was. Sy naam kom dan ook telkens voor op dokumente wat na die afgevaardigdes in Nederland gestuur is met getuienis aangaande onreëlmatighede van Kaapse amp=tenare.²² Soos reeds aangetoon het die afgevaardigdes na ontvangs van hierdie getuienis in Augustus 1782 die "Nadere Memorie" opgestel en aan die Here XVII oorhandig.

Ook tydens die tweede fase van die Patriottestryd toe die ontevrede burgers hulle na die Nederlandse State-Generaal gewend het, was J.G. van Reenen 'n sterk ondersteuner van die burgersaak. Hy was een van die 76 ondertekenaars van die "Propositie" waarin die Patriotte op ondubbelsinnige wyse hul misnoë in die beslissing op die memorie van 1779 uitgespreek het.²³ Nadat die vier afgevaardigdes aangewys is om die burgersaak voor die State-Generaal te lê, moes persone gevind word om hulle te borg en om geldelike bystand vir die reis na en verblyf in Europa te verleen. J.G. van Reenen was een van die 94 burgers wat hulle onder eed verbind het om, soos dit in die aanhef van die dokument wat gesirkuleer is om hierdie borge te vind, gestel word "als gua=

21. C. 743 Kaapsche Geschillen II, 20.12.1780, pp. 238 - 239.

22. Vergelyk C. 743 Kaapsche Geschillen II, 12.11.1780, p. 206; C. 744 Kaapsche Geschillen III, 11.10.1780, p. 419.

23. Vir 'n afskrif van hierdie "Propositie" met die ondertekenaars daarvan vergelyk C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 313 - 315.

randeurs en Seekerstellers, Voor gelderen, welke alreeds door onze meede deelneemende Burgerije in't Generaal, ter Somma van Circa Vijftig duijsend Guldens gefourneerd Sij bij Inteekeninge en nog Staan gecontribueerd te worden, om altoos de benooidige pennigen ter remitteeringe aan onze representerende gemagtigden --- te Sullen fourneeren".²⁴ Toe die geld ingesamel is, was hy dan ook een van die grootste bydraers op die lys.²⁵

J.G. van Reenen se posisie as een van die leidende figure in die Burgerbeweging blyk ook uit 'n brief gedateer 6 Januarie 1786 van J. Roos, J.H. Redelinghuis en J.A. Bresler, drie van die afgevaardigdes in Nederland. Hierdie brief het die Kaapse burgers in kennis gestel van die verraderlike wyse waarop M.A. Bergh, hul mede-afgevaardigde, na hul aankoms in Nederland hom "heeft willen Schuldig maaken aan Mein Eed en Godloos verraad".²⁶ Die optrede van Bergh is reeds in besonderhede deur dr. C. Beyers behandel²⁷ en is tewens ook nie hier van belang nie. Wat wel opval is dat genoemde drie afgevaardigdes hul brief, waarin ook goedkeuring gevra word vir die afdanking van Bergh, rig aan 'n sestiental Kaapse burgers en "verder aan de Generaale klaagende en bij den Hoogmogende Souverain om Redres versoekenden Burgerstaat aan Cabo de Goede Hoop".²⁸ Hierdie sestien burgers was ongetwyfeld saam met die Algemene Representante, aan wie 'n afsonderlike brief met dieselfde strekking gerig is, die leiers van die Kaapse Patriotbeweging. Hierdie sestien persone was die volgende: Jacobus van Reenen, Senior; Gerrit Munnik; David de Villiers, J.P. Seun; Jacob de Villiers, J.P. Seun;

24. C. 741 Burger Bezwaren, Maart - April 1785, ongepagineerd.

25. C. 739 Burger Bezwaren, 1785, pp. 132 - 134.

26. C. 741 Burger Bezwaren, 6.1.1786, ongepagineerd.

27. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 92 - 95.

28. C. 741 Burger Bezwaren, 6.1.1786, ongepagineerd.

Andries van der Byl (oudburger en =heemrade); Johannes de Waal; J.G. van Reenen; D.G. van Reenen; Pieter de Waal; Pieter van der Byl; Pieter van Breda; G.S. Bunding; C.P. Brand; J. Smit Jurriaansz; A. van Wielligh en J.A. Grundling.

Slegs uit een domument wat dateer uit die tydperk 1778 - 1788 laat die Kaapse Patriotte dit deurskemer dat hulle, soos die Nederlandse Patriotte, Fransgesind en dus anti-Engels was. Hierdie verwysing kom voor in 'n "Memorie inhoudende een alternatief betoog van het wangedrag van den heere Marthinus Adrianus Bergh ---" gedateer 16 Februarie 1786, aan die Represen=tante in die Kaap. In hierdie geskrif word gemeld dat Bergh voor die regs=praktisyns wat die burgersaak by die State-Generaal moes stel, 'n "lofsprake, ten faveure der Engelsche factie, hier te Lande" voorgedra het. Voorts meld hulle dat hierdie mense "bij de Burgerije van de Caap, zo rechmatig ge=haat en veracht" word.²⁹ Reeds lank voordat die afgevaardigdes hierdie stelling gemaak het, het J.G. van Reenen laat deurskemer dat hy geen liefde vir die Engelse koester nie. In 'n brief aan sy vader op 15 April 1781, toe gerugte in die Kaap in omloop was dat Engeland die nedersetting sou inneem (die Anglo-Nederlandse oorlog het in Desember 1780 uitbreek), skryf hy onder meer: "Zodra wij hier tijding van Oorlog heb gekregen is alles in Rep en Roer gebracht de goede voorzorg der Regeering blijkt ten vollen uit de preparatien die zij maaken om den vijand, indien hij aan de Caap moge komen, te doen ondervinden, dat wij niet genegen zijn om ons tot een gerin=gen prijs aan Engeland oor te geven, zal hij meer tegenstand vinden dan hij verwacht, en gewaar worden dat de Africaansche dapperheid en beleid niet voor de woede en heerschzugt der Engelschen behoeft te Zwigten".³⁰ Hoe=

29. Aangehaal deur C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 92.

30. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 15.4.1781, p. 562; vergelyk Bylae B.

wel J.G. van Reenen swyg aangaande sy gevoel jeens die Franse, blyk dit tog dat hy reeds op 'n vroeë stadium die Patriotte se afkeur in die Engelse gedeel het.

Uit voorgaande blyk duidelik dat J.G. van Reenen 'n sterk aanhanger van die denkbeelde van die Kaapse Patriotte was en dat hy 'n leidende rol in hierdie beweging gespeel het. Die vraag duik vervolgens op in hoeverre hy gepoog het om hierdie denkbeelde prakties toe te pas. Hoewel hy nooit in enige geskrif sy persoonlike opvattinge in hierdie verband uiteengesit het nie, blyk dit tog uit opmerkings in verslae en memories wat hy opgestel het dat hy veral die "bevordering van die algemene welsyn" nagestreef het. In hierdie verband maak dr. C. Beyers 'n aantal belangwekkende opmerkings. Ten eerste meld hy: "Dis (hier word verwys na die anonieme geskrif "de Magt en Vrijheden eener Burgerlijke Maatskappij ---") 'n wysgerige vertoog wat as grondstelling het twee sogenaamde sedewette, wat omvat die verpligting wat daar op elke mens rus om sy eie welsyn en die van die algemeen, meer in die besonder die van sy mede-burgers, soveel as in sy vermoë is en volgens sy beste kennis en wetenskap te bevorder".³¹ Hy vervolg "die idee, die bevordering van die algemene welsyn, gewoonlik as 'n morele plig opgevat, het dus 'n prominente plek in die gedagtegang van die Kaapse burgers ingeneem".³²

Volgens enkele opmerkings in geskrifte van J.G. van Reenen het die "algemene welsyn" swaar by hom geweeg. Dit is trouens merkwaardig dat hy hierdie gedagte geopper het in geskrifte wat aan die owerhede oorhandig is. Die eerste verwysing hierna kom voor in 'n verslag van April 1786 wat hy na 'n reis deur die Suid-Kaap opgestel het. Hy is by hierdie geleentheid deur goewer-

31. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 198.

32. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 186.

neur C.J. van de Graaff versoek om die koloniste woonagtig in die streek van Swellendam tot by Mosselbaai aan te moedig om hulle op graanbou toe te lê. Met sy terugkoms het hy benewens 'n verslag aangaande hierdie aangeleentheid ook op eie inisiatief 'n lang memorie by die goewerneur ingedien om laasgenoemde daarop attent te maak dat die houtbosse in die omgewing van Knysna en Plettenbergbaai deur die Kompanjie winsgewend benut kan word. Hierdie verslag word met die volgende woorde afgesluit: "De ondergetekende hiermeede 't welzijn van't algemeen ten doel hebbende, neemde de vrijheid't voorsz bericht aan u weledele Gestrenge op te dragen als ten volle overtuigd zijnde u weledele Gestrenge de belangens der E. Comp. en den welvaart onser colonie altijd in't oog houd en ten meesten behartigd; heeft de Eer na Uwel Edele Gestrenge en hoogst Gerespecteerde tot genoegen en't nut der Inwoonders ---".³³ Die kursivering is deur J.G. van Reenen self gedoen en hieruit blyk dit dat hy hierdie opvatting van die Patriotte prakties wou toepas en dit selfs by die goewerneur wou tuisbring.

Op 25 Julie 1792 het J.G. van Reenen 'n memorie "dienende tot opheldering of Plan van Zodanige Middelen welke ten sterkste Zoude strekken tot eene flousante tijd en bloeij van deezen uijthoek" aan Kommissarisse-generaal S.C. Nederburgh en S.H. Frykenius oorhandig waarin genoemde opvatting ook na vore kom. Hy meld byvoorbeeld waar hy aandring op die oopstelling van "eene vrije vaart op deeze kunst" dat dit tot "nut en welweesen van onse alle" sal dien. Nadat hy kommentaar gelewer en aanbevelings gemaak het op verskillende vertakkinge van die landbou en ekonomie, word die slotparagraaf ingelui met die volgende woorde: "Deese dan besluijgende Twijfelt den onderget in geen en deele als overtuigd van Uw Hoog Edelheeden Edelmoedigheid

33. C. 318 Memoriën en Rapporten, April 1786, p. 389.

en dienstbewysinge ten beste van ons Land ---".³⁴

In 'n verslag aangaande die verbetering van wyn en brandewyn wat J.G. van Reenen in 1819 opgestel het en waarna vroeër reeds verwys is, blyk dit dat hy in sy latere lewe 'n baie sterk aanhanger van hierdie opvatting van die Patriotte was. Ter inleiding meld hy byvoorbeeld die volgende: "Dit Ver= toog behelst de Vrucht van een veeljarig onderzoek, Dank dan ook het Oogen= blik, dat ik in de volhardinge mynen pogingen zoo gelukkig heb kunnen Slagen, om de Welvaart van dit Land te verzekeren, en iets tot het geluk mijner Na= tuurgenoten te hebben kunnen bydragen".³⁵

'n Ander faktor wat 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis sou speel, het ook tydens die Patriottestryd sy beslag gekry. Hierdie faktor was die nasionale bewuswording van die Afrikaner en die daarmee gepaardgaan= de liefde en toegeneentheid vir die eie. Die Kaapse kolonis het tydens hierdie periode tot die besef gekom dat hy nie meer van die moederland af= hanklik is nie en geleidelik begin insien dat hy 'n nuwe vaderland het en dat die belange van dié land voorrang moes geniet.³⁶

Uit die geskrifte van J.G. van Reenen skemer dit deur hoe hierdie verande= ring ook by hom ingetree het. In 1781 reeds het hy homself as Afrikaner beskou en hy kon, soos aangetoon, met trots praat van die "Afrikaansche dapperheid en beleid".³⁷ Hoewel hy homself toe reeds as Afrikaner beskou

34. Z.A. 4/1/2 Kommissarisse-generaal Minuutverbaal, 25.7.1792, no. 152.

35. Acc. 77 Korte en gemaklyke Handleidingen voor de Wynplanters van Zuid-Africa ter zoo noodige en Voordeelige Verbetering der Wynen en der Brandewyn, 16.10.1819, p. 1.

36. Vergelyk in hierdie verband C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 195 - 198.

37. C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 15.4.1781, p. 562.

het en hy geleidelik meer aandag aan die belange van Suid-Afrika geskenk het, skemer die ondertoon van afhanklikheid steeds gedurende die tagtigerjare deur. In die reedsvermelde geskrif aangaande die ontginning van die Knysnahoutbosse (1786) skryf hy van "de belangens der E Comp en de Welvaart onser Colonie"³⁸ terwyl hy in 'n brief van Februarie 1786, woorde met 'n identiese strekking gebruik. Hier meld hy dat hy 'n opdrag sal uitvoer omdat dit "--- het voordeel der E Comp en Colonie kunnen dienen".³⁹ Vroeër in dieselfde brief het hy skynbaar van die Kompanjie vergeet en skryf hy slegs van "t Colonies welzijn". In die memorie van 1792 aan Nederburgh en Frykenius is die welsyn van die Kompanjie vergete. Hy meld slegs dat die memorie moet dien ter bewerkstelling van "eene flousante tijd en bloeij van deezen uijthoek" en dat die vrye vaart "tot nut en welweesen van ons alle dienstig zoude zijn". Later in dieselfde memorie word dan vir die eerste keer na "ons Land" verwys.⁴⁰ Teen 1819 was daar geen twyfel meer by J.G. van Reenen aan watter land hy lojaliteit moes bewys nie. Soos reeds aangetoon, skryf hy van "de Welvaart van dit Land", en verder van "den bloei en Welvaart --- van Zuid-Afrika". Die memorie word met die volgende woorde afgesluit: "Kom Slechts Waarde Vrienden een Sprankel gevoels in U Eds boezem ontvlammen om tot Welzijn van dit Land mede te arbeiden, en de Zucht waardoor ik bezielde geweest ben met U Eds bescherming te verëeren - Ontvang dan dit gebrekkig en kreupel Geschrift als een blyk mijner Hoogachting en Overdenk dat derselver Inhoud niets anders kan bedoelen dan om U Eds Welzijn te berokkenen en den weg tot voordeel Aantewijzen".⁴¹

38. C. 318 Memoriën en Rapporten, April 1786, p. 389.

39. C. 318 Memoriën en Rapporten, 16.2.1786, p. 58; C. 79 Resolutiën, 16.2.1786, p. 326.

40. Z.A. 4/1/2 Kommissarisse-generaal Minuutverbaal, 25.7.1792, no. 152, fol. 116.

41. Acc. 77 Korte en gemaklyke Handleidingen voor de Wynplanters van Zuid-Africa ter zoo noodige en Voordeelige Verbetering der Wynen en der Brandewijn, 16.10.1819, p. 1 - 5.

Voorgaande illustreer dus dat die liefde vir die eie vaderland, die welvaart van dié land en die welsyn van sy medeburgers, faktore wat tydens die Patriottestryd na vore getree het en ingeskerp is, tydens J.G. van Reenen se oudag tot volle ontplooiing gekom het. Hy het in sy lewe die volgroeiingsproses van ondergeskikte kolonis tot volwaardige Afrikaner deurloop.

Houding tydens eerste Britse besetting

Voordat op J.G. van Reenen se politieke sienswyse tydens die eerste Britse besetting gelet word, is dit nodig dat ons kortliks aandag aan die politieke groepering tydens die laaste jare van die Kompanjiesbewind en die eerste Britse besetting skenk. Tydens eersgenoemde periode was daar twee groepe of partye, indien 'n mens op hierdie stadium reeds van partye kan praat, nl. die Patriotte en die Oranjegesindes. Laasgenoemde groep, wat met die Prins van Oranje en die regenteklas in Nederland gesimpatiseer het en die demokratiese idees verafsku het, het bestaan uit die vernaamste Kaapse amptenare en 'n groep welgestelde burgers wat grootgrondbesitters was en as leweransiers of op ander wyse uit die Kompanjiesbewind voordeel getrek het. Die Van Reenens en enkele ander families was uitsonderings. Die Patriotteparty het bestaan uit laasgenoemdes, die gewone burgers van Kaapstad en boere wat dieper in die binneland gewoon het. Hierdie mense was ontevrede met die Kompanjiesbewind en het, soos aangetoon, hewig beswaar teen die onderdrukkende maatreëls van die Kompanjie en optrede van die amptenare gemaak met die gevolg dat hulle die demokratiese denkbeelde begin aanhang het.⁴²

Aangaande die politieke groepering tydens die eerste Britse besetting heers

42. Vergelyk H.B. Giliomee: Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, 1795 - 1803, p. 21.

daar heelwat verwarring. Sommige persone wat oor hierdie aangeleentheid kommentaar gelewer het, verwys slegs na "Anglomane" en "Jakobyne".⁴³ Eersgenoemde groep, soos die naam aandui, was die Britte goedgesind terwyl laasgenoemde die teenoorgestelde houding toegedaan was en met die rewolusionêres wat op daardie stadium in Nederland aan bewind was, gesimpatiseer het. Volgens ander bronne was die situasie egter veel meer ingewikkeld. 'n Anonieme skrywer wat in 1801 kommentaar aangaande die partyskappe aan die Kaap gelewer het, het vier groepe koloniste onderskei. Hierdie persoon, wat sy skrifstuk "Buitengewoon secreet-stukken over employable personen aan de Kaap" getitel het, maak die volgende indeling:

- (1) Die "Engelsgezinde factie: diegene wat in Britse diens getree het en "veel vexatie en persecutie jegens hunne Landgenoten uitoeffenen ---".
- (2) Die Oranjeparty: persone wat aan hierdie party behoort het, is die Engelse party goedgesind dog hulle vervolg nie hul landgenote nie.
- (3) Die gematigde party: die meeste welgestelde en "geaccrediteerde" inwoners van Kaapstad en die buitelandse distrikte. Hierdie persone "zijn suivere aankleefers van het Moederland, en tegen Neutraliteit".
- (4) Die "Ultra Revolutionare": diegene wat "zonder principe handelen".⁴⁴

Uit voorgaande blyk dit dus dat daar geen eenstemmigheid insake die poli=

43. G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid Africa III: Bijlage tot J.W. Janssens - J.A. de Mist, 30.1.1803, pp. 191 - 192. Vergelyk ook J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803 - 1806, pp. 102 - 103.

44. Raad der Aziatische Bezettingen 397 Buitengewoon secreet-stukken over employable personen aan de Kaap, April 1801, ongepagineerd. Vergelyk ook H.B. Giliomee: Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, 1795 - 1803, pp. 61 - 62.

tieke groepering tydens hierdie periode was nie.

Die vraag ontstaan nou aan watter van hierdie groepe J.G. van Reenen behoort het. Ongelukkig kon geen dokument waarin hy homself verklaar, opgespoor word nie, met die gevolg dat staat gemaak moet word op die kommentaar van andere. Aangesien daar by hierdie persone groot verwarring oor hierdie aangeleentheid heers, verdien hul kommentaar nadere aandag.

Die eerste persoon wat hom in hierdie verband betuig, was genl. J.H. Craig, die Britse militêre goewerneur vanaf September 1795 tot Mei 1797. Op 29 Augustus 1796 skryf hy onder meer soos volg oor die Van Reenenbroers se politieke sienswyse aan H. Dundas, Britse minister van kolonies: "--- turbulent in the extreme and distinguished even in Governor Sluysken's time as foremost amongst the Patriots and as violent opposers to us --- except one of them, John (Johannes Gysbertus), who is represented as one of a very different disposition ---".⁴⁵ Volgens hierdie kommentaar was J.G. van Reenus Britsgesind. Ook die opsteller van die skrifstuk "Buitengewoon secreet-stukken ---" noem J.G. van Reenen se naam as een van die "Engelsgezinde factie", wat dan soos reeds aangetoon is, selfs hul landgenote vervolg het.⁴⁶

Daar was egter ook 'n persoon wat die teenoorgestelde houding toegedaan was. Hierdie persoon was niemand minder nie dan genl. J.H. Craig se opvolger, graaf G. Macartney, wat van Mei 1797 tot November 1798 aan die hoof van die Kaapse administrasie gestaan het. In 'n geheime en konfidensiële stuk wat hy skynbaar opgestel het om sy opvolger in te lig oor die bekwaamhede en

45. G.M. Theal: Records of the Cape Colony I, p. 447.

46. Raad der Aziatische Bezettingen 397 Buitengewoon secreet-stukken over employable personen aan de Kaap, April 1801, ongepagineerd.

politieke sienswyse van 'n aantal Kapenaars, lewer hy die volgende kommentaar aangaande die Van Reenenbroers - hy groepeer hulle gesamentlik - "van Rheenen - of which there are six all Pr. (wat skynbaar beteken Professed) Jacobins and decided Enemies --- they have no influence little property and their characters are universally known".⁴⁷ Hier kan ook vermeld word dat Macartney ook in die geval van 'n aantal ander burgers lynreg van die skrywer van die "Buitengewoon secreet-stukken ---" verskil.

Die bewerings van elkeen van voorgenoemde persone verdien verdere ontleding. Craig het sy mening aangaande J.G. van Reenen op 'n baie vroeë stadium van die Britse besetting uitgespreek. Op daardie tydstip was daar heelwat probleme met sekere persone, o.a. die meeste van J.G. van Reenen se broers, wat geweier het om die eed van trou aan die Britse kroon af te lê. J.G. van Reenen het hierdie eed om redes wat later sal blyk op 'n vroeë stadium afgelê. Craig het die aflegging van hierdie eed skynbaar geïnterpreteer as 'n teken van pro-Britsheid met die gevolg dat hy J.G. van Reenen karakteriseer as 'n persoon wat die Britse saak goedgesind was. Die skrywer van die "Buitengewoon secreet-stukken ---" wat ongetwyfeld anti-Brits was, het een en almal wat ampte in die Britse administrasie aanvaar het, soos J.G. van Reenen wel gedoen het, as lede van die "Engelsche factie" beskou en gevolglik geen goeie woord vir hierdie persone gehad nie. Dat al hierdie persone ultra-Britsgesind was en nie nagelaat het om hul mede-burgers te vervolg nie, is ongetwyfeld 'n versinsel. Sy konklusie is op 'n veralgemening gebaseer omdat hy een en almal wat in Britse diens getree het oor dieselfde kam geskeer het. Daar is volop bewyse dat die Burgersenaat, waarvan J.G. van Reenen lid was, hom vir die regte van die burgers beywer en die Britse outo-

47. A. 88 Macartney Papers, no. 220, p. 7.

riteite geopponeer het.⁴⁸ Macartney se opvatting aangaande J.G. van Reenen spruit skynbaar direk voort uit die opponering van die outoriteite deur die Burgersenaat. Toe Macartney sy kommentaar aangaande die Kapenaars se bekwaamhede en lojaliteit teenoor die Britte gelewer het, was 'n episode waarin hy deur die Burgersenaat gekonfronteer is nog vars in sy geheue. By hierdie geleentheid het die lede van laasgenoemde liggaam geweier om die Burgerwaghuis vir 'n dans ter beskikking van die Britse soldate te stel.⁴⁹ Die Burgersenaat het hom ook by ander geleenthede die gramskap van Macartney op die hals gehaal deur, soos laasgenoemde beweer het, wederregtelik vir die regte van die burgers kant te kies. Hierdie optrede van die Burgersenaat het Macartney hewig ontstel en hom ongetwyfeld subjektief beïnvloed toe hy in genoemde dokument aangaande lede van die Burgersenaat kommentaar gelewer het. Sy opvatting was skynbaar dat al die lede van hierdie liggaam óf Jakobyne óf vyande van die Britte was. J.G. van Reenen was dan ook nie die enigste Burgersenaatslid vir wie Macartney afgetakel het nie. Van A. Fleck en H.A. Truter, twee van hierdie lede wat hy saam met drie ander burgers groepeer, meld hy die volgende: "All these are men of no consequence certainly not to be looked upon as friends".⁵⁰

Om uit hierdie warboel van teenstrydige bewerings tot 'n gevolgtrekking te geraak aangaande J.G. van Reenen se politieke sienswyse is feitlik 'n onbegonne taak. Tog is daar enkele persone wat oor hierdie aangeleentheid ob=

48. Vergelyk H.B. Giliomee: Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, pp. 108 - 109; H.E. van Zyl: Die bestuurlike organisasie aan die Kaap tydens die eerste Britse bewind, 1795 - 1803, pp. 235 - 237; J.J. Oberholster: Die Burgersenaat, 1795 - 1828, pp. 46 - 48.

49. Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift VII, 1830, pp. 24 - 28. Vergelyk ook H.B. Giliomee: Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, 1795 - 1803, pp. 66 - 67.

50. A. 88 Macartney Papers no. 220, p. 4.

jektiewe kommentaar gelewer het. Hierdie persone was ten eerste die twee bewindhebbers tydens die Bataafse tydperk, generaal J.W. Janssens en kommissaris J.A. de Mist, wat in die algemeen aangaande die politieke situasie gedurende hierdie tydperk kommentaar gelewer het. Die tweede persoon was weer eens 'n anonieme skrywer wat 'n stuk getiteld "Burgerlyke persone die als Burgerraden en Leden van Justisie zyn blyven continueeren" opgestel het.⁵¹ Laasgenoemde het meer spesifiek aan die bekwaamhede en politieke sienswyse van verskillende persone aandag geskenk.

Generaal Janssens was van mening dat talle persone in die Britse diens getree het omdat hulle in 'n "klemhebbende" regering geglo het en eerder onder vreemde oorheersing sou staan as om onder "allesbedervende anargie" te lewe.⁵² De Mist het weer bevind dat daar heelwat verstandige persone in Britse diens getree het en dit gedoen het omdat hulle liewers die bestuur in eie hande wou hou as om alles aan 'n uitsluitlik Engelse bewind oor te laat.⁵³ Beide Janssens en De Mist was vol lof vir hierdie groep en wat merkwaardig is, is dat beide 'n hoër dunk van sommige van hierdie sogenaamde "Anglomane" as van die "Jakobyne" gehad het. Hoewel geeneen van Janssens of De Mist name in hierdie verband noem nie kan J.G. van Reenen by hierdie groep ingesluit word. Veral sy optrede as lid van die Burgersenaat wat nie gekroom het om die Britse outoriteite te opponeer nie en sterk vir die regte

-
51. Sien V.C. 162 Burgerlyke persone die als Burgerraden en Leden van Justisie zyn blyven continueeren. (In die Aanwinste-inventaris in die Kaapse Argief word hierdie dokument as volg aangedui: Aanteekeninge betreffende verschillende ambtenaren aan de Kaap - Koloniale Aanwinsten 157 + 1790. Volgens interne getuigenis is laasgenoemde datum foutief. Die dokument dateer uit 1802 - 1803.)
52. G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid Afrika: Bijlage tot J.W. Janssens - J.A. de Mist, 30.1.1803, pp. 191 - 192.
53. Vergelyk J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803 - 1806, p. 103.

van die burgers kant gekies het, bevestig hierdie vermoede. 'n Opmerking, wat by die outeur van die skrifstuk "Burgerlijke personen ---" ontbreek, dui voorts aan dat J.G. van Reenen blykbaar deur Janssens en De Mist in hierdie groep ingesluit is.

Voordat hierdie skrifstuk behandel word, kan weer eens op die opmerkings van De Mist en Janssens gelet word. Albei het die verstandigheid van die groep wat in Britse diens getree het beklemtoon, dog hulle insinueer tog dat daar binne hierdie groep uitsonderings was, met ander woorde persone wat om ander redes poste in die Britse administrasie aanvaar het. Die grootste rede was dan Engelsgesindheid en 'n afkeur aan die bedrywigheide van hul Jakobynse medeburgers. Hierdie persone was dan diegene wat aan die beskrywing van die outeur van die "Buitengewoon secretee-stukken ---" se "Engelsche factie" voldoen het. Hulle het met ander woorde selfs hul medeburgers vervolgd. Die vraag duik dan dadelik op of J.G. van Reenen nie moontlik tog een van diesulkes was nie.

Om hierdie vraag te beantwoord is dit nodig om op die inhoud van die skrifstuk "Burgerlijke personen ---" te let. In hierdie stuk wat opgestel is deur 'n persoon wat ongetwyfeld anti-Engelsgesind was, word aangaande die bekwaamhede en politieke sienswyse van 'n aantal Kapenaars kommentaar gelewer. Die outeur was veel meer objektief as enige van die opstellers van die ander stukke waarna verwys is. Hy behandel elke persoon wat bespreek word op meriete en beklemtoon selfs die goeie hoedanighede van persone wat nie sy politieke sienswyse gedeel het nie. Dit dui dus dadelik daarop dat veel meer peil op sy bevinding getrek kan word. Hy toon egter spesifiek aan watter persone "zeer Engelsgezind" was. Dat sy oordeelsvermoë in laasgenoemde verband hom nie in die steek gelaat het nie, blyk daaruit dat sy

bevindinge grootliks met diē van Macartney ooreenstem, met ander woorde diegene wat hy as "zeer Engelsgezind" takseer, word deur Macartney as 'n "staunch" of "firm friend" beskryf. Hierdie skrywer se kommentaar oor J.G. van Reenen was die volgende: "Door veelvuldige gedaane reijsen kent hij het land beeter als een ander, en een meenigte van verschillende saken om handen gehad hebbende weet hij daar door in veele opsigten ook meer als de menschen gewoonlijk doen".⁵⁴ Die "zeer" Engelsgesindheid wat by die ander persone 'n prominente plek inneem, ontbreek in hierdie geval. Dit dui dan ongetwyfeld daarop dat J.G. van Reenen nie ultra-Britsgesind was nie en trouens by die groep waarvoor Janssens en De Mist hoë agting gehad het, ingesluit kan word.

Daar kan dus volstaan word met die gevolgtrekking dat J.G. van Reenen tydens die Britse besetting 'n gematigde standpunt ingeneem het en om die redes wat Janssens en De Mist vermeld het by die Britte in diens getree het. Hy was skynbaar van mening dat deur met die Britte saam te werk hy veel meer kon bereik om die idee van die "welsyn van dit Land", waarin hy tot op sy oudag so onwrikbaar geglo het, te bevorder.

Amptelike Bedrywighe

Tydens die Kompanjiesbewind het J.G. van Reenen op geen siviele regeringsliggame sitting gehad nie. In weerwil hiervan is hy by verskeie geleenthede deur die owerheid aangewys om offisiële opdragte uit te voer en voorts het hy ook op eie inisiatief etlike memories en verslae insake 'n verskei-

54. V.C. 162 Burgerlyke personen die als Burgerraden en Leeden van Justisie zyn blyven continueeren, p. 1.

denheid van aangeleenthede by die owerhede ingedien. Die enigste offisiële liggaam waarop hy wel gedurende hierdie tyd gedien het, was die Kaapse Krygsraad. Tydens die eerste Britse bewind het hy sitting gehad op die Burgerse senaat - dit was trouens die enigste siviele regeringsliggaam waarvan hy ooit lid was. Gedurende laasgenoemde tydperk, sowel as tydens die Bataafse tyd was hy lid van kommissies wat ingestel is om landbou en veeteelt te verbeter. Aangesien die bedrywighede van hierdie kommissies meer verband hou met J.G. van Reenen se bydrae op landboukundige gebied sal sy rol in hierdie verband in die hieropvolgende hoofstuk behandel word.

Offisier van die burgermag

Sedert die instelling van vryburgers in 1657 het die Kompanjie alle burgers tussen die ouderdom van 16 en 60 jaar verplig om militêre diens te doen. Die aanvanklike doel hiervan was veral om die nedersetting teen aanvalle van inboorlingstamme te verdedig. Tydens die sewentiende eeu toe die Hottentotte nog 'n bedreiging was, het die burgermag saam met die Kompanjiesgarnisoen aan ekspedisies teen hierdie stam deelgeneem. Namate die nedersetting uitgebrei en nuwe distrikte met eie burgerkommando's tot stand gekom het, het binnelandse verdediging die verantwoordelikheid van hierdie kommando's geword. Die burgermag - dikwels ook die burgerwag genoem - van die Kaapse distrik is egter nooit ontbind nie en moes jaarliks vir militêre oefeninge byeenkom en tydens Europese oorloë is dit soms op 'n gereedheidsgrondslag geplaas om in geval van aanvalle die garnisoen by te staan. Voorts het lede van die burgerwag nagpatrolliediens in die Kaapse strate gedoen.⁵⁵

55. Vir meer besonderhede insake bedrywighede van die burgermag sien P.E. Roux: Die verdedigingstelsel van die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie (1652 - 1795), pp. 49 - 55.

Hierdie mag het namate die bevolking van Kaapstad en omstreke gegroei het, steeds in getalle toegeneem. Tydens die latere deel van die agtiende eeu het dit uit vier kompanjies infanterie, twee kompanjies kavallerie, een kompanjie invalides en een reserwekompanjie bestaan.⁵⁶

Aangesien J.G. van Reenen sedert sy jeug 'n goeie perderuiter was, het hy by die kavallerie, en wel by die tweede kompanjie, aangesluit. In hierdie kompanjie het hy geleidelik in rang geklim sodat hy teen die einde van die sewentigerjare reeds die rang van wagtmeester beklee het. Op 2 April 1781 is hy tot Sous-luitenant (waarskynlik tweede luitenant) bevorder.⁵⁷

Soos afgelei kan word, het die Kaapse burgerwag, wat militêre bedrywighede betref, gedurende die agtiende eeu feitlik 'n nuttelose bestaan gevoer. Slegs by enkele geleenthede is hierdie wag gemobiliseer om moontlike aanvalle te help afweer en om piketdiens te doen. Een van hierdie geleenthede was kort na J.G. van Reenen se bevordering tot Sous-luitenant toe die Anglo-Franse oorlog aan die gang was. In hierdie oorlog wat in 1778 uitgebreek het, het koloniale aangeleenthede 'n belangrike rol gespeel en gevolglik was die Kaapse nedersetting vanweë sy strategiese ligging van groot waarde vir beide strydende partye. Tot aan die einde van 1780 het Engelse en Franse oorlogskepe en ander vaartuie dan ook gereeld by die Kaapse hawens aangedoen om verversings in te neem.⁵⁸ In Desember 1780 het Nederland aan die kant van Frankryk tot die stryd togetree. Vir Engeland was hierdie verwikkeling belangrik omdat sy skepe nie meer aan die Kaap kon aandoen nie. In Maart 1781 het die Engelse regering 'n vloot onder kommando G. Johnstone met 3 000 soldate aan boord gestuur om die Kaap te verower. Die geheim van

56. K.M. Jeffreys: Kaapse Archiefstukken, Dagregister 25.7.1781, p. 260.

57. C. 73 Resolusiën, 2.4.1781, p. 221.

58. Vergelyk in hierdie verband Hoofstuk III, pp. 49 - 51.

hierdie onderneming het uitgelek en 'n Franse vloot onder kommando P.A. de Suffren het 'n week later uit Europa vertrek om die Engelse se aanvalplan te verdel. De Suffren het die Engelse vloot by die Kaap Verdiese eilande in die hawe van Sint Jago aangetref waar dit besig was om water in te neem. 'n Seegeveg het gevolg waarin die Engelse vanweë die verrassingsaanval die slegste daarvan afgekome het. Johnstone was genoodsaak om langer te vertoef om herstelwerk aan sy skepe te laat doen. De Suffren se vloot kon dadelik die reis na die Kaap voortsit met die gevolg dat dit die wedloop teen die Engelse gewen en gedurende die laaste week van Junie 1781 reeds Valsbaai bereik het.⁵⁹

Na die aankoms van die Franse was sake aan die Kaap in rep en roer omdat almal van mening was dat die Engelse vloot kort op die hakke van die Franse was. Daar is onmiddellik voorbereidings getref om die verwagte aanval af te slaan. Die Kaapse burgermag en selfs dié van Stellenbosch en ander omliggende binnelandse gebiede is opgeroep om die garnisoen en die Franse troepe by te staan.⁶⁰

Intussen het die Britse vloot die Kaap genader. Johnstone het nog steeds gehoop dat hy voor die Franse daar sou aanland. Digby sy bestemming het hy egter op 'n Nederlands-oosindiese vaarder, die Held Woltemade wat op reis na Ceylon was, afgekome. Dié skip is buitgemaak en van die bemanning is verneem dat die Franse reeds die Kaap bereik het. Daar is verder ook inligting bekom van vyf rykbelaaide Kompanjieskepe wat sedert Mei 1781 in Saldanhabaai geskuil het om uit die pad van die Engelse te wees. Johnstone het besluit om nie die Kaap aan te val nie maar om slegs die Kompanjieskepe

59. G.M. Theal: *History of South Africa before 1795* IV, pp. 197 - 202;
S.F.N. Gie: *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, p. 216.

60. K.M. Jeffreys: *Kaapse Archiefstukken*, Dagregister 22 en 23.7.1781, p. 258.

in Saldanhaabaai buit te maak. Op 21 Julie 1781 het die Britse vloot dan ook hierdie skepe verras en vier daarvan gebuit. Die kaptein van die vyfde skip het dit aan die brand gesteeek voordat die Engelse dit kon bereik.⁶¹

In die Kaap was almal onbewus van Johnstone se doen en late. Gedurende die laaste weke van Julie was daar vele gerugte in omloop en die inwoners het in groot spanning verkeer. Telkens is berigte ontvang van vreemde skepe wat op verskillende plekke opgemerk is en 'n aanval is enige oomblik verwag. In hierdie verband meld die skrywer van die dagregister byvoorbeeld op Maandag 23 Julie 1781 (om onverklaarbare redes het die berig van die verlies van die vyf Kompanjieskepe die Kaap nog nie bereik nie - hierdie nuus is eers op 24 Julie verneem): " --- wierden vervolgens alle nodige praeparatien gemaakt tot een manmoedige defensie, in gevalle de in Saldanhaabaay sijnde vijandelijke Scheepen alhier mede magten komen te verschijnen; waaraan men ook geensints konde twijffelen : den vijand dus alle ogenblicken te gemoed gezien werdende, sonder dat egter heeden van den Leeuwen Cop eenige Scheepen waren ontdekt ofte gezien, wierd men evenwel des avonds de Clocke Circa agt uren op 't onverwagts geallarmeerd door een gerugt dat 'er eenige vuuren waren gezien als van Scheepen dewelke deese Rheede naderden, en sommige reets in 't opZeijlen van deselve waren; welk gerugt sig seer vas onder d'inwoonderen deeser plaats verspreijdende, en men wegens de duijsterheid der nagt in 't onseekere dog teffens niet sonder reeden voor eene onverwagte komste en verrassing der vijandelijke Scheepen bevreesd, raakte hier alles in rep en roer ---".⁶² Hoewel dit slegs 'n vals alarm was,

61. G.M. Theal: *History of South Africa before 1795* I, pp. 204 - 206.

62. K.M. Jeffreys: *Kaapse Archiefstukken, Dagregister 23.7.1781*, pp. 258 - 259.

was dit kommervolle dae vir die Kapenaars. Selfs op 30 Julie berig die= selfde skrywer nog " --- verwagt men niet anders dan met den aanstaanden morgen de vijandelijke Scheepen aan deese plaats te sullen zien verschij= nen" en die volgende dag skryf hy dat "Den nagt in geduurige vreesse voor een vijandelijken aanval doorgebracht" is.⁶³

Om die onsekerheid van die doen en late van die Britse vloot in Saldanhabaai op te klaar, is op 25 Julie 1781 besluit om 'n afdeling vrywilligers uit die ruitery na genoemde baai te stuur. Hoewel J.G. van Reenen op daardie tyd= stip ontsettend besig was met sy private bedrywighede, veral met betrekking tot die verskaffing van vleis aan die garnisoen wat na die koms van die Franse troepe met bykans 5 000 man vermeerder het,⁶⁴ het hy hom vrywillig= lik aangemeld om op hierdie ekspedisie te gaan. Hy is dan ook as aanvoer= der aangewys.⁶⁵

J.G. van Reenen en sy vrywilligerkorps het die middag van 25 Julie 1781 uit Kaapstad vertrek. Kort na hul vertrek het hulle persone (moontlik die be= manning van die gebuite Kompanjieskepe⁶⁶) wat van Saldanhabaai op pad na Kaapstad was, ontmoet. Hulle het J.G. van Reenen meegedeel dat die Britse vloot dié baai reeds verlaat het met die gevolg dat hy besluit het dat dit onnodig was om verder te trek. Hy het dus met sy korps na Kaapstad terugge= keer.

Die volgende dag reeds het berigte Kaapstad bereik dat die Britse vloot nog steeds in Saldanhabaai bespeur was. J.G. van Reenen en sy manskappe het

63. K.M. Jeffreys: Kaapse Archiefstukken, Dagregister 30 en 31.7.1781, pp. 262 - 263.

64. Sien Hoofstuk III, pp. 63 - 65.

65. K.M. Jeffreys: Kaapse Archiefstukken, Dagregister, 25.7.1781, p. 260.

66. Vergelyk G.M. Theal: History of South Africa before 1795 IV, p. 204.

dus dieselfde middag weer eens die tog na dié baai aangepak. Hul het vin-
nig gevorder, want om vieruur die oggend van 27 Julie het hulle reeds op die
plaas van Pieter Jurriaan van der Heijden, Schafplaas, in die omgewing van
Saldanhabaai aangekom.⁶⁷ Kort na die korps se aankoms op dié plaas is
twee kanonskote uit die rigting van Hoedjiesbaai, 'n inham op die noorde-
kant van Saldanhabaai, gehoor. 'n Tydjie later het die veldwagmeester van
daardie kontrei, Jan Slabber, op Schafplaas aangekom en berig dat hy van
Hoedjiesbaai kom en dat hy daar geen Engelse of ander skepe opgemerk het nie,
dog dat hy dieselfde oggend vyf kanonskote gehoor het. Daar die verslae
wat J.G. van Reenen op hierdie ekspedisie ingestuur het skynbaar verlore ge-
raak het, kan nie met sekerheid bepaal word wat sy korps die 27ste en 28ste
Julie gedoen het nie. Wat wel bekend is aangaande hierdie ekspedisie is
in die Kaapse dagregister aangeteken en daar word telkens vermeld dat J.G.
van Reenen verslae ingestuur het. Op 30 Julie berig genoemde skrywer dat
'n brief van J.G. van Reenen ontvang is waarin laasgenoemde rapporteer dat
hy "met zyn bijhebbend Detachement gisteren in de Hoetjesbaai gearriveerd
wesende, en zijlieden sig op alle gebergkens aldaar begeeven hebbende, gene
vijandelijke Scheepen kunnen ontdekken nogte ook gene Schooten hadden ge-
hoord."⁶⁸

J.G. van Reenen het skynbaar òf per brief òf mondelings na sy terugkeer aan
die Politieke Raad aangaande die situasie in Saldanhabaai kommentaar gelewer.
Op 3 Augustus 1781 is in die Politieke Raad verklaar dat "op den 26'ste,

67. Hierdie plaas is sowat 10 myl noordoos van Langebaan en net suid van
die huidige spoorwegstasie Langebaanweg. Vergelyk in hierdie verband
W.J. de Kock: Reize in de binnen-landen van Zuid-Afrika gedaan in den
Jaare 1803 door W.B.E. Paravicini di Capelli, p. 207.

68. K.M. Jeffreys: Kaapse Archiefstukken, Dagregister, 30.7.1781, p. 262.

27'ste en 28'ste dito (Julie) --- de Wind zeer sterk uijt het N.W.'ten heeft gewaaijd, en de voorz. vijandelijke Scheepen, --- uijt dien hoofde zeer waarschijnlijk is, dat deselve het met voorz. Wind, niet langer op deeze Custen hebbende durven houden ---".⁶⁹ J.G. van Reenen het skynbaar sy eerste - en trouens sy enigste - taak as burgeroffisier pligsgetrou uitgevoer. Die Politieke Raad het na ontvangs van hierdie inligting tot die konklusie gekom dat die Engelse nie van plan was om 'n aanval te waag nie en besluit om die burgers wat uit die buitedistrikte opgeroep was na hul tuistes te laat terugkeer.

Tydens die oorblywende jare van J.G. van Reenen se diens as burgeroffisier het dié mag slegs sy normale bedrywighede uitgevoer. Op 7 Oktober 1788 is hy tot volle luitenant bevorder⁷⁰ dog op 12 September 1790 het hy weens "verscheidene Lichaams corruptien" aansoek gedoen om van burgerdiens ontslaan te word.⁷¹ Die Politieke Raad het sy aansoek goedgekeur.⁷²

Adviseur insake graanbou in Suid-Kaapland

Die hoë afset van landbouprodukte tydens die Anglo-Nederlandse oorlog wat van 1781 tot 1784 geduur het asook die afname in die produksie van graan in die gevestigde graanproduserende gebiede het veroorsaak dat daar vanaf 1785 'n nypende gebrek aan graan in die Kaapse nedersetting was. Op 19 November 1785 het goewerneur Van de Graaff gemeld dat 'n voorraad koring wat na Nederland uitgevoer moes word, nie verstrekkon word nie omdat die koring wat in die Kompanjieskure beskikbaar was beswaarlik tot die volgende oes sou hou.⁷³ Die opgaaf van die boere vir dié oes was in elk geval so laag dat

69. C. 73 Resolutiën, 3.8.1781, p. 379.

70. C. 84 Resolutiën, 7.10.1788, p. 303.

71. C. 287 Requesten en Nominatiën, 12.9.1790, p. 785.

72. C. 88 Resolutiën, 12.9.1790, p. 684.

73. C. 570 Uitgaande Brieven, 19.11.1785, p. 1256.

die hoeveelheid graan wat ingesamel sou word nie eers in 'n kwart van die behoefte van die Kompanjie sou voorsien nie.⁷⁴ Die toestand was so krietiek dat die owerhede 'n Franse skip met siek slawe aan boord wel toegelaat het om aan die Kaap te vertoef, maar op die uitdruklike voorwaarde dat slegs groente aan die skepelinge verstrekk sou word.⁷⁵

Vroeg in Februarie 1786 het die goewerneur vir J.G. van Reenen gespreek en van hom verneem dat daar wel metodes aangewend kan word om die probleem van die nypende graangebrek op te los. Hy het aangevoer dat daar in die gebied vanaf Swellendam tot by Mosselbaai groot gebiede is waar graanbou suksesvol toegepas word, maar dat die landbouers hulle weens vervoerprobleme nie op groot skaal daarop toelê nie. Hy het egter bygevoeg dat dit moontlik is dat hierdie boere wel hoeveelhede graan in voorraad het. Skynbaar het J.G. van Reenen met sy betoog indruk op die goewerneur gemaak, want laasgenoemde het dadelik voorgestel dat hy 'n tog na genoemde gebied moes onderneem om vas te stel hoeveel graan beskikbaar was. Later is in die Politieke Raad verklaar waarom juis J.G. van Reenen afgevaardig is om hierdie opdrag uit te voer. Daar is gemeld dat hy "de landstreek beneevens de Inwoonders kennende, mitsg. bijzondere kunde van den Akkerbouw hebbende".⁷⁶ Alvorens daar finaal 'n besluit in verband met die tog na genoemde gebiede geneem kon word, moes die aangeleentheid eers in die Politieke Raad bespreek word. J.G. van Reenen is versoek om sy voorstelle insake dié tog skriftelik voor dié Raad te lê.

Op 16 Februarie 1786 het die goewerneur weer eens die kwessie aangaande die graanskaarste in die Politieke Raad te berde gebring weens "de gegronde

74. J.H.D. Schreuder: Die geskiedenis van ons graanbou (1652 - 1752), pp. 140 - 141.

75. C. 78 Resolusiën, 6.1.1786, pp. 3 - 9.

76. C. 80 Resolusiën, 4.8.1786, p. 909.

vrees die men heeft van na verloop eeniger wijnige maanden in een algemeen gebrek van brood te zullen vervallen".⁷⁷ Hy het die gedagte geopper dat die moontlikheid bestaan dat daar hoeveelhede graan by die boere in die binneland beskikbaar was, maar dat 'n skip na die "Oostersh Baayen", be=doelende Mossel= en Plettenbergbaai, gestuur moes word om die graan na Kaapstad te vervoer. Hy het egter voorgestel dat alvorens tot so 'n stap oorgegaan sou word 'n skrifstuk wat J.G. van Reenen in hierdie verband op=gestel het aan die Raad voorgelê word.

In hierdie skrifstuk meld J.G. van Reenen dat hy gewillig is om die voorge=stelde "Togt over de Berg" op eie koste te onderneem "ten eijnde by de aldaar wonende Landlieden op't naauwkeurigste te inquireeren welke quanti=teit graanen er by deSelve nog aan handen is en hoe veel sij daarvan zouden kunnen missen ten geriewe van't Caabsch vlek en disselvs Environs".⁷⁸

Voorts sou hy noukeurig inspeksie doen op watter plase graanbou suksesvol toegepas kon word en die bewoners daarvan aanmoedig om hulle in die toekoms op graanbou toe te lê. Hy het ook voorgestel dat die twee heemrade van Swellendam "ter Sijner adsistentie aan hem toegestaan" moes word sodat hy sy opdrag so spoedig moontlik kon afhandel.

Nadat J.G. van Reenen se voorstelle bespreek is, het die Politieke Raad be=sluit om hom en die twee heemrade van Swellendam, Hillegert Muller en Andries Holtzhuizen af te vaardig om enersyds vas te stel hoeveel koring, gars, rog, erte en bone die boere in voorraad het om onmiddellik aan die Kompanjie te verstrek en andersyds om die "verre wonende landlieden voor het vervolg tot eene meerder Culture der granen en wel voornamentlijk van

77. C. 79 Resolutiën, 16.2.1779, p. 317.

78. C. 79 Resolutiën, 16.2.1779, pp. 319 - 320.

Tarw, Rog en Garst aan te moedigen".⁷⁹ Die afgevaardigdes kon ook aan die landbouers die versekering gee dat Kompanjieskepe jaarliks tot 6 000 mud graan by Mossel- en Plettenbergbaai sou inskeep. Indien die boere nie oor voldoende landbou-implimente beskik nie, sou die Kompanjie dit teen krediet verstrek en met skepe na genoemde baaie vervoer. Die prys van die graan wat verstrek sou word sowel as die vraggeld sou jaarliks deur ses kommissarisse – drie Kompanjiesamptenare en drie burgers – vasgestel word.

Dat die Politieke Raad ernstig was dat die afgevaardigdes hul opdrag so spoedig moontlik moes uitvoer, blyk daaruit dat die goewerneur reeds op 17 Februarie die beloftes wat die vorige dag in die Politieke Raad gemaak is, uitvoerig op skrif gestel het.⁸⁰ J.G. van Reenen moes hierdie geskrif aan die boere toon om hulle te verseker dat die Kompanjie die beloftes sou uitvoer. Voorts het die goewerneur instruksies uitgevaardig waarin hy "een iegelyk der Ingeseetenen niet alleen gelast de gemelde gecommiteerdens het zij te zaamen dan wel ijder afsonderlyk in hunne Commissie fungeerende den hun aan bevoelen last zonder hinder te laten verrigten, maar verwagten wy ook daar en booven dat een ieder met alle berydvaardigheyd toe te brengen zal al het geene zo met voorspan als anderzints zal kunnen dienen om deselve gecommiteerdens tot het spoedig uytvoeren derselve Commissie in staat te stellen".⁸¹

J.G. van Reenen het skynbaar op of enkele dat na 17 Februarie 1786 vanaf Kaapstad vertrek. Op eie versoek het hy per ossewa en nie te perd gereis nie enersyds omdat sy gesondheid nie na wense was nie en andersyds weens die feit dat so 'n lang reis vinniger per ossewa afgelê kon word veral as die

79. C. 79 Resolutiën, 16.2.1786, p. 331.

80. C. 705 Memorien en Instructien, 17.2.1786, pp. 239 - 245.

81. C. 705 Memorien en Instructien, 17.2.1786, p. 247.

boere wat hy besoek hom elke dag van vars spanne osse kon voorsien.⁸² Soos gemeld, het die goewerneur dan ook instruksies in hierdie verband uitgereik.

Die volgende drie tot vier weke was 'n besonder besige tyd vir J.G. van Reenen en sy mede-afgevaardigdes. Hulle het die hele gebied vanaf Swellendam tot by Plettenbergbaai deurreis. Reeds op 22 Maart kon hulle aan die goewerneur en die Politieke Raad aangaande hul ondersoek verslag doen. Op dié datum skryf hulle vanaf Vetrivier⁸³ dat hulle hul instruksies noukeurig uitgevoer het. Hulle rapporteer dat hulle nie genoeg graan gevind het wat die moeite werd was om na die Kaap te vervoer nie. Voorts meld hulle dat hulle 'n ooreenkoms aangeaan het met die graanbouers "bestaande in ruim 100 perzonen om jaarlijcx zo veele granen aan dEComp. zullen tragten te leeveren als dezelve zal komen te benodigen ---".⁸⁴

Teen die begin van April 1786 was J.G. van Reenen terug in Kaapstad. Op die vyfde van dié maand het hy 'n verslag aangaande sy reis aan die goewerneur oorhandig.⁸⁵ Ongelukkig het hierdie verslag verlore geraak. Die inhoud daarvan stem waarskynlik ooreen met die gegewens wat vervat was in die skrywe vanaf Vetrivier op 22 Maart. Op 7 April het J.G. van Reenen nogeens 'n verslag by die goewerneur ingedien waarin hy uitvoerig berig insake die bou van 'n graanmagasyn te Mosselbaai. Hy het dit as noodsaaklik beskou dat die Kompanjie "ten spoedigsten" hierdie magasyn waarin 6 000 mud graan geberg kon word, moes oprig. Hy het voorts in volle besonderhede gemeld waar dit gebou moes word, die grootte daarvan, die materiaal waarvan

82. C. 79 Resolutiën, 16,2,1786, p. 321.

83. Waarskynlik die plaas van Hillegert Muller, Seekoegat, aan die Vetrivier, 'n sytak van die Kafferkuilsrivier.

84. C. 318 Memorien en Rapporten, 22.3.1786, p. 104.

85. C. 318 Memorien en Rapporten, 7.4.1786, p. 373.

dit gebou moes word en selfs die metodes wat gevolg moes word om die graan teen vog en insekte te beskerm. Hy het ook aanbeveel dat ter bespoediging van die oprigting daarvan die boukontrak aan partikuliere inwoners van die omgewing toegeken moes word. Dat J.G. van Reenen selfs van bouwerk 'n goeie kennis gehad het, blyk uit die volgende aanmerking aangaande die dak van die magasyn: "dat om een Zoodanig plat wel te leggen door den onderget. aan den aanneemer Zal werden opgegeeven hoedanig tot voorkoming van Leccage hy Zyn kalk daartoe Zal hebben te prepareeren".⁸⁶ Hierdie verslag word afgesluit met die aanbeveling dat dit onnodig is om 'n graanskuur in Plettenbergbaai op te rig omdat die inwoners van dié omgewing hulle nie op groot skaal op koringbou toelê nie.

Die probleem van die skaarste aan graan en ander lewensmiddele was gedurende 1786 gedurig in die Politieke Raad ter sprake. Op 4 Augustus het dié Raad selfs op aanbeveling van kolonel R.J. Gordon besluit om weens die "Schaarsheid en duurte der Lewensmiddelen" die jaarlikse milisie-oefeninge te Kaapstad, Stellenbosch en Swellendam vir dié jaar af te las.⁸⁷ Op dieselfde vergadering is ook weer eens verwys na die bemoedigende verslag van J.G. van Reenen, Hillegert Muller en Andries Holtzhuizen insake die produksie van graan in Suid-Kaapland. Daar is dus besluit om 'n kommissie te benoem om 'n finale akkoord in verband met die lewering van graan in Mosselbaai met die boere van dié geweste aan te gaan. Die volgende persone is op hierdie kommissie benoem: die skeepskaptein en ekwapasiemeester, Francois Duminy; die winkelier van die Kompanjie, Egbertus Bergh, en Johannes Gysbertus van Reenen.⁸⁸ Die benoeming van J.G. van Reenen op

86. C. 318 Memorien en Rapporten, 7.4.1786, p. 375.

87. C. 80 Resolutiën, 4.8.1786, pp. 904 - 905.

88. C. 80 Resolutiën, 4.8.1786, p. 909.

hierdie kommissie bewys dat die Politieke Raad groot vertroue in hom gehad het, want dié Raad het gewoonlik slegs Kompanjiesamptenare, of in sommige uitsonderlike gevalle burgerrade, aangestel om offisiële opdragte uit te voer en ooreenkomste namens die Kompanjie aan te gaan. J.G. van Reenen was trouens een van die weinige burgers wat op geen offisiële liggaam gedien het nie wat ooit op 'n soortgelyke kommissie aangewys is.

Die kommissie het teen die middel van September 1786 uit Kaapstad vertrek en reeds op die 28ste van dié maand op die plaas van Hillegert Muller aan die Vetrivier 'n ooreenkoms in genoemde verband met 33 boere gesluit. Die belangrikste klousule in hierdie ooreenkoms was die volgende: "dat wij landbouwers voortaan op de landerijen die wij zoo in eigendom als in Leening bezetten Jaarlyks zoo veel graanen en wel principaalyk Koorn zullen bouwen als het Land en d' uitgestrektheid van ons vermogens maar immers zal gedoogen en al dat graan tot zodanige prys als door de Heeren Commissarissen uit den E. Achtb. Raade van Justisie jaarlijks gereguleerd en bepaald zal worden in de voorschr. Mosselbaaij aan d E Compagnie te zullen leeveren ten einde de door Scheepen of Vaartuigen van daar te kunnen worden afgehaald --- ".⁸⁹ Voorts het die boere ook belowe dat hulle jaarliks aan die sekretaris van die Swellendamse landdroskantoor kennis sou gee hoeveel graan gelewer kon word. Op 27 Desember 1786 het die Politieke Raad 'n plakkaat uitgevaardig waarin verklaar is dat die ooreenkoms wat die kommissie met "der omstreeks Mosselbaay woonende ingezeetenen" aangegaan het, aanvaar word.⁹⁰

Aanvanklik het dit nie so voor die wind gegaan met die produksie van graan in dié gebied soos beide kommissies verwag het nie. Vanaf 1787 tot 1790

89. C. 318 Memorien en Rapporten, 28.9.1786, p. 659.

90. S.D. Naudé: Kaapse Plakkaatboek IV, 27.12.1786, p. 191.

is min graan in Mosselbaai ingeskeep. In 1791 toe daar nog steeds 'n te-
kort aan graan in Kaapstad was en die owerhede in Nederland ook aangedring
het dat die Kaapse nedersetting graan aan Batavia moes lewer, kon Mosselbaai
in 'n mate in die behoefte voorsien. Die skip Meermin het 2 989 mud graan
van dié baai na Kaapstad vervoer, terwyl daar selfs 2 886 mud in die
Sterrenschans na Batavia uitgevoer is.⁹¹

Teen die jaar 1791 het die graanboerdery in Suid-Kaapland dus goed op dreef
gekom. Op ekonomiese gebied was hierdie onderneming, wat in 'n groot mate
op inisiatief van J.G. van Reenen van stapel gestuur is, van onskatbare
waarde vir die landbouers van dié gebied. Selfs op sosiale vlak het dit
slegs goeie gevolge ingehou omdat dit verseker het dat die boere permanent
op hul graanplase gebly en nie dieper die binneland ingetrek het nie.⁹²

Soos die geval was met talle ander ondernemings waarin J.G. van Reenen aan-
voorwerk gedoen of in verband waarmee hy grootse planne voorgestel het, het
hierdie onderneming ook op niks uitgeloop nie. Die kommissarisse-generaal
Nederburgh en Frykenius wat aanbevelings moes doen om die uitgawes van die
Kompanjie te besnoei, het besluit om die verskeping van graan vanaf
Mosselbaai te beëindig. Op 26 November 1792 is daar dus 'n plakkaat uitge-
reik waarvolgens die ooreenkoms van 1786 tussen die Kompanjie en die land-
bouers van Mosselbaai en omstreke opgehef is.⁹³ Hierdie maatreël word,
heeltemal tereg ook, deur kontemporêre getuies sowel as historici as die
belangrikste oorsaak vir die opstand in Swellendam in 1795 voorgehou.⁹⁴

-
91. J.H.D. Schreuder: Die geskiedenis van ons graanbou, 1752 - 1795, p. 167.
92. Vergelyk in hierdie verband klagtes van koloniste nadat verskeping van graan vanaf Mosselbaai stopgesit is: C. 216 Bijlagen tot de Resolutiën, 9.5.1794, pp. 3 - 9.
93. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek IV, 26.11.1792, p. 177.
94. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten (Memorandum oor toestand van Kaapkolonie in 1795) p. 61; C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 238; G.D. Scholtz: Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I, p. 322.

Adviseur insake benutting van houtbosse in omgewing van Plettenbergbaai

Toe J.G. van Reenen in Februarie 1786 afgevaardig was om 'n opname te maak van die hoeveelheid graan wat by die boere van Suid-Kaapland beskikbaar was en om hulle aan te moedig om hulle op graanbou toe te lê, het hy hom nie streng by sy opdrag bepaal nie. Hy het ook, skynbaar op eie inisiatief, deurtastend ondersoek ingestel of die houtbosse in die omgewing van Plettenbergbaai winsgewind benut kon word. Na sy terugkoms in Kaapstad teen die begin van April 1786 het hy 'n uitvoerige verslag van sy bevindinge opgestel en aan die goewerneur oorhandig.

In hierdie verslag het J.G. van Reenen eerstens tot die konklusie gekom dat hy Plettenbergbaai "zodanig gesitueerd gevonden dat hy vermeend langs die weg (die uitvoer van hout) een bron van voordeelen voor d 'E Comp. zoude kunnen geopend worden : wanneer men aldaar ('t geen noodzakelijk diend te geschieden) een Zeehoofd plaatse ---".⁹⁵ Wat betref die houtbosse in die omgewing het hy bevind dat die groot bos "vyf uren rydens te paard lang is en drie uren in de breedte" en dat daarin "zoo veel goed en bequaam hout als Zooge= naamd Autheniquaas geelhout gevonden word". Hy het ook hoë verwagtings vir die gebruik van opregte geelhout gekoester en selfs beweer dat dit gunstig met die ingevoerde "Cajaale" (Cajaten -kiaat)-hout vir die wamakers= en boubedryf vergelyk. 'n Verdere aanbeveling insake die gebruik van houtsoorte in die bosse is dat boeken=, witpeer= en rooi-elshout vir die vellings van wawiele gebruik kon word.⁹⁶

Hy het in besonderhede aandag geskenk aan die ekonomiese voordele wat die Kompanjie uit die houtnywerheid kon trek en het beweer dat die uitvoer van

95. C. 318 Memorien en Rapporten, April 1786, p. 377.

96. C. 318 Memorien en Rapporten, April 1786, pp. 382 - 384.

hout "een lucratieve Commerci op Europa voor de E Comp. zouden kunnen oplee=veren". Volgens sy berekening sou geelhout= en stinkhoutplanke van drie duim dik en twaalf duim breed die Kompanjie onderskeidelik een en drie tot vier stuiwers per voet kos, terwyl die Dene tot ses skelling per voet daarvoor be=taal.⁹⁷

Hoewel ekonomiese oorwegings die prominentste plek in hierdie verslag inneem – soos te verwagte omdat J.G. van Reenen besef het dat die Kompanjiesbewindheb=bers eerstens hieraan sou dink – het hy tog ook aanbevelings gemaak ten op=sigte van die beskerming van die woude. Hy was van mening dat daar "een behoorlijke ordre in't kappen" gehandhaaf moes word. Indien die Kompanjie regulasies in hierdie verband uitreik, sou die bosse "nimmer kunnen uitge=roeijd worden". Voorts het hy ook aanbeveel dat die houtkappers nie toege=laat moes word om meer bome te kap as wat hulle in een seisoen kon verwerk nie omdat die onverwerkte gevælde bome maklik sou verrot.⁹⁸

Dat J.G. van Reenen die gebied rondom Plettenbergbaai deeglik ondersoek het, blyk uit die aanbevelings insake die plekke waar die geboue soos die houtstoor en die huis van die opsigter gebou moes word. Hy het breedvoerig aangetoon waarom hy die Kompanjie nie sou aanraai om hierdie geboue op die plaas van Cornelis Botha te laat oprig nie. Volgens hom is hierdie plaas "geleegen --- in een diepte of gat onder den voet van een Bergh" en die hout sou "met wagens en ossen tot merkelyk Nadeel den Edele Compagnie moet passeeren of komt onder een Zwaare Zandheuvel ---" en dat die waens ook "de Pisang rivier moet door=ryden die met wild Zand bezet is". Hy het dus voorgestel dat die geboue naby die strand gebou moes word veral ook omdat "daardoor d E Comp. een meenigte ossen bespaaren kunnen, dewijl alleenlijk een enkel Span tot het aansleepen

97. C. 318 Memorien en Rapporten, April 1786, p. 387.

98. C. 318 Memorien en Rapporten, April 1786, p. 383.

van hout benodigt heeft ---".⁹⁹ Voorts het hy ook spesifiek aangedui waar die opsigter 'n groentetuin vir homself en landerye vir die kweek van graan en groente vir die bemanning van die vaartuie wat die hout moes inskeep, kon aanlê. Selfs die plekke wat die houtkappers en die opsigter vir die weiding van hul osse kon gebruik, word aangetoon. Waarskynlik die insiggewendste aanbeveling insake die oprigting van geboue is die volgende: "den onderget. is van Gedagten dat 't oprichten van Een of meerder Zaagmolens in de Contreien tot 't Zagen van 't hout aldaar onafschijdbaar met S E Comp. belangens gepaart gaat, de welke als dan Zoude behoren geplaatst te werden by de Pisang Rivier boven de Plaats van Cornelis Botha, een quartier boven in de Rivier alwaar de Grootste valling van water Zoude kunnen gemaakt worden".¹⁰⁰

Hierdie verslag, wat benewens voorgemelde voorstelle nog talle ander rakende die ontginning van die houtbosse en die aanlê van die inskepingsdepot te Plettenbergbaai insluit, getuig daarvan dat J.G. van Reenen hierdie aangeleenthede baie noukeurig ondersoek het. Die enigste kritiek wat teen sy voorstelle ingebring kan word, is dat hy oor-optimisties was. So is dit byvoorbeeld sterk te betwyfel of daar, benewens kort periodes tydens groot reëns, voldoende water in die Piesangrivier vloei om watersaagmeulens goed te laat funksioneer. Verder was sy berekening van die pryse waarteen die Kompanjie bewerkte hout sou inkoop heeltemal onrealisties. Die Kompanjie moes later geelhoutplanke van twaalf duim by een-en-'n-kwartduim vir ongeveer drie stuiwers per voet koop,¹⁰¹ terwyl hy bereken het dat die planke van twaalf by drie duim slegs een stuiwer per voet sou kos. In die geval van stinkhoutplanke was die verskil nog heelwat groter. Dit is voor die hand liggend

99. C. 318 Memorien en Rapporten, April 1786, pp. 378 - 380.

100. C. 318 Memorien en Rapporten, April 1786, p. 387.

101. C. 80 Resolutiën, 27.12.1786, p. 1322.

waarom J.G. van Reenen so optimisties was. Hy het ongetwyfeld beseef dat indien hy enige negatiewe kommentaar lewer, sou die goewerneur en die Politieke Raad geen pogings aanwend om sy voorstelle ten uitvoer te bring nie omdat die Kompanjie nooit geneë was om 'n onderneming wat moontlik op 'n mislukking kon uitloop, aan te pak nie.

Op 4 Augustus 1786 is die verslag van J.G. van Reenen sowel as dié van landdros M.H.O. Woeke, wat in Januarie van dieselfde jaar opdrag gekry het om die houtbosse in Suid-Kaapland te ondersoek,¹⁰² in die Politieke Raad bespreek.¹⁰³ Uit hierdie bespreking blyk dit dat eersgenoemde benewens voorgemelde verslag óf skriftelik óf mondeling verdere kommentaar insake hierdie aangeleentheid by die goewerneur gelewer het. As motief vir die stigting van die houtkappos te Plettenbergbaai het hy aangevoer dat die grond in die gebied "natuurlijk niet zeer, nog tot de graanbouw, nog tot de vee fokkerij geschikt zijn"¹⁰⁴ en dat die koloniste van die gebied geneë was om hout aan die Kompanjie te lewer. Verder was hy ook van mening dat die werkgeleentheid wat die houtnywerheid sou bied as uitstekende middel ter voorkoming van "de aller nadeeligste verdere verwijderinge der Ingezeetenen zoude" dien.¹⁰⁵ Vir J.G. van Reenen was daar dus nie slegs 'n ekonomiese motief agter die oorweging om die houtbosse te ontgin nie, maar ook 'n sosiale beweegrede.

Die Politieke Raad het na die behandeling van hierdie verslae besluit om 'n kommissie te benoem om die moontlikhede van die benutting van die houtbosse in genoemde omgewing en die geskiktheid van Plettenbergbaai as hawe te ondersoek. F. Duminy, E. Bergh en J.G. van Reenen, wat vroeër op dieselfde vergadering

102. C. 79 Resolusiën, 17.1.1786, pp. 101 - 102.

103. C. 80 Resolusiën, 4.8.1786, pp. 913 - 922.

104. C. 80 Resolusiën, 4.8.1786, p. 916.

105. C. 80 Resolusiën, 4.8.1786, p. 918.

afgevaardig is om 'n kontrak met die boere van Suid-Kaapland te sluit vir die lewering van graan in Mosselbaai,¹⁰⁶ is as lede van die kommissie benoem.¹⁰⁷ Skynbaar het die Politieke Raad die stigting van die houtkappos in genoemde baai reeds as 'n voldonge feit aanvaar, want die kommissie is ook opgedra om kontrakte vir die lewering van hout met die koloniste te sluit. Verder moes reëlins vir die oprigting van 'n magasyn vir die berging van hout getref word. Die kommissie moes ook bepaal dat geen boom onnodig en vernielsugtig gekap mag word nie en alle besondere sake wat onder die aandag van die opsigter van die houtkappos behoort te kom, moes vasgestel word sodat dit in sy opdrag ingesluit kon word. Indien die koloniste nie geneë was om hout te lewer nie of die kontrakte vir die lewering daarvan verbreek, moes die kommissie die nodige maatreëls tref om die onderneming deur Kompanjieswerkslui te laat voortsit.¹⁰⁸

Nadat Duminy, Bergh en J.G. van Reenen hulle werksaamhede in Mosselbaai afgehandel het, het hulle na Plettenbergbaai vertrek om hul opdrag insake houtverskaffing en inskeping uit te voer. Op 15 Desember 1786 het hulle 'n uitvoerige verslag van hul bedrywighede en besluite aan die Politieke Raad voorgelê.¹⁰⁹ Volgens hierdie verslag het die kommissie sy opdragte uitgevoer en bevind dat Plettenbergbaai geskik was vir die inskeping van hout. Hoewel die koloniste nie geneë was om die hout teen die pryse wat die Politieke Raad op 4 Augustus vasgestel het, te lewer nie, was die kommissie nie van mening dat die verskaffing van hout aan Kompanjiesarbeiders oorgelaat moes word nie omdat dit afbreuk sou doen aan een van die oorspronklike doelstellings vir die stigting van die onderneming, naamlik "om dezelve door den

106. Sien p. 188.

107. C. 80 Resolusiën, 4.8.1786, p. 922.

108. C. 80 Resolusiën, 4.8.1786, pp. 923 - 931.

109. C. 80 Resolusiën, 15.12.1786, pp. 1304 - 1341.

tijd te doen dienen tot een middel van bestaan, voor zodanige Lieden, als, dewijl zij tot nu toe van een betamelijke broodwinning gedestitueerd waren geweest, ginds en herwaards door het veld Swerwende zig meer en meer van de hoofdplaatse hadden verwijderd, ten einde onder het pretext der veefockerij om, zo te zeggen buiten het bereik der wetten, een Eigendunkelijk, luij en vadzig leeven te leijden".¹¹⁰ Die kommissie het toe op pryse ooreengekom wat heelwat hoër was as dié wat die Kompanjie voorgestel het en kontrakte met sestien koloniste gesluit om 294 vragte hout gedurende 1787 te lewer. Verder is ook 'n kontrak gesluit met 'n kolonis, J.J. Jarling, om die houtmagasyn teen 15 000 Kaapse gulden op te rig. Die situasie waar dit geplaas moes word, was min of meer op die plek wat J.G. van Reenen in sy oorspronklike verslag aangedui het.

Die Politieke Raad het die reëlins wat die kommissie getref het, goedgekeur en op 27 Desember 1786 'n plakkaat uitgevaardig waarvolgens die kontrakte wat die kommissie met die koloniste gesluit het vir die lewering van hout goedgekeur is.¹¹¹ Die houtbedryf het dus amptelik op hierdie datum 'n aanvang geneem. Vanaf die begin het dit goed gegaan met die lewering van hout in Plettenbergbaai. Teen Januarie 1788 was daar reeds 'n voorraad hout wat gehaal moes word en nuwe kontrakte is weer eens deur agtien koloniste vir die lewering van 279 vragte hout vir dié jaar gesluit.¹¹² Teen die begin van 1790 het dit duidelik geblyk dat in die ontginning van die houtbosse in die omgewing van Plettenbergbaai vir die Kompanjie "een nieuwen zeer lucrative Tak van handel legd op gesloten, waarvan de Voordeelen steeds moeten accresseeren na mate men oplettend is, om dien Handel op goede gronde te vestigen ---".¹¹³

110. C. 80 Resolutiën, 15.12.1786, pp. 1320 - 1321.

111. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek III, 27.12.1786, p. 192.

112. A. Appel: Die geskiedenis van houtvoorsiening aan die Kaap 1652 - 1795, pp. 104 - 105.

113. C. 87 Resolutiën, 2.3.1790, p. 350.

Ook die Kaapse burgers het groot voordeel uit hierdie onderneming getrek omdat hulle nou hout teen billike pryse – in vergelyking met die pryse van ingevoerde hout wat hulle vroeër moes koop – kon bekom.

Daar is dus veel verwag van hierdie onderneming. Op ekonomiese gebied kon dit op die lang duur die Kompanjie, Kaapse burgers sowel as inwoners van die omgewing van Plettenbergbaai tot voordeel strek en selfs op sosiale gebied kon dit, soos J.G. van Reenen en die kommissie wat die aangeleentheid moes ondersoek, getuig het, 'n nuttige doel dien. Hoewel geensins beweer kan word dat J.G. van Reenen verantwoordelik was vir die totstandkoming van hierdie onderneming nie, kan tog afgelei word dat hy 'n belangrike rol in hierdie verband gespeel het. Ongelukkig is hierdie bedryf wat soveel belofte tot sukses getoon het in 1792 deur kommissaris-generaal Nederburgh en Frykenius in die kiem gesmoor. Hulle het as deel van hul besnoeiingsprogram bepaal dat geen Kompanjieskepe meer na Plettenbergbaai gestuur sou word nie en alle kontrakte wat gesluit was vir die lewering van hout opgehef.¹¹⁴ Hoewel partikuliere skepe wel toegelaat is om hout in genoemde baai in te skeep, was die Kaapse partikuliere vaart nog nie sodanig ontwikkel dat op groot skaal met Plettenbergbaai handel gedryf kon word nie. Die gevolg was dat die houtbedryf 'n vroeë dood gesterf het.

Beskerming van veeboere teen Boesmanaanvalle

Teen die vroeë negentigerjare van die agtiende eeu was die ekonomiese opbloei wat deur die Anglo-Frans-Nederlandse- en Amerikaanse Vryheidsoorlog aan die Kaap veroorsaak is, iets van die verlede. Pryse van produkte, uitgesonderd vleis, het weer gedaal na die vlak wat dit teen 1779, voor die uitbreek van

114. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek IV, 26.11.1792, p. 177.

hierdie oorloë was. Die Politieke Raad was uit die aard van die saak bekommerd omdat vleispryse nie gedaal het nie. Op 13 Julie 1791 het dié Raad die kommissarisse uit die Raad van Justisie afgevaardig om maatreëls aan die hand te doen om die prys van vleis "wederom te brengen tot den behoorlijke en min drukkende Prys".¹¹⁵ Dié kommissarisse het onverwyld 'n onderhoud gevoer met J.G. en S.V. van Reenen wat op daardie stadium Kompanjiesvleisleweransiers was en saam met hul broer J.A. van Reenen feitlik 'n algehele monopolie van die vleishandel gehad het. Laasgenoemdes is meegedeel dat hulle moes toesien dat vleispryse daal.

J.G. van Reenen het namens homself en sy broers 'n memorandum opgestel waarin hy breedvoerig uiteengesit het waarom dit onmoontlik was om hierdie bevel uit te voer. Hy het aangevoer dat die hoë vee- en vleispryse deur die chaotiese binnelandse toestande veroorsaak word. Die belangrikste oorsaak vir hierdie toestande was die hewige Boesmanaanvalle in die belangrikste veeproducerende gebiede. Meer as eenhonderd plase in die Nieuweveld, Koup, Sneeu-berg en Tarka het as gevolg van hierdie aanvalle onbewoond gelê en die boere wat nog op hul plase gewoon het, kon nie hul normale boerderybedrywighede voortsit nie. Selfs die vee wat die slagters wel kon bekom, was van 'n swak gehalte. Hy het voorts gemeld dat die slagters ook skade gely het omdat die troppe vee wat na Kaapstad aangejaag moes word gedurig aan boesmanaanvalle blootgestel was met die gevolg dat meer knegte en slawe hierdie taak moes vervul. Al hierdie faktore het dus daartoe bygedra dat veepryse hoog was en hy en sy broers kon dus nie vleispryse verlaag nie.¹¹⁶ Hoewel aangevoer kan word dat J.G. van Reenen homself in hierdie verband aan oordrywing skuldig gemaak het omdat hyself in die aangeleentheid betrokke was en 'n verlaging van

115. C. 92 Resolusiën, 13.7.1791, p. 329.

116. Sien pp. 98 - 99.

vleispryse sy eie finansiële posisie sou benadeel, was dit skynbaar nie die geval nie. Talle ander persone wat tydens hierdie periode oor toestande in die binneland kommentaar gelewer het, was dieselfde houding toegedaan.¹¹⁷

Vir J.G. van Reenen was daar slegs een wyse waarop die netelige situasie insake die hoë vleispryse die hoof gebied kon word, naamlik dat die Kompanjie die binnelandse koloniste teen Boesmanaanvalle moes beskerm. As aanhangsel tot die memorandum waarin hy die oorsake van die hoë vleispryse ontleed het, het hy dus 'n lywige skrifstuk aangeheg waarin hy voorstelle in hierdie verband aan die hand doen. Hy het hierdie skrifstuk getitel "Ontwerp hoe het mogelijk zoude zijn de Rovende en stroopende Bosjemans te verdrijven en de Ingeseetenen der Colonie Graaf Rijnet te beschermen en bevijligen om langs dien weg de vee Fokkerij niet alleen aan te moedigen maar ook binnen weinige Jaaren 't vee in't algemeen op Eene Civiele en modique prijs te brengen, tot welzijn der Ingeseetenen alhier".¹¹⁸

Die kerngedagte in hierdie voorstel was dat die Kompanjie 'n klein goedgeorganiseerde kommando in die Graaff-Reinetse distrik moes plaas om die veeboere teen Boesmanaanvalle te beskerm en die Boesmans uit dié distrik te verdryf. Aangesien hy egter besef het dat daar groot uitgawes aan so 'n onderneming verbonde sou wees, het hy eerstens die stigting van 'n fonds om dit te finansier, bepleit. Die eerste bydraer tot hierdie fonds moes die Politieke Raad wees omdat die Kompanjie op die lang duur die meeste voordeel uit die normalisering van binnelandse toestande sou trek. Hy het dus voorgestel dat die Politieke Raad jaarliks die helfte van die rekognisiegede van 24 riks-

117. Vergelyk in hierdie verband P.J. van der Merwe: Die Noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770 - 1842), pp. 16 - 21.

118. C. 93 Resolutiën, 31.8.1791, pp. 158 - 159.

dalers per leningsplaas van dié distrik in die fonds stort. Aangesien daar (volgens sy berekening) 700 leningsplase in dié distrik was, sou hierdie bydrae die fonds op 8 400 riksdalers te staan bring. Voorts moes die koloniste gemiddeld 25 riksdalers per leningsplaas bydra. In hierdie geval het J.G. van Reenen 'n foutiewe berekening gemaak deur hierdie bedrag op 15 500 riksdalers te bereken, terwyl dit in werklikheid 17 500 riksdalers moes wees. Volgens sy berekening sou die fonds dus jaarliks op 23 800 riksdalers te staan kom.

Aangesien hy skynbaar self skepties was ten opsigte van hierdie voorstelle, veral wat betref die bydrae van die Kompanjie, het hy probeer om aan te toon dat, op die lang duur, meer dan voldoende wins uit hierdie belegging behaal sou word. Hy skryf dat die verlies van die helfte van die rekognisiegeelde "schijnt in den Eerste opslag merkelyk ten nadele voor de maatskappy te zijn, dog wanneer men begrypt dat er wel hondert en meer plaatsen verlaten en onbewoond zijn wegens de onveiligheid der Bosjemans --- welke plaatsen wel vas weeder betrokken zullen werden, zodra de Ingeseetenen maar zien dat dezelve met meer veijligheid bewoonen kunnen, dan zal de Schijn schaade wel dubbeld vergoed worden ---". Hy was van mening dat die veeboere gewilliglik 25 riksdalers elk sou stort omdat hulle ontslae sou wees van die kommandodiens wat hulle jaarliks moes doen.¹¹⁹

Die volgende aangeleentheid waaraan hy aandag geskenk het, was die samestelling van die kommando. Dit moes uit 25 man elk van die volgende groepe bestaan: Kompanjiesoldate; "Jonge frisse boeren, die in't veld groot geworden zijn"; "bastaard hottentotten" en "Hottentotten". Elke manskap van eersgenoemde

119. C. 93 Resolutiën, 31.8.1791, pp. 160 - 162.

groep moes, benewens sy Kompanjiesoldy, 80 riksdalers per jaar ontvang, terwyl die salaris van die "frisse boeren" 150 riksdalers elk per jaar sou wees. Die "bastaard hottentotten" en "Hottentotten" moes onderskeidelik 5 en 3 riksdalers per maand ontvang. Hierdie manskappe moes deur 'n hoofoffisier, tweede-offisier en twee onderoffisiere aangevoer word wat onderskeidelik 'n jaarlikse salaris van 1 333:2:4, 1 000 en 500 riksdalers elk sou ontvang. Die totale uitgawe van die salarisse van die kommandoede sou dus ongeveer 11 500 riksdalers beloop.

Die oorblywende gelde in die fonds moes eerstens aangewend word om kleding, ammunisie en mondprovisie vir die kommando te koop. Tweedens moes amptenare wat uit diens van die Kompanjie getree het, dog nog nie hul "burger vrijdom" ontvang het nie – die sogenaamde soldy-afgeskrewe amptenare waarvan daar volgens J.G. van Reenen baie in Kaapstad was – teen 150 riksdalers per maand in diens geneem word. Elkeen van hierdie manskappe moes deur drie veeboere gesamentlik met 'n geweer, perd, saal en toom uitgerus word en hul taak sou wees "dat zij in 3, 4 of meer partijen verdeeld zijnde, continueel in't veld zouden moeten zijn, en alle bekende passages der bosjemans bezetten en op alle mogelijke wijze agterhaalen en vervolgen ---".¹²⁰

Voorgemelde is in breë trekke die kern van J.G. van Reenen se voorstel. Hy het egter verder op kenmerkende wyse kommentaar daarop gelewer en selfs aan die kleinste besonderhede aandag geskenk. Insake die klere van die kommandoede skryf hy byvoorbeeld dat dit van "warme wolstoffen" moes wees. Hy het selfs daaraan gedink dat die soldy-afgeskrewe amptenare nie die volle jaar die Boesmans kon agtervolg nie, omdat die maande Maart tot Mei "de tijd van de paardesterfte" is. Daar word dus aangedui wat hulle gedurende hierdie tydperk

120. C. 93 Resolutiën, 31.8.1791, pp. 162 - 167.

moes doen. Wat voorts ook duidelik uit hierdie kommentaar blyk, is sy aanvoeling vir die praktiese. In hierdie verband kan byvoorbeeld aangetoon word dat hy gemeld het dat geen offisiere of onderoffisiere "als goede en bequame veld Lieden, die gewoon zijn teegens de bosjemans te ageeren", aangestel moes word nie. Hiervolgens blyk dit dat hy beoog het dat hierdie offisiere uit die vryburgergemeenskap aangewys moes word, omdat daar op daardie stadium geen Kompanjiesoldate was wat wel aan hierdie vereiste voldoen het nie. Sy gedagtegang insake die Kompanjiesoldate en soldy-afgeskrewe amptenare is ook heel-insiggewend. Hy was van mening dat hulle 'n kontrak van drie jaar moes sluit om kommandodiens te doen. Na die verstryking van hierdie termyn kon hulle om vryburgerskap aansoek doen. Aangesien hulle dan "t veldleeven reeds gewoon zijnde", sou hulle plase in die binneland beset. Dit sou die voordeel inhou dat "men --- lieden bij der hand hebben, die aan de fatiques gewoon de bosjemans ten allen tijd zoo zulx in't vervolg onverhoopt, nog mogte noodig zijn, het hoeft kunnen bieden".¹²¹

'n Ander besondere kenmerk van die kommentaar op hierdie voorstel is die wyse waarop J.G. van Reenen telkens die ekonomiese voordele beklemtoon wat die plasing van die kommando in die binneland ingehou het. Ter illustrasie hiervan kan die volgende aangehaal word: "Zoo dan dit plan agtervolgd zoude werden, zo zoude de Landlieden haar vee weederom vijlig kunnen uitleggen, en in meenigte voorteeelen, waar door zwaar vee zo als in vorige tijde zoude werden geslagt en wel Hamels van 60 lb, daar zij thans niet meer haalen dan 40 lb, de oorsaak hiervan is deeze, dat de Landlieden hun vee thans maar kunnen uitleggen op hunne woonplaatsen om deselve onder hun bereik te hebben. Te meer zoude men zig durven vleijen, Ja men durfd verseekeeren dat 't vee binnen zeer

121. C. 93 Resolutiën, 31.8.1791, pp. 163 - 164.

korten tijd, op den ouden prys daalen zal en de Ed. Comp. dubbeld voordeel genieten, niet alleen door de vleesch pagt, maar ook door het bewoonen van plaatsen, die nu verlaaten zijn ---". Wat verder ook opval is die wyse waarop hy aangetoon het wat die gevolge sou wees indien die Kompanjie nie sy voorstel aanvaar nie. In hierdie verband meld hy byvoorbeeld dat hy bevrees is dat "zoo hier niet voorsien werd de Bosjemans de overhand zullen krijgen zoo als zy thans werkelyk reeds hebben, vermits voorname veefokkers 't veld verlaaten, en hun bestaan elders zoeken, daar men wijders dagelyks ziet, dat de Schaade die de Ingeseetenen aldaar leijden zeer aansienlyk is".

Nadat hy 'n breedvoerige uiteensetting gegee het van die skade wat reeds deur die Boesmans aangerig is, daarop gewys het wat die gevolge sou wees, "zoo de Colonie Graaf Reinet door de Bosjemans gedestruueerd wierd" en aangedui het dat Kaapstad vir 9 maande van elke jaar van diē "Colonie" vir die verskaffing van vee afhanklik was, het hy dus tot die gevolgtrekking gekom dat dit noodsaaklik is "de handen aan 't werk te slaan, en de zoo hoog nodige maatreguls werkstellig te maken".¹²² Hiermee het hy natuurlik bedoel dat sy voorstel aanvaar moes word.

Hoewel die stasionering van 'n kommando in die binneland ongetwyfeld die gewenste resultate sou gelewer het — sekerlik nie so spoedig soos J.G. van Reenen verwag het nie —, was hierdie voorstel tot 'n groot mate onrealisties. In die eerste plek moes hy besef het dat die Kompanjie op die rand van bankrotskap was en dat die Politieke Raad gevolglik nie toestemming tot die verlies van die helfte van die rekognisiegeelde sou gee nie. Op daardie stadium was Kompanjiesbeleid, meer dan ooit, op direkte en onmiddellike winste toegespits en die V.O.C. sou beslis eers na etlike jare uit hierdie voorgestelde onder=

122. C. 93 Resolutiën, 31.8.1791, pp. 167 - 173.

neming voordeel trek. In die tweede plek was die meeste koloniste ongetwyfeld nie in staat om jaarliks 25 riksdalers in die fonds te stort nie omdat talle van hulle alreeds jare se rekognisiegede agterstallig was ¹²³ en vanweë die benarde situasie in die binneland in finansiële nood verkeer het.

Die Politieke Raad het, soos te verwagte, nie J.G. van Reenen se voorstel aanvaar nie. Die enigste rede wat hiervoor aangegee is, is dat "de executie van dat plan de weinige Inkomsten die de Ed. Comp. van deeze Colonie (Graaff-Reinet) trekt nog zou verminderen ---". Hoewel die voorstel afgekeur is, het dit tog in 'n sekere mate invloed op die verdere verloop van sake uitgeoefen. Die Politieke Raad het tot die besef van die benardheid van binnelandse toestande gekom en onmiddellik na die behandeling van J.G. van Reenen se memorandum landdros Woeke van Graaff-Reinet gelas om "ten allenspoedigsten, en met den ernst die 't gewigt der Zaaken vordert, te oorweegen, en --- voor te dragen welke middelen er met hoop van goed succes zouden kunnen worden aangewend omme de roverijen der Zwervende bosjemans hottentotten, te doen ophouden, dan wel tegen te gaan, en daar door de opgesetenen van hunne Colonie het gerust genot van hunne bezittingen te doen genieten". ¹²⁴

Hoewel Woeke na aanleiding van hierdie opdrag burgerkommando's organiseer het, was die Boesmanaanvalle gedurende 1792 eens so erg. Die vleishandel was besig om in duie te stort veral omdat die aanvallers die gebiede waardeur die vee vir die Kaapse mark moes trek, beset het. Teen die middel van dié jaar het die goewerneur ingesien dat drastiese stappe nodig was om die Boesmans uit hierdie gebiede te verjaag. Ten einde raad, het hy J.G. van Reenen en J.J.F. Wagener, oudsekretaris van die Graaff-Reinsetse landdroskantoor, die twee persone in

123. Vergelyk p. 110.

124. C. 93 Resolutiën, 31.8.1791, pp. 181 - 183.

Kaapstad met die meeste kennis van binnelandse toestande, om advies gemaak te word.¹²⁵ Op 9 Augustus 1792 het laasgenoemdes 'n memorandum met die volgende titel aan die goewerneur oorhandig: "Ontwerp op wat wyse de thans zeer woedende en Roovende Bosjemans, die zich omtrend het Nieuwe Velds Gebergte, de Compagnies Velden, de Rivier Chamka en den Swartenberg koomen op te houden moeten en kunnen werden g' attaqueerd verstrooid en de beteugeldt, op dat de Weegen van Graaffe Reynet beveyligd word, zoo voor de reyzigers als voor den doortogt van 't Slagtvee 't welk deeze hoofdplaats komt benoodigt te zyn".¹²⁶

Die eerste aanbeveling was dat twee groot kommando's opgeroep moes word. Die een moes uit persone uit die Rogge- en Bokkeveld en die ander uit die gebied agter die Swartberge vanaf die Olifantsrivier tot by Kogmanskloof saamgestel word. Hierdie kommando's moes gesamentlik vanaf die plaas Kweekvallei (die huidige Prins-Albert) vertrek en die Swartberg, Gamka en Nieuweveld van Boesmans skoonvee. Aangesien "de Ondervinding meer als eens geleerd heeft" dat die sukses "van dergelyke onderneemingen meest afhangt van de Chefs en Aanvoerders van al Zulke Commandos" het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat "men daartoe verkiesse zoodanige Perzoonen die door haare daaden meer als eens getoond hebben dat Zy waarlyk hiertoe geschikt en bequaam Zyn". Hulle het verder geskryf dat die toenmalige veldwagmeesters, Abraham Bothma en Gerrit Marais nie aan hierdie vereiste voldoen nie omdat laasgenoemdes "telkens zeer veel blyken van vreesachtigheid voor de Bosjemans gegeeven hebben". Die twee persone wat hulle as die geskikste vir hierdie betrekkinge beskou het, was Johannes Petrus van der Walt vir die kommando uit die noordelike gebiede en Tjaart van der Walt vir dié uit Swartberg. Die verdere aanbevelings in hierdie "Ontwerp" hou veral verband met die pligte van die landdroste van

125. C. 97 Resolusiën, 13.7.1792, p. 921.

126. C. 200 Bijlagen tot de Resolusiën, 9.7.1792, p. 165.

Swellendam en Stellenbosch ten opsigte van die voorsiening van gewere en ammunisie aan hierdie kommando's en die oproeping van die manskappe. ¹²⁷

Aangesien Wagener en J.G. van Reenen volle vertroue gehad het in die bekwaamhede van die persone wat hulle as kommandante aanbeveel het, het hulle dit nie nodig geag om aanbevelings te maak ten opsigte van die wyse van optrede van die kommando's nie. In hierdie verband skryf hulle as volg: "Men moet wyders aan de bekende kunde dier Chefs ooverlaten hoe en op wat wyse zy den togt dirigeren willen daar men zich verzeekerd houd dat zy zich niet zullen tevreden Stellen met een enkele Slag onder die Rovers te doen, maar dat zij dezelve zullen vervolgen Zoo Veel moogelyk is, tot den laasten Man". ¹²⁸

Nadat hierdie "Ontwerp" op 13 Julie 1792 in die Politieke Raad bespreek is, is besluit om die landdroste van Swellendam en Stellenbosch te gelas om groot kommando's, soos voorgestel, te organiseer. Die aanbeveling dat Johannes Petrus en Tjaart van der Walt as kommandante aangewys moes word, is ook aanvaar en instruksies in hierdie verband is uitgereik. ¹²⁹ Gedurende die laaste helfte van 1792 en vroeg in 1793 het hierdie kommando's met redelike sukses opgetree. ¹³⁰ Heelwat gesteelde vee is opgespoor en rus en orde is tydelik in die gebied noord van die Swartberge herstel. Die belangrikste bydrae wat Wagener en J.G. van Reenen met hierdie "Ontwerp" gemaak het, is dat hulle die Politieke Raad oortuig het dat Johannes Petrus en Tjaart van der Walt die geskikste persone was om as veldkommandante aan te stel. Dat eersgenoemdes se oordeelsvermoë hulle nie in die steek gelaat het nie, blyk daaruit dat die twee Van der Walts van die bekendste en mees geagte veldkommandante in die Suid-Afrikaanse pioniersgeskiedenis geword het.

127. C. 200 Bijlagen tot de Resolutiën, 7.9.1792, pp. 166 - 168.

128. C. 200 Bijlagen tot de Resolutiën, 7.9.1792, p. 169.

129. C. 97 Resolutiën, 13.7.1792, pp. 924 - 933.

130. Vergelyk P.J. van der Merwe: Die Noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek, pp. 50 - 51.

Lid van die Burgersenaat

Gedurende die laaste jare van die Kompanjiesbewind was daar twee liggame in Kaapstad wat burgerlike belange bevorder het. In die eerste plek was daar die Raad van kommissarisse uit die Raad van Justisie wat uit drie burgers en drie amptenare bestaan het en wat "munisipale funksies, die regulering van handel, uitgee van regeringsgronde en funksies van die aard van 'n afdelingsraad vir die distrik van Kaapstad vervul het".¹³¹ In die tweede plek was daar die Burgerraad. Dit het uit ses burgers bestaan en het hoofsaaklik 'n verteenwoordigende funksie gehad in die sin dat dit oor vryburgerbelange gewaak het en verhoë in hierdie verband tot die sentrale regeringsliggame gerig het. Kort na die bewindsoorname van die Kaap deur die Britte in 1795 is die Raad van kommissarisse uit die Raad van Justisie ontbind en die funksies daarvan aan die Burgerraad oorgedra. Die Britte het hierdie liggaam "Burgher Senate" genoem en die Afrikaanse ekwivalent van dié naam, naamlik Burgersenaat, het in die geskiedskrywing inslag gevind.¹³²

Op 31 Januarie 1796 het generaal J.H. Craig wat goewerneur was vanaf September 1795 tot Mei 1797 'n volledige stel instruksies uitgereik waarin die pligte en funksies van die Burgersenaat omskryf is. Dit was min of meer dieselfde as dié van die ou Burgerraad en Raad van kommissarisse uit die Raad van Justisie. Wat die aanstelling van lede betref, is bepaal dat Craig aanvanklik almal sou aanwys – hy het trouens die ses dienende burgerrade versoek om aan te bly. Indien vakatures sou ontstaan, moes die goewerneur 'n keuse doen uit 'n lys, saamgestel deur die oorblywende lede van die Burgersenaat, van vier name vir elke vakature.¹³³

131. J.J. Oberholster: Die Burgersenaat, p. 217.

132. Vergelyk in hierdie verband H.B. Giliomee: Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, pp. 88 - 89.

133. S.D. Naude: Kaapse Plakkaatboek V, pp. 19 - 29.

J.G. van Reenen se naam het die eerste keer op so 'n lys verskyn nadat J. Smuts, 'n dienende lid, teen die einde van April 1797 bedank het.¹³⁴ By hierdie geleentheid het die goewerneur hom nie aangewys nie. In Julie 1797 is H.P. Warnecke, een van die lede van die Burgersenaat, "van alle publicque diensten" ontslaan en hy moes gevolglik ook as lid van die Burgersenaat uittree. Op 12 Julie van genoemde jaar het die Burgersenaat 'n lys waarop die name van J.H. Vos, J.G. van Reenen, J.J. Vos en D.G. Anosi verskyn het aan die goewerneur, graaf G. Macartney, verstrekk.¹³⁵ J.G. van Reenen is deur laasgenoemde benoem om die vakature te vul. Hy het op 25 Julie 1797 die eerste vergadering van die Burgersenaat bygewoon en het lid gebly tot die ontbinding van dié liggaam op 31 Maart 1803.

Aangesien die voorstelle wat individuele lede van die Burgersenaat ingedien het en die bespreking van hierdie voorstelle nie genotuleer is nie – slegs die besluite is in die vorm van resolusies of briewe aan die outoriteite aangeteken –, is dit moeilik om te bepaal watter bydrae elke afsonderlike lid gemaak het. Dat J.G. van Reenen se kennis van die in- en uitvoerhandel, boerdery, vleisleweransie en binnelandse toestande hom goed te pas gekom het en dat hy wel 'n positiewe bydrae as Burgersenaatslid gemaak het, blyk uit die volgende kommentaar oor hom wat vroeër ook reeds aangehaal is: "Door veelvuldige gedaane reijsen kent hij het land beeter als een ander, en een meenigte van verschillende saken om handen gehad hebbende weet hij daar door in veele opsigten ook meer als de menschen gewoonlijk doen".¹³⁶ Of hy egter 'n goeie lid van dié liggaam was in die sin dat hy hom heeldag en aldag met kleinere administratiewe pligte besig gehou het, val te betwyfele. Vanweë sy bedrywighede, veral ten opsigte van die boerdery en vleisleweransie, was hy dikwels

134. B.O. 1. Letters from the Burgher Senate, 4.5.1797, p. 267.

135. B.O. 1. Letters from the Burgher Senate, 12.7.1797, p. 403.

136. V.C. 162 Burgerlyke Persoonen die als Burgerraden en Leeden van Justisie syn blyven continueeren, p. 1; Vergelyk ook pp. 174 - 176.

uitstedig met die gevolg dat hy nie die vergaderings van die Burgersenaat kon bywoon en administratiewe pligte kon uitvoer nie. In die notule van die liggaam is dan ook dikwels aangeteken dat hy afwesig is omdat hy hom na "buijten begeven" het.

HOOFSTUK VII

BYDRAE OP LANDBOUKUNDIGE GEBIED

Belangstelling in Landbou en plase van J.G. van Reenen

Uit hoofde van die Van Reenenfamilie se deelname aan die vleisleweransie was al die lede van dié familie hoogs geïnteresseerd in die landbou en veral die veeteelt. Bykans al die agtiende-eeuse Suid-Afrikaansgebore Van Reenens het hulle dan ook vandat hulle skaars die kinderskoene ontgroeï het op hul eie lenings- en eiendomsplase daarop toegelê. J.G. van Reenen was in hierdie opsig 'n uitsondering deurdat hy redelik laat in sy lewe op sy eie plase begin boer het. Gedurende die sewentiger- en tot laat in die tagtigerjare het hy geen lenings- of eiendomsplase besit nie. Hoewel dit dus voorkom of hy nie in die landbou en veeteelt belang gestel het nie, was dit nie die geval nie. Gedurende hierdie jare was hy ten nouste by sy vader se boerderybedrywighede betrokke. Vroeër is reeds aangetoon dat hy deur sy vader aangewys is om sy belange te behartig terwyl hy met die burgerdeputasie in Nederland was. Tydens hierdie jare, en selfs heelwat vroeër het hy dan ook dikwels sy vader se uitgestrekte en verspreide lenings- en eiendomsplase besoek om die bedrywighede daar te organiseer.¹

Nadat J.G. van Reenen in 1779 as een van die drie gekontrakteerde slagters aangewys is, het veertien van die waardevolle Groenkloofplase in sy hande gekom. Bykans al hierdie plase soos Oranjefontein, Contrebergfontein, Oudepost, Ysterfontein, Groote Post, Nuwe Post, Laaste Stuiver, Kransvallei, Klein Dassenberg, Zonquasfontein en Smalpad² is besonder geskik vir die

1. Vergelyk p. 22.

2. Vir lys van plase sien C. 675 Pacht Condiëen, 2.2.1789, p. 707.

beoefening van landbou, veral graanbou en veeteelt. Hoewel dit onbekend is watter van hierdie plase J.G. van Reenen bekom en op watter skaal hy hom gedurende die tydperk 1779 tot 1784 aldaar op die landbou toegelê het, sou hy ongetwyfeld nie hierdie plase nutteloos laat lê het nie. Gedurende hierdie jare het hy skynbaar ingesien wat die waarde daarvan was en dit het daartoe aanleiding gegee dat hy in 1789 alles in sy vermoë gedoen het om weer die vleisleweransie te bekom.³ Dat hy hom gedurende eersgenoemde periode wel op die graanbou toegelê het, blyk daaruit dat die Politieke Raad hom in 1786, op aanbeveling van goewerneur C.J. van de Graaff, as een van die kenners van hierdie vertakking van die akkerbou erken het deur hom af te vaardig om die boere van Suid-Kaapland aan te moedig om koring te verbou.⁴ Dit was skynbaar ook op hierdie plase waar hy gedurende die vroeë tagtigerjare pogings aangewend het om die beesteelt te verbeter.

Vanaf die later-tagtigerjare het J.G. van Reenen hom op veel groter skaal op die landboubeoefening toegelê. In 1789 is die vleisleweransie weer aan hom (saam met sy broer Sebastiaan Valentyn) toegeken. Hulle het saam met 'n ander broer, Jacobus Arnoldus, die Van Reenenmaatskappy gestig. Hoewel hierdie maatskappy se bedrywighede primêr op die vleishandel toegespits was, het dit ook op groot skaal op die Groenkloofplase geboer. Volgens 'n kontemporêre getuie het die meeste van hierdie plase goeie grond vir saaiery, volop water en meer as voldoende goeie weiveld gehad. Op dié plase het die Van Reenenbroers vanaf 1789 tot 1795, toe hulle die vleisleweransie verloor het, heelwat proefnemings uitgevoer om veral die verskillende vertakkinge van die veeteelt te verbeter.⁵

3. Vergelyk pp. 77 - 78.

4. Vergelyk pp. 183 - 185.

5. G.M. Theal: *Belangrijke Historische Dokumenten III*, p. 82; Vergelyk ook p. 95.

Aangesien J.G. van Reenen beseft het dat die Van Reenenmaatskappy se okkupasie van die Groenkloofplase nie permanent was nie, het hy geleidelik ander grond aangeskaf. In 1792, toe die Kompanjie besluit het om die meeste buiteposte te verkoop, het die Van Reenenmaatskappy die ou Kompanjiespos, Ganzekraal, geleë in die Groenkloofgebied, vir 42 000 gulden gekoop.⁶

Intussen het J.G. van Reenen persoonlik reeds in 1791 die drie Hantamplase, Groote Toorn, De Gemerkte Karreehoutboom en De Vaderlandsche Rietvallij, wat reeds sedert die sestigerjare deur sy vader beset was, op ordonnansie uitgeneem. Tydens die laat negentigerjare en die eerste jare van die negentiende eeu het hy nog etlike ander leningsplase aangeskaf.⁷

Vanaf die vroeë negentigerjare het J.G. van Reenen meer as voldoende landbougrond tot sy beskikking gehad om bykans alle vertakkinge van die landbou, uitgesonderd die wynbou, te beoefen. Hoewel hy in 1794 met die ontbinding van die Van Reenenmaatskappy sy aandeel in Ganzekraal verkoop en in 1795 die kostelose gebruik van die Groenkloofplase verloor het, het hy nog steeds genoeg grond besit. Vanaf 1795 tot 1806 het hy in elk geval nog etlike Groenkloofplase en selfs Paardeneiland, digby Kaapstad, teen 'n nominale bedrag van die regering gehuur.

Pogings om die veeteelt te verbeter

J.G. van Reenen het uit die aard van die saak in die verbetering van die veeteelt aan die Kaap belang gestel. As vleisleweransier het hy vroeg reeds ingesien dat die gehalte van die inheemse skape en beeste, waarmee almal geboer het, oor die algemeen swak was. Die vleisleweransier het dikwels as gevolg hiervan skade gely. Somtyds het dit byvoorbeeld gebeur

6. C. 324 Memoriën en Rapporten, 15.4.1791, p. 217.

7. J. 27 Opgaafrolle, Kaapstad 1805, ongepagineerd.

dat die Kompanjie veepryse vasgestel het, met die gevolg dat die slagter dieselfde prys vir goeie en swak vee moes betaal. Of 'n skaap dus 15 of 25 kilogram geweeg het, die slagter moes dieselfde prys daarvoor betaal. In die praktyk het dit dus daarop neergekom dat swak gehalte vee, die wins van die slagter beperk het. Die verbetering van die gehalte van die Kaapse vee sou dus bydra tot die welvaart van die leweransier.

Hierdie faktor was geensins die enigste wat J.G. van Reenen gemotiveer het om in die veeteelt belang te stel nie. As uitvoerhandelaar het hy beseef dat daar slegs 'n beperkte getal uitvoerprodukte, waarvoor daar 'n mark in Europa was, aan die Kaap geproduseer is. Hy het dus ook uit die oogpunt van die uitvoerhandelaar belang gestel in landbou- en veeteeltprodukte wat winsgewend uitgevoer kon word.

Hierdie tweeledige belangstellingsveld van J.G. van Reenen asook sy algemene strewe om die Kaapse ekonomie te verbeter, het daartoe aanleiding gegee dat hy in die wolskaapteelt geïnteresseerd geraak het.

Wolskaapteelt

Gedurende die sewentiende en agtiende eeu het die veeboere met die inheemse vetstertskape wat oorspronklik van die Hottentotte geruil is, geboer. By enkele geleenthede is gepoog om deur middel van ingevoerde ramme die gehalte van hierdie vee te verbeter. Aangesien die Kompanjie geen aanmoediging in hierdie verband gegee het nie, is geen noemenswaardige sukses behaal nie. In 1789 het R.J. Gordon, militêre aanvoerder van die Kaapse garnisoen, op eie inisiatief 'n aantal Spaanse wolskape, soos die merinoskaap toe genoem is, van die "Hollandsche Maatskappij tot Nut van 't Algemeen" ontvang waarmee hy eksperimente wou uitvoer. Van hierdie eksperimente het niks tereg gekom

nie, veral omdat Gordon se offisiële pligte insake verdediging te veel van sy tyd in beslag geneem het. In 1792 het die maatskappy wat die skape aan hom verskaf het dit teruggeëis. Gordon het slegs die oorspronklike getal teruggestuur en die res behou. Van Gordon se planne insake die bevordering van die merinoteelt het verder niks gekom nie. In 1795 het hy selfmoord gepleeg en met sy vandisie is sy stoetvee aan twee besoekende Australiese skeepskapteins verkoop.⁸

Gelukkig het die Gordonmerino's nie geheel en al van die Suid-Afrikaanse toneel verdwyn nie. Gordon het ongetwyfeld die Van Reenenbroers gewys op die voordele van die merinoskaap bo die Kaapse skaap, met die gevolg dat laasgenoemde (in 1792) drie ramme van Gordon oorgeneem het. Hierdie gebeurtenis was van onskatbare betekenis omdat die grondslag van die wolskaapboerdery, wat soveel sou bydra tot die landboukundige en ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika, daarmee gelê is.

J.G. van Reenen het veel verwag van die merinoteelt in Suid-Afrika. Reeds op 25 Julie van dieselfde jaar toe hy en sy broers die ramme van Gordon gekoop het, het hy die kommissaris-generaal Nederburgh en Frykenius ingelig aangaande die moontlikhede daarvan. Hy het onder meer geskryf: " --- heeft den onderget. d Eer Uw hoog Edelheidens opwerping te doen, ten opsigte der Spaanse Schaapen --- waar saken dan dat Uw Hoog Edelheidens pogings geliefde te weege te brengen, dese Zoort van schaapen alhier te doen aanlanden, Zoude het een onnoemlyken Schat --- jaarlyks opwerpen, te meer daar onse Landstreek ten opsigte van dat Vee Zo overvloedige en voedsaame Weyde besit dat Ik --- met Eerbied betuijgen kan, dat de wol niet alleen voor onse

8. H.B. Thom: Die Geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika, pp. 267 - 270; C.J. Barnard: Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap, pp. 375 - 376.

fabrieken kan gebruik, maar nog eenige duysent ponden Jaar voor Jaar na Europa Zoude konnen versenden werden. Intusschen kan den ondergete Uw --- met respect versekeren dat de wol van de Spaanse Schaapen, die men alhier aanfokken 20 pr C in Europa meerder in waarde is dan de effective Spaanse Wol ---".⁹ Van die versoek aangaande die invoer van Spaanse skape het op hierdie stadium niks gekom nie. J.G. van Reenen en sy broers moes self die mas opkom om die merinoteelt te vestig.

Hulle het die drie ramme wat van Gordon gekoop is by 300 uitgesoekte Kaapse ooie geplaas. Hierdie ooie was sover moontlik ongevlak (die Kaapse skape was meestal gevlek) en wit van kleur. Sodoende het die Van Reenenbroers volgens prof. H.B. Thom "sistematies en doelbewus" gepoog om die Kaapse skape te veredel. Deur middel van kruisteelt het hulle voortgegaan met hierdie veredelingsproses deur die produkte van die opeenvolgende verbasteringsgrade weer met suiwer Spaanse bloed te kruis.¹⁰

Toe die Van Reenenmaatskappy in 1794 (of 1795) ontbind, het dié maatskappy reeds etlike honderde basterskape besit. Met hierdie ontbinding het J.G. van Reenen 150 basterooie en twee opregte ramme ontvang. Hy het hierdie kudde na sy Hantamplase, wat besonder geskik vir skaapboerdery is, oorgeplaas. Hier het hy met die sistematiese kruistelingsproses voortgegaan. Sy kudde het vinnig aangegroei en nadat hy dit verdeel en min of meer die helfte na sy plaas Theefontein oorgeplaas het, het hy teen 1804 - 1805 die meeste wol=skape — wat dan in werklikheid nog basterskape was — in die nedersetting besit. Volgens die opgaaf van 1804 was daar 7 989 van hierdie skape in die

9. Z.A. 4/1/2 Kommissarisse-generaal Minuutverbaal, 25.7.1792, no. 152, fol. 116.

10. H.B. Thom: Die Geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 271.

kolonie waarvan J.G. van Reenen 2 700 besit het.¹¹ In 1805 het hy hier=
die kudde tot 3 800 vermeerder.¹²

Teen 1800 het hy reeds sy skape begin skeer. Die ramme en hamels het 3
pond en die ooie 2 pond wol opgelewer. In 1805 het hy 4 000 pond wol aan
die Kaapse handelaar, A. Macdonald, verkoop. Vanaf 1801 was die prys wat
hy vir die wol ontvang het 4 skelling per pond, wat 'n besonder goeie prys
vir daardie periode was. Die wol wat J.G. van Reenen uit die staanspoor
verkoop het, was skynbaar van 'n goeie gehalte. W.S. van Ryneveld het in
1804 verklaar dat van hierdie wol in Europa tot laken verwerk is en na die
Kaap "tot eene proef" gestuur is. Hy het voorts verklaar dat hierdie ma=
teriaal van goeie gehalte was.¹³

Tydens die Kompanjiestyd het die owerhede geen belangstelling getoon om die
skaapteelt te verbeter nie – wat ten opsigte van die handelsbeleid en die
dreigende bankrotskap van die liggaam heeltemal verstaanbaar is. Ook tydens
die eerste Britse besetting is nie veel in hierdie rigting gedoen nie, hoewel
in 1800 'n "Society for encouraging Agriculture, Arts and Sciences" gestig
is. Hierdie vereniging waarvan J.G. van Reenen een van die bestuurslede was,
het hom eerstens ten doel gestel om die landbou en veeteelt te bevorder.¹⁴
Ongelukkig is die goewerneur, Sir G. Yonge, wat die dryfkrag agter hierdie
vereniging was, kort na die stigting daarvan teruggeroep met die gevolg dat
daar nog steeds van owerheidsweë min gedoen is om die skaapteelt te verbeter.

-
11. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen over de ver=
betering van het vee aan de Kaap de Goede Hoop, 1804, p. 156.
 12. J. 27 Opgaafrolle, Kaapstad 1805, ongepagineerd.
 13. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, p. 58.
 14. B.O. 20 Agricultural Society, 30.6.1800, p. 32.

Gedurende die jare 1789 tot 1803 het die owerhede dus niks in hierdie rigting gedoen nie. Gordon en die Van Reenenbroers was dus die werklike stukrag agter die vestiging en vroeë ontwikkeling van die merinoskaapteelt. Sonder vrees van teenspraak kan dus gekonstateer word dat J.G. van Reenen saam met sy broers Sebastiaan Valentyn, wat voor Gordon se dood ook twee opregte merino-ooie van hom ontvang het, en Jacobus Arnoldus op eie inisiatief die grondslag van die merinoteelt in Suid-Afrika gelê het.

Insake die belangstelling van die owerhede in die verbetering van die veeteelt het daar tydens die Bataafse tyd 'n drastiese verandering ingetree. Vir die eerste maal het die owerhede daarna gestreef om 'n beleid te volg wat die Kaap sowel as Nederland sou bevoordeel. Daar is besef dat skaapboerdery een van die belangrikste vertakkinge van die landbou en die ekonomie was en ook dat daarin (sowel as in die beesteelt) groot gebreke was. Kommissaris-generaal J.A. de Mist en generaal J.W. Janssens, die Bataafse bewindhebbers het ingesien dat drastiese stappe geneem moes word om die veeteelt te verbeter. Kort na hul aankoms het hulle dan ook W.S. van Ryneveld, die gewese Fiskaal, aangewys om voorstelle in te dien ten opsigte van die metodes wat gevolg moes word om hierdie doelstelling te verwesenlik.¹⁵

Van Ryneveld, wat bykans sy lewe lank amptenaar was, en nie veel praktiese ervaring van die beoefening van die veeteelt gehad het nie, kon uit die aard van die saak nie hierdie opdrag alleen uitvoer nie. Hy het hom tot 'n aantal boere wat ondervinding van bees- en skaapboerdery gehad het, gewend om hom van advies te bedien. Wat skaapboerdery betref, het hy J.G. van Reenen as sy hoofraadgewer aanvaar. Op 6 Maart 1804 het Van Ryneveld 'n vraelys aan J.G. van Reenen gestuur waarin hy hom aangaande 'n aantal aspekte rakende

15. J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803 - 1806, pp. 308 - 309.

skaapboerdery in die algemeen en meer spesifiek insake die begin en ontwikkeling van sy eie merinoskaapboerdery asook die voordele van die merino bo die Kaapse skaap gekruisvra het.¹⁶

Nadat Van Ryneveld die antwoorde van J.G. van Reenen en enkele ander boere op hierdie vraelyste ontvang het, het hy 'n uitvoerige verslag opgestel en dit op 19 Maart 1804 aan die outoriteite oorhandig. Hy het dit getitel: "Beknopte aanmerkingen over den tegenwoordige staat van deze Kolonie, en daar uit afgeleide bedenkingen over de wyze, waar op men gevoelykst zou kunnen komen tot de spoedige conversie onzer Schapen".¹⁷ Wat die hoofdoelstelling van hierdie "aanmerkingen" betref, het Van Ryneveld hoofsaaklik op die antwoorde wat J.G. van Reenen op die vraelyste verstrek het, gesteun. Laasgenoemde se kommentaar is selfs sonder objektiewe beoordeling aanvaar en hy is as modelskaapboer voorgelou. Nadat Van Ryneveld die rol wat Gordon en die Van Reenenbroers — veral dié van J.G. van Reenen — in die vestiging en ontwikkeling van die merinoskaapteelt geskets het, het hy byvoorbeeld gemeld dat "Uit nevensgaande door gem. J.G. van Reenen beantwoorde vragen (die vraelyste met antwoorde is aan die "aanmerkingen" aangeheg) zal men kunnen zien welke progressen hy tot hier toe daar mede gemaakt heeft". Hy meld dan in besonderhede hoe J.G. van Reenen met sy wolskaapboerdery gevorder het, watter voordele hy daaruit trek en kom dan tot die konklusie dat "Het geen het geval met J.G. van Reenen is ook even het zelfde met de andere Gebroeders van Reenen --- Deze hebben insgelyks de voortteling hunner Spaansche Schapen met succes gecontinueerd en maaken almede Jaarlyks schoone voordeelen uit hunne Wol".¹⁸

16. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, pp. 154 - 164.

17. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, pp. 34 - 124.

18. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, pp. 56 - 58.

Van Ryneveld het ook aangetoon hoe hy, voordat die "aanmerkingen" opgestel is, boere aangemoedig het om na merinoskaapteelt oor te skakel. In die oorredingsproses het hy telkens J.G. van Reenen as voorbeeld voorgehou. In September 1803 het eersgenoemde op 'n reis na Saldanhabaai by een van die bekendste en vooruitstrewendste boere in die kolonie, Jacob Laubscher, van die plaas Rietvallei langs die Bergrivier, aangedoen. Aldaar het Van Ryneveld sy verwondering uitgespreek omdat Laubscher wat vier of vyf van die beste veeplase met duisende skape besit het, nog nie begin het met die oorskakeling van Kaapse skape na merinoskape nie. In die "aanmerkingen" skryf Van Ryneveld wat sy kommentaar aan Laubscher was: "Ik haalde hem het voorbeeld van de van Reenens, en verscheide anderen in de Colonie aan; ik deed hem zien dat Jan van Reenen (J.G.), een gelyk getal Schapen als hy thans bezittende, jaarlyks 2 000 Ryksds. alleen van de Wol had, dat wanneer zyn buurman een geheele Oogst Koorn van 500 Mudden, met veel handen, zorg, moeite en kosten gewonnen naar de Kaap moest brengen om 'er 2 000 Rds. uit te ontvangen hy daar en boven 50 Wavragten moest opryden". Nadat Van Ryneveld Laubscher tot sy sienswyse insake die voordele van die merinoskaap bo die inheemse skaap oorgehaal het, het eersgenoemde gereël dat J.G. van Reenen vyf merinoramme aan Laubscher verskaf.¹⁹

Van Ryneveld het selfs die foutiewe inligting wat J.G. van Reenen verstrekket in sy "aanmerkingen" opgeneem. Waar hy die voordele van die merinoskaap bo die Kaapse skaap ten opsigte van die vatbaarheid vir siektes aanstip, skryf hy byvoorbeeld dat "Uitgenomen de Brand-ziekte, weeten ze voor 't overige niets van 't Schurft, de Luizen, en de zogenaamde Geil-ziekte ---". Skurfte en brandsiekte is in werklikheid dieselfde siekte. Prof. H.B. Thom merk tereg op dat dit nie vir hom duidelik is "watter verskil deur

19. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, pp. 76 - 78.

Van Ryneveld en J.G. van Reenen sy segsman in hierdie verband gesien word" nie.²⁰

Nadat Van Ryneveld breedvoerig aangetoon het watter voordele die nedersetting uit die merinoskaapboerdery sou trek en aandag geskenk het aan die wyse waarop die gehalte van Kaapse beeste verbeter kon word, het hy tot die slotsom gekom dat die regering daadwerklike pogings moes aanwend om landbou in die algemeen, en meer spesifiek die veeteelt, te verbeter. Hy het dus voorgestel dat 'n kommissie aangewys moes word om hierdie doelstelling te verwesenlik. Voorts het hy 'n "Plan van eene Concept-Instuctie, welke het my (onder verbetering) voorkomt op de volgende of dergelyke wyse dienstig te kunnen zyn voor de geproponeerde Vergadering, of Commissie, ter conversie van de Schapen in deze Kolonie tot de zogenaamde Spaansche of Wol-geevende" opgestel.²¹ In hierdie "Plan" het hy die samestelling van die kommissie en die funksies daarvan in 56 punte uiteengesit.

Die goewerneur en Politieke Raad sowel as kommissaris-generaal de Mist was besonder ingenome met Van Ryneveld se "aanmerkingen" en sy "plan van eene Concept-Instructie".²² Op 9 Mei 1804 het die Politieke Raad 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens "Eene Commissie ter verbetering van Veeteelt en Landbou, hoofsaaklyk ter conversie van de Schapen deezer Kolonie in zogenaamde Spaansche of Wol-geevende Schapen" ingestel is. Van Ryneveld se voorstelle ten opsigte van die kommissie is feitlik woordeliks daarin opgeneem. Die kommissie het uit 'n president, vise-president, sekretaris en twaalf lede bestaan. W.S. van Ryneveld is as president en J.G. van Reenen

-
20. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen --- , p. 62.
21. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen --- , pp. 126 - 152.
22. J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803 - 1806, p. 312.

as een van die lede daarvan benoem.²³ Die kommissie wat onverwyld ge=konstitueer is en met sy werksaamhede begin het, het tydens die oorblywende jare van die Bataafse bewind daadwerklike pogings aangewend om die Kaapse skaapteelt te verbeter. Reise is deur kommissielede onderneem om die boere te adviseer insake alle aspekte rakende die oorskakelingsproses na merionskaapboerdery. Verder is merinoskape van die boere wat reeds met hierdie tipe skape geboer het, ondersoek sodat slegs die beste gehalte ramme en ooie as stoetvee gebruik kon word. Stoetramme is opgekoop en tot beskikking van boere gestel.²⁴

Kritiek teen W.S. van Ryneveld persoonlik, sy voorstelle, J.G. van Reenen sy adviseur en die magte wat die regering aan die kommissie vir landbou en veeteelt toegeken het, het nie uitgebly nie. Die grootste kritikus was majoor H.F. von Bouchenroeder wat as agent van Gysbert Karel van Hogendorp na Suid-Afrika gekom het om onder andere geskikte grond te kry vir koloniste wat laasgenoemde na die Kaap gestuur het. Von Bouchenroeder het beweer dat Van Ryneveld nie oor voldoende kennis van die landbou en veeteelt beskik het om die regering insake hierdie aangeleenthede te adviseer nie.²⁵

Verder het hy aangevoer dat die kommissie van landbou en veeteelt met tē groot magte bekleed was. Hierdie kritiek is uitgespreek omdat die regering die kommissie selfs toegelaat het om dwangmaatreëls toe te pas om die boere te laat oorskakel na merionskaapboerdery. J.G. van Reenen wat op smalende wyse deur Von Bouchenroeder bestempel is as "de raad- en leidsman van den Heer van Ryneveld" is aangeval omdat hy, na mening van Von Bouchenroeder,

23. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, pp. 182 - 209.

24. Vergelyk in hierdie verband H.B. Thom: Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika, pp. 280 - 283; G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid Afrika, pp. 324 - 431; B.R. 8 Resolusiën, 4.7.1804, pp. 2139 - 2150.

25. B.F. von Bouchenroeder: Beknopt Bericht nopens de Volksplanting de Kaap de Goede Hoop, pp. 76 - 77.

nog nie ver genoeg gevorder het met die kruistelingsproses tussen merion=skape en inheemse skape om goeie stoetvee tot beskikking van die kommissie en boere te stel nie.²⁶ Voorts is beweer dat J.G. van Reenen om persoonlike gewin die voordele van die merinoskaap bo die Kaapse skaap oorbeklemtoon het. Daar is selfs beweer dat hy sy skape teen slegs twee riksdalers aan die slagters kon verkoop terwyl hy vyf riksdalers en meer van die kommissie ontvang het.²⁷

Hoewel Von Bouchenroeder se kritiek nie van alle waarheid ontbloot is nie, kan dit nie sondermeer aanvaar word nie veral omdat hy soos prof. H.B. Thom dit stel "'n hoekige gees was" wat met die owerheid en talle persone in botsing gekom het.²⁸ Sy kritiek wemel van persoonlike en onsmaaklike aanvalle op individue en gevolglik moet afgelei word dat sy oordeel in menige gevalle subjektief was.

Die kommissie van landbou en veeteelt het ongetwyfeld veel bygedra tot die vestiging en ontwikkeling van merinoteelt in Suid-Afrika. Die opvattinge van die Bataafse owerhede insake die merinoteelt is treffend deur J.P. van der Merwe geskets. Hy skryf: "Die toekoms het hulle verwagtinge in hierdie verband nie teleurgestel nie, daar Suid-Afrika na 'n eeu van die grootste wolproduserende lande van die wêreld sou word ---".²⁹ Sonder vrees van teenspraak kan konstateer word dat J.G. van Reenen 'n belangrike bydrae ten opsigte van instelling sowel as die funksionering van kommissie van landbou en veeteelt gelewer het. Die sukses wat hy vanweë sy onvermoeide ywer met sy merinoskaapboerdery behaal het, het sekerlik veel daartoe

26. B.F. von Bouchenroeder: Beknopt Berigt nopens de Volksplanting de Kaap de Goede Hoop, pp. 94 - 95.

27. B.F. von Bouchenroeder: Beknopt Berigt nopens de Volksplanting de Kaap de Goede Hoop, p. 71.

28. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, p. 29.

29. J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803 - 1806, p. 319.

bygedra dat die kommissie boere kon oorreed om met hierdie tipe skape te boer.

Friesbeesteelt

Die beeste waarmee al die koloniste in die sewentiende eeu en tot diep in die agtiende eeu aan die Kaap geboer het, was die inheemse beessoort wat oorspronklik van die inboorlinge geruil is. Vir slagdoeleindes was hierdie sogenaamde "Kaapsche Rundvee" nie van 'n goeie gehalte nie³⁰ en verder het hulle besonder min melk gegee. Teen ongeveer 1780 het goewerneur Van Plettenberg 'n friesbul en -koei vanaf Nederland ingevoer. 'n Aantal koloniste het gou ingesien wat die voordele van die friesbees bo die Kaapse bees was en kruisteelt tussen hierdie beessoorte begin toepas.³¹

Volgens die antwoorde op die vraelyste wat W.S. van Ryneveld in 1804 aan J.G. van Reenen gestuur het – die enigste dokument wat beskikbaar is waarin besonderhede oor laasgenoemde se bemoeiing met die friesbeesteelt voorkom –, het hy teen ongeveer 1784 begin om Kaapse beeste met friesbeeste te kruis. Sodoende was hy dan ook een van die eerste Kaapse koloniste wat die voordele van laasgenoemde beessoort ingesien het. Teen 1805 het hy reeds 260, wat hy noem aanteelbeeste, besit.³² In die antwoorde op Van Ryneveld se vrae in sake die voordele van die sogenaamde "bastaard Vaderlandsch" beeste bo die Kaapse beeste het J.G. van Reenen verklaar dat eersgenoemde beessoort sesmaal meer melk gee, beter voortteel, beter bestand is teen droogte en slegte weiding, swaarder weeg en beter aan die juk is.³³ Dat die friesbees wel 'n

30. Sien p. 46.

31. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, pp. 104-106.

32. J. 27 Opgaafrolle 1805, Kaapstad, ongepagineerd.

33. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, pp. 162-165.

beter beessoort as die Kaapse bees was, ly geen twyfel nie, dog J.G. van Reenen, soos trouens al diegene wat antwoorde op vraelyste van Van Ryneveld ingestuur het, het hulle in hierdie verband aan oordrywing skuldig gemaak. Insake hierdie aangeleentheid merk prof. H.B. Thom tereg op: "Van Ryneveld en sy segsmanne het hulle hier --- in hul geregverdigde ywer om die Europese ras aan te prys aan oordrywing skuldig gemaak: die Nederlandse beeste sal wel in verskillende opsigte beter as die Kaapse ge-wees het, maar dit is 'n vraag of hulle byvoorbeeld meer gebrek as die Kaapse sou kon uitstaan. Die teendeel is eerder waar, aangesien die Wes-Europese veerasse oor die algemeen aan beter voer en vetter weivelde gewoond is as die Kaapse".³⁴

Dat Van Ryneveld J.G. van Reenen saam met drie ander koloniste uitgesonder het om antwoorde op die vrae insake die stand van die Kaapse beesteelt te beantwoord en die voordele van die friesbees bo die inheemse bees te skets, dui daarop dat hierdie persone reeds die verste met die kruistelingsproses tussen hierdie beessoorte gevorder het. J.G. van Reenen het dus ook op die gebied van die beesteelt 'n besondere bydrae in die ontwikkelingsgeskiedenis van boerdery in Suid-Afrika gelewer.

Perdeteelt

Min is bekend aangaande die oorsprong van Kaapse perde. Wat wel bekend is, is dat Jan van Riebeeck perde uit Java ingevoer het en dat volbloed Arabiese perde in 1689 na die Kaap gekom het.³⁵ Hierdie perde sowel as andere wat later ingevoer is, was skynbaar die voorouers van die perde wat teen die middel van die agtiende eeu as die Kaapse perd bekend gestaan het. Daar

-
34. H.B. Thom: Willem Stephanus van Ryneveld se aanmerkingen ---, pp. 108 - 109.
35. H.B. Giliomee: Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, 1795 - 1803, p. 221.

het heelwat meningsverskil oor die gehalte van hierdie perde geheers. Die koloniste self het geglo dat dié perde sterk en mooi genoeg was en hulle wou nie hê dat kruisteelt tussen ingevoerde en Kaapse perde toegepas moes word nie.³⁶ Daarenteen het J.F. Kirsten byvoorbeeld weer beweer dat hierdie perde so swak was dat ag of tien van hulle nodig was om 'n vrag van 1 800 lb. te vervoer.³⁷

'n Aantal vooruitstrewende koloniste, onder andere J.G. van Reenen, het skynbaar Kirsten se sienswyse in hierdie verband onderskryf en tydens die laaste twintig jaar van die agtiende eeu Engelse en Arabiese perde ingevoer en hulle met Kaapse perde gekruis.³⁸ Hoewel min bekend is van die perde wat J.G. van Reenen ingevoer het, het verskeie reisigers wat sy Hantamplase besoek het van sy perdestoetery geskryf. In 1804 het die president en 'n aantal lede van die kommissie van landbou en veeteelt 'n reis vanaf Kaapstad na die Roggeveld en Hantam onderneem veral om die boere in die gebiede aan te moedig om met wolskape te boer. Op hierdie reis is ook aan J.G. van Reenen se Hantamplase besoek afgelê. In die dagverhaal wat op dié reis gehou is, is die volgende aangaande sy perdestoetery geskryf: "De heer Van Reenen bezit ruim 300 aanteelpaarden, alle van het beste Engelsche en Arabischen ras; hij heeft onder anderen een Arabischen Springhengst, waarvoor hij betaalt heeft de som van 3,000 rijxdaalders".³⁹ H. Lichtenstein wat in 1805 kommissaris-generaal De Mist op sy reis deur die kolonie vergesel het, het min of meer dieselfde berig. Hy het die volgende geskryf: "At --- Groote Toorn, Van Reenen has an excellent stud, consisting of more than three hundred, -

-
36. H.B. Giliomee: Die Kaap tydens die eerste Britse besetting, 1795 - 1803, p. 221.
37. C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten oor die toestand van die Kaapkolonie in 1795, p. 38.
38. D. Child: Saga of the South African horse, p. 15.
39. G.M. Theal: Belangrijke Historische dokumenten over Zuid Afrika, p. 379.

breeding horses, mares and colts included, – all of the best English and Arabian breed. He had among others, an Arabian horse, for which he gave three thousand dollars".⁴⁰

Dat J.G. van Reenen perde van hoogstaande gehalte geteel het, blyk ook uit die volgende kleurryke beskrywing deur H.A. Wyndham van een van hierdie perde en sy prestasies op die wedrenbaan. Hy skryf: "Only one horse racing before 1814 deserves mention. Sir Charles was bred by Mr. Jan van Reenen and raced until 1810 ---. He was blue spaniard in colour ---. He stood fifteen hands high and for action in all his paces, bone and gentleness, no horse in the Colony could excel him. Sir Charles started at the first four meetings held after the second British occupation and was never beaten. Then the Stewards in 1810 excluded him from running for any plates in future, and he retired to the stud".⁴¹

Besluit

Hoewel J.G. van Reenen op sy eie plase homself hoofsaaklik op die skaap=friesbees= en perdeteeelt toegele het en in dié verband dan ook 'n wesentlike bydrae gelewer het, was daar talle aspekte rakende boerderybedrywighede waaroor hy sy opinie gelug en waaraan hy in geskifte aandag geskenk het. Een van hierdie aangeleenthede waaroor hy telkens kommentaar gelewer het, was die vervoerprobleem van die binnelandse koloniste. In 1792 het hy kommissarisgeneraal Nederburgh en Frykenius dringend versoek om "grootte Spaanse Esels --- als insgelykx grootte swaare paarden" in te voer.⁴² Van hierdie versoek het niks tereg gekom nie en dié in verband met die esels is in 1805 deur W.S. van Ryneveld – skynbaar op aanbeveling van J.G. van Reenen – aan die

40. H. Lichtenstein: Travels in South Africa I, p. 114.

41. H.A. Wyndham: The early history of the thoroughbred horse in South Africa, pp. 27 – 28.

42. Z.A. 4/1/2 Kommissarisgeneraal Minuutverbaal, 25.7.1792, no. 152, fol. 116.

Bataafse outoriteite herhaal.⁴³ Laasgenoemde het groot vooruitsigte gekoester vir die binnelandse ontwikkeling van Suid-Afrika indien die vervoerprobleem opgelos kon word. So het hy byvoorbeeld gemeld dat groot hoeveelhede wyn in die Overbergse gebiede gepars en dat vlas en hennep in die omgewing van Knysna geproduseer kon word.⁴⁴ Gedurende sy lewe is die vervoerprobleem egter nie opgelos nie en hy het self later as gevolg van hierdie probleem nie meer op sy plaas Theefontein wat jaarliks ten minste 600 mud koring kon oplewer daarmee geboer nie. Hy het slegs gesaai vir voer vir sy diere.⁴⁵

Aangesien veeteelt J.G. van Reenen se eerste belangstelling was, sou verwag word dat hy veral op sy leningsplase slegs aan hierdie tipe boerdery aandag geskenk het. Dit was egter nie die geval nie. Die joernaalskrywer van die kommissie van landbou en veeteelt wat sy Hantamlingsplaas, Rietvallei in Oktober 1805 besoek het, het 'n gloeiende beskrywing gegee van die wyse waarop J.G. van Reenen daar geboer het. Die deel van die beskrywing wat volg op dié wat handel oor sy perde- en skaapboerdery lui as volg: "Dit land is Carro grond, en dus zeer vrugbaar. De bezitter heeft er jaarlijks overvloed van granen voor zijn gebruik; de mud leevert in het algemeen 40 en 50 mudden uit. Men vind hier, behalven een tuin waarin vooral de uijen, aardappelen, pampoenen, en andere groentens, wel willen wassen, ook nog een wijngaard van 6,000 stokken, voorts 560 fraaije perzieke, 40 apricoze, mitsgaders verscheidene vijgen en andere vrugte-boomen, die zeer goed staan, en vol hangen van jongen vrugten".⁴⁶

43. Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift VII, p. 121.

44. Z.A. 4/1/2 Kommissarisse-generaal Minuutverbaal, 25.7.1792, no. 152, fol. 116.

45. Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift VIII, p. 299.

46. G.M. Theal: Belangrijke Historische dokumenten over Zuid Afrika III, p. 380.

HOOFSTUK VIII

SLOT

J.G. van Reenen kan ongetwyfeld as die prototipe van die welgestelde en vooruitstrewende agtiende-eeuse Kaapse burgers beskou word: 'n persoon wat 'n veelheid van ekonomiese terreine betree en 'n deeglike kennis van die ekonomiese, politieke, landboukundige en binnelandse toestande gehad het. Hoewel hy soms, vanweë sy betrokkenheid in die monopolistiese beleid van die Kompanjie, die binnelandse koloniste te nā gekom het, is die wyse waarop hy met onvermoeide ywer gepoog het om die ekonomiese en ander bronne te ontwikkel, beslis prysenswaardig. Hy het vroeg reeds ingesien dat die toekoms van Suid-Afrika op ekonomiese en politieke gebied in dié land self opgesluit was. Wat veral vermelding verdien, is dat hy geen steen onaangeroerd gelaat het om die owerhede te oorreed om die landbou, veeteelt, bosbou en binnelandse toestande te verbeter om sodoende beter geleenthede vir beide die Kaapse handelaar en binnelandse koloniste te skep.

Toe die Britte die Kaap in 1806 permanent in besit neem, was J.G. van Reenen 57 jaar oud. Aangesien hy een van die burgers met die beste kennis van Kaapse toestande was en ook omdat hy tydens die eerste besetting met die Britte saamgewerk het, was dit voor die hand liggend dat hulle hom weer as raadgewer sou gebruik. Om onverklaarbare redes het dit egter nie gebeur nie. Dit wil selfs voorkom asof sy vriend W.S. van Ryneveld wat ook na die tweede besetting ten nouste met die Britte saamgewerk het, J.G. van Reenen in hierdie verband oor die hoof gesien het. Na 1806 is weinig van laasgenoemde gehoor.

J.G. van Reenen het nie, soos die geval was met talle welgestelde Kapenaars,

onder andere etlike van sy broers,¹ op finansiële gebied ten onder gegaan vanweë die ekonomiese skokke wat met die oornam van die Kaap deur die Britte en die algehele afskaffing van die monopolistiese beleid gepaard gegaan het nie. Die rede hiervoor was skynbaar omdat hy vroeg ingesien het dat hy sy finansiële bedrywighede nie slegs aan die Kaapse handel moes koppel nie. Sy toetrede op groot skaal tot die boerdery het hom waarskynlik van algehele ruïnasie gered.

Hy het tot aan die einde van die eerste dekade van die negentiende eeu voortgegaan om op groot skaal op sy tien plase te boer. Hierdie plase was sy eiendomsplaas Theefontein, naby die huidige dorp Darling en die volgende leningsplase: Broodkraal, Koperfontein, Gansekraal en Vygekraal in die Swartland; de Vaderlandsche Riet valley, de Karreehoutboom en Toorn in die Hantam en Groote Zeekoei valley aan die Olifantsrivier.² Vanaf 1808, toe hy reeds bykans sestig jaar oud was, het hy geleidelik begin om sy boerderybedrywighede te beperk. In laasgenoemde jaar het hy byvoorbeeld die leningsplase Gansekraal aan Anna Coetzee, weduwee van Floris Visser vir 10 000 gulden en Broodkraal aan J.G. Tredoux vir 12 000 gulden verkoop.³ In 1810 het hy ook die Hantamplase, skynbaar teen die nominale prys van 32 000 gulden, aan sy seun oorgedra.⁴ Theefontein het hy in 1814 vir 34 000 gulden van die hand gesit.⁵

In sy private lewe het J.G. van Reenen geen gelukkige oudag beleef nie. Gedurende die laaste tien of meer jaar van sy lewe het 'n reeks persoonlike

-
1. Vergelyk in hierdie verband W. Blommaert en J.A. Wiid (reds.): Die Joernaal van Dirk Gysbert van Reenen, p. 6.
 2. J. 27 Opgaafrolle, Kaapstad 1805, ongepagineerd.
 3. Verbandaktes, 18 Maart 1808, no's. 96 en 97.
 4. Acc. 573 Estate papers of Geesje Cloete widow of Jakob van Reenen, fol. 3, no. 28.
 5. Transporten en Schepenkenissen, 27.5.1814, T. 130.

tragedies hom getref wat hom diep moes ontroer het. Op 25 Maart 1815⁶ is sy eggenote en kort daarna, op 22 April 1816,⁷ sy sesjarige kleinseun wat sy naam gedra het, oorlede. Sy enigste seun, Jacob het op 14 Oktober 1820 gesterf.⁸ Die enigste manlike Van Reenennakomeling wat J.G. van Reenen oorleef het, was sy kleinseun, Jacob Samuel.

J.G. van Reenen en sy eggenote het vanaf 1782 op die hoek van Strand- en Langstraat, skuins oorkant die Lutherse Kerk, gewoon. Op 11 Oktober 1816, ongeveer 'n jaar na laasgenoemde se heengaan het hy hierdie woning, wat volgens die verkoopprijs van 72 000 gulden een van die beste woonhuise in Kaapstad was, aan J.F. Munnik verkoop.⁹ Vanaf laasgenoemde datum tot sy sterfdag, 24 November 1827,¹⁰ het hy by sy dogter, Maria Elizabeth, en haar eggenoot, ds. J.H. von Manger, gewoon.

-
6. M.O.O.C. 6/2 Doodregister, 1797 - 1821, 25.3.1815.
 7. M.O.O.C. 6/2 Doodregister, 1797 - 1821, 22.4.1816.
 8. M.O.O.C. 6/2 Doodregister, 1797 - 1821, 14.10.1820.
 9. Transporten en Schepenkenissen, 11.10.1816, T. 251.
 10. M.O.O.C. 6/3 Doodregister, 1821 - 1833, 24.11.1827; The Cape Town Gazette and African Advertiser, no. 1142, 30.11.1827.

BYLAE A

Kredietkant van rekeningstate van goedere deur
J.G. van Reenen gedurende die periode 1780 tot
1781 ingevoer (Uit C.J. 2169 Gespesifiseerde
Siviele Prosesse, 1786 - 1793, pp. 213 - 233).

Voorzitter der Commissie Credit

1930.
p. 15. met den burger Christiaan Roens het ondervolgende in
een list afgepast te weten ontfangen. Toll. Court

2 1/2 p. gemaukte Lussen			10:10 3/4	220:10.
2, Swart laken	145 Ellen a 58 1/2 p. d'el			420:10.
2, blauw				
1, Swart mandester fluwel	51 1/2 l. a 36 "			91:16
1, " "	50 " a 42 "			105:-
4, Effen balemink	216 " a 8 "			86:8.
2, fijne Amers	80 " a 22 "			88:-
2, Selonve	78 " a 14 "			54:12.
1, Lijpe Stoff	43 " a 25 "			53:15.
				1120:11.

hierop 25 1/6 abram. ----- 280:3 1400:11.

met den Liebenwaater Gerardus Schreuder
in een list afgepast ontfangen als

3 1/2 p. blauw laken lang	110 Ellen als			
1 p. a 40 stuivers d'el				
2, " 36 "				205:-
5 p. Conton de nim' a	30 stuis. d'el			95:-
2, Swart duran	1 p. blauw lang 90 1/2 l. a 12 1/2 p. d'el			72:-
5, gemaukte lussen	160 1/2 l. a 11 stuis. d'el			88:-
2, Swart fluwel	1 p. 36 stuis. 1 p. 42 stuis. d'el			102:18
2, Salons blauw en Swart	76 1/2 l. a 14 stuis. d'el			53:4
2, Lang de nim	80 " a 25 "			100:-
2, Super Saij	80 " a 18 "			68:-
1, Vde baaij	60 " a 16 "			48:-
2, Smarte Sijp	94 " a 24 "			112:16.
				1034:18

hierop 25 1/6 abram. ----- 258:14 1203:12

20. ontfangen met verbeer melgeraren vande heer Smert
5 p. Invoeraanlopen met kuntoebidoren. ----- 193:-
2, Invoeraanlopen met kun laden ----- 42:-
ver de heer Schubert ontfangen
1 p. Kijlenburgs gewes met Sijn lade. ----- 14:-

hierop 30 1/6 abram. ----- 149:- 103:14.

Transporteur 288 1/6: 14

Credit

per transport 4 2887.11

1881

ontfangen per den President (Stekke het vryende)
te weeten.

N ^o 1	1/2 gros een silverse ringen	4:10
" 2	1/2 " " " " " " " " " " " "	6: "
" 3	1/2 " " " " " " " " " " " "	7: "
" 4	1/2 " " " " " " " " " " " "	9: "
" 5	1 " " twee boorten	24: "
" 6	1/2 " " " " " " " " " " " "	12:10
" 7	1/2 " " " " " " " " " " " "	2:10
" 8	1/2 " " " " " " " " " " " "	4: "
	1 ϕ : geweer	21:10
		<u>91:--</u>

hierop 30 ϕ tes adram ----- 27.6 " 118.6.

April ontfangen per den Stuurman Oriesman als

1 ϕ : geweer met sin lade	15:
2 " Lopen met "sin ladeboeren	31:
2 " Soilel Spiegel	3:
24 " gemaakte hembroekken	4: 96:
	<u>145:</u>

hierop 30 ϕ tes adram ----- 43.10 " 188.10

rangem: Stuurman Oriesman sin l'igatie met
at ϕ tes ontfangen ten bedrag van ----- " 205.-

8 per den Seilmaker op t Schip Diamant ontfangen
als

36 ϕ : gemaakte l'embroekken	4: 144:
12 " manskpeden	3:5 " 39
38 ϕ Snuijfe	10: 46: " 14
6 " Snuijfdosen	10 " 4: " 3
1 " Engels Bout	" 36
4 " kasmessen	4: id " 16
2 " kleine ϕ tes	2 1/2 " 5
	<u>257:</u>

hierop 30 ϕ tes adram ----- 71.2 " 334.2

" onder de golderen van Jan Toorn ontfangen het geandam 23:
in Amsterdam zijn afgelaten als

2 ϕ : Charoise smalle rook Speer	6 1/2 " 15:18
26 Ellen / 25 Ellen keamen 51 ell. a 1/4 br.	15:18
1 ϕ : blauw rood 26 @	14 1/2 " 78:54
3 " ϕ echte keamelin (25 1/2 @) 75 3/4 @	54:18
	<u>142:18</u>

Transporte ----- 112:18 " 379:15

217
Credit

1861.		Per handsoort	112.4.	3733.15.
Apr 8	26 ^{1/2} } 25 ^{1/2} }	1/2 Bl. kanten a 11 St. 8 1/2	42.11	
		1, gesnepte seise rokkingsgoed 11 1/2	10.11.	
		1/2 " " " " " " " " " "	34.6.	
		1, " " " " " " " " " "		
		Chit 15 1/2 a 28 St. 8 1/2	21.	
		1, " " " " " " " " " "		
		15 1/2 Bl. a 30 St. 8 1/2	29.5.	
		13 Bl. a 28 St. 8 1/2	16.4	
		In de blikke Trommel vande Heer Mout		
		van de Heer g'adresseert als		
		4 douz beste mesen paimroule leiden		
		a 37 St. 1/2	9.12	
		4 " " " " " " " " " "	4.	
		3 " " " " " " " " " "		
		a 56 St. 1/2	8.8.	
		1 " " " " " " " " " "	2.4.	
		2 " " " " " " " " " "	5.16.	
		1 " " " " " " " " " "	2.6.	
		4 " " " " " " " " " "	10.8.	
		2 " " " " " " " " " "		
		56 St. 1/2	5.12	
		2 " " " " " " " " " "	5.	
		2 " " " " " " " " " "	5.12	
		8-1-1/2 douz Engelse Scheren	75	1.17.
		1-2-1/2 " " " " " " " " " "	60	1.10.
		1-3-1/2 " " " " " " " " " "	50	1.5.
		6 douz swarte Scheren	15	4.10
		1 do wit nauw gaurm 8-16	3.	
		1 " " " " " " " " " "	3.16	
		1 " " " " " " " " " "	6	3.6
		1 " " " " " " " " " "	5.	2.78
		1 " " " " " " " " " "	4.	2.11.
		1 " " " " " " " " " "	3.	2.2
		- 1/2, witte " " " " " " " " " "		1.12
		- 1/2, blauw " " " " " " " " " "		1.12
				23.17.
		2 P. goutraie vider met 2 Schermessen	8.	
		de blikke Trommel	6.6.	
		Transporte	374.14.	3733.15.

221
Credit

Inde mand (P. Transport) 576.6

49 1/2 ploggikaren - - - - - 257.5
 250 spengen seigaren - - - - - 35.0
 120 Pen deense kouden - - - - - 77.4
 4 " grote kaxmeslen - - - - - 16.0
 6 dubb Noorn Sikkels - - - - - 15.0

 976.15
 hiendy 30 p^{to} advan - - - - - 293.0

 1260.15

1781.
April

ontfangen met den handryg plintkames inden Ruit
 4 an Hijs 40den reis

12 Stuk wille baay 27 Ellen - - - - - 12.10
 2 " blauw Laken - - - - - 87.0
 2 p. knijlenburgse gewort - - - - - 14 1/2 lb. " 22.0
 10 " geworen van Spingez - - - - - 21.0
 48. 3 dubb pokroute met wien sly. band 12.2.10. " 16.6
 " 100.4 " " " " " " " 2.10. " 10.0
 " 20.2 " " " " " " " 1.10. " 3.0
 " 21.2 " " " " " " " 1.16. " 3.12
 " 22.2 " " " " " " " 2.0. " 4.4
 " 23.2 " " " " " " " 2.8. " 4.16
 " 102.3 " Zwarte Tafelmussen - - - - - 2.2. " 6.6
 " 24.1 " knijmeslen - - - - - " 2.8
 " 25. 1/2 " " " " " " " 1.1.
 " 1050. 12 dubb. Grote. 12 dubb. Ruitte exp. - - - - - 4.4
 " 27. 3 " wille ijone Tafelmussen - - - - - 14.0
 " 1. 6 " Schecmeslen - - - - - 1.4. " 7.4
 " 4. 2 " " " " " " " 2.2. " 4.4
 " 28. 1 " pokroute mepz - - - - - 1.10. " 1.10
 " 24. 1 " Zwarte route - - - - - " 2.2. " 2.2
 " 10. 3 " " " " " " " 3.0. " 9.0
 " 31. 2 " " mepz - - - - - 3.6. " 6.12
 " 32. 2 " rode " " " " " 2.8. " 4.16
 " 33. 2 " Zwarte deysant mepz - - - - - 1.10. " 3.0
 " 34. 1 " rode " " " " " 1.4. " 1.4
 " 37. 2 " wille " " " " " 2.18. " 5.16
 4 Stuk Zwarte hijs fluweel - - - - - 203.8
 72 p. hoeden en 100 spengen seigaren - - - - - 106.0
 1 Paar pistolen voor de Heer
 1 Dreijer met sijn Caschet - - - - - 10.0

 473.2
 hiendy 30 p^{to} advan - - - - - 231.18

 1005.0

University of Pretoria
 6577.12

223
Groot

4781
April

Transfont 6577.12

per de Meer Oellon in zijn gewermillerees hiel
aangebragt als.

2 Stuk Baai 2 medegevert	12
2 Bruin Laken	112
42 P. hoeden debb. katen, 11:14 Waarden,	
14 P. teeds door de Reep Sudan & Swart	
genzonden	126
24 P. Geweeren met kinniden 7 1/2 P.	130
11, kintere dagteweeg gebruikt	10
1, nieuw kint jagt geweel	7:10
6 Gewerjelen	24
11 P. remidre. kint	55
100 D. Coralen	37:10
10 manjes ijm Corleinen, 1:10 lijnen	
100 D. Kint, 1 manje tot een monder	
100 de rollentot basidman, 1:10	11
10 duwz. messen	10
6 2 kint stalen	2:8
4 2 kint stalen	5:2
1:34 duwz. kint kint wis voort 1:16	7:4
6 6 2 vone	11:4
1 2 met gepiquierde biak	3:18
6 1	4:13
1	5:18
1	6
1/2 2 zouw wraijers	2:8
1/2	3:12

hierop 30, 1/6 advan. 147:10

855: 47

4781
April

door Wb. den 11 Julij 1780 van de beeren Schames
Joseph wildlange in kint ingekogten na a ruwe
ocsonden int Glasje 1/4 1/2

1 Stuk Collang met voortknopen bruwcellen	15
2 1	13
3 1	11
4 1	10
5 3 2 Lotties van aiftrente Lotties	5:8 16:4
6 6 2 Dite effen rit	2:7 14:2
7 2 1 met voortknopen verguld	2:14 5:8
8 6 8 2 Londer dito	18 5:8
9 12 1 2 voortknopen met kint	1:4 14:8
10 6 haarspieden met rangrijen	1:5 7:10

Transfont 7433: 0

Credit

T. Transport

Nr. 11.	12	Doude Cairoudden het Louerans	15.18.	7.-10.-
" 12.	1	"	"	10.-16.-
" 13.	3	" lange steelen 17.4.	17.4.	21.-12.-
" 14.	2	"	"	4.10.- 9.-
" 15.	3	" ordinaire	1.16.	5.3.-
" 16.	6	"	1.10.	9.-
" 17.	8	"	1.10.	12.-
" 18.	4	"	1.16.	7.4.-
" 19.	8	"	1.4.	9.12.-
" 20.	8	"	15.7.	6.-
" 21.	1	Stuk boufant in silver met een steen		3.12.-
" 22.	6	"	16.	10.16.-
" 23.	1	"		1.5.-
" 24.	1	"		1.12.-
" 25.	2	"	1.7.	2.14.-
" 26.	6	"	1.3.	3.3.-
" 27.	1	6 brassellen bove, goud met silver		2.18.-
" 28.	11	"		7.15.-
" 29.	6	do met steentjes bedekt in silver	2.10.	15.-
" 30.	6	" gexpens met lintjes	2.10.	15.-
" 31.	1	Van vergulde draadwerk		3.-
" 32.	1	" do		2.10.-
" 33.	1	" bestaat die lange in houtaal		6.-
" 34.	1	"		5.18.-
" 35.	1	" Een "		3.-
" 36.	1	" 6 in rang met paarie, gode steentjes		1.12.-
" 37.	1	oorknoppen met wille steentjes		1.-
" 38.	3	"	18.13.	2.14
" 39.	3	"	17.	2.11.-
" 40.	2	"	16.	1.12.-
" 41.	2	"	13.	1.6.-
" 42.	1	"	ad.	10.-
" 43.	4	Stukke haarkammen met steenen	16.10.	26.-
" 44.	4	Leide rollings banden met steenen	16.	24.-
" 45.	4	Leide Ologie banden	6.	24.-
" 46.	4	Ologie kettinas vergulde draad 11.16.		7.4.-

Transporten

307.0 / 7433:0

Credit

Transport. 307: 9: - 7433: 9

47	1 garnituur Steenen geset met		
	Strop dit	12: -	
48	1 - - - - - Sonder		
	Strop dit	9: 5: -	
49	1 - - - - -	7: 15: -	
50	2 ^{pen} "Nouwe Gespen openlyc bouen met den Schermier	14: 8: -	28: -
51	1 " 8 ^o met maneb		13: 10: -
52	2 " 8 ^o ordinair	16: " "	12: " "
53	1 " 8 ^o drieboekige		14: - -
54	3 " 8 ^o lang vierkant	5: 10: -	16: 10: -
55	3 " 8 ^o 8 ^o	4: 15: -	14: 5: -
56	2 garnit. pinsbet. verg. gesps	9: 5: -	13: 10: -
57	1 - - - - -		8: 15: -
58	2 - - - - - Nouwe 8 ^o	5: - - -	10: - -
59	1 paas 8 ^o 8 ^o		4: 15: -
60	3 - - - - - 8 ^o	4: 6: -	12: 18: -
61	42 Kluis Fingerringe in loutaal		12: 1: -
62	1 bout 8 ^o met Steenen		9: - -
63	1 " 8 ^o met rode Steenen		4: 4: -
64	4 haarten dub. int silv. gesette Anopen 18 haart 6 ^{pen}	4: 10: -	18: - -
65	6 - - - - - gemene 8 ^o	7: 11: -	2: 2: -
66	2 ^{pen} groene kraaf met flacons en trechter	2: 5: -	4: 10: -
67	2 Stip paarlmoer rokers	3: 4: -	6: 8: -
68	2 - - - - -	2: 8: -	4: 16: -
69	2 - - - - -	2: - - -	4: - -
70	3 - - - - - papiere 8 ^o met silv. band	12: 7: -	7: 1: -
71	4 - - - - - Schuurtjes met silv. schied	3: - - -	12: - -
72	4 - - - - -	2: 12: -	10: 8: -
73	4 - - - - -	2: 5: -	9: - -
74	6 - - - - - Silvere ringroeden met Hales Koppen 13 1/2 ^{pen}		4: 1: -
	hierop 30 ^{pen} te adrans	686: 14	
		206: -	

802: 14

Hangem: Wildangers de 14 Julij 1780: door de heer van Steenen ingekogten naerwaards gestonds als
 1. 5 doubl ^{pen} ooringen int silv. geset... 4: 4: - 21
 2. 20 " " gemene 8^o in Loutaal... 78: - 78
 3. 2 " 8^o rode bantelote Steenen... 12: - 1: 4
 4. 3 " ooringentjes... 15: - 2: 5

Transporte 42: 9, 8326: 3.

229
Crediet 8326.3

Per Transport

nr 5.	67	Laarten dubb. en enkelde mouw knoppen	4:10	27:--
" 6.	1	Doek touw Collier	1:16	1:16
" 7.	2	Stup dito	1:5	2:10
" 8.	2	paar touw die knoppers	1:--	2:--
" 9.	2	" " " "	1:18	1:16
" 10.	1	" " " " " "	1:5	1:5
" 11.	1	" " " " " "	1:5	1:5
" 12.	3	" " " " " "	10 1/2	1:10
" 13.	3	" oorknoppen	16	2:8
" 14.	5	" " " " " "	8	2:--
" 15.	4	" d. inde ligt touw	16	3:4
" 16.	2	" " " " " "	12	1:4
" 17.	1	" touw oorknoppen met Maria		
Sit Steen				
" 18.	2	" d. d. met gecoul. Steen	2:15	4:--
" 19.	3	" d. d. uit billes een langaf	6	5:10
" 20.	3	Stup bedekte hoede gespen	2:10	7:10
" 21.	3	" ordinaire	2	6:--
" 22.	2	" Leide orlogie banden	2:18	5:16
" 23.	1	" d. d.		2:11
" 24.	1	" d. d.		2:8
" 25.	2	" g'Emailleerde Doores	15 1/2	1:10
" 26.	1	Toilet Spiegel		1:4
" 27.	1	fijne Hert doosje		15
" 28.	1	touw gespen koken met roeren		1:16
" 29.	1	doosje met 2 d. Singoed		1:13
" 30.	1	touw naalde kokers		1:14
" 31.	1	" witte ringdoeden	12 1/2	7:4
" 32.	12	Stup Silvere d.	9	5:8
" 33.	4	Bergulde tating knoppen	3:15	15
" 34.	1	Doek Gemeene d.		4:16

hierop 30 1/2 d. avans ----- 54:4

234:16

Hangem. Mildangers d. 22 Juli 1780 voor de heer
Habr. Eenentingelogen naderwaards gezond
als

nr 35.	1	paar bonte laken met steenz in silver	6:12	
" 36.	1	" " " " " "	5:13	
" 37.	2	" " " " " "	3:12	7:4
" 38.	2	" " " " " "	3:--	6:--
" 39.	2	" " " " " "	2:14	5:8
" 40.	2	" " " " " "	2:10	5:--

Transporteere ----- 35:44 8560.19

Credit

© Transport

N ^o 41.	2 bontelaken een lange met edelsteng	1:8:	2:16
" 42.	8 ^o vorknoppen met vorkhuidjes	1:4:	6:--
" 43.	12 ^o " met witte stengjes	1:4:	54:--
" 44.	5 doue haarspelden	16"	30:--
" 45.	3 " vingerhoed met swart bed	3:5:	9:15:
" 46.	2 " " van wit metaal	2:	4:--
" 47.	40 massies bese bruine ornamte	7 1/2"	14:--
" 48.	1 stuk toilet spiegel st. st.		1:4
" 49.	6 doue mo. teerse krukken 5 1/2 doik		1:10.
" 50.	6 ^o vorknoppen	15"	4:10
" 51.	4 ^o " " met paarb.	2:2:	8:8
" 52.	2 " " " " " "	2:8:	4:16
" 53.	1 kaart mo. knopen met steng en silv.		4:10
" 54.	2 kaarten d.	5:18:	10:--
" 55.	1 garn. fine gesette klein knopies 18 st.		4:10.
			105:16

A.	1/3 El gake moespijs.	10:13
B.	33 2/3 " d. garn. gaas	15:25.
C.	33 2/3 " d. d. d.	15:25.
		63:4.
D	6 Stup balsegessen en 6 p. kleine d.	1/4 " 24:--
E	5 garn. top plaat	1 " 3 " 15:--
F	3 d.	2:10 " 7:10
G	10 Stup yvoire kammen	5 1/2 " 2:10
<hr/>		
		368:13

hierop 30 p. dovens 92:12

401.5.

Van Amel en Martin de goedere gekoost en geyakt int jaar N^o 2 aande beel swart gedonden, ab.

N ^o 1.	1 kaart met 6 garnituur gessen	1/4:	14:--
" 2.	3 paarb.		2:--
" 3.	1 doue garnituur swart		8:--
" 4.	1 " 2 slaren		6:10
" 5.	1 " 2 klynde en pinde		7:--
" 6.	16 Stup grote		8:--
" 7.	4 " 2 sleormetten		4:16.
" 8.	6 " fine d.		10:6
" 9.	1 doue ijvoire pimmemedden		5:--
" 10.	1 " 2 spelmessen met groene, eegte		5:--
" 11.	1 " " Silver band		7:--

Transporteere 115:12. 8062.4.

Credit

J. Namport 115: 12 3962 4
 n. 12. 1 doob: Tafelmessen met ijzer. 10: -
 " 13. 1 brixe Taver turkdear. 4: -
 " 14. 1/2 doob: muisters met rum bakjes
 verlat. 5: 10

 manqueert een doob Tafelmessen n. 12 af 135: 2
 rest 10: -

 90 1/2 r. adrian. 37: 10 162: 12

 Het geen door lijd. voor mijn teeg. aande leesen
 Kraan & L. wart voldaan is id. 4000: of 9600.
 ver Saldo blijft in eadelen debit. 3697 8.

De b. v. m. r. n. s. Saldo van 3697 8
oeraagt id. 1540: 4, 4, 5

 Somma 22422 4.

600. 1 ultimo aug: 1181

J. G. Heenen

BYLAE B

Eerste en laaste bladsye van brief wat J.G. van Reenen op 15 April 1781 aan sy vader wat op besoek aan Europa was, geskryf het (Uit C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 1786 - 1793, pp. 559, 562).

Wag my verheerliken, heer
met een frantsch schryffe de chancery
lyking hebben gekregen dat lang dinst
Stekende van Cortog boef geleverd, de
ben die in luyde gemaekt of de schryven met
venette die dan weder hebgeleverd, met
gemeen kunnen worden, in oordeel het daer
van het nederen belang, dan een alle
Jensen een rithendig luyde denden, of
dat een beryg inrichting loere daer dinst
in ingelijckheden die oermeeten
de schryven, hebben de inrichting
de luyde, soeken met wette die
faber beryg heb ontfangen, en daer mede
heerde facturen van luyden, die op
lye alle warden, luyde die luyde
soeking van luyden, met aangestemen
noch de luyden die oermeeten met
dammant heft geleverd heb de inrichting
admeete de luyden met de luyden

Wag my verheerliken, heer
met een frantsch schryffe de chancery
lyking hebben gekregen dat lang dinst
Stekende van Cortog boef geleverd, de
ben die in luyde gemaekt of de schryven met
venette die dan weder hebgeleverd, met
gemeen kunnen worden, in oordeel het daer
van het nederen belang, dan een alle
Jensen een rithendig luyde denden, of
dat een beryg inrichting loere daer dinst
in ingelijckheden die oermeeten
de schryven, hebben de inrichting
de luyde, soeken met wette die
faber beryg heb ontfangen, en daer mede
heerde facturen van luyden, die op
lye alle warden, luyde die luyde
soeking van luyden, met aangestemen
noch de luyden die oermeeten met
dammant heft geleverd heb de inrichting
admeete de luyden met de luyden

Verhaalt weder myn verzoek van my vorm
een party Cooper, J. H. S. en L. L. L.
te Londen alzo ik'er een goede afkres sijde
vinden voor de Francken, dewij dezelve meer
veer schouwt. Zyn.

So dra wy hier tyding van Corlogheb-
ben gekreegen is alles in zek en gaer gebracht
De goede voorzorg der Begearing sijt ten
vullen uit de preparatiën die zij maken
om den vyand, indien hij aan de saay moey
komen, te doen onderwinden, dat wy niet gene-
gen Zyn om ons tot een geringen Prijs aan
Engeland over te geeven, ~~bevoord~~ ~~wezen~~
Zou kunnen overvallen, dat hij meer
tegenstand vinden dan hij verwacht, en gewaar
worden dat de Africaansche dapperheid en beleid
niet voor de wiede en heerschzucht der Engel-
schen behoeft te zwichten. Echter hoope ik
dat alle voorzorg nuttelos zal Zyn en dat wy
eerlang weder in et vol genot van rust en
vrede zullen genieten.

Na Haer de groetensde opgedragen
te hebben van onze geheele familie, te bevesten
Haden aan de beschouwing Gods en verbleve
met alle achting

Haerdedy
Grooten Eeren vader
Uw. Gehoorzamen Dien-
en
Zoon
J. H. S. en L. L. L.
Beenen.

BYLAE C

Geldeenhede en Geldwaardes

Die twee geldeenhede wat in hierdie skripsie telkens ter sprake kom, is die riksdaler en die gulden. Die riksdaler het uit agt skellings of 48 stuiwers bestaan, terwyl die Kaapse gulden sestien stuiwers en die van sy Hollandse ekwivalent twintig stuiwers was. Die gulden waarna in hierdie skripsie verwys is, is feitlik deurgaans die Hollandse omdat die waarde van hierdie eenheid in die Kompanjiesrekeningstate en die meeste ander rekeningstate wat geraadpleeg is, vir omrekeningsdoeleindes aangewend is.

Om die riksdaler by benadering na ons hedendaagse rand om te reken, moet die bedrag in riksdalers met $2\frac{1}{2}$ gedeel word. Ek het dit heeltemal onrealisties gevind om die bedrae geld wat aangegee word, telkens na rand te herlei, veral omdat die koopkrag van geld so geweldig verander het. In hierdie verband kan 'n praktiese voorbeeld aangestip word. Soos geblyk het, het Jacob van Renen wat in 1764 gesterf het, ongeveer 150 000 gulden nagelaat (Vergelyk p.1). In ons huidige geld het hierdie boedel dus 'n skamele R25 000 bedra. Indien op die koopkrag van geld ten opsigte van die prys van skape in die onderskeie periodes gelet word, sien die prentjie heel anders uit. In 1764, toe die prys van skape ses skelling stuk was, kon 240 000 vir die bedrag van dié boedel gekoop word, terwyl in 1975 teen die heersende prys van ongeveer R25 per skaap, slegs 1 000 vir die omgerekende bedrag aangeskaf kan word. As die koopkrag van geld dus in berekening gebring word, sou hierdie boedel ongeveer R6 000 000 bedra het. Dit is dus voor die hand liggend dat dit misleidend is om agtiende- na twintigste-eeuse geld te herlei, indien die waarde van geld in terme van goedere nie in ag geneem word nie.

Geldwaardes

1 stuiwer	=	8 duite
6 stuiwers	=	1 skelling
16 stuiwers	=	1 Kaapse gulden
20 stuiwers	=	1 Hollandse gulden
48 stuiwers	=	1 riksdaler
54 stuiwers	=	1 Spaanse realen (Spaanse matten)
72 stuiwers	=	1 Ducaton (1791)

BRONNE

I LITERATUUR

- Appel, A.: Die geskiedenis van houtvoorsiening aan die Kaap, 1652 - 1795 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1966).
- Arkin, M.: John Company at the Cape. A History of the Agency under Pringle, 1795 - 1815. Cape Town, 1961 (Archives Year Book for South African History, 1960, II).
- Arkin, M.: Supplies for Napoleon's gaolers: John Company and the Cape - St. Helena trade during the captivity, 1815 - 1821. Cape Town, 1965 (Archives Year Book for South African History, 1964, I).
- Barnard, C.J.: Robert Jacob Gordon se Loopbaan aan die Kaap. Kaapstad, 1951 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, I).
- Beyers, C.: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hul denkbeelde. Pretoria, 1967.
- Böeseke, A.J.: Nederlandsche commissarissen aan de Kaap, 1657 - 1700. Den Haag, 1938.
- Böeseke, A.J.: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse Samelewing aan die Kaap. Kaapstad, 1945 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1944).
- Burrows, E.H.: Overberg Outspan - a Chronicle of Peoples and Places in the South Western Districts of the Cape. Cape Town, 1952.
- Child, D.: Saga of the South African Horse. Cape Town, 1967.
- De Kock, W.J. (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 1. Kaapstad, 1968.
- De Kock, W.J. en Kruger, D.W. (reds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 2. Kaapstad, 1972.
- De Villiers, C.C.: Geslagsregisters van die ou Kaapse Families (hersien en aangevul deur C. Pama), 3 dele. Kaapstad, 1966.
- Du Toit, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795. Kaapstad, 1937.

- Geyer, A.L.: Das wirtschaftliche System der niederländischen ostindischen Kompanie am Kap der guten Hoffnung, 1785 - 1795. München und Berlin, 1923.
- Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika 1652 - 1795, deel 1. Stellenbosch, 1955.
- Giliomee, H.B.: Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, 1795 - 1803 (Ongepubliseerde D. Phil.-verhandeling, U.S., 1971).
- Idenburg, P.J.: De Kaap de Goede Hoop gedurende de laaste jaren van het Nederlandsch bewind. Leiden, 1946.
- Kirby, P.R.: Jacob van Reenen and the Grosvenor expedition of 1790 - 1791. Johannesburg, 1958.
- Louw, P.K.: Landbou en Veeteelt in die Kaapkolonie, 1795 - 1806 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1949).
- Marais, J.S.: Maynier and the First Boer Republic, 1778 - 1802. Cape Town, 1944.
- Muller, C.F.J.: Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria, 1968.
- Muller, C.F.J.: Johannes Frederik Kirsten oor die toestand van die Kaapkolonie in 1795. Pretoria, 1960.
- Neumark, S.D.: Economic Influences on the South African Frontier, 1652 - 1836. Stanford, 1957.
- Oberholster, J.J.: Die Burger-Senaat, 1795 - 1828 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1936).
- Roux, P.E.: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie, 1652 - 1795. Stellenbosch, 1925.
- Schreuder, J.H.D.: Die Geskiedenis van ons Graanbou, 1752 - 1795 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1948).
- Scholtz, G.D.: Die ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, 1652 - 1806, deel I. Johannesburg, 1967.

- Theal, G.M.: History of South Africa before 1795, vol. IV. London, 1897 (Facsimile Reprint by C. Struik, Cape Town, 1964).
- Thom, H.B.: Die Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika. Amsterdam, 1936.
- Van der Merwe, J.P.: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803 - 1806. Amsterdam, 1926.
- Van der Merwe, P.J.: Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770 - 1842). Den Haag, 1937.
- Van Zijl, H.E.: Bestuurlike Organisasie aan die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind, 1795 - 1803 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S.. 1936).
- Van Zyl, D.J.: Die Geskiedenis van Graanbou aan die Kaap, 1795 - 1826. Kaapstad, 1970 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1968, I).
- Visagie, J.C.: Willem Fredrik Hertzog, 1792 - 1847 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1971).
- Wierenga, P.A.C.: De Oudsten Boeren-Republieken, Graaff-Reinet en Zwelldam, 1775 - 1806. 's Gravenhage, 1921.
- Wyndham, H.A.: The Early History of the Thoroughbred Horse in South Africa. London, 1924.

II LETTERKUNDIGE BRONNE

- Blommaert, W en Wiid, J.A. (reds.): Die Joernaal van Dirk Gysbert van Reenen. Kaapstad, 1937 (Die Van Riebeeck-Vereniging, No. 18).
- De Jong, C.: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, vols. I en II. Haarlem, 1802.
- De Kock, W.J. (red.): Reize in de Binnen-landen van Zuid-Afrika gedaan in den Jaare 1803 door W.B.E. Paravicini di Capelli. Kaapstad, 1965 (Die Van-Riebeeck-Vereniging, No. 46).
- Franken, J.L.M. (red.): Duminy-Dagboeke. Kaapstad, 1938 (Die Van Riebeeck-Vereniging, No. 19).

- Godée-Molsbergen, E.C. (red.): Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd IV; Togten in het Kafferland, 1776 - 1805. 's Gravenhage, 1932 (Linschoten-Vereeniging, XXXVI).
- Le Vaillant, F.: Reizen in de Binnenlanden van Afrika langs de Kaap de Goede Hoop, in de Jaaren 1780 tot 1785, 5 dele. Leyden en Amsterdam, 1791 - 1798.
- Lichtenstein, H.: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, two volumes (A reprint of the translation from the original German by Anne Plumptre). Cape Town, 1928, 1930 (The Van Riebeeck Society, Nos. 10 and 11).
- Mentzel, O.F.: A geographical and topographical Description of the Cape of Good Hope, vol. II. (Translated from the German by H.J. Mandelbrote). Cape Town, 1925 (The Van Riebeeck Society, No. 6).
- Mossop, E.E. (ed.): The journal of Hendrik Jacob Wikar (1779) --- and the journals of Jacobus Coetzé Janz (1760) and Willem van Reenen (1791). Cape Town, 1935 (The Van Riebeeck Society, No. 15).
- Thom, H.B. (red.): Willem Stephanus van Ryneveld se Aanmerkingen over de verbetering van het vee aan de Kaap de Goede Hoop, 1804. Kaapstad, 1942 (Die Van Riebeeck-Vereniging, No. 23).
- Van Pallant, A.: General remarks on the Cape of Good Hope, 1803 (Translated from the French). Cape Town, 1917.
- Von Bouchenroeder, B.J.: Beknopt Berigt nopens de Volksplanting de Kaap de Goede Hoop; bevattende Aanmerkingen en Wederleggingen. Amsterdam, 1806.
- Von Bouchenroeder, B.J.: Reize in de Binnelanden van Zuid-Afrika, gedaan in den jare 1803. Amsterdam, 1806.

III PERIODIEKE PUBLIKASIES

African Court Calender for 1801.

The Cape Town Gazette and African Advertiser, 1827.

Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, deel VII en VIII, 1830 - 1831.

IV TYDSKRIFARTIKELS

- Scholtz, H.J.: Die Kaapse Patriotte en planne vir 'n Oostenrykse Kolonie in Natal (Historia, 19 no. 2, September 1974).
- Venter, P.J.: Die Afrikanerbees (Die Naweek, 18.9.1947).

V HISTORIESE MANUSKRIPTE

Dagboek van J. van Reenen (J.G. seun) in besit van adv. A.J. van Reenen, Verreweide 16, Stellenbosch.

VI ARGIVALE BRONNE

(a) GEPUBLISEERD

- Jeffreys, K.M.: Kaapse Archiefstukken, 1779 - 1784. Kaapstad, 1928 - 1934.
- Moodie, D.: The Record or a series of official papers relative to the condition and treatment of the Native Tribes of South Africa. Reprint of 1938 edition, Amsterdam, 1960.
- Naudé, S.D.: Kaapse Plakkaatboek, vols. III - VI. Kaapstad, 1949 - 1951.
- Theal, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, vol. III. Kaapstad, 1911.
- Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, Vols. I, X and XVIII. London, 1897, 1901, 1904.

(b) ONGEPUBLISEERD

STAATSARGIEF, KAAPSTAD

1. Raad van Politie (C.)

- C. 55 - 108 Resolutiën, 1763 - 1795.
- C. 200 - 216 Bijlagen tot de Resolutiën, 1792 - 1795.
- C. 232, 242, 244, 287 - 289 Requesten en Nominatien, 1725, 1743, 1745, 1789 - 1791.

- C. 318 - 325 Memorien en Rapporten, 1786 - 1792.
- C. 468 Inkomende Brieven, 1783.
- C. 521, 564 - 571 Uitgaande Brieven, 1734, 1779 - 1785.
- C. 648 Origineel Dagregister, 1783.
- C. 672 - 675 Pacht Condities, 1770 - 1794.
- C. 689 - 691 Brieven van Commissarissen Generaal Nederburgh en
Frykenius aan Raad van Politie, 1792 - 1793.
- C. 692 - 697 Verslag en Bijlagen van Nederburgh en Frykenius, 1792 -
1793.
- C. 698 - 699 Brieven en Papieren van A.J. Sluysken aan Gecommitteer=
dens, 1793 - 1795.
- C. 705 - 707 Memorien en Instructies, 1786 - 1795.
- C. 739, 741 Burger Bezwaren, 1784 - 1786.
- C. 742 - 745 Kaapsche Geschillen, 1779 - 1785.
- C. 747 Compagnies Dienaaren, 1783 - 1789.
- C. 758 - 759 Journaal van de Negotie, 1784 - 1785, 1792 - 1793.
- C. 767 Casteel Goede Hoop Cassa Rekeningen, 1789 - 1790.
- C. 799 Gemengde Stukken, 1714 - 1795.
- C. 802 Kladbriewe en Afskrifte - Politieke Raad - Nederburgh
en Frykenius, 1792 - 1793.

2. Raad van Justisie (C.J.)

- C.J. 866 - 898 Regsrolle en Notule - Siviël, 1772 - 1796.
- C.J. 1139 - 1282 Siviele Prosesstukke, 1772 - 1797.
- C.J. 2169 Gespesifiseerde Siviele Prosesse, 1786 - 1793.

3. Weeskamer (M.O.O.C.)

- M.O.O.C. 6/1 - 6/3 Doodregisters, 1758 - 1833.
M.O.O.C. 7/69, 104, 132 Testamenten, 1779, 1793, 1817.
M.O.O.C. 13/6 Boedelrekeningen, 1763 - 1767.

4. First British Occupation (B.O.)

- B.O. 1 Letters Received from the Burgher Senate,
1795 - 1796.
B.O. 20 Agricultural Society, 1800.
B.O. 33 Miscellaneous Documents (Memorials),
1795 - 1803.

5. Bataafse Republiek (B.R.)

- B.R. 8 Resolutiën, 1804.

6. Opgaafrolle (J.)

- J. 27 Opgaafrol Kaapstad, 1805

7. Receiver of Land Revenue (R.L.R.)

- R.L.R. 41 Generaal Alphabeth van de namen der Landbouwers
en Namen der veeplaatsen.
R.L.R. 79A Huurkontrakte van Goewermentsplase, 1795 - 1802.

8. Woordelikse Afskrifte (V.C.)

- V.C. 66, 68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris
A.J. Sluysken.
V.C. 162 Burgerlyke Personen die als Burgerraden en
leden van Justisie zyn blyven continueeren.

9. Aanwinste (Acc.)

- Acc. 77 Korte en gemaklyke Handleiding voor de Wynplanters van Zuid Afrika, 16.10.1819.
- Acc. 573 Estate papers of Geesje Cloete widow of Jacob van Reenen.

10. Protocol Kaapse Afdeling (Protocol C.D.)

- Protocol C.D. 1. J.J.F. Wagener Vols. 18, 44.
Protocol C.D. 2. J.D. Karnspek Vol. 18.

11. Burgerraad (B.R.D.)

- B.R.D. 40 Vleismark Kasboek, 1789 - 1790.

12. Mikrofilms

Uit Algemeen Rijksarchief, Den Haag: Z.A. 4/1/2. Uit Engeland Overgekomen Stukken No. 5 - Bijlagen van't Verbaal, September 1791 - Augustus 1792, no. 152 fol. 116.

AKTESKANTOOR, KAAPSTAD

- Purchasers Index, Vol. I 1657 - 1752, Vol. II 1753 - 1799.
Sellers Index, Vol. I 1657 - 1752, Vol. II 1753 - 1799.
Register of transfers, Vol. I 1658 - 1752, Vol. II 1753 - 1799.
Transporten en Schepenkenissen 1733, 1734, 1754 - 1758, 1779, 1782, 1786, 1814, 1816.
Verbandaktes 1808.

N.G. KERKARGIEF, KAAPSTAD

- Kaapstad 8/3 Doopregister, 1732 - 1756.
Kaapstad 8/4 Doopregister, 1757 - 1779.

GUBBINS BIBLIOTEEK, UNIVERSITEIT VAN WITWATERSRAND

A. 88 Macartney Papers.

FOTOSTATIESE AFDRUKKE UIT ANDER ARGIEFBEWAAARPLEKKE

(in persoonlike besit)

India Office Library, London: Marine Records L/Mar/B/405 G, 22.12.1779
en 4.1.1781.

Algemeen Rijksarchief, Den Haag: Raad der Aziatische Bezettingen 397,
Buitengewoon secretee-stukken over employable personen aan
de Kaap, April 1801.

SAMEVATTING

Titel: JOHANNES GYSBERTUS VAN REENEN – SY AANDEEL
IN DIE KAAPSE GESKIEDENIS TOT 1806

deur

G. WAGENAAR

Leier: Dr. A.P.J. van Rensburg

Departement: Geskiedenis

Graad: M.A.

Johannes Gysbertus van Reenen (1749 - 1827), seun van die bekende Patriotleier Jacobus van Reenen, en kleinseun van die stamvader van die Van Reenenfamilie in Suid-Afrika, het op verskeie terreine 'n belangrike rol in die Kaapse samelewing vanaf ongeveer 1775 tot 1806 gespeel. Hy het eerstens as vleisleweransier van die Kompanjie tydens die periodes 1779 tot 1784 en 1789 tot 1795 bekendheid verwerf. As vleisleweransier was hy enersyds direk betrokke in die monopolistiese beleid van die Kompanjie – hy was inderwaarheid een van die persone wat hierdie beleid ten opsigte van die vleis- en veehandel toegepas het – en andersyds het hy ten nouste kontak gemaak met veeboere wat tot op die verste grense van die nedersetting gewoon het.

Die vleishandel en verbandhoudende aangeleenthede was tot 'n groot mate nie slegs die barometer waarmee die voor- en agteruitgang van die Kaapse ekonomie gemeet kon word nie, maar dit het ook groot invloed op die politieke bedrywighede uitgeoefen. In hierdie verband kan byvoorbeeld aangestip word dat talle klagtes tydens die Patriottestryd in die vroeë tagtigerjare van die agtiende eeu oor hierdie handel ingedien is. Faktore wat daarmee in

verband gebring kan word, het bygedra tot die ontevredenheid in die binne-land wat die opstand in Graaff-Reinet veroorsaak het.

Benewens die vleisleweransie het hy nog verskeie ander ekonomiese bronne ontgin. Tussen die jare 1779 en 1792 het hy op groot skaal aan die partikuliere in- en uitvoerhandel deelgeneem. Nadat die kommissaris-generaal Nederburgh en Frykenius in laasgenoemde jaar die partikuliere skeepvaart vir Kaapse burgers oopgestel het, het hy en twee van sy broers gesamentlik 'n Franse skip gekoop, wat hulle tot die Hoop op Welvaart herdoop het. Met hierdie skip het hulle binnelandse produkte na die eiland St. Helena en Europa uitgevoer.

Op politieke gebied was J.G. van Reenen een van die leiersfigure tydens die Patriottestryd. Hy was ondertekenaar of mede-ondertekenaar van talle geskrifte waarin die Patriotte hul griewe gelug het. Na die oorname van die Kaap deur die Britte in 1795 is hy as een van die gematigdes op politieke gebied beskou. Hy het met die Britte saamgewerk, omdat hy geglo het dat dit beter was om dit te doen as om die administrasie geheel en al aan vreemdes oor te dra. Vanweë sy bereidwilligheid om met die Britte saam te werk en sy kennis van veral die Kaapse ekonomiese, landboukundige en binnelandse toestande is hy in 1797 as lid van die Burgersenaat aangewys.

J.G. van Reenen het indruk gemaak en tewens ook 'n besondere bydrae gelewer met die verslae en voorstelle wat hy oor 'n verskeidenheid van aangeleenthede by die owerhede ingedien het. Hierdie verslae het hy soms op eie inisiatief oopgestel en in ander gevalle het die owerhede hom versoek om dit in te dien. In hierdie verband kan verwys word na die voorstelle wat hy gemaak het ten opsigte van die beveiliging van die Graaff-Reinetse koloniste teen Boesmanaanvalle, die ontginning van die houtbosse in die omgewing van

Plettenbergbaai, die ontwikkeling van graanbou in Suid-Kaapland en die ontwikkeling van die hawens in Mossel- en Plettenbergbaai. Hy is voorts by verskillende geleenthede aangewys om offisiële opdragte uit te voer.

Vanaf die laat tagtigerjare van die agtiende eeu het J.G. van Reenen op groot skaal op sy talryke eiendoms- en leningsplase geboer. Hy het hom veral daarop toegelê om die gehalte van Kaapse skape en beeste te verbeter deur kruisteelt tussen hierdie vee en rasegte ingevoerde merinoskape en friesbeeste toe te pas. Vanweë die sukses wat hy op hierdie gebied behaal het, is hy teen die begin van die negentiende eeu as een van die grootste Kaapse kenners van die merinoskaap- en friesbeesboerdery beskou. Dit het daartoe aanleiding gegee dat hy tydens die eerste Britse besetting en Bataafse tydperk aangewys is as lid van die kommissies wat die owerhede ingestel het om landbou en veeteelt op 'n meer georganiseerde grondslag te plaas.

SUMMARY

Title: JOHANNES GYSBERTUS VAN REENEN — PART PLAYED
IN CAPE HISTORY UNTIL 1806

by

G. WAGENAAR

Promotor: Dr A.P.J. van Rensburg

Department: History

Degree: M.A.

Johannes Gysbertus van Reenen, (1749 - 1827), son of the famous Patriot leader, Jacobus van Reenen, and grandson of the progenitor of the Van Reenen family in South Africa played an important role in various facets of Cape society from about 1775 to 1806. Firstly he became well known as a meat contractor to the Company during the periods 1779 to 1784 and 1789 to 1795. In this capacity he was on the one hand directly connected with the monopolistic policy of the Company and, in fact, was one of those who applied this policy to the meat and cattle trades; on the other hand he established close contact with the cattle farmers, even with those who lived on the furthest boundaries of the settlement.

The meat trade and concomitant affairs were to a considerable degree not only the barometer by which the progress and decline of the Cape economy could be measured but also considerably influenced political activity. In this connection it may be mentioned that during the Patriot struggle during the 1780's many complaints were received, while other related factors

contributed to the dissatisfaction in the interior. This culminated in the Graaff-Reinet rebellion in 1795.

Besides his involvement in the meat trade J.G. van Reenen also developed various other economic sources. During the years 1779 - 1792 he participated extensively in the illegal private import and the export. After the Commissioners-General, Nederburgh and Frykenius, had opened private trade to Cape burghers in 1792 J.G. van Reenen and two of his brothers jointly bought a French ship which they renamed Hoop op Welvaart for the sole purpose of exporting inland products to the island of St Helena and to Europe.

On the political level, J.G. van Reenen was one of the leaders during the Patriot struggle. He was a signatory or joint-signatory of many documents submitted by the Patriots in which they set forth their grievances. After the Cape was taken over by the British in 1795, he was regarded as a moderate. He co-operated with the British because he believed that the administration should not be left entirely in the hands of foreigners. Because of his willingness to co-operate with the British and his specific knowledge of the Cape economic, agricultural and interior conditions he was appointed a member of the Burgher Senate in 1797.

J.G. van Reenen was favourably received by the administration and also made considerable contributions with his reports and proposals on a variety of matters submitted to the authorities. These reports were on occasion initiated by himself, and, at other times, submitted at the request of the authorities. In this connection, mention may be made of his proposals regarding the defence of the Graaff-Reinet colonists against attacks by the Bushmen, the exploitation of the forests in the Plettenberg Bay area, and

the development of both the wheat industry in the Southern Cape and the ports at Mossel Bay and Plettenberg Bay. Furthermore, on various occasions he was delegated to perform official assignments.

From the late 1780's J.G. van Reenen farmed on a large scale on his many estates and loan farms. He especially concentrated on improving the standard of his Cape sheep and cattle by cross-breeding them with pure-bred imported merino sheep and Friesland cattle. His success in this venture labelled him as one of the Cape experts on merino sheep and Friesland cattle by the beginning of the nineteenth century. Consequently, during the first British occupation and Batavian era, he was appointed a member of the commissions, established by the authorities, to place agriculture and cattle breeding on a sound footing.